

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)



SAKELYS vir die SEWENDE SINODE gehou te Pretoria

4 – 9 September 1995

VERTROULIK!

*Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat
die Sinode oor sake daarin besluit het nie.*

Inhoudsopgawe

1. INHOUDSOPGAWE.....	i
2. VOORWOORD	ii
3. ORDEREËLINGS	iv
4. DAGPROGRAM	vi
 VERSLAG VAN	
5. SENTRALE KERKEKOMMISSIE	1
6. VERTEENWOORDIGER BY BYBELGENOOTSKAP	23
7. KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE – ONAFGEHANDELDE SAKE 1993 SINODE.....	27
8. BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE	49
9. KOMMISSIE VIR KERKARGIEF	67
10. KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK	72
11. KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE	91
12. KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS	93
13. KURATORIUM	94
14. KOMMISSIE VIR JEUG, VERBONDSONDERRIG, ONDERWYS EN OPVOEDING...	100
15. KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE	117
16. KOMMISSIE VIR KERKSANG EN -MUSIEK	140
17. PUBLIKASIEKOMMISSIE	144
18. KOMMISSIE VIR FINANSIES.....	156

Voorwoord

Inleidend

Die Afrikaanse Protestantse Kerk staan voor die grootste uitdagings in sy bestaan. Oor die afgelope agt jaar is gestry in die belang van die Koninkryk van God veral sover dit die Afrikanervolk raak. Op die identiteit van die Afrikanervolk is oor 'n baie lang tyd aanslae geloods. Wie die karakter en geskiedenis van die Afrikanervolk ken, weet ook dat dié aanslag eintlik gemik is teen die wyse waarop God dié volk in die verlede gebruik het. Veral in hierdie volksbedding het God die Evangeliestroom, met sy besondere gereformeerde inslag, dorstige Afrika laat binnevloei.

Die huidige besoedeling van hierdie bedding het ook sy invloed op die stroom. Onrusbarende tekens van dwaling slaan op onverwagte plekke in die teologie en evangelieverkondiging uit.

Voor die Afrikaanse Protestantse Kerk lê die bomenslike taak om die volksbedding te help skoonmaak en skoonhou, terwille van die suiwer Evangeliestroom (is daar nog ander wat daarmee help?). Hierdie taak is reeds deur die Kerk gevisualiseer met die toevoeging van die onderskrif by sy naam: 'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners. Met die woord "blanke" is nie bedoel om neerhalend te wees teenoor anderskleuriges nie, maar om een van die identiteitskenmerke van die Afrikanervolk vas te stel – die volk waaronder die Afrikaanse Protestantse Kerk hom geroepe voel om te arbeid. In hierdie tyd sal dit vir die APK nodig wees om nog meer van die kenmerke uit te wys – kenmerke wat as't ware as geestelike grenslyne vir die volk dien terwyl hy fisiese grense ontsê word; tradisionele kenmerke wat deur Skriftuurlike beginsels beheers is, en steeds reformerend aan die Skrif getoets word.

Kerkrade is in 'n omsendbrief gevra om te besin oor die onderskrif by die naam van die APK, asook oor artikel 3 en aanverwante artikels en bepalings. Afgevaardigdes sal met die lig uit daardie besinning geput, tydens dié Sinode geleentheid hê om aan die bespreking en besluite daaroor deel te hê. Die besluite kan verreikende gevolge hê, waarmee ons sal moet saamleef. Daarom moet afgevaardigdes, benewens hulle eie voorbedding, ook van nou af hulle kerkrade en gemeentes se ernstige en voortdurende voorbedding vir dié Sinode vra.

Die nuwe staatkundige bedeling wat sedert die vorige Sinode tot stand gekom het, het allerlei sluise oopgetrek en vreemde strome die volksbedding laat instort. Die sluis van sensuur is in so 'n mate opgehef dat ons oorval word deur pornografie en ander propaganda vir sedelike verval. 'n Dobbelgees soos nooit te vore nie is onder die mense losgelaat. Die heiliging van die Sondag wat tradisioneel nog 'n aanduiding was dat die Afrikanervolk in 'n besondere verhouding tot God Drie-enig gestaan het ('n getuigenis teenoor ander mense soos die Sabbat vir Israel was – Ex. 31:13) is goedsmoeds oorboord gegooi vir die "winste" van Mammon en die sportgod.

Opruiming is dus 'n bomenslike taak, en vele van ons kan dalk nog in die strominge verdrink – strominge waarvan die bron in Op. 12:15 aangedui word. Bomenslik, maar nie bo-Goddelik nie. Dit is nie nou 'n tyd om lam in die knieë te bly sit nie – dit is 'n tyd om in die Naam van Christus harder as ooit tevore te werk. "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Fil. 4:13).

Mag die Here verhoed dat ons in kerkverband in die draaikolke beland wat so eie aan die huidige samelewing in Suid-Afrika is – die draaikolke waar verskille van opinie in bittere geskille ontaard wat die bedding met gevaarlike kolkgate verwoes.

Mag Hy deur die besluite van die Sewende Sinode koers en stille diepgang verleen aan die Evangeliebediening volgens sy roeping vir die APK.

Praktiese reëlings

Afgevaardigdes wat deur hulle kerkrade met die hoë verantwoordelikheid vertrou is om die kerkrade by die Sinode te verteenwoordig, word vriendelik gevra om

1. 'n kopie van Omsendbrief 20/1995 by hulle skribas te bekom en hulle vertrou te maak met die inhoud daarvan;

2. die inhoud van die agenda as vertroulik te beskou totdat die Sinode dit afgehandel het;
 3. die hele agenda vooraf aandagtig te bestudeer; **die inhoud sal tydens die sinodesitting as gelese beskou word;**
 4. 'n Bybel, Psalm- en Gesangboek, asook 'n eksemplaar van die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk (1994-uitgawe) saam te bring na die Sinode;
 5. die "Ordereëls vir Kerklike vergaderings" op bl. 44-48 in die Kerkorde aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde daarvolgens kan optree (dit sal ook as gelese beskou word by die aanvang van die Sinode);
 6. onderling te reël dat na afloop van die Sinode, en na ontvangs van die Handeling, een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes oorhandig;
 7. gereeld voorbidding vir die komende Sinode te doen en te vra by hulle gemeentes.
- Elke afgevaardigde word 'n veilige reis en geseënde deelname aan die Sinode toegebid.

DS MC ADENDORFF
(Skriba van die SKK)

Ordereëlins

1. Waarnemende Voorsitter ooreenkomstig KO Bepaling 41E totdat Voorsitter gekies is: Prof. JC Lombard
2. Waarnemende Skriba totdat Skriba verkies is: Ds MC Adendorff
3. Opening deur waarnemende Voorsitter: Skriflesing, sang en gebed.
4. Verwelkoming deur:
 - 4.1 Waarnemende Voorsitter
 - 4.2 Voorsitter, Kerkraad APK Wonderboom
5. Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe
6. Konstituering
7. Aanwysing van stemopnemers en -tellers
8. Kennisname van ordereëls vir Kerklike Vergaderings (bl. 44 in Kerkordeboek) – word as gelese beskou
9. Verkiesing (Artikel 40 en Bepaling 41B)
 - 9.1 Voorsitter
 - 9.2 Ondervoorsitter
 - 9.3 Skriba
 - 9.4 Hulpskriba
 - 9.5 Aktuaris
10. Benoeming van tydelike kommissies (voorlopige indeling deur SKK volgens voorkeure en bekwaamhede deur afgevaardigdes vooraf op Vorm Sin.3 aangedui)
11. Vasstelling van Sakelys
12. Goedkeuring van Dagprogram
13. Openingsrede deur Voorsitter van SKK
14. Broederlike gesprek
15. Verslae van Permanente Kommissies (o.m. SKK 1)
16. Nagmaal op uitnodiging van APK Wonderboom
17. Verslae van Tydelike Kommissies
 - A Kerkregtelike Sake
 - B Finansies
 - C Jeug en Verbondsonderrig, Opvoeding en Onderwys
 - D Barmhartigheidsdiens
 - E Argief
 - F Formuliere en Liturgie
 - G Kerkleer en Christelike Etiek
 - H Besluiteregister van sinodale besluite vir aandag van kerkrade en ringe
 - I Kerksang en -musiek
 - J Mediaskakeling
 - K Samestelling van Permanente Kommissies
 - L Ringsindeling
 - M Algemene Sake, Administrasie en Administratiewe hulpmiddels
 - N Verlofaansoeke
 - O Notule
 - P Literatuuruitstalling
 - Q Geloofsbriewe
 - R Kuratorium
 - S Publikasies (waarby ingesluit Bybelverklaring)
 - T Stemtellers

18. Verslag van Tydelike Kommissie vir die samestelling van Permanente Kommissies
19. Konstituering van Permanente Kommissies
20. Konstituering van RKA
 - 20.1 Vergadering van die RKA waartydens die verslag van die BRKA behandel word.
 - 20.2 Verkiesing van 5 lede (met sekundi) van die BRKA (kyk Reglement 6.1, bl. 62-63 in Kerkordeboek).
21. Bedankings
22. Mosies
23. Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed.
24. Spreekbeurte: Ds WM Grové
Prof Alkmaar Swart
SA Bybelgenootskap

Dagprogram

LET WEL:

1. Die Sinode besluit dat sy verrigtinge geslote is vir die openbare media totdat die vergadering anders daarvoor besluit.
2. Indien 'n afgevaardigde vanweë dringende omstandighede vir 'n tydperk afwesig moet wees uit die vergadering moet hy betyds – minstens die vorige dag voor 16:00 – by die Verlofkommissie op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.
3. Afgevaardigdes word versoek om 10 minute voor die aanvang van sittingstye hulle plekke in te neem vir samesang onder leiding van die Kommissie vir Kerksang en -musiek.

MAANDAG 4 SEPTEMBER 1995

08:00–11:00	Registrasie: 1. vir Sinode/RKA en 2. vir verblyf. Let wel: Afgevaardigdes wat na 11:00 registreer, sal nie stemreg hê alvorens 'n tweede verslag later deur die Sinode behandel is nie.
11:00–12:00	Kommissie vir Geloofsbriewe stel na registrasie verslag op
12:00–13:00	Etenspouse
13:00	Sinodesitting neem 'n aanvang en verloop volgens Ordereelings punte 1–12 en 15.
14:50	Verlofaansoeke en aankondigings
15:00–15:30	Koffiepouse
15:30–17:00	Verslag Sentrale Kerkekommissie 2
17:00–17:30	Verslag Kommissie vir Kerkregtelike Sake–1 Sinode 1993
17:30–18:30	Aandete
18:30–19:00	Openingsrede
19:00–21:00	Broederlike gesprek
21:00–21:30	Teepouse

DINSDAG 5 SEPTEMBER 1995

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond–afgevaardigde oudl. APK Bloemfontein
08:20–08:30	Aankondigings en reëlins
08:30–09:30	Verslag KKS 2
09:30–10:30	Verslag Sentrale Kerkekommissie 3
10:30–11:00	Teetyd
11:00–12:50	Verslag Kommissie vir Kerkargief
12:50–13:00	Uitdeel van notule van vorige dag en aankondigings
13:00–14:00	Etenstyd
14:00–15:50	Verslag Kommissie vir Barmhartigheidsdiens
15:50–16:00	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd
16:30–17:45	Verslag Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek
17:45–18:00	Mediaverslag, aankondigings en verlofaansoeke
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:30	Behandeling van notule van vorige dag
19:30–20:30	Verslag Sentrale Kerkekommissie 4
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Tydlike Kommissies vergader

WOENSDAG 6 SEPTEMBER 1995

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond oudl. APK Bloemfontein-Noord
08:20–08:30	Aankondigings en reëlins
08:30–10:30	Verslag BRKA na konstituering van RKA en verkiesing van 5 lede met sekundi vir BRKA

10:30–11:00	Teetyd
11:00–12:50	Verslag van BRKA
12:45–13:00	Aankondigings en uitdeel van notule van vorige dag
13:00–14:00	Etenspouse
14:00–15:50	Konstituering van Sinode – Verslag Kommissie vir Kerkregtelike Sake 3
15:50–16:60	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd
16:30–17:30	Verslag Kommissie vir Kerkregtelike Sake 4
17:30–18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:30	Behandeling van notule van vorige dag
19:30–20:30	Verslag Kommissie vir Kerkregtelike Sake 5
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Tydlike Kommissies vergader

DONDERDAG 7 SEPTEMBER 1995

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond oudl. APK Bainsvlei
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings
08:30–10:30	Verslag Kuratorium
10:30–11:00	Teepouse
11:00–12:45	Verslag Kommissie vir Jeug, Verbondsonderrig, Opvoeding en Onderwys
12:45–13:00	Aankondigings en uitdeel van notule van vorige dag
13:00–14:00	Etenspouse
14:00–15:45	Verslag Kersang en -musiek
15:45–16:00	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd
16:30–17:30	Verslag Kommissie vir Formuliere en Liturgie
17:30–18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:30	Behandeling van notule van vorige dag
19:30–20:30	Nagmaalviering
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Tydlike Kommissies vergader

VRYDAG 8 SEPTEMBER 1995

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond oudl. APK Bethlehem
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings
08:30–10:30	Verslag Publikasiekommissie
10:30–11:00	Teepouse
11:00–12:45	Verslag Kommissie vir Finansies
12:45–13:00	Aankondigings, uitdeel van notule van vorige dag
13:00–14:00	Etenspouse
14:00–15:45	Verslag Kommissie vir Finansies
15:45–16:00	Aankondigings
16:00–16:30	Koffietyd
16:30–17:30	Verslae: Tydelike Kommissie vir Ringsindeling Tydelike Kommissie vir Kommissies Tydelike Kommissies
17:30–18:00	Mediaverslag, verlofaansoeke en aankondigings
18:00–19:00	Aandete
19:00–19:30	Behandeling van notule van vorige dag
19:30–20:30	Bespreking oor Ringswerksaamhede
20:30–21:00	Teepouse
21:00	Konstituering van Permanente Kommissies en Konstituering BRKA

SATERDAG 9 SEPTEMBER 1995

07:00–08:00	Ontbyt
08:00–08:20	Bidstond oudl. APK Bothaville
08:20–08:30	Aankondigings en reëlings, uitdeel van notule van vorige dag
08:30–09:30	Verslag Tydelike Kommissies
09:30–10:00	Verslag verteenwoordiger Bybelgenootskap Behandeling van notule van vorige dag
10:00–10:30	Mediaverslag, en sake wat oorstaan
10:30–10:40	Dankbetuigings
10:40–10:50	Mosies
10:50–11:00	Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed.

TYDTOEDELING

SKK	3 uur 30 min
BRKA	3 uur 50 min
KKS	3 uur 50 min
KKS (Sinode 1993)	1 uur 30 min
Kur	2 uur
FK	3 uur 30 min
PK	2 uur
JEUG	1 uur 45 min
SANG	1 uur 45 min
KERKLEER	1 uur 15 min
BARMHARTIGH.	1 uur 50 min
ARGIEF	1 uur 50 min
FORMULIERE	1 uur
BYBELGENOOTSK.	15 min
TYDELIKE KOMMISSIES	2 uur

Verslag: Sentrale Kerkekommissie

Tydperk: 13 Augustus 1993 tot 18 Mei 1995

1. Personeel

Ds. IA Brink (Voorsitter), dr CI van Heerden (Ondervoorsitter), di. MC Adendorff (Skriba), NJ Rautenbach (Hulpskriba), DR Schwartz, ouderling WLV Fick.

Uit die drie sekundi aangewys deur die Sesde Sinode, naamlik drs. JP Bezuidenhout, ouderling CJ de la Rey en dr. MFM Pretorius is eersgenoemde betrek in die plek van ds. DR Schwartz wat op 28 Junie 1994 bedank het as lid nadat hy 'n beroep na Warren in Australië aangeneem het.

2. Vergaderings

In die sowat 21 maande waaroor die verslag handel, is agtien vergaderings gehou, sover moontlik eweredig versprei.

3. Rasionalisasie

3.1 Werkzaamhede van ander kommissies oorgeneem

Die ontbinding van sommige kommissies tydens die Sesde Sinode het dit noodsaaklik gemaak dat die SKK onder meer sekere werkzaamhede rakende kapelaansdienste, sending en evangelisasie, onderwysaangeleenthede sover dit die skakeling met owerhede betref, en die susterswerkzaamhede moes hanteer.

3.2 Aangepaste lasgewing

Die SKK het sy lasgewing in oorleg met die KKS hersien in ooreenstemming met die besluite van die Sesde Sinode, en die finale produk is in die Kerkordeboek van 1994 op bladsy 117-119 opgeneem. Die SKK het in die verslagtydperk uitvoering gegee aan elk van die punte in sy lasgewing.

3.2.1 AANBEVELINGS

Die Sinode keur die lasgewing vir die SKK soos dit in die 1994 uitgawe van die Kerkordeboek voorkom, met die volgende wysigings goed:

3.2.1.1 skrap 9 omdat 17 dieselfde saak dek; 3.2.1.2 voeg 'n nuwe punt 9 in wat so lui: dien as skakel om susterswerkzaamhede te koördineer; 3.2.1.3 vervang in punt 11 die eerste "ringe" met "kerkrade".

4. Sinodereëlins

Met inagneming van sinodebesluite in die verband is gemeentes in "Die BoodsAPPER" genooi om te kwoteer vir die voorsiening van 'n saal en ander fasiliteite, insluitende etes en verversings vir die Sewende Sinode. Na ooreweging van die verskillende kwotasies is die aanbod van APK Wonderboom as die geskikste aanvaar en die datum en tydsduur van die Sinode bepaal vir 4-9 September 1995. Die Sakelys is saamgestel en aan alle afgevaardigdes gestuur.

4.1 AANBEVELING

Die Sinode keur die volgende reëlins getref deur die SKK goed

4.1.1 Die plek, datum en tydsduur van die Sinode

4.1.2 Die ordereëlins

4.1.3 Die dagprogram vir die Sinode

4.1.4 Die Sakelys soos voorgelê

4.1.5 Die tydtoedeling aan elke kommissie.

5. Statistiek

'n Gemeentelike statistiekvorm vir verpligte voltooiing, asook 'n gemeentelike verslagvorm vir vrywillige gebruik deur ringe is aan die begin van 1994 en weer in 1995 aan gemeentes versend.

Die SKK vind dit moeilik om uitvoering te gee aan sy lasgewing om globaal oor die statistiek van die APK aan die Sinode verslag te doen, omdat die meerderheid gemeentes nie die statistiekvorms instuur nie. Dit blyk dat daar nie benewens die sydelingse verwysing in die lasgewing van die SKK in die Kerkorde 'n spesifieke reëling is dat kerkrade die vorms moet indien nie, en daar is ook vaagheid oor die vraag of kerkrade self of die ringskriba die vorms na die Sentrale Kerkkantoor moet stuur. Om die leemtes te dek, is die Kommissie vir Kerkargief gevra om die nodige wysigings in die Kerkorde voor te stel.

Die Statistiek hier in die SKK-verslag opgeneem, berus dus op verouderde syfers t.o.v. vele gemeentes.

Die volgende gemeentes het nie statistiekvorms vir 1993 en 1994 ingedien nie:

RING	GEMEENTE 1993	GEMEENTE 1994
Benoni	Benoni Brakpan Delmas Devon Springs	
Dendron	Hoedspruit Phalaborwa Pietersburg Tzaneen Weipe	Dendron Hoedspruit Phalaborwa Pietersburg Tzaneen Weipe
Derby	Buhrmansdrif Coligny Derby Groot-Marico Koster Magaliesburg Ventersdorp Zeerust	Buhrmansdrif Coligny Derby Groot-Marico Koster Magaliesburg Ventersdorp Zeerust
Ermelo	Amajuba Amersfoort Ermelo Piet Retief	Amajuba Amersfoort Ermelo Piet Retief
Germiston	Alberton Boksburg Germiston Kemptonpark	Boksburg
Heidelberg		Balfour Greylingstad Heidelberg Meyerton Nigel
Klerksdorp	Bloemhof Hartbeesfontein Klerksdorp Leeudoringstad Potchefstroom	Hartbeesfontein
Lichtenburg	Biesiesvlei Lichtenburg Ottosdal	Alfa Biesiesvlei Ottosdal
Middelburg		Belfast Bronkhorstspuit Cullinan/Rayton Laersdrif Middelburg Witbank
Mooiwooi		Brits Hartbeespoort Mooiwooi Northam Rustenburg Sanddrif
	Mooiwooi	
	Rustenburg	

Morgenzon	Bethal Hoëveldrif Morgenzon Standerton	Bethal Hoëveldrif Kriel Morgenzon Standerton
Naboomspruit		Ellisras Koedoesrand Marken Naboomspruit Vaalwater
Nelspruit		Arnot-Hendrina Barberton Lebombo Nelspruit Witrivier
Potgietersrus	Marble Hall	
Roodepoort	Carletonville/ Wolverdiend Johannesburg Krugersdorp Randfontein Roodepoort	Carletonville/ Wolverdiend Johannesburg Johannesburg-Suid Krugersdorp Randfontein Roodepoort
Newcastle	Dundee/Glencoe Newcastle Utrecht	Dundee/Glencoe Newcastle Utrecht
Suidkus	Groter-Durban Hluhluwe Pietermaritzburg Richardsbaai Suidkus Zululand	
Bethlehem	Bethlehem Clocolan Excelsior Ficksburg Lindley Marquard Paul Roux Senekal	Bethlehem Clocolan Excelsior Ficksburg Lindley Marquard Reitz
Brandfort	Boshoff Brandfort Bultfontein Hertzogville Hoopstad Verkeerdevelei Winburg	Boshoff Brandfort Bultfontein Hoopstad Winburg
Cornelia		Cornelia Frankfort Heilbron Tweeling Villiers

Graniet		Bothaville Graniet Koppies Parys Viljoenskroon Wesselsbron
Hennenman	Hennenman Kroonstad Odendaalsrus Virginia Welkom	Kroonstad Odendaalsrus Virginia Welkom
Beaufort-Wes	Beaufort-Wes Fraserburg Oudtshoorn Sutherland	Beaufort-Wes Fraserburg Oudtshoorn Sutherland
Clanwilliam	Calvinia	Calvinia Clanwilliam Piketberg
De Aar		Britstown Carnarvon De Aar Hanover Orania Richmond Strydenburg
	Hanover	
	Richmond	
Kimberley	Barkly-Wes Christiana Griekwastad Kimberley Reivilo Vaalharts-Suid	Barkly-Wes Christiana Griekwastad Kimberley Reivilo Vaalharts-Suid
Olifantshoek	Bosrand Fontein-Prieska Gordonia Groblershoop Kathu Kuruman Namakwaland Olifantshoek Pofadder Postmasburg	Daniëlskuil Fontein-Prieska Gordonia Groblershoop Kakamas Kathu Kuruman Namakwaland Olifantshoek Pofadder Postmasburg
Riversdal	Albertinia Brakrivier George Mosselbaai Riversdal	Albertinia Brakrivier George Mosselbaai Riversdal
Steynsburg	Cradock	Cradock Grens
Etosha	Gobabis Leonardville Outjo Welwitschia Windhoek	Grootfontein Leonardville Outjo Welwitschia Windhoek

Die statistiek gee die syfers aan soos bereken t.o.v. 31/12/1993 en weer t.o.v. 31/12/1994.

STATISTIEKE VAN GEMEENTES – BELYDENTE EN DOOPLIDMATE – IN RINGSVERBAND

Ring	Aantal gemeentes		Belydende lidmate		Dooplidmate		Totaal	
	1993	1994	1993	1994	1993	1994	1993	1994
Transvaal								
Benoni	6	6	1 357	1 455	472	547	1 829	2 002
Dendron	8	8	1 600	1 738	810	864	2 410	2 602
Derby	8	8	1 219	1 332	475	493	1 694	1 825
Ermelo	5	5	504	551	258	273	762	824
Germiston	5	5	890	877	329	312	1 219	1 189
Heidelberg	5	5	728	702	286	279	1 014	981
Klerksdorp	5	5	939	1 060	364	367	1 303	1 427
Lichtenburg	5	5	1 021	1 077	422	444	1 443	1 521
Middelburg	6	6	1 691	1 711	665	708	2 356	2 419
Migdol	6	6	990	1 129	458	500	1 448	1 629
Mooi-nooi	7	7	1 640	1 792	897	917	2 537	2 709
Moot-Sentraal	7	7	2 541	2 726	808	862	3 349	3 588
Morgenzon	5	5	598	684	304	355	902	1 039
Naboomspruit	7	7	1 007	1 102	389	418	1 396	1 520
Nelspruit	7	7	1 142	1 181	560	567	1 702	1 748
Potgietersrus	5	5	1 073	1 069	506	493	1 579	1 562
Roodepoort	6	6	1 072	1 124	396	407	1 468	1 531
Vereeniging	5	5	827	829	308	282	1 135	1 111
Totaal	108	108	20 839	22 139	8 707	9 088	29 546	31 227
Persentasie afwyking			2,08%	6,24%	0,43%	4,38%	1,59%	5,69%
Natalia								
Newcastle	4	4	430	403	138	149	568	552
Suidkus	6	6	585	608	255	242	840	850
Totaal	11	10	1 015	1 011	393	391	1 408	1 402
Persentasie afwyking			5,08%	-0,39%	2,93%	-0,51%	4,47%	-0,43%

Ring	Aantal gemeentes		Belydende lidmate		Dooplidmate		Totaal	
	1993	1994	1993	1994	1993	1994	1993	1994
Oranje Vrystaat								
Bethlehem	9	9	1 243	1 211	543	537	1 786	1 748
Bloemfontein	5	5	1 870	1 923	736	724	2 606	2 647
Brandfort	8	8	523	615	272	270	795	885
Cornelia	5	5	725	709	269	261	994	970
Granlet	6	6	1 010	1 013	483	461	1 493	1 474
Hennenman	6	6	760	649	374	317	1 134	966
Memel	4	4	471	451	219	209	690	660
Petrusburg	7	7	349	333	132	144	481	477
Totaal	50	50	6 951	6 904	3 028	2 923	9 979	9 827
Persentasie afwyking			1,07%	− 0,68%	5,35%	− 3,4%	8,94%	− 1,52%
Kaapprovinsie								
Beaufort-Wes	5	5	563	623	213	210	776	833
Cianwilliam	4	5	238	318	106	140	344	458
De Aar	8	8	478	478	210	196	688	674
Kimberley	6	6	1 157	1 140	455	470	1 612	1 610
Olifantshoek	11	12	1 183	1 336	511	521	1 694	1 857
Riversdal	6	6	386	404	144	147	530	551
Somerset-Oos	11	10	727	769	260	244	987	1 013
Stellenbosch	6	6	617	645	156	157	773	802
Steynsburg	7	8	217	275	93	110	310	385
Totaal	63	66	5 566	5 988	2 148	2 195	7 714	8 183
Persentasie afwyking			9,91%	7,58%	3,02%	2,19%	0,99%	6,08%
Namibië								
Ethosha	7	7	399	444	187	210	586	654
Totaal	7	7	399	444	187	210	586	654
Persentasie afwyking			6,33%	1,28%	9,36%	2,30%	4,69%	1,60%
GROOTTOTAAL	239	241	34 770	36 486	14 463	14 807	49 233	51 293
Persentasie afwyking			5,49%	4,94%	2,82%	2,38%	4,69%	4,18%

5.1 AANBEVELING

Die Sinode dra dit aan die BRKA en die Publikasiekommissie op om in hulle werksaamhede rekening te hou met die statistiek van gemeentes en lidmate.

5.2 Gemeentes gestig sedert vorige sinode

Excelsior 17/10/93, Richmond 4/11/93, Welwitschia 5/12/93, Kakamas 29/5/94, Hardeveld 27/11/94, Smithfield 19/2/95, Zastron 19/2/95.

5.3 Gemeentes ontbind

Ladysmith 31/8/93, Elliot 16/1/95, Pretoria-Sentraal 30/4/95.

5.4 Naamsverandering van gemeentes

APK Piketberg (voorheen Pools) 31/9/93, APK Jacobsdal (voorheen Rietdal) 1/8/94.

5.5 Leraars geëmeriteer

NRJ van Zyl 30/11/93, DJ Malan 31/7/94, HB Heymans 31/10/94, WF Liebenberg 31/3/95, E Friis 30/4/95, PJB Engelbrecht 30/4/95 om gesondheidsredes

5.6 Band losgemaak en nog nie weer beroep nie

JJ Venter (KO art. 17 – nie beroepbaar nie) 23/1/94, CJ Kruger (art. 19) 7/11/94, PA Gomes (art. 19) 17/1/95, JD Jansen van Rensburg (art.19) 12/4/95.

Die SKK bring die volgende noodkreet wat in "Die Kerkbode" van 6/5/94 verskyn het, onder aandag van die Sinode:

Die vers wat hier verskyn, is ingestuur deur die eggenote van 'n predikant sonder gemeente. Dit gee 'n kykie in die benarde posisie waarin hulle hulle bevind.

TE DUUR?

*Stil, verslae staan ons daar
die laaste lofsang ...*

Handdrukke, soene, woorde, leeg.

"Here, God, is dit dan nou klaar?"

Is ons te lig bevind? Geweeg?

*Elf en 'n half jaar se swoeg en sweet,
elf en 'n half jaar van bid en smeek.*

Ek is bang, Here ...

*Bang om my man se leed te aanskou,
bang vir wat die toekoms mag inhou,
bang namens ons hemelkind aan my sy.
Sy ogies blink, hy het geen begrip*

van my leë, moeë hart, 'n klip.

Alles ingepak ...

'n Nuwe lewe wag, 'n lewe van wat?

*Van hoop en wanhoop, bid en glo,
twyfel en trane, teleurstelling, geloof.*

*Aansoek op aansoek, verduidelik, praat,
nóg 'n onderhoud ontbloot my siel.*

Verstaan ek reg ...

*om beroep te word, moet jy 'n gemeente hê ...
nie ek nie, dit is wat die kerkrade sê.*

*Losgemaak? Nee dankie, sukkel maar aan,
die kerk is nie eens bewus van jou bestaan.
Geen medies, geen pensioen, verpligtinge?
Ek is verward ...*

Here, lank gelede het U ons geroep:

"Kom werk in my wingerd, los jou beroep."

*Ons het geluister en ons wag,
Maar ons is moeg Here, ons kragte min;
of is ons ook te duur na u goddelike sin?*

"Vrou van Losgemaakte"

5.6.1 AANBEVELING

Die Sinode neem met verontrusting kennis daarvan dat die band tussen enkele leraars en kerkrade kragtens artikel 19 van die Kerkorde losgemaak is, en doen 'n beroep op kerkrade en leraars om in geval van probleme met mekaar alles in hulle vermoë te doen om die saak uit te praat en mekaar in die proses op te bou in diens aan die Here.

5.7 Uit kerkverband bedank vanweë aanname van beroep na Presbiteriaanse gemeente in Warren, Australië

DR Schwartz

5.8 Leraar oorlede

PS van Staden

5.9 Totale op 18/5/95

Gemeentes: 241. Leraars: 144. Oefenaar: 1.

6. Leraars wat reisende diens gelewer het

Die volgende leraars het ná hulle oorkoms na die APK vir 'n beperkte tyd reisende diens gelewer voordat hulle in gemeentes bevestig is: PDF le Grange, HE von Wielligh, JJ Vrey, G Venter. Hierbenewens is by enkele geleentheid met gevestigde leraars en hulle kerkrade ooreengekom om volgens behoefte sekere dienste in reisende hoedanigheid te lewer. Twee leraars wat in die Oos-Kaap werksaam is, nl. di. PJL Olivier en BR Torlage, is volgens ooreenkoms met die twee groepe gemeentes wat hulle bedien, elk vir 'n gedeelte van hulle tyd in diens van die SKK. Die stelsel word egter geleidelik uitfaseer sodat die "SKK-tyd" op 'n vaste basis in ander gemeentes wat daaraan behoefte het, bestee kan word.

Die volgende bedrae is aan reisende diens bestee: In 1993 (Sep. 1993–Des. 1993) R23 491, in 1994 R78 606 en tot op 30 April 1995 R9 704.

Die SKK het ervaar dat die aanvraag na reisende leraars afgeneem het, maar dat daar steeds klein en afgeleë gemeentes is wat gereelde pastorale bediening ontbeer, hoofsaaklik om geldelike redes. Die kerkverband het in hierdie opsig 'n verantwoordelikheid wat hoë eise aan die bedieningsfonds stel.

7. Geldelike hulp aan gemeentes verleen

Vanaf 1 September 1993 tot 30 April 1995 is die volgende bedrae bestee: In die boekjaar 1993 is 'n bedrag van R64986 vanaf 1 September 1993 tot 31 Desember 1993 bestee aan die bediening in 9 gemeentes, in 1994 R286321 in 12 gemeentes en tot op 30 April 1995 R73894 in 9 gemeentes. Die merietebepaling waarvolgens 'n gemeente kwalifiseer vir geldelike hulp word gedoen aan die hand van 'n amptelike S1 vorm wat behoeftige gemeentes moet voltooi, en voorts het die SKK 'n amptelike beleid neergelê waarvolgens hulp verleen word. Dit wil voorkom asof die behoefte aan geldelike hulp ten opsigte van die vergoeding van leraars sodanig toeneem dat die SKK genoodsaak sal wees om 'n verslapping in sy beleid aan te bring, met dien verstande dat die Sinode 'n verhoogde begroting vir die bedieningsfonds daarstel. 'n Verdere ingrypende moontlikheid wat die oorweging van die Sinode verdien, is die vraag of die traktement van alle leraars nie deur die BRKA vanuit die Sentrale Kerkkantoor betaal moet word nie. Die FK en die KKS is gevra om die implikasies van die moontlikheid te ondersoek en aan die Sinode voor te lê.

8. Gesprekke met Christelike kerke

Soos deur die Sesde Sinode besluit (Handelinge bl. 216-217) is gesprekke soos volg met ander kerke gevoer

8.1 Nederduitse Gereformeerde Kerk

Die SKK het op 25/1/94 en 15/3/94 samesprekings gevoer met die Dagbestuur van die Algemene Sinodale Kommissie van die NGK. Die gesprek het gehandel oor o.m. kerk en staat, die roeping van die kerk in die geweldsituasie, kerk en volk, kerk en sending, verskille in kerkbeskouing, studieleenings van APK-predikante by die NGK, kopiereg op kerklike publikasies, samewerking t.o.v. die Psalm- en Gesangberyming, ens.

Daarbenewens is die SKK genooi om saam met verteenwoordigers van die NGK, die NHK, die

GKSA en die AGS te besin oor die taak van die kerk in die destydse krisissituasie in die land. Samesprekings het plaasgevind op 11, 14 en 16 Februarie 1994. Tydens die laasgenoemde byeenkoms het die SKK hom onttrek en 'n eie verklaring uitgereik, teenoor die verklaring wat deur die verteenwoordigers van die ander gemelde kerke gesamentlik uitgereik is. Die verloop van dié samesprekings is vollediger beskryf in die verklaring wat vervat is in Omsendbrief 9/94 aan kerkrade.

8.2 Nederduitsch Hervormde Kerk

Benewens die geleentheid onder 8.1 vermeld, het die SKK nie verdere samesprekings met die NHK gehad nie.

8.3 Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Die SKK het op 25/2/94, 22/9/94 en 9/3/95 met die deputate van die GKSA gesprek gevoer. Literatuur is uitgeruil en reëlins is getref dat die deputate elk maandeliks "Die BoodsAPPER" en die lede van die SKK elk gereeld "Die Kerkblad" ontvang. Die gesprekke het o.m. gehandel oor verhoudings tussen plaaslike kerke, kopiereg op die Psalmbundel en Skrifberymings, wedersydse kommentaar op die ontvangte literatuur, veral oor die Kerkorde van die APK met besondere toespitsing op artikel 3.

8.4 Ander kerke

Benewens die samesprekings onder 8.1 vermeld waarby die AGS betrokke was, het geen gesprekke formeel met ander kerke plaasgevind nie. Die SKK het aanvanklik gemeen dat binne die kring van die Afrikanervolksfront met ander Christelike kerke geskakel kan word, maar van die voorneme het nie veel tereg gekom nie. Daar is wel met alle Christelike kerke in Suid-Afrika met 'n lidmatetal van 10 000 en meer geskakel in die sin dat die jongste verklaring van die SKK oor verootmoediging (kyk Omsendbrief 13/95) aan hulle besorg is vir oorweging en gebruik na goeie dunnke. Op versoek van Biskop Mokoena wat 'n groep kerke verteenwoordig met 'n totale lidmatetal van 4,5 miljoen, is die verklaring ook in Engels aan hom besorg. Slegs uit daardie kring is tot dusver kommentaar ontvang, en wel positief.

8.5 AANBEVELING

Die Sinode dra dit aan die SKK op om met inagneming van Artikel 64 van die Kerkorde gesprekke met ander Christelike kerke voort te sit en steeds op die wyse die besondere getuienis van die APK uit te dra.

9. Nasionale dae van verootmoediging

Die SKK het deur omskrywes aan kerkrade lidmate opgeroep tot 'n dankdag vir reën op 14/11/93, dae van verootmoediging op 9-16/12/93, 3/4/94 (naaste Sondag aan Stigtingsdag, waarop ook besondere aandag vir die Gelofte van Jan van Riebeeck gevra is), 24/4/94, 16/12/94 of naaste Sondag daaraan.

'n Verklaring oor verootmoediging is uitgereik om in alle gemeentes voorgelees te word op Goeie Vrydag 14/4/1995.

10. Mediaskakeling

10.1 Die Voorsitter en Skriba van die SKK het enkele kere aan gesprekke oor die radio of TV deelgeneem. Verklarings van openbare belang is gereeld aan die media beskikbaar gestel, en by geleentheid word nog kommentaar van die SKK op sekere gebeure van die dag aangevra. Dit wil egter voorkom of die media veral na die verkiesing van April 1994 verkies om verklarings van die APK te ignoreer.

10.2 Kerknuus is egter altyd nog deur Radio Pretoria verwelkom en uitgesaai, en deur die SAUK geïgnoreer, met enkele uitsonderings. Radio Pretoria het ook herhaalde kere uitsaai-geleentheid aan APK-leraars gebied.

10.3 Die SKK het deur sy Radio- en TV-komitee verskeie kere vergeefs gepoog om uitsaai-geleentheid vir APK-leraars te verkry by die SAUK/TV en Radiokansel. Van 'n driejaar-oue belofte van Radiokansel om gebruik te maak van leraars uit 'n lys wat aan hulle beskikbaar gestel is, het na die beste van ons wete nog nie veel tereg gekom nie.

10.4 Opdragte van die Sesde Sinode aan Radio- en TV-komitee

10.4.1 Die Sinode dra dit aan die Radio- en TV-komitee op om 'n behoeftebepaling te doen ten einde te bepaal of die verspreiding van 'n periodieke klankkasset met nuus en ander programme, asook kassette en videobande met preke vir die kerkverband nodig is.

10.4.2 Klankateljee

Die Sinode gee opdrag dat indien die behoeftebepaling vir klankkassette groot blyk te wees die komitee moet voortgaan met die ondersoek na die moontlikheid vir die inrigting van 'n klankateljee en of op 'n ander wyse in die behoefte voldoen kan word.

10.5 AANBEVELINGS

10.5.1 Die Sinode versoek kerkrade en lidmate wat met Radiokansel enige skakeling het,

veral ten opsigte van geldelike bydraes, om terdeë kennis te neem van die futiele pogings om uitsaai-beurte by Radiokansel vir APK-leraars te bekom.

10.5.2 Die Sinode sien af van enige verdere onderhandelinge met Radiokansel en spits hom toe op samewerking met die netwerk waartoe onder meer Radio Pretoria behoort.

10.5.3 Gesien die geringe belangstelling wat uit die behoeftebepaling geblyk het, sien die Sinode af van die oprigting van 'n eie klankateljee.

10.5.4 Die Sinode versoek ringe om in eie gelede gemeentes wat daaraan behoefte het, op gereelde basis te voorsien van klankkassette met preke, of geskrewe preke van leraars in die ring.

10.5.5 Vanweë die feit dat daar vanuit 'n aantal gemeentes sodanige behoefte aangedui is, dra die Sinode dit aan die SKK op om ondersoek in te stel na die moontlikheid om klanken- en videokassette met praatjies deur kundiges oor aktuele onderwerpe beskikbaar te stel.

10.5.6 Die Sinode sien af van enige voortgesette aandrang op uitsaai-beurte by die SAUK/TV waar die wese van die verkondiging van die evangelie aan bande gelê word.

11. Skakeling met die owerheid

Opdragte van die Sesde Sinode is deurlopend uitgevoer. Onder meer is by die owerheid beswaar aangeteken teen dobbelary, 'n staatslotery, Sondagontheiliging, regsverdeling en aborsie. Die vorige regering is voor die verkiesing van 27 April 1994 aangespreek oor miskenning van die oppergesag van God Drie-enig, die prysgawe van Christelike waardes en beginsels, en die onvermoë om deur middel van die swaardmag behoorlik orde te handhaaf. Die lot van slagoffers van terreur is ook onder aandag van die vorige regering gebring. Verhoë is aan die huidige regering gerig vir die regverdige behandeling van alle politieke gevangenes.

Verteenwoordigers van die SKK en ander kerke het ook op uitnodiging van die Volkstaatsraad met dié liggaam gesprek gevoer.

12. Koördinering van aksies op terrein van sending en evangelisasie

Geen versoek is ontvang om behulpzaam te wees met die koördinering van sending en evangelisasie-aksies nie.

Die opdrag om toe te sien dat aan die Sinode verslag gedoen word oor die stand van sending

en evangelisasie in die APK vind die SKK bykans onuitvoerbaar, omdat kerkrade nie verplig is om daarvoor aan die SKK te rapporteer nie.

Die opdrag van die Sesde Sinode aan die Publikasiekommissie om praktiese riglyne uit te werk ten opsigte van die doen van praktiese evangelisasie en sendingwerk deur kerkrade en dit in Die Boodskapper'' te publiseer, is deur die Publikasiekommissie onder aandag van die SKK gebring, en die opstel daarvan geniet nog aandag van die SKK.

'n Bedrag van sowat R4000 is bestee vir die aankoop van die "Bybelinkleurboek" en "Markus en die Meester" wat oorhandig is aan Volkshulp 2000 vir verspreiding daarvan onder behoeftige kinders.

13. Korrespondensie

Die SKK het in die verslagtydperk 'n geweldige administratiewe las gedra in die vorm van briewe, onderhoude, telefoongesprekke wat baie tyd in beslag geneem het en dikwels teologiese insig geveer het.

13.1 AANBEVELING

Die Sinode spreek sy dank uit teenoor ds MC Adendorff en sy personeel vir toegewyde werk waardeur die administrasie glad verloop het.

14. Susterswerksaamhede

14.1 Opdrag (Handelinge Sesde Sinode bl. 282).

Aangesien die Sinode besluit het om die voortbestaan van die KGB as kommissie op te hef, word beide verslae (van die KGB en die ad hoc-kommissie) na die SKK verwys om

- ★ aanbevelings vir die volgende Sinode op te stel oor hoe die belange van susterswerksaamhede die beste gedien kan word in die APK – met advies uit ons kerk soos nodig bevind;
- ★ die advies van die KKS oor sy aanbevelings by sy aanbevelings te inkorporeer;
- ★ voorsiening te maak dat die susterswerksaamhede voortgaan en ten beste gedien word.

14.2 Optrede

14.2.1 Die verslag van die KGB en van die Ad hoc-kommissie oor susterswerksaamhede is as basis vir hierdie verslag en aanbevelings gebruik.

14.2.2 Die SKK het die voorstelle van dr. WA Burger geraadpleeg en vertrou dat dit in sy aanbevelings ondervang word.

14.2.3 Die volgende besluite is reeds geneem en dui die pad aan waarop die SKK voortbeweeg:

14.2.3.1 Besluite van 1988 (Hand. Sinode 1988, bl. 177, pt. 1.8.1 en 1.8.2.2) "Die Sinode neem kennis dat die Vroueaksie spontaan ontstaan het, en 'n vrywillige organisasie van susters is, wat jaarliks 'n konferensie kan hou vir susters wat daarby wil inskakel. Koste moet deur die konferensiegangers gedeltig word. 'n Komitee kan aangewys word met opdrag om net die volgende konferensie te reël."

"Die Sinode beveel aan dat susters nie bydraes van 50c per lidmaat sal maak tot die sentrale kas van die Susters nie aangesien 15% van hulle bydraes reeds aan die SKK gestuur word. Die Susters moet liever by die SKK aansoek doen om fondse indien iets nodig is vir hul organisasie."

14.2.3.2 Besluite van 1991 (Hand. Sinode 1991, bl. 369, pt. 157.3)

a. "Die Sinode besluit:

a.1 dat susters voortaan landwyd gekoördineerd soos volg mag optree:

a.1.1 Susters van AP kerke landwyd mag van tyd tot tyd binne 'n ringsgebied, of op nasionale vlak, in konferensie byeenkom genaamd APK Susterskonferensie.

a.1.2 Die susters van 'n plaaslike gemeente of enkele naburige gemeentes onder leiding van die plaaslike kerkraad/rade kan sodanige konferensie reël en alle susterslidmate van alle gemeentes via "Die Boodskapper" volledig daarvoor inlig en hulle uitnooi.

a.1.3 Die konferensiegangers wys vir daardie konferensie 'n voorsitter en sekretaresse aan, wat die ordereelings moet hanteer.

a.1.4 Tydens die konferensie kan in breë trekke vir 'n volgende konferensie beplan word (plek, tema, sprekers, verdere program-items, ens.) en 'n spesifieke gemeente kan versoek word om as gasheer op te tree. 'n Sekundusgemeente word ook aanbeveel.

a.1.5 'n Konferensie kan egter

- geen bindende besluite neem nie
- geen komitees benoem nie
- geen aksies van stapel stuur nie
- geen publikasies laat verskyn nie
- geen fondsinsamelingsprojekte loods nie

omdat die bedoeling en behoefte is dat daar net maar gekonfereer word. Agterna kan 'n oorsig, opgestel deur (bv.) die voorsitter en/of sekretaresse, oor die konferensie in "Die

Boodskapper" verskyn, sodat lidmate van alle gemeentes, veral belanghebbendes, volledig oor die verloop daarvan ingelig kan word. Ter afhandeling van sake voortspruitend uit die konferensie sal die voorsitster en sekretaresse saam met die reëlingskomitee van die afgelope konferensie optree, met koöptering van 2 of 3 kundige persone indien nodig.

Indien publikasies ter sprake is, word die samewerking van die SKK se publikasiekomitee gesoek.

a.1.6 Nadat die konferensie afgeloop en sy doel gedien het, funksioneer daar geen tussentydse óf permanente Algemene Komitee of skalkomitee nie.

a.1.7 Sodanige konferensie moet net een doel hê: om die betrokke susters deur kruisbestuiving van gedagtes, werksmetodes, ens., vir die dienswerk in hulle plaaslike gemeentes te stimuleer en toe te rus, waar die susters in huldiens aan hul eie plaaslike kerkraad hulle ten volle kan uitleef in die groot variasie van take wat deur hulle kerkraad aan hulle opgedra of deur die susters geïnisieer word (ná goedkeuring deur die kerkraad).

a.2 Dat susters se plaaslike aktiwiteite binne hulle eie gemeentes, prinsipiële en praktiese, vir bestudering en advies-aan-kerkrade verwys word na 'n Ad hoc-kommissie bestaande uit dr WA Burger, ds IA Brink, ds AS van Jaarsveld, ds JA du Plessis, dr CI van Heerden en ds JJ Venter, wat aan die volgende Sinode verslag moet doen. Hierdie kommissie moet ook aandag gee aan daardie gedeeltes van dr WA Burger se mosie wat verdere aandag nodig het.

a.3 Dat die KKS se prinsipiële-gefundeerde aanbevelings van 1990, soos hieronder aangehaal, die amptelike standpunt van die Sinode word:

Die Sinode besluit

a.3.1 dat aangesien kerklike lidmaatskap in beginsel volgens die Skrif (Ef. 4, 1 Kor. 12, Rom. 12), die Belydenisskrifte (NGB arts. 30 en 32, H. Kat. vrae en antwoorde 55, 104 en 124), die beginsel van die Gereformeerde Kerkkreg en art. 3, bepalinge 3.1 tot 3.9, arts. 4, 5, 10, 22.1, 22.3 e.a. van die Kerkorde 1989 net aan 'n plaaslike kerk (gemeente) verbind is en nie aan die kerkverband nie;

a.3.2 dat derhalwe 'n belydende lidmaat nêr regte, voorregte en bevoegdhede tot optrede in sy plaaslike kerk het ooreenkomstig die artikels en bepalinge van die Kerkorde en onderworpe aan die opsig van die kerkraad – dit geld ook vir die besondere ampte van ouderling,

diaken en bedienaar van die Woord, vgl. arts. 15, 20, 21, 22 e.a.

a.3.3 dat dit die taak van die kerkraad is om volgens Ef. 4:11-16, Hand. 20:28, 1 Tim. 3:5, Kerkorde arts. 14, 20, 21, 44, 48 al die belydende lidmate (en dooplidmate) te versorg, toe te rus, te aktiveer en te organiseer om diensbaar te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus in die plaaslike kerk (gemeente);

a.3.4 dat elke kerkraad ter uitvoering van sy taak, soos onder punt a.3.3 gestel, volgens eie besluit in samewerking met en met konsiderasie van plaaslike vermoëns en behoeftes, al die lidmate gesamentlik of in groepe vir dienswerk organiseer;

a.3.5 dat groepe belydende lidmate nie die bevoegdheid het om, vry van die opsig van die kerkraad, met miskennings en oorskryding van gemeentelike grense in stryd met hulle lidmaatsregte, -voorregte en -bevoegdhede, te organiseer nie;

a.3.6 dat groepe belydende lidmate, hetsy broeders, susters en jongmense apart of as lidmaatsgroepe volgens geïdentifiseerde behoeftes kragtens die sinodale besluit van 1988 konferensies kan hou in medewerking met 'n plaaslike kerkraad as gasheer deur middel van konferensie-komitees, en nie deur middel van permanente strukture nie;

a.3.7 dat sodanige konferensies ten doel moet hê om dusdanige betrokke groepe lidmate vir hulle plaaslike dienswerk deur kruisbestuiving van gedagtes, werksmetodes ens. te stimuleer en te besiel."

14.2.4 Die besluite van die Sinode kan oorsigtelik soos volg saamgevat word:

14.2.4.1 Die susters se dienswerk is primêr tot die plaaslike gemeente beperk onder toesig van die kerkraad.

14.2.4.2 Die plaaslike Kerkraad mag, in die uitvoering van sy roeping om sy lidmate te versorg, toe te rus, te aktiveer en te organiseer, die susters ook gesamentlik of in groepe organiseer met die oog op hul dienswerk.

14.2.4.3 Daar mag geen permanente oorkoepelende organisatoriese struktuur, naas die kerklike struktuur bestaan nie.

14.2.4.4 Die susters mag op uitnodiging van 'n plaaslike Kerkraad, ook landswyd gekoördineerd optree en byeenkom in konferensies op die voorgeskrewe wyse. (Die voorgeskrewe werkswyse maak onder andere voorsiening vir 'n reëlings- en 'n afhandelingskomitee.) Hierdie

konferensie word genoem: APK Susterskonferensie.

14.2.4.5 Sodanige konferensies het ten doel om die susters te stimuleer en te besiel deur kruisbestuiwing van gedagtes, werksmetodes, ens. met die oog op hul dienswerk in die plaaslike gemeentes.

14.2.4.6 Aangesien kerklidmaatskap slegs aan 'n plaaslike gemeente verbind is, word bevoegdheide, voorregte en regte tot optrede slegs aan die lidmaat toegeken binne die plaaslike kerk onder toesig van die plaaslike kerkraad.

14.2.4.7 Dit is die plaaslike Kerkraad se roeping en taak om sy lidmate (en daarom ook die susters) te versorg, toe te rus, te aktiveer en te organiseer om diensbaar te wees in die opbouing van die liggaam van Christus in die plaaslike gemeente.

14.2.4.8 Die Kerkraad voer hierdie taak uit deur o.a. die susters, met konsiderasie van plaaslike vermoëns en behoeftes, gesamentlik of in groepe te organiseer. Dit beteken dus dat die susterswerksaamhede in die gemeente georganiseer mag word deur middel van 'n gemeentekomitee. Sustersaktiwiteite (genoem, bv. Vroueaksie of Sustersaksie of Sustersdienswerk) geskied onder toesig van en met verantwoording aan die plaaslike Kerkraad.

14.2.4.9 Die susters van 'n plaaslike gemeente mag onder leiding van en in medewerking met die plaaslike Kerkraad, konferensies op ringsvlak en/of nasionale vlak reël. In die geval van die landswye konferensies, rig die Kerkraad sy uitnodiging skriftelik aan die konferensie wat dan besluit waar die volgende konferensie gehou gaan word.

Gemeentes kan die onderstaande riglyne aanpas volgens plaaslike omstandighede.

14.3 Handleiding: Basiese riglyne vir susterswerksaamhede

14.3.1 Strewe:

Ps. 100:2 vat die doel en gesindheid van die susterswerksaamhede mooi saam in die woorde: "Dien die Here met blydskap!" In die lig van Efes. 4:11, 12 (En Hy het sommige gegee ... om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus) word die lidmaat opgeroep en geïnspireer tot 'n oorfloedige lewe deur die Heilige Gees.

14.3.2 Gemeentekomitees

Die gemeentekomitee is die hart en siel van die APK se susterswerksaamhede. Hier op

plaaslike vlak, kry elke gemeente se susters die geleentheid om 'n eie komitee volgens eie behoeftes te kies. Geen gemeente se susters kan doeltreffend funksioneer as hulle nie 'n komitee het wat kan toesien dat alles ordelik gereël word nie.

14.3.2.1 Hoe kan 'n gemeentekomitee lyk?

'n Gemeentekomitee kan bestaan uit:

- ★ voorsitter
- ★ ondervoorsitter
- ★ sekretaresse
- ★ tesourier
- ★ addisionele lede soos nodig.

14.3.2.2 Die gemeentekomitee

- ★ word jaarliks op 'n algemene vergadering deur die susters per geslote stembriefie verkies;
- ★ stel 'n jaarprogram op;
- ★ kontroleer die susterswerksaamhede se fondse en lewer gereeld verslag aan die susters tot bevrediging van die Kerkraad;
- ★ kan kwartaaliks byeenkom, maar ook as sake opduik wat aandag verlang;
- ★ kan nie besluite namens die algemene sustersvergadering neem nie, maar kan aanbevelings maak wat voorgelê word aan die susters tydens die algemene vergaderings vir hul kennisname en goedkeuring;
- ★ betrek soveel moontlik susters by al hul aktiwiteite;
- ★ hou gereeld (indien moontlik maandeliks) algemene byeenkomste;
- ★ kan reël dat, indien so verkies, komiteelede beurtelings die verantwoordelikheid aanvaar vir 'n algemene byeenkoms. Sodoende word meer susters betrek.

14.3.2.3 Die tesouriere

Die tesouriere hou noukeurig boek van die Susters se finansies. Geld moet verkieslik by die kassier van die Kerkraad inbetaal word, of as die sustersvergadering 'n eie rekening het (met toestemming van die Kerkraad) moet dit jaarliks geouditeer word.

14.3.3 Algemene vergaderings

Die hou van algemene vergaderings motiveer die susters tot meer betrokkenheid by gemeentelike bedrywighede, is leersaam, bring geestelike verryking en ontgin talente in eie gelede. Daar ontdek die susters dikwels hulle gawes wat hulle kan aanwend tot die uitbreiding van die koninkryk van God. Hier word

huishoudelike sake bespreek en die susters raak bewus dat elkeen se bydrae, hoe gering ookal, geag word en dien tot die opbou van die liggaam van Christus.

14.3.4 Die wykstelsel

Die verdeling van susters volgens kerkraads- wyke kan 'n baie handige werkswyse wees. Wyke kan groepeer in blokke.

'n Wykleidster/blokleidster kan deur die betrokke wyk/blok se susters aangewys word. Dit kan enige suster wees wat bereid is om die leiding te neem. Sy kan in die gemeente- komitee dien as addisionele lid.

Wykbyeenkomste/blokbbyeenkomste kan gehou word sodat susterswerksaamhede georganiseer en gekoördineer kan word.

Wykleidstersbyeenkomste kan kwartaalliks gehou word waar die susters leiding en toerusting kan verkry ten opsigte van hulle taak binne hulle wyke as hulp vir die betrokke kerkraadslede.

14.3.5 Wenke oor die lei van 'n vergadering

14.3.5.1 Die sekretaresse en voorsitster stel in oorleg met mekaar vooraf 'n sakelys op en deel dit aan die susters uit indien moontlik. Die vergadering vul die sakelys aan soos nodig.

- ★ Dit vergemaklik die taak van die voorsitter.
- ★ Dit verseker dat almal meer betrokke voel.
- ★ Dit verhinder dat die byeenkoms te lank duur.
- ★ Dit verseker dat daar oor spesifieke sake gepraat word.

14.3.5.2 Voorbeeld van 'n sakelys

1. Opening
(Skriflesing en gebed deur die voorsitster of iemand met wie sy vooraf gereël het).
2. Verwelkoming
3. Presensie
'n Boek word gesirkuleer sodat almal hulle name kan teken. Verskonings moet verkieslik vooraf by die sekretaresse ingehandig word.
4. Personalia
Verjaarsdae, siektes, sterftes, geboortes en ander gebeurtenisse word genoem.
5. Notule van vorige vergadering word gelees en goedgekeur deur die vergadering en onderteken deur die voorsitster en sekretaresse.

6. Sake uit die notule
Terugvoering moet gegee word oor besluite van die vorige vergadering – Is opdragte uitgevoer?
7. Besprekingspunte
Bv finansies, basaar, koekverkoop, Bid-dag vir Vroue, teebeurte, ens.
8. Spreker of onderwerp (dit kan met die vorige punt omgeruil word).
9. Algemeen
Sake wat nog op die sakelys aangebring is, word hier bespreek.
10. Volgende vergadering
Herinner aan die volgende byeenkoms volgens die jaarprogram.
11. Dankbetuigings
12. Afsluiting en gebed
Gesellige samesyn as die tyd en plek daar is.

14.3.6 Huishoudelike reëls

Dit is baie goed as die susters hul eie huishoudelike reëls opstel wat deur die algemene vergadering goedgekeur word, sodat daar goeie orde verseker word.

Daarin bepaal hulle byvoorbeeld hoe lank 'n dienstermyn vir die gemeentekomitee is, wat die taak van die verskillende komiteeledes is, en al die ander sake wat hulle op hul bepaalde manier wil doen. Dan is dit nie moeilik vir 'n nuwe komiteelid om te weet wat haar taak is nie.

14.3.7 Praktiese wenke vir diensbaarheid in die gemeente

14.3.7.1 Teeskink by die kerk

Dit is 'n wonderlike geleentheid waar gemeenteliede, mans, vrouens en kinders mekaar beter leer ken en die gemeenskap van die heiliges ervaar. Nuwe lidmate en besoekers word betrek deur hulle spesifiek vir 'n koppie tee te nooi. Menige lidmate het al getuig dat hulle gou deel voel van die hart en siel van die gemeente rondom die teetafel. 'n Lys van skinkbeurte volgens wyke kan saamgestel word, sodat elkeen 'n beurt kry.

14.3.7.2 Begrafnisse

'n Begrafnis is 'n baie hartseer en dikwels onverwagte gebeure en enige hulp en bystand word opreg waardeur. Die leraar moet dadelik in kennis gestel word as 'n sterfgeval in die gemeente voorkom. Die betrokke wykleidster/blokleidster beplan saam met die familie, sodat

daar nie duplisering plaasvind nie. Sy vind uit wat die behoeftes is ten opsigte van:

- ★ Teeskink na die begrafnis.
- ★ Verskaffing van verversings en/of etes aan die bedroefde familie.
- ★ Versorging van kinders, vervoer na skool en ander aktiwiteite.
- ★ Bystand na die begrafnis.

14.3.7.3 Bybelstudie

'n Baie belangrike deel van die susterswerk-saamhede is Bybelstudie. Dit kan in wyksverband/groepsverband gehou word.

Bybelstudiehandleidings

Maak seker van die oorsprong en inhoud van die handleidings en of dit deur die APK goedgekeur word. Daar is reeds etlike handleidings beskikbaar wat deur ons eie predikante geskryf is, en dit kan met groot vrymoedigheid gebruik word. (As u onseker is, vind uit by een van ons leraars). Dis altyd beter om 'n handleiding te gebruik as om sommer "self" die Bybelstudie te hanteer.

14.3.7.4 Blomme

Blomme is en bly 'n wonderlike manier om die Here te loof en uiting aan u gevoelens te gee. 'n Blommekomitee kan gekies word wat beurte maak vir blomme in die kerk. Dit werk ook goed as die wyk wie se skinkbeurt dit is, ook sorg vir blomme. Tuinblomme is goedkoop. 'n Potplant lyk ook mooi. Blomme lyk altyd mooi by eredienste, spesiale geleenthede soos Nagmaal, Goeie Vrydag, belydenisaflegging, Pinkstersondag, Kersfees, bevestiging van Kerkraad, doop.

14.3.7.5 Bejaardes

- ★ Diens aan bejaardes kan in die gemeente begin word met kerkraadsleiding en toestemming.
- ★ Kies 'n komitee wat die verantwoordelikheid het om na die bejaardes om te sien.
- ★ Reël byvoorbeeld gesellige middae, musiek-aande, ens. volgens hul behoeftes.
- ★ Bied hulp aan met vervoer, inkopies, besoeke aan dokter.
- ★ Besoek bejaardes gereeld.

14.3.7.6 Polisie, dienspligtiges en burgermag

Gee aandag aan die susters wie se mans soms vir lang tye weg is om elders diens te lewer.

14.3.7.7 Algemene vergaderings

14.3.7.7.1 Kan gehou word volgens eie omstandighede in 'n gemeente (bv. maandeliks, of kwartaalliks, gedurende die week, saans of soggens na die erediens).

14.3.7.7.2 Gemeentekomiteelede kan beurtelings verantwoordelikheid neem vir 'n vergadering. Sy reël dan vir die spreker, die opening met Skriflesing en gebed, die dankwoord en geskenk aan die spreker. Die voorsitter kan die sake hanteer wat voortspruit uit die notule en ook ander sake op die sakelys.

14.3.7.7.3 Ter wille van interessantheid en meelewing kan algemene vergaderings afgewissel word met minder formele byeenkomste, bv. besoeke as groep na die hospitaal se kroniese afdeling, 'n moeder- en dogteraand ens.

14.3.7.7.4 Ten opsigte van onderwerpe vir bespreking by algemene vergaderings kan in gedagte gehou word dat die susters ook hier toegerus kan word vir hulle dienswerk as gelowiges (priester, profeet, koning) binne die gemeente.

14.3.7.7.5 Gebruik kundige gemeentelede vir die aanbieding van onderwerpe indien so verkies.

14.3.7.7.6 'n Aantreklike en mooi versierde vergaderlokaal as verlengstuk van die besondere aard van 'n byeenkoms, skep die regte atmosfeer.

14.3.7.7.7 Goeie voorbereiding vir elke byeenkoms is noodsaaklik vir 'n sinvolle ervaring van die gemeenskap van die gelowiges.

14.3.7.7.8 Te lang byeenkomste word nie so maklik ingepas in besige susters se programme nie. 'n Korter byeenkoms behou meer susters se belangstelling.

14.3.7.7.9 Wanneer vergaderings met sorg, dikwels skriftelik, bekendgemaak word, ook aan nuwe intrekke, styg die bywoningsyfer en betrokkenheid.

14.3.7.7.10 Elke algemene vergadering kan 'n sielsverrykende ervaring wees vir elke suster en bydra tot haar vorming as burger van die koninkryk van die hemele.

14.3.8 Fondsinsameling

Daar is altyd iets om voor te werk. En dit is gesond om saam te werk want dit hou die vlam brandend en daardeur word hegte bande gebind. Dit is ook noodsaaklik om almal te betrek sodat dit nie altyd dieselfde susters is wat alles moet doen terwyl ander oorgeslaan word nie.

Metodes van insameling sal baie afhang van die plaaslike kerk se omstandighede. Dit is ook nodig dat daar noukeurig boekgehou en verslag gelewer word sodat elke suster kan weet hoeveel 'n bepaalde insameling opgelewer het.

Dit is wenslik dat alle fondse deur die gemeentekassier gehanteer word.

Die organisasie kan wyksgewys of deur die gemeentekomitee gedoen word, afhangende van die aard en omvang van die geleentheid.

★ **Kermis/basaar**

Dit kan as gemeentepoging jaarliks of tweejaarliks aangepak word en is van groot waarde vir onderlinge opbou.

★ **Straatverkopings**

Koekverkopings en môremarkte bly gewild en dit kan op gereelde basis gedoen word. Neem vooraf bestellings en verkoop somer allerlei snuisterye ook.

★ **Woeker**

Dit kan nogal baie vrugte afwerp en baie inisiatief na vore bring. Gee 'n bedraggie vir elkeen waarmee sy dan woeker vir 'n spesifieke tyd en dit dan inbetaal.

★ **Spyseniering**

Vir troues, onthale, kongresse ens. Dit kan op groot of kleiner skaal gedoen word en is altyd winsgewend. 'n Komitee kan die leiding neem en soveel susters as moontlik betrek.

★ **Verkope**

Hou u oë en ore oop vir geleenthede bv. vendusies, skoolfunksies, vlooiemarkte, ens. Tuisgemaakte gebak, handwerk, erdewerk, juwele, ens. is altyd in aanvraag.

★ **Boekverkope**

Die verkoop van boeke wat op bepaalde voorwaardes vanaf die Boekwinkel by die Sentrale Kerkkantoor teen soveel as 33 $\frac{1}{3}$ % afslag aangekoop kan word, kan benewens die geldelike wins wat daarop gemaak kan word, ook geestelike wins oplewer deur die uitdra van die besondere boodskap van die APK.

★ **Dinee/Ontbyt**

Etes van enige aard vind altyd byval. 'n Deftige dinee, Bybelse ete, Sjinese braai, ontbyt, safari-ete ens. kan baie gesellig en tegelykertyd winsgewend wees.

Daar is nog baie ander metodes. Laat die susters self koprap – hulle het baie talente en sien gou 'n geleentheid raak om 'n geldjie in te samel. Om 'n gereelde inkomste te verseker kan ook 'n maandelikse of jaarlikse bydrae gevra word.

Dit is wenslik dat vir elke projek 'n spesifieke doel gestel word. Dit is 'n sterk motivering en sal elkeen opskerp om haar beste te lewer.

Mag die getuienis oor Tabita (Hd. 9:36) waar

wees van elke suster: "Sy was oorstroomd in goeie werke en aalmoese wat sy gedoen het."

14.4 AANBEVELINGS

14.4.1 Die Sinode beveel die handleiding soos onder 14.3 uiteengesit by kerkrade aan vir gebruik deur gemeentesusters.

14.4.2 Die Sinode besluit om die handleiding aan plaaslike kerke beskikbaar te stel en ver wys dit na die Publikasiekommissie.

14.4.3 Die Sinode besluit dat die SKK in same werking met die uittredende voorsitter en sekretaresse en reëlingskomitee van die susterskonferensie verantwoordelik is om sake wat uit die landswye konferensie voortspruit af te handel of tot uitvoer te bring. Dit sluit in die reël van 'n volgende konferensie in samewerking met 'n plaaslike kerk.

15. Ander opdragte van die Sesde Sinode

15.1 Skriba van toekomstige sinodes

Opdrag: Die Sinode dra dit aan die SKK op om die moontlikheid te ondersoek dat die Direkteur van Kerkadministrasie by die Sinode die notule behartig, met medewerking van die Notulekommissie. 'n Hulp skriba word wel deur die Sinode aangewys. Indien dit uitvoerbaar is, gee die Sinode opdrag dat die reëling by die volgende Sinode reeds in werking tree en dat Bep. 41B dan dienoreenkomstig verander word (Handelinge Sesde Sinode bl. 217).

15.1.1 AANBEVELINGS

15.1.1.1 Die Sinode vervang artikel 38.2 van die Kerkorde wat lui:

"'n teologiese dosent moet in adviserende hoedanigheid sitting neem, tensy hy met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is en volgens Art. 38.1 deur die kerkraad afgevaardig word (dit is indien die gemeente nie 'n voltydse leraar het nie – vgl. Art. 10.9)" met die volgende bewoording:

"teologiese dosente en die Direkteur van Kerkadministrasie."

15.1.1.2 Die Sinode besluit dat die Direkteur van Kerkadministrasie as Skriba van sinodes optree. Die woord "skriba" word uit Art. 40 en Bep. 41B geskrap.

15.2 Ondersoek na die nuwe dienspligstelsel

Vanweë die voortdurende veranderinge in die dienspligstelsel kon geen vaste besluite geneem word nie. Die saak geniet steeds aandag.

15.3 Serkos

Na vele pogings tot onderhandelinge met Serkos het 'n gesprek met dr C Jordaan plaasgevind waartydens hy die nuwe beleid van Serkos verduidelik het.

15.3.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om nie 'n verteenwoordiger op Serkos te benoem nie en laat dit aan kerkrade oor om self oor lidmaatskap van Serkos te besluit.

15.4 Tienjarige feesvieringe in 1997

Opdrag (Handelinge Sesde Sinode, 14.1 op bl. 263)

Die Sinode dra dit aan die SKK op om tydig op te tree ten einde 'n program te reël vir die 10-jarige feesvieringe in 1997.

15.4.1 AANBEVELINGS

15.4.1.1 Die Sinode besluit dat die 10-jarige bestaan van die APK op 27/6/1997 of so na moontlik daaraan by wyse van dankfeeste op streeksbasis by die volgende sentra gevier sal word: Pretoria, Durban, Bloemfontein, Windhoek, Worcester.

15.4.1.2 Die Sinode benoem die volgende persone as verteenwoordigers van die vyf streke om saam met die SKK 'n reëlingskomitee te vorm om in oorleg met mekaar die feeste te reël: di. CJJ van Rensburg; JAC Erasmus; dr HJ Smith; dr E Viljoen. Beplanning moet betyds gedoen word.

15.4.1.3 Oorweging kan aan die volgende sake vir insluiting in 'n program gegee word: Erediens, bekendstelling van die feesbundel; koorfeeste; vasvrakompetisies; feesrede; boekuitstalling; groeteboodsappe; tablo; boodskap vir die 1997-Sinode ens.

15.4.1.4 Die Sinode keur dit goed dat die koste van die reëlingskomitee t.o.v. die feesbeplanning uit die bedrag deur die FK daarvoor begroot, gedelg word.

Ringe in die 5 streke is verantwoordelik vir die koste verbonde aan die plaaslike feeste.

Die SKK is tans nog besig met die samestelling van 'n gedenkboek oor die geskiedenis van die APK in die eerste tien jaar van sy bestaan. Dit word beoog om die boek ten tye van die tienjarige feesviering vry te stel.

15.5 CVO-Skole

Opdrag: Die Sinode keur dit goed dat die SKK in gesprek tree met die regering oor die toekoms van CVO- en kerkskole indien 'n nuwe

grondwet wel opgestel word (Handelinge Sesde Sinode, bl. 265).

Ná oorlegpleging met die Kommissie vir Jeug, Verbondsonderrig, Onderwys en Opvoeding, en met inagneming van regsadvies, is besluit dat samesprekings met die regering vir die huidige onnodig is aangesien daar reeds ruimte vir privaatskole in die Grondwet bestaan.

15.5.1 AANBEVELING

Die Sinode dra dit aan die SKK op om 'n wakende oog te hou oor die belange van CVO- en kerkskole in die opstel van 'n nuwe Grondwet vir Suid-Afrika en indien nodig met die owerheid in gesprek te tree.

15.6 Handves vir Fundamentele regte

15.6.1 Opdrag

Die Sesde Sinode het dit aan die SKK opgedra om voort te gaan met sy studie van die Handves vir Menseregte en besware daarteen. (Hand. Sesde Sinode bl. 270, 4.2.3.2)

15.6.2 Optrede

15.6.2.1 Die SKK het deurlopend aan die implikasies van die Handves vir Fundamentele regte aandag gegee. Die huidige handves is steeds nie die finale nie en maak deel uit van die voorlopige/tussentydse grondwet. Veranderinge is dus steeds moontlik en kommentaar daarop sou dus nie veel waarde hê nie.

15.6.2.2 In die verlede het die SKK reeds skerp kritiek op die Handves vir Menseregte (HMR) gelewer. Die kritiek het byvoorbeeld neerslag gevind in artikels in "Die Boodskapper" van Augustus en September 1989 en ook in "Skriflig op Kerk en Volk. Die strekking van die destydse kritiek, byvoorbeeld dat die HMR God-loos en plig-loos is en minagtend teenoor Christelike Etiek staan, is steeds nie in aanmerking geneem in die jongste uitgawe van die HMR nie. Die SKK het self sy besware persoonlik aan die betrokke regskommissie oorgedra, maar ten spyte van 'n goeie ontvangs waartydens die besware van die SKK aangehoor is, het daar nie iets noemenswaardig uit die onderhoud voortgevloei nie. Die HMR het intussen bekend geword as 'n Handves vir Fundamentele Regte (HFR) en is as hoofstuk 3 in die oorgangsgrondwet opgeneem.

15.6.2.3 In sy bestudering van die HFR en die sinodale opdrag daaromtrent, het die vraag by die SKK opgekom of daar nie benewens die negatiewe ervaring van moontlike gevare wat die HFR vir die Christendom en in besonder die APK inhou, tog ook die moontlikheid bestaan om sekere bepalinge van die HFR aan te wend

tot voordeel van die APK nie. Kundiges is vir die doel ook betrek en het waardevolle kommentaar gelewer. Uit die studie tot dusver blyk dit egter

- ★ dat daar weinig positief uit die HFR aangevend kan word tot voordeel van die APK;
- ★ dat die verbodinge in die HFR t.o.v. diskriminasie so wyd geformuleer is dat die grense vir die toepassing daarvan nie op hierdie stadium te bepaal is nie;
- ★ dat die meeste van die bepalinge nog nie in hofsake getoets is nie.

15.6.2.4 Die moontlike reikwydte van onder meer die volgende bepalinge van die HFR maak dit vir die APK gerade om besondere voorsorgmaatreëls te tref:

Art. 8.(2) "Daar mag teen niemand onbillik gediskrimineer word nie, hetsy direk of indirek, en sonder om afbreuk te doen aan die algemeenheid van hierdie bepaling, in die besonder op een of meer van die volgende gronde: ras, geslagtelikheid, geslag, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, geloof, kultuur of taal."

Art. 8.(4) "Prima facie bewys van diskriminasie op enige van die gronde in subartikel 8.(2) vermeld, word geag voldoende bewys van onbillike diskriminasie soos beoog in daardie subartikel te wees, totdat die teendeel blyk."

In "Constitutional Talk" (7 April tot 27 April 1995, nr. 6) waarin die vordering van die Grondwetlike Komitee met die opstel van 'n nuwe grondwet meegedeel word, word die twaalfde konstitusionele beginsel soos volg neergelê:

"Collective rights of self-determination in forming, joining and maintaining organs of civil society, including linguistic, cultural and religious associations, shall, on the basis of non-discrimination and free association be recognised and protected."

Dié beginsel word dan toegelig met 'n strokiesprent waar die een persoon wat nogal taamlik blank lyk, van agter deur die loergaatsjie van 'n geslote deur loer en sê: "Ons het die reg om afsonderlik te organiseer." Daarop antwoord 'n swart persoon voor die deur: "Maar jy moet my ook toelaat om aan te sluit as ek wil aansluit."

Dié toeligting maak dit onverstaanbaar dat sekere leraars van sommige Christelike kerke die HFR opgewonde verwelkom. Die implikasie van dié toeligting laat teoreties ruimte vir byvoorbeeld 'n Hindoe om 'n aanslag te maak op die leerversperrings (Belydenisgrondslag) van 'n Christelike kerk.

'n Besondere saak wat die aandag van die Sewende Sinode van die APK verdien, is die vraag of die onderskrif by die naam van die Kerk, en die huidige bewoording van art. 3, Bepaling 32A en art. 65 van die Kerkorde nie dalk 'n prima facie-bewys van diskriminasie is nie.

Ten tye van die opstel van hierdie verslag is die SKK nog steeds besig met studie van die HFR, en regsadvies in dié verband sal DV aan die Sinode voorgelê word.

15.6.3 AANBEVELINGS

15.6.3.1 *Die Sinode keur die optrede van die SKK goed en dra dit aan die SKK op om enige inligting van belang vir kerkrade wat uit die verdere ontwikkeling van die Handves vir Fundamentele Regte voortvloei, te bestudeer en in oorleg met die KKS advies aan kerkrade deur te gee.*

15.6.3.2 *Die Sinode gee aan Kerkrade die wenk om borde by hulle persele aan te bring waarop duidelik gemeld word dat reg van toegang voorbehou word.*

15.6.3.3 *Die Sinode word geslote verklaar vir die duur van die bespreking van alle beskrywingspunte, voorstelle, en adviese i.v.m. die onderskrif van die naam van die Kerk en art. 3 en aanverwante aangeleenthede.*

15.7 *Beskrywingspunte deur die Sesde Sinode na SKK verwys (Handelinge bl. 264).*

15.7.1 *Ring van Middelburg: gelykstelling van God Drie-enig met afgode – is soos volg herformuleer en opgeneem in 'n persverklaring:*

Waar ons God (Vader, Seun en Heilige Gees) tans met afgode tydens die onderhandelinge in verband met 'n nuwe grondwetlike bedeling gelykgestel word, in soeke na wêreld- en landsvrede, distansieer die Sentrale Kerkekommissie (SKK) van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) hom totaal van hierdie optrede. Omdat die APK God ons Vader, Jesus ons Verlosser en die Heilige Gees ons Leidsman wil eer deur ons optrede en lewenswandel, keur die SKK die gelykstelling van God met wêreldse afgode ten sterkste af.

Motivering: Dit is 'n oortreding van die eerste gebod.

15.7.2 *Ring van Suidkus: Verlaging in standaard van SAUK-godsdiensprogramme – is soos volg herformuleer en opgeneem in 'n persverklaring: Die Sentrale Kerkekommissie (SKK) spreek sy kommer uit oor die verlaagde standarde van die godsdiensstige programme van die SAUK en wil hiermee 'n duidelike stem van misnoeë laat hoor oor dié tendens, gesien in*

die lig van die algemene sekularisasie van die Suid-Afrikaanse gemeenskap.

Motivering: Veral die daaglikse uitsending van "Kompas" wek kommer wanneer opgemerk word dat Skriflesing en gebed vervang word met 'n stigtelike gesprek. Verder is die gereformeerde leer soos deur die Gereformeerde Afrikaanse Kerke bely word, al meer die slagoffer van 'n meer Charismatiese aanslag. Die verlaging in die standaarde van godsdienstige programme werk die algemene verlaging in Christelike norme in die hand.

15.7.3 Ring van Suidkus: Gerugte van intimidasie van APK-lidmate in veiligheidsmagte

Die SKK het 'n skrywe gerig aan die Ringskriba van die Ring van Suidkus waarin navraag gedoen is oor besonderhede van die beweerde voorvalle van intimidasie van APK-lidmate in die veiligheidsmagte. Geen antwoord is egter ontvang nie, en die SKK het nie verder in dié verband opgetree nie.

15.7.4 Ring van Suidkus: Meer ruimte in "Die Boodskapper" vir advertensie van boeke

Die beskrywingspunt oor meer ruimte in "Die Boodskapper" vir die advertensie van boeke is na die Publikasiekommissie verwys.

16. Hospitaalbesoeke

16.1 AANBEVELING

Die Sinode bring dit onder aandag van kerkraade dat leraars wat versoek word om lidmate wat van elders as pasiënte in stedelike hospitale opgeneem word, te besoek, reiskoste kan verhaal van 'n kerkraad wat so 'n versoek gerig het.

17. Toestemming aan leraars van NGK, NHK, en GKSA om in APK op te tree

Die SKK het verskeie aansoeke van dié aard hanteer, en toestemming verleen met dien verstande dat dit slegs vir spesifieke geleenthede en by wyse van hoë uitsondering geskied. Dit het onder aandag van die SKK gekom dat sekere kerkraade skynbaar onbewus is van die sinodebesluit in die verband (kyk Kerkordeboek bl. 49).

18. Politieke betrokkenheid van predikante

Die SKK het vanweë die feit dat sommige leraars in hulle persoonlike hoedanigheid op een of ander wyse by verskillende politieke partye betrokke is, en na aanleiding van onderhoude

met politieke leiers, dit nodig geag om die volgende aanbeveling aan die Sinode voor te lê:

18.1 AANBEVELINGS

18.1.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat leraars net soos ander lidmate die verantwoordelikheid het om as burgers van die land standpunt in te neem en dit steeds Bybels te kan verantwoord. Dat leraars en lidmate in die proses in verskillende kampe te staan kom, is nie verbasend nie. Dit is trouens 'n onderliggende beginsel in die samestelling van 'n gemeente, en ook in ons hele kerkregeringstelsel dat die lig saam gesoek word deur middel van debatvoering. Verskille van opinie mag nooit tot bitterheid onder lidmate lei nie.

18.1.2 Die Sinode wys daarop dat in die Kerkorde daar geen beletsel is op deelname van enige kerklike ampsdraer aan partypolitiek nie.

18.1.3 Die Sinode doen nogtans 'n ernstige beroep op leraars om uiters versigtig te wees in hulle politieke deelname, en nie verdeeldheid in gemeentes daardeur te bevorder nie. Die Sinode herinner leraars weer eens aan 'n vorige sinodebesluit waarvolgens hoegenaamd geen partypolitiek vanaf die kansel verkondig mag word nie.

19. Groepering van gebiede in die Oos-Kaap en Suid-Vrystaat

Die Sentrale Kerkekommissie lê op grond van inligting en voorstelle van ds P.J.L. Olivier die onderstaande aanbevelings aan die Sinode voor. Die kerkraade van die betrokke gemeentes is gevra om dié groepering te oorweeg sodat hulle afgevaardigdes gereed kan wees om by die Sinode kommentaar daarop te lewer.

19.1 AANBEVELINGS

19.1.1 Die Sinode verwys die volgende voorgestelde groepering wat ten doel het dat pastorale bediening volgens dié groepering geskied, hetsy deur die vestiging van leraars of deur reisende leraars met geldelike hulp vanaf die SKK, na die Tydelike Kommissie vir Ringsindeling:

- a. Keimond, Stutterheim (APK Grens), Kingwilliamstown, Oos-Londen.
- b. Queenstown, Dordrecht, Elliot, APK Maclear.
- c. APK Jamestown, Aliwal-Noord, Lady Grey, APK Barkly- Oos.
- d. APK Bethulie, APK Philippolis, APK Smithfield, APK Zastron.
- e. APK Steynsburg, APK Cradock, APK Venterstad, Molteno en Tarkastad.

19.1.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om besondere aandag aan die pastorale versorging van lidmate te skenk in die gebiede soos deur die Tydelike Kommissie vir Ringsindeling gefinaliseer en deur die Sinode goedgekeur.

20. BESKRYWINGSPUNTE AAN SINODE 1995

20.1 Ring van Suidkus: Bediening van gemeentes sonder leraars

Die Sinode 1995 besluit dat vakante gemeentes hulle by die kerkkantoor sal aanmeld en doen 'n beroep op leraars wat beskikbaar en bereid is om in hierdie gemeentes uit te help, om hulle ook by die kerkkantoor aan te meld.

20.1.1 AANBEVELINGS VAN DIE SKK

20.1.1.1 Die Sinode versoek kerkrade wat vir kortere tydperke pastorale versorging benodig omdat hulle nie oor die gereelde dienste van 'n leraar beskik nie, om met die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie te skakel.

20.1.1.2 Die Sinode versoek leraars wat in oorleg met hulle kerkrade vir kortere tydperke dienste kan lewer aan gemeentes wat die gereelde diens van 'n leraar moet ontbeer, om die inligting aan die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie te besorg.

20.1.1.3 Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om, in die lig van Bep. 37 F2., en waar dit van toepassing is, hul leraars toe te laat om hul konsultantsverplichtinge – ook t.o.v. die leiding van eredienste – na te kom.

20.2 Ring van Benoni: Viering van Christelike feesdae.

Die Sinode besluit dat alle Christelike feesdae soos in die verlede gevier word en doen 'n beroep op sakemanne, werkgewers en werknemers om die dae nie met hulle gewone dagtaak aan te gaan nie, maar te sluit, hulle werkers af te gee of verlof te gee, sodat ons die Here kan dien.

Motivering

Slegs as ons met so 'n opofferende diens aan die Heer van die Kerk ons gehoorsaamheid en toewyding uitlewe, sal ons ook ons Christelike getuienis in die wêreld met oortuiging kan uitlewe.

Ring van Heidelberg: Gelofte dag

Die benaming “Gelofte dag” moet by die APK behoue bly en nie vervang word met die benaming “Versoeningsdag” nie.

Motivering

Die Gelofte van 16 Desember 1838 deur Andries Pretorius en Sarel Cilliers, is die grootste geloofsgebeurtenis in die Boere-Afrikaner se volksgeskiedenis.

Lidmate van die APK is nie bereid om hulle gewete te sus en mee te gaan met 'n Anti-christelike regering om sy kultuur te verloën nie.

20.2.1 AANBEVELINGS VAN DIE SKK

20.2.1.1 Gesien die feit dat op Hemelvaartdag die gebeure herdenk word waar Christus na die hemel opgevaar het “dat Hy hom daar sou betoon as die Hoof van sy Christelike Kerk, deur wie die Vader alle dinge regeer” (Heidelbergse Kategismus Sondag 19) doen die Sinode 'n ernstige beroep op alle Christene om hulle te beywer daarvoor om dié dag 'n kerklike feesdag te maak waarop die troonsbestyging van Jesus Christus gevier word. Op dié wyse lewer gelowiges 'n getuienis dat Jesus Christus die Owerste van alle konings is.

20.2.1.2 Die Sinode versoek kerkrade en alle Christen-Afrikaners om die benaming “Gelofte dag” vir 16 Desember te behou, en steeds die dag te vier ter herdenking van 'n besondere geleentheid waar die mag van die Lig oor die mag van die Duisternis geseëvier het. Hoewel die Sinode hom vereenselwig met die oproep in die Bybel om as dit moontlik is, so ver as dit van ons afhang, in vrede te leef met alle mense (Rm. 12:18), distansieer die Sinode hom ten sterkste van enige pogings om van Gelofte dag 'n versoeningsdag te maak tussen die magte van die Duisternis en die mag van die Lig.

20.2.1.3 Die Sinode doen 'n beroep op alle Christen-Afrikaners om ooreenkomstig die gelofte deur Jan van Riebeeck die 6de April tot eer van God met danksegging te vier as 'n “vasblywende dank- en biddag sodat daarby die weldade van die Here wat aan ons bewys is, deur ons nakomelinge nooit vergeet mag word nie, maar altyd tot eer van God in gedagtenis en herinnering gehou sal word.”

20.3 Ring van Bloemfontein: Gemeente in Paraguay.

- i. Die Sinode besluit dat die posisie van lidmate in Paraguay bespreek word met die oog op die moontlike stigting van 'n selfstandige gemeente in Paraguay.
- ii. Dat die SKK via die Sinode begroot vir bedieningshulp aan die lidmate in Paraguay.

Motivering

Die APK lidmate in Paraguay bestaan tans uit twee wyke van die APK-Bloemfontein (moeder-gemeente). Kerklike bediening op 'n gereelde en permanente grondslag is van die uiterste belang om taal, kultuur en die Protestantse geloof te behou, aangesien die Rooms Katolieke gevaar hier baie groot is.

Tans geskied pastorale bearbeiding hoogstens twee maal per jaar weens koste, tyd, ens. Dit plaas 'n onregverdige las op Bloemfontein (moedergemeente) t.o.v. tyd en geld. ('n Vliegtuigkaartjie beloop tans R4 000,00.) Hieruit is dit duidelik dat een gemeente nie alleen hierdie groot verantwoordelikheid kan dra nie.

20.3.1 AANBEVELINGS VAN SKK

20.3.1.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om in oorleg met APK Bloemfontein die stigting van 'n selfstandige gemeente in Paraguay te ondersoek en na bevind van sake te handel.

20.3.1.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om die moontlikheid te ondersoek om die bediening in die beoogde APK Paraguay te koppel aan die bediening van lidmate elders in die buiteland wat deur 'n reisende leraar behartig kan word.

20.4 Ring van Potgietersrus: Herderlike Briewe

Die Sinode van 1995 besluit dat herderlike briewe wat alle ter saaklike inligting vir plaaslike kerke bevat na afloop van sinodes vinniger die plaaslike gemeentes sal bereik. Plaaslike kerkrade word versoek om spoedige terugvoering van sinodes aan die plaaslike kerke te gee.

Motivering

Die herderlike brief is iets wat baie belangrike sake bevat en waarna kerkrade en gemeentes gretig uitsien.

20.4.1 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode besluit om nie 'n Herderlike Brief van die Sinode aan gemeentes te stuur nie maar om te volstaan met 'n Besluiteregister.

Motivering

- Die Sinode handel met beleidsake wat per besluit aan gemeentes deurgegee word.
- Stigtelike en bemoedigende boodskappe kan deur "Die Boodskapper" bekendgemaak word en deur afgevaardigdes uitgedra word.

20.5 Ring van Clanwilliam: Ringsindeling

Die Sinode besluit dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Namakwaland weer by die Ring

van Clanwilliam ingedeel word ten koste van die Ring van Olifantshoek.

Motivering

Die Namakwaland streek hoort geografies, kultureel en andersins aan die Weskus. Die APK Namakwaland kan meer sinvol ingeskakel word by die Ring van Clanwilliam omdat die afstande baie meer gunstig is. Die inskakeling in die Ring van Clanwilliam sal die Ring ook 'n sinvoller eenheid maak met meer gemeentes as die huidige en ook drie gemeente-predikante.

20.5.1 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Tydelike Kommissie vir Ringsindeling.

20.6 Ring van Olifantshoek: Bediening van Nagmaal aan liggaamlik gestremdes

Die Sinode besluit dat die Nagmaal ook tuis bedien mag word aan lidmate wat as gevolg van langdurige swak gesondheid of permanente gestremdheid nie self na die eredienste kan kom nie.

Die bediening tuis mag slegs bedien word indien:

- die geval dit waarlik regverdig,
- dit gepaard gaan met die verkondiging van die Woord, en
- onder die toesig van die ampte.

Motivering

- Lidmate in sulke omstandighede getuig self dat hulle ernstige behoefte daaraan het.
- Kerke wat nie hieraan aandag gee nie, bied aan sektes en strominge ideale bedieningsgeleentheid.

20.6.1 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode besluit dat die Nagmaal tuis of in inrigtings aan belydende lidmate wat as gevolg van permanente gestremdheid of siekte nie meer die gemeentelike byeenkomste kan bywoon nie, en wat dit versoek, bedien mag word. Dit word aan ouderlingrade opgedra om oor die meriete van die versoeke te besluit, en toesig te hou oor sodanige nagmaalbedieninge wat met Woordbediening gepaard moet gaan. Die karakter van 'n erediens soos omskrywe in art. 42.1 moet deurentyd behou word.

Motivering

- Lidmate wat deur gestremdheid of siekte die gemeenskap van gelowiges by erediens-te moet ontbeer, het 'n dringende behoefte aan die Woord van God en opbouing van hulle geloof.

- b. Art. 42.1 en 43.2 van die KO kan ten volle nagekom word in 'n woonhuis of elders soos dit in 'n kerkgebou nagekom word.

20.7 Ring van Beaufort-Wes: Huisgodsdien

Daar moet opnuut of by herhaling, daadwerklik aandag gegee word aan die implementering van huisgodsdien binne elke gesin van die APK-lidmate landswyd.

Motivering

- a. Die huisgesin is die kleinste gemeente wat God op aarde gegee het. In watter gemeentebinnegemeenteverband word daar nie Bybel gelees, gebid en gesing nie – dus is dit baie noodsaaklik, van uiterste belang binne gesinsverband.
- b. Dit is 'n doopgelofte dat ons ons kinders in die dinge van die Here sal onderrig, m.a.w. die ouers beloof dit immers voor God, met die doop van 'n baba wat die Here aan daardie spesifieke ouerpaar toevertrou.
- c. Wanneer daar 'n basaar gehou word, vereis dit ure en nogmaals ure se voorbereiding – gevolglik as die gesin nie saam uit die Here se Woord lees, daaroor praat, saam bid en sing nie – kan daar nie eendag van hulle verwag word juis om te weet hoe word dit gedoen nie, want daar was geen voorbeeld gestel nie – m.a.w. die ouerpaar was ook ontrou jeens hul gelofte aan God. As ons nie op aarde saam lees, bid en sing tot eer van God nie, hoe sal ons dit ooit eendag in die Hemel kan doen?
- d. Hoe word huisgodsdien binne gesinsverband geïmplementeer? Hierdie is die kern van die probleem. Deurdat huisgodsdien so verwaarloos het in die meeste huise, weet baie ouers nie hoe moet hulle dit hanteer nie.

Gevolglik word hierdie allerbelangrikste saamwees van die gesin maar oor die hoof gesien. 'n Gesin gee op aarde aan sy lede baie en soms duur geskenke – maar sorg ons genoeg om aan mekaar te gee – die grootste geskenk ooit nl. Jesus!!

Ons kan dit alleen aan mekaar, hulle wat deel van ons gesin is gee – wanneer ons hier op aarde saam kniel, saam bid, saam Bybel lees, saam God prys met sang en lied.

- e. Om die huisaltaar weer te herstel moet van kundige hulp en advies binne Ringsverband gebruikgemaak word, leer van gesinne, predikante en andere wat weet en huisgodsdien gereeld hou.

Bied 'n kursus of seminaar aan oor huisgodsdien, maar laat ons daadwerklik vanaf sinnedevlak, tot ringsvlak, tot elke gemeente, tot elke huisgesin, huisgodsdien implementeer! Die gesin wat saam bid, bly saamgebind.

Dit sal nie net tot groot seën vir elke huisgesin wees nie – maar ook vir elke gemeente en gevolglik vir die hele Afrikaanse Protestantse kerk landswyd.

20.7.1 AANBEVELINGS VAN DIE SKK

20.7.1.1 Die Sinode versoek Ringe om sorg te dra dat beskrywingspunte korrek ingedien word vir behandeling deur die Sinode.

Motivering

Vele beskrywingspunte kon op grond van tegniese foute weggelaat gewees het en kosbare tyd sou so verlore gaan. Die bewoording van sommige beskrywingspunte vereis dat besondere aandag deur kerkrade en ringe daaraan bestee moet word om dit so te formuleer dat dit die APK nie in die verleentheid stel nie.

20.7.1.2 Die Sinode wys kerkrade, leraars en lidmate daarop dat huisgodsdien wat onder meer Bybelstudie, verootmoediging en aanbidding insluit, 'n noodsaaklike deel van elke mens se godsdien is en roep lidmate en veral ouers op tot daaglikse huisgodsdien.

20.7.1.3 Die Sinode versoek leraars om in hulle prediking en ook huisbesoek die noodsaaklikheid en waarde van huisgodsdien te beklemtoon.

20.7.1.4 Die Sinode versoek kerkrade om die Bybelstudieliteratuur van die Publikasiekommissie aan lidmate bekend te stel en met verspreiding te help. Leraars word versoek om Bybelstudiegidse vir gebruik by huisgodsdien te skryf sodat ouers gehelp kan word om hulle kinders na Jesus Christus te lei.

Motivering

- a. Die belangrikheid van huisgodsdien as geleentheid om na God se Woord te luister, daardeur gevorm te word, kinders in die verstaan daarvan te help en op Gods Woord te antwoord, spreek vanself.
- b. As verbondsmense is huisgodsdien 'n normale beleving van godsdien. Godsdien moet 'n daaglikse leefwyse wees en huisgodsdien 'n daaglikse komponent daarvan.

20.8 Ring van Germiston: Ringsindeling

Die Sinode besluit om die Ring van Germiston te herkonstitueer met die volgende gemeentes nl. Alberton, Boksburg, Germiston, Primrose en om Kempton Park-gemeente by die Ring van Benoni in te deel.

Motivering

Kempton Park was tydens die sinodesitting van 1993, saam met die Ring van Germiston gekonstitueer. Kempton Park het 'n skriftelike aansoek ingedien by die Ring van Germiston om by die Ring van Benoni ingedeel te word, as gevolg van die geografiese ligging, die lang grense tussen Kempton Park en Benoni gemeentes en die feit dat die polisiëring en sekere dienste deur die plaaslike owerheid tussen die twee dorpe gedeel word, asook die moontlikheid van 'n bedieningsooreenkoms tussen die twee gemeentes.

Tydens die vergadering van die Ring van Germiston in sitting op 27 Maart 1995, is die aansoek goedgekeur en beveel die Ring aan dat Kempton Park by die Ring van Benoni ingedeel word en dat die Sinode die twee ringe so sal konstitueer.

20.8.1 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die Tydelike Kommissie vir Ringsindeling.

20.9 Ring van Mooiooi: Sendingprojek in België.

Die Sinode besluit om 'n sendingprojek deur lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerk onder die inwoners van België te inisieer. Die Sinode wys 'n kommissie aan wat die projek sal ondersoek en indien aanvaarbaar, wyses van implementering sal vind.

Motivering

- Uitvoering van die sendingopdrag kry nie sy regmatige aandag in AP Kerkverband nie.
- Die grootste persentasie van die Vlaminge is nominaal lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk, maar van ware godsdiensoefening is daar weinig sprake. Hier is dus geleentheid vir sendingwerk eerder as evangelisasiewerk.
- Die Vlaamse taal stem sodanig ooreen met Afrikaans, dat daar geen besondere taalprobleem bestaan wat oorbrug moet word nie.
- België is een van die stamlande van die Afrikanervolk en 'n sendingprojek in daardie land sal in lyn wees met die sendingbeleid van die AP Kerke soos uiteengesit in "Elkeen, oral gestuurde."

20.9.1 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode versoek die Kerkraad van APK Thabazimbi om leiding te neem in die ondersoek na sendingwerk in België.

Motivering

Die besluit van die 1993 Sinode, Handeling bl. 281, 171, pt. 4 reël dat ouderlengerade vir sendingwerk verantwoordelik is met koördinerende en skakelingshulp van die SKK indien so versoek.

20.10 Ring van Vereeniging: Bespreking van Ringsaangeleenthede tydens Sinode

Die Sinode 1995 staan in sy agenda drie uur af vir die bespreking van ringsaangeleenthede, (benewens ringsaangeleenthede waarvoor die SKK verslag doen, KO 1994, p. 118, punte 6 en 11) onder meer die wyse waarop ringe hulle funksies, soos in die Kerkorde omskryf, nakom.

Motivering

- Kragtens KO Art. 29 is die seggenskap van die sinode oor die ring, wesenlik dieselfde as die seggenskap van die ring oor die kerkraad.
- Ofskoon daar tans nog geen gestruktureerde vorm bestaan waarvolgens die sinode sy verantwoordelikheid ten aansien van hulp, advies en opsig teenoor ringe (vergelyk KO Art. 37) kan uitoefen nie, is die sinode nogtans deur sy eie Kerkorde daartoe verbind om hulp, advies en toesig by wyse van navrae en bespreking aan ringe te verleen.
- Daar is kommerwekkende tekens dat dié hulp en/of advies en/of opsig wat ringe teenoor kerkrade in hul ringsressort behoort te pleeg, nie altyd geskied volgens die verantwoordelikheid wat aan die Koninkryk van Christus verskuldig is nie.

20.10.1 AANBEVELING VAN DIE SKK

Die Sinode 1995 staan in sy agenda tyd af vir die bespreking van ringsaangeleenthede (benewens ringsaangeleenthede waarvoor die SKK verslag doen, KO 1994, bl. 118, punte 6 en 11), onder meer die wyse waarop ringe hulle funksies, soos in die Kerkorde omskryf, nakom en verwys die hantering hiervan na die TKKS.

21. SEËNBEDE

Die SKK vertrou dat hy hiermee sy opdrag tot bevrediging van die Sinode afgehandel het, en bid die Sinode seën toe op sy beraadslaginge.

Wg. DS IA BRINK
VOORSITTER

DS MC ADENDORFF
SKRIBA

Verslag: Verteenwoordigers by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika

1. PERSONEEL

Die Sinode het die volgende persone benoem as hul verteenwoordigers by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika Johannesburg-Streek:

Ds. WA Jooste (Primarius) Oudl. GC Cruywagen (Primarius) Ds. HC Venter (Sekundus) Oudl. JS Campher (Sekundus)

2. VERGADERINGS

Sedert die vorige Sinode is daar 7 vergaderings van die Johannesburg-streekraad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika gehou. Met die uitsondering van een vergadering is die Afrikaanse Protestantse Kerk verteenwoordig deur die Sinode se primarii-verteenwoordigers, te wete ds. WA Jooste en oudl. GC Cruywagen. Vóór die huidige Sinodesitting word daar nog twee kwartaallikse vergaderings gehou op 1 Junie 1995 en 3 Augustus 1995 en hulle sal ook DV deur u twee primarii-verteenwoordigers bygewoon word.

3. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA AAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK 1995 – BYLAE BSA

Ons verwys na die betrokke bylae (BSA) se hoofpunte hieronder en lê aanbevelings ten opsigte daarvan soos volg voor:

3.1 Bybelproduksie styg skerp (BSA-1)

3.1.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van die geseënde werk wat ten opsigte van Bybelproduksie gedoen is.

3.2 Verspreiding vorder fluks (BSA-2)

3.1.2 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis daarvan dat die aanvraag vir die 1953 vertaling van die Bybel steeds groei: in die verslagjaar is 85212 1953-Bybels en Testamente versprei teenoor 173871 Bybels en Testamente van die 1983-vertaling. Hieruit blyk dit duidelik dat die Bybelgenootskap steeds genoegsame 1953-Bybels en Testamente beskikbaar sal moet stel ten einde in die aanvraag te voorsien.

3.3 Vertalingsprogramme gaan voort (BSA-3)

3.3.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van voortgesette vertalingsprogramme ten opsigte van die Bybel.

3.4 Finansies (BSA-4)

3.4.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van die finansiële state van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

3.5 Promosiewerk (BSA-5)

3.5.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van die promosiewerk ten opsigte van die Bybelgenootskap.

3.6 Dwarsoor die wêreld (BSA-6)

3.6.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van die wêreldwye verspreiding van Bybels.

3.7 Die Afrikaanse Protestantse Kerk (BSA-7)

3.7.1 AANBEVELING

Die Sinode beveel by Kerkrade aan dat hulle die Sekretaris van die Bybelgenootskap uitnooi om hul gemeentes te besoek in belang van Bybelverspreiding. Kerkrade kan skakel met die Bybelhuise naaste aan hulle geleë:

Kempton Park 011-970-4010; Durban 031-305-6808; Bloemfontein 051-489-451; Kaapstad 021-212-040; Port Elizabeth 041-311-138.

3.7.2 AANBEVELING

Die Sinode neem met dank en waardering kennis van die mooi styging in bydraes vir Bybelverspreiding en dank word aan Kerkrade en lidmate hiervoor oorgedra, ook besonderlik namens die Bybelgenootskap.

3.7.3 AANBEVELING

Die Sinode beveel by elke Kerkraad aan dat die mooi ideaal van ten minste R10-00 per jaar bydrae deur elke kerklidmaat (as subsidie per Bybel) aan die Bybelgenootskap nagestreef word, aangesien die verlies op 'n Bybel tans R10-00 per eksemplaar is.

3.7.4 AANBEVELING

Die Sinode bring dit onder aandag van gemeentes dat skenkings aan die Bybelgenootskap

van die belasbare inkomste aftrekbaar is. In die geval van 'n individu kan 'n skenking van 'n maksimum bedrag van R500 per jaar of 2% van 'n persoon se belasbare inkomste afgetrek word (watter bedrag ookal die grootste is).

3.7.5 AANBEVELING

Die Sinode moedig lidmate aan om 'n testamentêre bemaking aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika te oorweeg en dit te oormerk vir die druk en verspreiding van die 1953-Bybelvertaling.

4. BENOEMING VAN VERTEENWOORDIGERS BY STREEKRADE VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA

4.1 AANBEVELING

Die betrokke Ringsgroepe wys tydens hierdie Sinodesitting twee verteenwoordigers met sekundi vir elk van die volgende Streekraade aan: Johannesburg, Kaapstad, Durban, Bloemfontein en Port Elizabeth. Een primarius en sekundus verteenwoordiger wat vir elke Streekraad aangewys word, moet 'n nie-predikant wees.

4.2 AANBEVELING

Die Kommissie vir Kommissies moet die volle name, adresse en telefoonnommers van die aangewesenes verkry en aan die Skriba van die Sinode besorg aan wie dit opgedra word om by die Bybelgenootskap aansoek te doen vir hul toelating as verteenwoordigers van die Afrikaanse Protestantse Kerk op die onderskeie Streekraade van die Bybelgenootskap.

5. SLOT

Hierdie verslag is opgestel en voorgelê aan die Sinode in opdrag van en namens u twee primarii-vertteenwoordigers by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Johannesburg-Streek, te wete oudl. GC Cruywagen en ds. WA Jooste.

Hiermee vertrou ons dat ons ons taak volvoer het en bid die Sinode die leiding van die Heilige Gees toe.

w.g DS WA JOOSTE VDM

(Primarius Verteenwoordiger)

Verslag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aan die APK

VERSLAGTYDPERK 1 NOVEMBER 1993 – 31 OKTOBER 1994

Geagte Voorsitter en Lede

Bybels en babas in Suid-Afrika het iets in gemeen – daar is 'n nuwe een elke 26 sekondes, aldus dr. Donald Tolmie, Hoofsekretaris van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA).

1. BYBELPRODUKSIE STYG SKERP

Verlede jaar het die Bybelgenootskap 1 208 253 Bybels, 46 278 Nuwe Testamente en 433 033 Bybelgedeeltes en Seleksies geproduseer. Dit is 'n totaal van 1 687 564 items en 'n styging van 22,3% in vergelyking met 1993. Danksy die SAUK/BSA Bibliathon '94-projek kan 1 000 000 bykomende Bybels gepubliseer word. Meer as 458 000 van die Bybels is reeds van die drukpers af en die uitstaande 542 000 word vanjaar gepubliseer.

Spesiale projekte vir gesiggestremdes is ook onderneem. 'n Landswye projek om Grootdrukbybels vir swaksiendes in al die inheemse tale van Suid-Afrika beskikbaar te stel, is geloods. Die publikasie van 'n Grootdrukbybel in Tswana (Sentraal) in September 1994 was die eerste vrug van hierdie projek. Die Braillebybel in Afrikaans (1983) is goed in voorraad maar Afrikaans (1953) is heeltemal uit voorraad en word nou geheel elektronies heriset. Die produksiekoste van een volledige Braillebybel beloop nou ongeveer R2 100, maar 'n blinde kan 'n Braillebybel van 39 volumes vir so min as R15-60 per stel bekom!

Die produksie van Oudiobybels (Nuwe Testamente) in Noord-Sotho, Suid-Sotho en Tswana (Sentraal) is die afgelope jaar voltooi. Die produksiekoste van 'n enkele Oudiobybelkasset is ongeveer R10. Dit word teen 60 sent per kasset aan blindes beskikbaar gestel. 'n Nuwe Testament bestaan gemiddeld uit 48 kassette.

2. VERSPREIDING VORDER FLUKS

Die Bybelgenootskap het verlede jaar 1 450 504 Bybels en Bybelgedeeltes in 91 tale versprei. Ses en negentig persent van die Bybels en Bybelgedeeltes wat versprei is, is gesubsidieer, dit wil sê dit is beskikbaar gestel teen 'n prys laer as die werklike publikasiekoste danksy die ondersteuning wat die Bybelgenootskap van kerke en individue ontvang.

In drie tale is distribusiesyfers van meer as 100 000 volledige Bybels en Testamente behaal, naamlik Engels (343 083, waarvan 318 230 Bybels), Afrikaans (173 871, waarvan 154 482 Bybels) en Zoeloe (158 075, waarvan 147 863 Bybels). In die Afrikaans 1953-vertaling is 85 212 Bybels, Testamente en Bybelgedeeltes versprei.

53 Volledige Braillebybels en 601 Braillebybelgedeeltes asook 14 678 Oudiobybelgedeeltes op kasset is versprei.

3. VERTALINGSPROGRAMME GAAN VOORT

Die volgende vertalingsprojekte is in verskillende stadiums van bewerking:

AFRIKAANS: Daar is reeds ver gevorder met die Verwysingsbybelprojek. Die komitee onder leiding van prof. JP Oberholzer het 51 medewerkers wat verantwoordelik is vir die voorbereiding en redigering van manuskripte.

NOORD-SOTHO: Die vertalers het die Nuwe Testament voltooi en ongeveer 86% van die Ou Testament.

SWATI: Die Hersieningskommissie het hul taak voltooi en die vertalers is besig om die teks te finaliseer.

VENDA: Beperkte vordering is gemaak met die nuwe vertaling van die Venda Bybel.

XHOSA: Die vertalers is tans besig met die proeflees van die Ou Testament en die korrigering van die teks van die Nuwe Testament in die nuwe vertaling.

4. FINANSIES

Die jaar onder oorsig was 'n belangrike jaar vir beide Suid-Afrika en die Bybelgenootskap. Ons dank die Here dat gedurende hierdie tyd van verandering en van finansiële druk wat baie kerke en individue ondervind het, die totale bydraes, insluitende dié van Bibliathon '94, die bedrag van R24 709 003 (R15 442 193 vir 1993) bedra het.

Die koste van Bybelprogramme	R
Papier, druk, bind en aankope van Bybels	16 502 536
Produksie- en distribusieboekoste	695 479
Setkoste en verwante uitgawes	217 487
Vertaling	888 172
Kopiereg-betalings	149 143
Spesiale programme (vir gevangenis-, ensovoorts)	198 942
Internasionale werk	497 322
	<u>19 149 081</u>
Bibliathonverbintenisse (uitstaande)	<u>5 420 000</u>
	<u>24 569 081</u>

5. PROMOSIEWERK

Gedurende die verslagjaar is 3.7 miljoen promosie-items in die streke versprei, byvoorbeeld inligtingstukke, pamflette, plakkate, plakkers, gebedsboekies, ensovoorts. 'n Groot deel hiervan het met Bibliathon '94 te doen gehad.

Bepanning vir die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se 175ste herdenking op 23 Augustus 1995 het reeds in 1994 begin. Om die geleentheid te gedenk, is 'n spesiale publikasie getitel *Genade in Oorvloed* saamgestel en gestuur aan alle donateurs.

6. DWARSOOR DIE WÊRELD

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika werk deur die Wêrelddiensprogram van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe daadwerklik mee

om in die Bybelbehoefte van Sentraal- en Oos-Europa en die voormalige Sowjet-Unie, sowel as Sjina, te voorsien en ook in 'n menigte ander lande wat minder in die kollig is maar waar die behoefte na die Bybel net so groot is.

Gedurende die afgelope jaar het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika 322 066 Bybels en Bybelgedeeltes (vorige jaar 210 400) in 28 tale aan ander Bybelgenootskappe voorsien. R497 322 is tot internasionale werk bygedra.

7. DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

Dit was die Bybelgenootskap se voorreg om in die afgelope 2 jaar 14 gemeentes landswyd te besoek en oral is die werk van die Bybelgenootskap met groot waardering en meelewing begroet. Enkele Ringvergaderings kon ook besoek word. Die sekretaris van die Bybelgenootskap sal op uitnodiging baie graag u gemeentes besoek. Skakel gerus met een van die Bybelhuise naaste aan u geleë. Kempton Park 011-970-4010; Durban 031-305-6808; Bloemfontein 051-489-451; Kaapstad 021-212-040; Port Elizabeth 041-311-138.

'n Bedrag van R34 698-87 is in ons verslagjaar (November '93–Oktober '94) van kerke en individue landswyd vir Bybelproduksie en -voorsiening ontvang. 'n Aansienlike gedeelte hiervan was vir Bibliathon '94. Vir u ondersteuning sê ons hartlik dank.

BYDRAE-INKOMSTE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK (TRANSVAAL)

	1991/1992	1992/1993	1993/1994	% ±
Individue	10 284-00	9 852-00	12 004-00	21.84
Gemeentes	3 481-12	6 376-17	8 999-01	41.14
Verbondsonderrig	97-82	—	285-02	100.00
Ander	—	—	7 000-00	100.00
Totaal	13 862-94	16 228-17	28 288-03	74.31

BYDRAE-INKOMSTE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK (LANDSWYD)

	1991/1992	1992/1993	1993/1994	% ±
TOTAAL	17 621-79	21 064-02	34 698-87	64.73

8. DANKBAARHEID

Die Bybelgenootskap vier in 1995 sy 175ste bestaansjaar. Wanneer 'n mens die geskiedenis van die Bybelgenootskap nagaan, word jy getref deur die wonderlike wyse waarop die Here sy kinders gebruik het om sy Woord in ons land beskikbaar te stel. Dieselfde Here werk nog steeds deur sy kinders. Vandaar ook

die gunstige verslag van die afgelope jaar. Die sorg van die Here stem tot groot dankbaarheid.

Dit is my gebed dat die Here wat tot hiertoe voorsien het, dit aan ons sal gun om te volhard met die verspreiding van sy Woord tot sy eer.

w.g DS JJ KRIGE
(Organiserende Sekretaris)

Onafgehandelde Sake van Sinode 1993

(Kyk 4.1 van KKS-Verslag)

1. BESKRYWINGSPUNTE

1.1 Ring van Germiston 1993

(1993 Sakelys Bl. 110 Pt 5.1.1)

1.1.1 Lidmaatsvoorregte en grense van gemeentes B.1.1

Ring van Germiston (Benoni)

Die Sinode beklemtoon die wenslikheid daarvan dat gemeentede moet inskakel by die gemeentes binne welke gemeente se geografiese grense waar hulle woonagtig is.

Die Sinode herbevestig egter die besluit van die Sinode van 1989 naamlik dat:

“Die Sinode is bewus daarvan dat in hierdie vroeë groeistadium van die AP Kerk dit nie oral prakties moontlik sal wees om streng grenslyne te handhaaf nie en versoek ringe en kerkrade om die aangeleentheid baie taktvol en soepel te hanteer. Lidmate moet eerder deur liefdevolle bearbeiding as deur dwangmaatreëls gelei word om in te skakel by die gemeente waarbinne hul woon”.

Die Sinode bepaal dat lidmate wat buite die grense van die gemeente waarby hul ingeskakel is woon, nie bloot deur hierdie feit gediskwalifiseer is van deelname aan enige regte en voorregte van die gemeente waarvan hy so 'n lidmaat is nie.

Motivering

Dit stel die posisie van die volgende gevalle duidelik:

Die lidmaat wat aan 'n gemeente behoort en daarna aangrensende 'n gemeente gestig word maar die lidmaat om praktiese of sentimentele redes verkies om by sy oorspronklike gemeente ingeskakel te bly.

'n Leraar wat met volle opdrag in 'n gemeente werk binne welke gemeente se grense hy nie woonagtig is nie.

Die laaste paragraaf stel dit buite twyfel dat daar nie verskillende klasse van lidmate kan wees nie.

- sommige wat vir voorregte kwalifiseer en
- ander wat nie kwalifiseer nie.

AANBEVELING 25

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

1.1.2 Lidmaatsvoorregte en grense van gemeentes B.1.2

(1993 Sakelys Bl. 111 Pt. 5.1.2)

Ring van Germiston (Primrose)

Die Sinode besluit dat belydende lidmate of bedienaars van die Woord (uitgesluit leraars met beperkte opdrag en leraars wat in kombinasiegemeentes is), wat in 'n bepaalde gemeente woon maar in 'n ander gemeente ingeskakel is, in die geval van 'n lidmaat, of in geval van 'n leraar wat nie in die gemeente woon waar hy permanent die Woord bedien nie, (uitgesluit die lidmate waarna die 1989 Sinode in sy besluit 3.9.2, bl. 397 van die Handeling van die Sinode verwys), nie as kerkraadslede, hetsy ouderling, diaken of leraar-voorsitter van daardie betrokke gemeente mag dien nie. Uitsondering kan net in buitengewone omstandighede, met goedkeuring van die betrokke Ring, verkry word.

Motivering

Volgens die Kerkorde, Artikel 4, Verkryging van lidmaatskap, is lidmaatskap net aan 'n kerk (gemeente) verbind, en word verkry deur inhandiging van 'n attestaat wanneer 'n lidmaat hom/haar permanent in die volgende gemeente vestig.

In die kort geskiedenis van ons geliefde kerk het dit reeds geblyk watter onhoudbare kerkregtelike flaters begaan is deurdat lidmate wat buite die betrokke gemeentegrense woon, nie toegelaat is om as kerkraadslede te dien nie, terwyl leraars, wat ook slegs maar lidmate is, ongeag waar hulle woon, sittingsreg en keurstem op kerkrade, ringe en die Sinode toegeken word volgens algemene usansie. Algemene usansie of gebruik kan tog nie net as argument gebruik word slegs wanneer 'n leraar betrokke is nie.

Aanbeveling deur die ring goedgekeur

Die Sinode herbevestig die sinode besluit van 1989 (Handelinge van die Derde Sinode, bl. 397, punt 3.9.2.):

“Die Sinode spreek dit as sy oortuiging uit dat ter wille van ordelike bediening daar eventueel duidelike gemeentegrense behoort te wees, en verwys die vasstelling van voorlopige grense na die ringe en gemeentes. Die Sinode is bewus daarvan dat in hierdie vroeë groeistadium van die APK dit nie oral prakties moontlik sal wees om streng grenslyne te handhaaf nie, en versoek ringe en kerkrade om die aangeleentheid baie taktvol en soepel te hanteer. Lidmate moet eerder deur liefdevolle bearbeiding as deur dwangmaatreëls gelei word om in te skakel by die gemeente waarbinne hulle woon.”

Die Sinode neem kennis daarvan dat die volgende besluit van die Sinode van 1990 (Handeling Vierde Sinode, bl. 601, 43.4) geen wesenlike verandering aan die besluit van 1989 aangebring het nie:

“Die Sinode besluit in beginsel dat gemeentegrense vasgestel word en versoek kerkrade en ringe om daaraan aandag te gee”.

Die Sinode oordeel dat die situasie rondom grensvasstelling van gemeentes en ringe in vele gevalle nog so vloeibaar is dat grense nie altyd suiwer gehandhaaf kan word nie. Daarom besluit die Sinode dat die handhawing van gemeentegrense nie so rigied toegepas moet word dat die geldigheid van 'n kerklike vergadering aangetas word wanneer 'n lidmaat of kerkraadslid lidmaatsvoorregte geniet in 'n ander gemeente as dié gemeente waarbinne hy woon nie.

Die Sinode doen 'n ernstige beroep op lidmate om ter wille van die goeie orde in te skakel by die gemeente waarbinne hulle woon en op leraars om binne die gemeente se grense te woon waar hulle dien.

AANBEVELING 26

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

1.2 Verdeling van Ring van Germiston B.2 (1993 Sakelys Bl. 111 Pt. 5.2)

Ring van Germiston

Die Ring van Germiston beveel by die Sinode aan om goed te keur dat die Ring van Germiston verdeel.

Motivering

Die ring bestaande uit 12 gemeentes, is een van die grootste ringe in die APK. Weens die grootte van die ring is die ringswerk te veel vir een ringskommissie, veral as dit by tugsake kom. Die geografiese uitgebreidheid van die ringsgemeente bemoeilik ook die ringswerk.

Aanbeveling deur die ring

Die Sinode keur dit goed dat die Ring van Germiston volgens hulle eie aanbeveling in twee verdeel en verwys die aangeleentheid na die Tydelike Kommissie vir Ringsgroepeerings en Ringsindeling om in oorleg met die afgevaardigdes vanuit die ringsgebied van Germiston 'n finale aanbeveling vir die Sinode voor te berei.

AANBEVELING 27

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

KKS kommentaar. Al het die beskrywingspunt nie gedien nie, is die saak afgehandel.

1.3 Wysiging aan KO Bep. 34D B.3 (1993 Sakelys, bl. 112, punt 5.3)

Ring van Germiston

KO Bp. 34D tweede paragraaf. “Die kerkraad kan so 'n vergadering . . .”.

Aanbeveling deur die ring: “Kerkraad moet so 'n vergadering belê . . .”.

Motivering

Die feit dat die AP kerk “verkoop” word as 'n gemeentekerk of “lidmate”-kerk waarin lidmate van die APK (anders as in die NGK) 'n “sê” het in sake wat veral die lidmate raak, soos byvoorbeeld eredienste, gesamentlike of afsonderlike dienste, ensovoorts. Die gevaar bestaan dat kerkrade nog steeds besluite neem wat veral die lidmate raak, sonder om die gemeente se gevoel te toets. Sulke besluite veroorsaak 'n ongelukkigheid onder lidmate en veroorsaak dat die APK onder dieselfde loep as die NGK – waar lidmate maar moet verlief neem met kerkraadsbesluite ensovoorts. Lidmate wil nie net gesien word wanneer kerkraadslede verkies word of wanneer 'n leraar beroep word nie.

Aanbeveling deur die ring

Die Sinode wysig KO Bep. 34D wat tans lui:

“Dit staan die kerkraad vry om, na kennisgewing, die gemeente te enigertyd na 'n kerkraadsvergadering uit te nooi met die doel om sake voor die gemeente te lê en hulle advies daaromtrent te vra of om inligting aan die gemeente deur te gee. Die kerkraad kan so 'n

vergadering ook belê op skriftelike versoek, met opgaaf van redes, van minstens tien belydende lidmate, of die gemeente (indien die gemeente uit minder as tien lidmate bestaan)” soos volg:

“Dit staan die kerkraad vry om, na kennisgewing, die gemeente te enigertyd na ’n kerkraadsvergadering uit te nooi met die doel om sake voor die gemeente te lê en hulle advies daaromtrent te vra of om inligting aan die gemeente deur te gee. Die kerkraad moet so ’n vergadering ook belê op skriftelike versoek, met opgaaf van redes, van minstens tien belydende lidmate, of die gemeente (indien die gemeente uit minder as tien lidmate bestaan)”.

AANBEVELING 28

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

1.4 Die Openbare Erediens: Art. 42 (Kerkorde p. 34, 1992-uitgawe) B.4

(1993 Sakelys Bl. 112 Pt. 5.4)

Ring van Newcastle

Die Sinode word gevra om ’n duidelike uitspraak te lewer ten opsigte van Art. 42.1 nl. “Openbare Samekoms van die Gemeente”, wie presies hiermee bedoel word.

Motivering

Hierdie openbare samekoms kan tog nie net vertolk word as net synde gemeentelêde nie. Daar is ook talle besoekers wat nie lidmate van die gemeente is nie. Hierdie besoekers of belangstellendes kan nie weggewys word nie. Die probleem ontstaan egter wanneer daar ’n anderskleurige hierdie “openbare samekoms” wil bywoon. Hier moet nie verwarring wees ten opsigte van Art. 3 nie. Dit gaan nie oor lidmaatskap nie, dit gaan oor meedoen aan die gemeentebyeenkoms.

Voorstel

Dat die betrokke gedeelte van Art. 42.1 as volg moet lees:

Die erediens is die openbare samekoms van die gemeente en belangstellendes wat vir lidmaatskap van die gemeente kwalifiseer.

Tot ontmoeting met offergawe.

AANBEVELING 29

Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie.

Motivering

Art. 42 handel oor die plaaslike kerk en Art. 4 reël die lidmaatskap van ’n plaaslike kerk waarbinne die erediens gereël word. Besoekers by ’n erediens affekteer of wysig nie die wese van die erediens nie en daarom is geen wysiging nodig nie.

1.5 Prosedure by opname van lidmate vanuit ’n ander AP kerk p. 56

Kerkordebepalings ens. 1992-uitgawe B.5 (1993 Sakelys, bl. 113, pt. 5.5)

Ring van Newcastle

Die Sinode word versoek om bylae 2 paragraaf 1 tot 15 as volg te wysig.

1. Bly so.

1.1 Bly so.

1.2 In die gesprek moet die predikant of ouderling hom daarvan vergewis of die persoon hom NOG STEEDS met Kerkorde Art. 1, 2, 3 vereenselwig.

1.3 Bly net so.

1.4 VERVAL.

Nuwe 1.4 Indien die attestaat binne 30 dae van uitreiking ontvang word, word die name dadelik na 1.1 en 1.2 en 1.3 nagekom is, afgekondig.

1.5 VERVAL.

Motivering

’n Lidmaat kan tog nie kerkloos wees nadat hy sy attestaat ingehandig het by ’n nuwe gemeente nie. Paragraaf 1.5 kom daarop neer dat die lidmaat nie aan ’n gemeente kan behoort vir ’n tydperk nie.

AANBEVELING 30

Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie.

Motivering

Na die inhandiging van ’n attestaat is ’n lidmaat tog wel lidmaat van die gemeente en nie kerkloos nie. Na die prosedure gevolg is soos bepaal in Bylae 2 word hy as volle lidmaat aangeteken. Tot tyd en wyl die prosedure afgehandel is, staan die lidmaat nogtans onder die tug en opsig van die ouderlingeraad binne wie se grens die lidmaat nou woon. Kerkloos is nie ter sprake nie – slegs oordrag van lidmaatskap.

1.6 Beskrywingspunt B.6

(1993 Sakelys Bl. 113 Pt. 5.6)

Ring van Bethlehem

Die Ring besluit dat geen lidmaat uit 'n ander APK gemeente aanvaar sal word wanneer daar geen woonadresverandering plaasvind nie en spreek sy misnoeë uit teenoor gemeentes wat dit reeds gedoen het.

Ring se Motivering

Daar is reeds etlike gevalle bekend waar lidmate uit 'n gemeente padgee om die moontlikheid van tug te ontwyk of omrede hulle ontevrede raak oor een of ander probleem. Die aannemende (ander) gemeente dra dan by tot hierdie ontduiking van die Bybelse weg om met sulke lidmate te handel.

AANBEVELING 31

Die Sinode besluit

1. aan die beskrywingspunt word nie gevolg gegee nie;
2. dat beide, attestate en reisattestate voorsiening moet maak vir die nuwe woonadres om vóór indiening van die attestaat/reisattestaat by die plaaslike kerk, deur die lidmaat self ingevul te moet word.

Motivering

1. Kerkorde Art. 4 (1992) en aanverwante bepalinge maak voldoende voorsiening vir ordelike beweging van lidmate van een plaaslike kerk na 'n ander.
2. Die leemte wat deur die beskrywingspunt uitgewys word in die bestaande vorms, word deur aanbevelings 3.2 hierbo gevul.
3. Vaststelling van grense en eerbiediging daarvan is 'n aangeleentheid wat deur ringe/ringsvergaderings hanteer moet word (vgl. KO Art. 37.4; 37.5).

1.7 Beroeping van leraars B.7

(1993 Sakelys Bl. 113 Pt. 5.7)

Ring van Beaufort-Wes

Die kerkraad van die APK Beaufort-Wes beveel aan dat, indien 'n leraar binne drie jaar beroep sou word en so 'n beroep sou aanvaar, die beroepende gemeente verantwoordelik gehou word vir 'n pro rata gedeelte van die leraar se verhuiskoste waar hy in diens is.

Motivering

Bykans 40% van die huidige getal leraars in die APK is reeds langer as drie jaar in 'n gemeente. Aan die ander kant is daar diegene wat selfs na 'n tydperk van sewe maande weer beroep word en verhuis. Dit hou ernstige finansiële implikasies vir gemeentes in en veral

indien 'n leraar vir so 'n kort tydperk in 'n gemeente diens gedoen het.

AANBEVELING 32

Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

1.8 Beskrywingspunt B.8

(1993 Sakelys Bl. 114 Pt. 5.8)

APK Arnot/Hendrina

Die Sinode besluit dat dit nie wenslik is dat leraars van die APK beroepbaar sal wees binne die tydperk van drie jaar vanaf datum van ordening/bevestiging in 'n gemeente nie.

Motivering

Dit is vir 'n jong gemeente stremmend op gemeentebou om binne die bestek van drie jaar die hele proses van beroeping en wat daarop volg te herhaal.

AANBEVELING 33

Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

1.9 Kerke in verband B.9

(1993 Sakelys Bl. 114 Pt. 5.9)

Ring van Graniet

Die Sinode besluit om die plaaslike kerke ernstig aan te spreek wat nie Sinodebesluite, soos vervat in die Handeling van die Sinode en/of Kerkorde nakom nie.

Motivering

Die Afrikaanse Protestantse Kerk vergader in Sinode as afgevaardigdes van plaaslike AP Kerke. Die plaaslike kerke neem besluite wat nagekom moet word, as akkoord van ooreenkoms.

In die praktyk geskied dit egter nie altyd nie: bv. AP Kerk "X" steur hulle nie aan Sinodebesluite en die Kerkorde nie; terwyl AP Kerk "Y" met groot seën hulle uitleef binne die Skriftuurlike orde en beginsels; soos vervat in die Kerkorde en Sinodebesluite.

Die probleem in die praktyk ontstaan dat lidmate na AP Kerk "X" verwys as 'n "lekker" kerk; en na APK "Y" as 'n "moeilike" kerk!

Selfs predikante, wat veronderstel is om die

leiding te neem, verontagsaam hierdie orde-reëls en beginsels!

Dit skep groot verwarring en onmin in die Afrikaanse Protestantse Kerk, en verbreek die onderlinge eenheid.

AANBEVELING 34

Die Sinode besluit dat nie aan die beskrywingspunt gevolg gegee word nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is algemeen en vaag. Die Kerkorde en sinodale besluite is in elk geval bindend.

1.10 Beskrywingspunt B.10

(1993 Sakelys, bl. 114, pt. 5.10)

Kerkraad Pretoria-Sentraal insake maatskaplike werker

Die Sinode besluit om die pos van maatskaplike werker vir die Afrikaanse Protestantse Kerk te skep wat deur die BRKA geadministreer en gefinansier sal word. Die betrokke amptenaar sal vanuit die SKK in Pretoria werk en alle gemeentes landwyd met hulp en raad bedien.

Motivering

Die Kerkraad van Pretoria-Sentraal het met ontsteltenis kennis geneem van die maatskaplike verval onder APK-lidmate en die dringende behoefte aan ondersteuning en begeleiding van diesulkes.

Onderstaande is byvoorbeeld enkele gevalle waarmee die kerkraad van Pretoria-Sentraal worstel:

- 'n 18-jarige ongehude moeder wat self haar baba probeer versorg
- 'n 18-jarige dogter wat probeer om te rehabiliteer nadat sy bykans twee jaar lank 'n swerweling was
- 'n 50-jarige suster wat alleen haar man en moeder wat albei beroerte gehad het en hulpeloos is, moet versorg
- 'n 30-jarige vrou en haar baba wat deur haar man verwerp is en oor geen heencome beskik nie
- 'n bejaarde moeder wie se seun verhoor-afwagend is op 'n moordklag.

Bogenoemdes en ander het materiële en sielkundige hulp nodig. Die kerkraad verleen hulp so goed soos hulle kan, maar beskik nie oor die nodige kundigheid nie. Sommige van bogenoemdes het dus by ander kerkgenootskappe, insluitende die Rooms-Katolieke Kerk, om hulp aangeklop. Soms is dit selfs op aanbeveling van kerkraadslede gedoen omdat die APK

nie oor die nodige en noodsaaklike maatskaplike dienste beskik nie. Hierby word ook gevind dat APK-lidmate wat gekwalifiseerde maatskaplike werkers is, op die oomblik in diens van ander kerkgenootskappe en organisasies tree. Uit voorafgaande blyk dit dus noodsaaklik te wees dat maatskaplike diens die aandag van die kerk sal geniet.

Alhoewel slegs 'n enkele pos van maatskaplike werker tans aangevra word, word dit in die vooruitsig gestel dat die maatskaplike diens mettertyd so sal uitbrei dat kantore oor die hele land geopen sal word.

KKS Evaluering

Die ring het nie die beskrywingspunt gesteun en goedgekeur nie.

Derhalwe is dit nie as beskrywingspunt ontvanklik nie.

Terwyl die begeleidende skrywe van ds. AP Viljoen op 'n appèl dui maar nie in die vorm van 'n appèl gegiet is nie, is dit eweneens nie as appèl ontvanklik nie. (Bylae "A" hierby)

AANBEVELING 35

Die KKS beveel in die verband nietemin by die Sinode aan:

'n Skrywe is van die AP Kerk Pretoria-Sentraal ontvang insake 'n pos vir 'n maatskaplike werker wat nie as beskrywingspunt of as appèl ontvanklik is nie, maar dat die saak wel gedien word deur Art. 48 soos volg te wysig:

Skrap die res van die sin ná "die plaaslike kerke (gemeentes)" en vervang met "die betrokke ring of sinode om hulp kan nader in die volgorde".

BYLAE "A" BY 1.10

Tel. (012) 342-2959 Brookstraat 170
BROOKLYN
0181

8 Maart 1993

Die Direkteur van Kerkadministrasie
Afrikaanse Protestantse Kerk
Posbus 11488
BROOKLYN
0011

Geagte broeder

BESKRYWINGSPUNT VIR SINODE

Ontvang hiermee meegaande beskrywingspunt van die kerkraad van die APK Pretoria-Sentraal. Dié beskrywingspunt is nie deur die

Ring van Moot-Sentraal op sy vergadering van 1 Maart 1993 goedgekeur nie.

Die kerkraad stuur dit dus nou direk aan u volgens punt 1.2 op bladsy 124 van die Kerkorde.

Die kerkraad verneem verder van u hoe te werk gegaan moet word ten einde hierdie dringende behoefte by die betrokke kommissie ahangig te maak.

Die uwe

AP VILJOEN

1.11 Art. 23

Wie is verkiesbaar in die Kerkraad? B.11

(1993 Sakelys Bl. 116 Pt. 5.11)

Ring van Olifantshoek

Die Sinode besluit dat slegs lidmate wat 'n werklike persoonlike belydenis van kindskap van die Here en geloofsekerheid gesmaak het, en dit ook bevestig met hulle lewe, voortaan toegelaat sal word om in die kerkraad van die AP Kerk te dien.

Motivering

1. 'n Gesprek met iemand anders oor sy saligheid is onmoontlik as 'n kerkraadslid nie self daarvan kan getuig nie.
2. Slegs 'n wedergebore kind van die Here sal 'n ware roepingsbewustheid vir sy taak hê volgens die Skrif en Kerkorde.
3. Slegs 'n wedergeborene sal weet waarom dit eintlik in Kerk en Christenwees gaan.
4. Slegs 'n wedergebore kind van die Here sal ware liefde in sy hart hê vir die lidmaat wat hy moet besoek.
5. In baie gemeentes van die AP Kerk is kerkraadslede die oorsaak van veel spanning en onmin deur kliekvorming en liefdelose ontaktvolle optrede.
6. Slegs 'n wedergeborene sal enduit gemootiveerd bly en 'n geloofwaardige boodskap hê.

AANBEVELING

Die Sinode besluit dat nie gevolg gegee word aan die beskrywingspunt nie.

Motivering

1. Die beskrywingspunt skep 'n spesiale klas van gelowiges wat nie in die Skrif verantwoord word nie.
2. Ampsdraers word deur die kerkraad en gemeente gesamentlik gekies en is onderworpe aan approbasie.
3. Art. 23.3 reël reeds die saak.

1.12 Beskrywingspunt insake eenvormige, korrekte naamgewing B.12

(1993 Sakelys Bl. 116 Pt. 5.12)

Die Sinode besluit:

“Die Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid van eenvormige en korrekte naamgewing deur gemeentes, aangesien belangrike implikasies ter sprake is”.

Motivering

1. Volgens Skrif, Belydenisskrifte en Kerkorde onderskryf óns kerkverband die beginsels van die presbiteriale kerkregeringstelsel en die Gereformeerde-presbiteriale kerkbegrip. Daarvolgens is elke gemeente kompleet kerk: 'n selfstandige, volledige openbaring van die Liggaam van Christus, met *onder andere* hierdie implikasie dat slegs die *plaaslike kerkraad* die reg het om met gemeente-eiendom te handel.
2. Volgens Bep 32A van die 1992-Kerkorde (bo-aan bl 28) word alle vaste eiendom, verbande, hipoteke, notariële verbande, notariële aktes in die naam van (bv.) “*Die Afrikaanse Protestantse Kerk Moot-Sentraal* (’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)” geregistreer. Dáármee word die korrekte naamgewing van ’n gemeente duidelik en suiwer aan elke gemeente voorgehou.
3. Talle AP Kerke se briefhoofde en tjeks (en aktes?!!) weerspieël daarenteen ’n *kolle-gialistiese* kerkbegrip (en kerkregeringstelsel), (bv.) “*Afrikaanse Protestantse Kerk, gemeente Ogies*”. Die implikasie dáárvan is: Die *gemeente Ogies* is ’n onderafdeling/tak van die (landswye) “*AP Kerk*”, dus afhanklik, ónselfstandig. Die registrasie van eiendom in só ’n foutiewe naam kan ernstige reperkussies hê – soos talle NG-gemeentes ervaar het.
4. “Kerk” en “gemeente” is presies dieselfde, dit wil sê dit is sinonieme. Albei word weer-gegee met één Griekse woord: *ekklésia*. “*AP Kerk Ogies*” en “*AP Gemeente Ogies*” beteken dus presies dieselfde.
5. Nie-eenvormigheid in ons kerkverband is verwarrend, veroorsaak probleme en onnodige kostes (deur latere regstellings) en strek nie tot eer nie. Boonop moet ’n gemeente se korrekte naam op ál sy dokumentasie, ens., verskyn, *veral* briefhoofde, aktes en tjeks – nie net op sommige nie.

AANBEVELING 37

Die Sinode besluit daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt.

1.13 Beskrywingspunt insake Lidmaatskap van Persone wat elders werk/skoolgaan B.13

(1993 Sakelys Bl. 117 Pt. 5.13)

Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit:

1. Waar 'n persoon gedurende die week binne die grense van een gemeente woon of werk of as skoolier studeer, maar Sondae as 'n reël in die grense van 'n ander gemeente verkeer, word hy/sy lidmaat in dié gemeente waarop die betrokke Ouderlingevergaderings, met inagneming van sy/haar wense, ooreenkom.
2. Hierdie besluit word in die Kerkorde opgeneem by wyse van 'n Artikel of 'n Bepaling of 'n "Sinodebesluit".

Motivering

Ten opsigte van gemeentegrense handel die Kerkorde slegs oor die feit dat die vasstelling van grense die lasgewing van die Ring is (1992 KO 37.4).

Die Kerkorde handel nêrens oor hierdie aspek van lidmaatskap nie.

Die praktyk het egter bewys dat daar lidmate is (belydende sowel as dooplidmate) wat hulle in die week elders bevind as gevolg van hul werk of studies.

Waar skakel hulle as lidmate in?

As gevolg van ekonomies-finansiële druk werk lidmate in (ander) dorpe of stede maar is vanaf bv. Vrydagaand by die huis waar sy/haar permanente belange is.

Die besluit sal verder voorkom dat lidmate tussen kerke/gemeentes sonder bediening gelaat word. Die betrokke kerkraad moet dus volle verantwoordelikheid vir sulke lidmate aanvaar, behalwe wanneer anders ooreengekom is deur die twee kerkrade.

AANBEVELING 38

Die Sinode besluit:

Daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt en dit word as 'n sinodebesluit in die KO-boek opgeneem.

1.14 Beskrywingspunt insake onderskrif by "AP Kerk" B.14

(Kyk KKS-verslag, pt. 5.)

(1993 Sakelys Bl. 117 Pt. 5.14)

Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit:

Die woorde "onder blanke Afrikaners" in ons kerk se naam word verander na "onder die Boervolk", sodat ons kerk voortaan sal heet: "Die Afrikaanse Protestantse Kerk ('n Gereformeerde Kerk van Christus onder die Boervolk)".

Motivering

Die uitdrukking "blanke Afrikaner" bevat 'n teenstrydigheid. Daar bestaan nie so iets soos 'n nie-blanke Afrikaner nie. Ons praat ook nie van so iets soos 'n blanke Duitser, blanke Fransman, ens., nie. Die term "Boervolk" is 'n histories erkende en duidelike beskrywing.

AANBEVELING 39

Die Sinode besluit:

By die bespreking van die beskrywingspunt oor die onderskrif by die naam van die kerk word die Sinode tot 'n geslote vergadering verklaar.

Motivering

Vanweë die sensitiwiteit van die saak word bogenoemde aanbeveel.

1.15 Beskrywingspunt insake Ordereëls 31.1 en 31.2 B.15

(1993 Sakelys Bl. 118 Pt. 5.15)

Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit:

1. Ordereël 31.1 word gewysig om soos volg te lees:

"Die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens moet mekaar minstens een keer per kwartaal, teen die einde van kerkraadsvergaderings/ouderlingevergaderings onderling vriendelik en broederlik vermaan en opskerp oor die vervulling van hulle onderskeie dienste, sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word. Die vergadering oordeel of hy 'n voorstel tot vermaning of opskerpings goedkeur".

2. Ordereël 31.2 word ook op ouderlinge-/kerkraadsvergaderings van toepassing gemaak.

Tans lees Ordereëls 31.1 en 31.2 soos volg:

CENSURA MORUM

31.1 Die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens behoort mekaar na afloop van kerkraadsvergaderings/ouderlingevergaderings onderling vriendelik en broederlik te vermaan en op te skerp oor die vervulling van hulle onderskeie dienste sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word.

31.2 Aan die einde van meerdere vergaderings behoort afgevaardigdes in die geleentheid gestel te word om op 'n wyse wat volgens die oordeel van die vergadering tot die meeste stigting dien, die lug te suiwer deur mekaar onderling vriendelik en in liefde te vermaan en op te skerp, sodat almal in vrede en liefde uit-een kan gaan soos dit vir onse Here welbehaaglik is onder diegene wat Hy geroep het om sy kerk te regeer. Hieroor word slegs genotuleer d  t so 'n gesprek gevoer is en die lug so gesuiwer is, sonder om enige besonderhede te vermeld.

Motivering

1. Sedert die 16e eeu is onderlinge sensuur (*censura morum*) in reformatoriese kerkordes vervat.
2. Daar is 'n verskil tussen *moet* en *behoort*. Ampsdraers kan ampspligte nalaat wat nie skorsing nie maar slegs ernstige vermaning verdien. Omdat ampsdraers voorbeelde vir die hele kudde moet wees, *moet* enige ampsversuim wat onder hulle voorkom, aangespreek word. Dit geld in die besonder die wyse waarop hulle hul ampte bedien. *Vermaning* hou in dat die vergadering lede liefdevol met die Woord en die wil van die Hoof, Christus, konfronteer. Dit beteken reghelp, aanspreek, aanmoedig, raadgee en selfs troos. Hierdie artikel handel eksplisiet oor vermaning in die (bre  ) kerkraad (alle ampte byeen) tussen ampsdraers oor alle dinge wat hulle ampdiens nadelig raak en tog nie van so 'n aard is dat die ampsdraer van die nagmaal afgehou moet word nie. Niemand kan hom egter op Mt. 18 beroep om te verhoed dat hy of 'n mede-ampsdraer in die kerkraad vermaan word nie, behalwe wanneer dit 'n sonde van so 'n ernstige aard is dat dit in werklikheid 'n klag onder artikels 53 en 55 teen die ampsdraer inhou.
3. Die vermaning moet *tydens* (aan die einde van) 'n kerkraadsvergadering geskied. Orde-re  l 31.1 bepaal dat dit *na afloop* van 'n vergadering moet geskied, dit wil s   *na* 'n vergadering. Dit is sinneloos, tensy uitdruklik bepaal word dat dit in teenwoordigheid van alle aanwesiges moet geskied.

AANBEVELING 40

Die Sinode besluit:

Daar word gevolg gegee aan die beskrywingspunt met die volgende wysiging in die tweede sin van die nuwe ordere  l 31.1: tussen die woorde "mekaar" en "minstens" word die woorde "indien moontlik" ingevoeg.

1.16 Beskrywingspunt insake kerklike tug B.16

(1993 Sakelys Bl. 118 Pt. 5.16)

Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit:

"Die Sinode dra dit aan die KKS op om, sonder   rreglementering, die *stappe van die kerklike tug*, waarvan daar in Bep. 53c van die 1992 Kerkorde sprake is, duidelik te omskryf".

Motivering

1. Die gebrek aan omskrywing veroorsaak onsekerheid by die tugtoepassers, nl. die ouderlinge, en het in etlike gemeentes bygedra tot foutiewe optrede deur die ouderlingevergadering.
2. Volkome duidelikheid oor hierdie uiters belangrike aspek van die ouderlinge se ampswerk – en korrekte toepassing van die tug – kan 'n groot bydrae daartoe lewer dat elke AP Kerk d  ardie belangrike kenmerk van die *ware kerk* weer vertoon: die toepassing van die kerklike tug.
3. Die Sinode sal moet re  l h  e die saak ge-realiseer moet word, bv. deur 'n Bepaling, of deur 'n "Sinodebesluit" agter in die Kerkordeboekie, of in die tughandleiding waaraan prof. FAH van Staden reeds werk.

AANBEVELING 41

Die Sinode besluit dat gevolg gegee word aan die beskrywingspunt, met versoek aan prof. Van Staden om dit duidelik in die gemelde Handleiding te beskryf.

1.17 Kerkorde Bepaling 44A (1992 uitgawe) B.17

(1993 Sakelys Bl. 119 Pt. 5.17)

Ring van Lichtenburg

Die Sinode besluit:

Voeg die volgende bepaling by, na "aanmeld vir toelating tot belydenisaflegging":

Voornemende lidmate wat aanmeld vir toelating tot belydenisaflegging moet die ouderdom van 16 jaar bereik het. In uitsonderlike gevalle mag 'n kerkraad verlof verleen tot belydenisaflegging op 'n vroe  re ouderdom.

Motivering

1. Die minimum ouderdom vir toelating tot belydenisaflegging word n  rens in die Kerkorde en Bepalinge vermeld nie. Dit gee aanleiding tot onsekerheid.

2. Met "uitsonderlike gevalle" word bedoel:

- 2.1 Katkisanter met swak verstandelike vermoëns wat die elementêre geloofswaarhede verstaan en glo maar nie in staat is tot gevorderde kennis nie.
- 2.2 Katkisanter wat by belydenisaflegging voor Nagmaal slegs 'n paar dae te jonk is.

AANBEVELING 42

Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt nie.

Motivering

1. Die Kerkorde is nie bedoel om elke besonderheid te reël nie, maar die algemene beginsels.
2. Die huidige bepaling gee wel 'n ouderdomsaanduiding, aangesien ons nuwe Verbonds-onderliggende so geskryf is dat die kinders self moet werk, en dus beteken dat 'n kind nie kan begin voordat hy/sy kan lees nie en derhalwe normaalweg eers in st. 9 in die belydenisklas sal wees.
3. Die ouderdomsbepaling is ook van belang vir die kind wat 'n leerprobleem het en dus nie meer op skool is op ouderdom 16 nie. Die kommissie glo dat ouderlingevergaderinge sodanige kinders met groot begrip, deernis en broederlike liefde hanteer. Die gewisse kennis wat by die ondersoek ter sprake is, sal hier met groot omsigtigheid hanteer moet word, so ook die feit dat die ander kinders gewoonlik reeds 16 jaar oud is of word in die belydenisklas.
4. Die kommissie oordeel dat as Gereformeerdes dit die ouderlingevergadering se verantwoordelikheid volgens die Belydenisskrifte is om sorg te dra dat die basiese kennis van die suiwer leer aanwesig is en om in sy oordeel regverdig en billik teenoor al die dooplidmate van die gemeente te wees wat ondersoek word met die oog op aflegging van belydenis van geloof.

1.18 Art. 37H: Oudl. CN Coetzee (lid van KKS) B.18

(1993 Sakelys Bl. 119 Pt. 1.18)

Elke ring oefen kerkvisitasie uit deur 'n verslagvorm wat deur die Sinode opgestel en/of persoonlike visitasie.

Motivering

Op die Ringsvergadering van Germiston 27 Februarie 1993 was daar 'n sterk gevoel dat daar nie eenvormigheid is in die kerkvisitasie

sover die verslagvorm en vrae aan kerkrade gestel word nie, omdat elke ring self die verslagvorm en vrae opstel.

Dit was nie 'n beskrywingspunt by die ring nie en kon nie daar dien nie. Daarom is gevra dat ons die versoek en verandering van Art. 37H aan die KKS voorlê, om as beskrywingspunt deur te stuur na die Sinode vir goedkeuring om so eenvormigheid te kry in die kerkverband deur die land.

AANBEVELING 43

Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering

Die beskrywingspunt het nie volgens die voorgeskrewe wyse van ondertekening ter tafel gekom nie.

1.19 Beskrywingspunt insake Toelating van Gaste tot die Nagmaal B.19

(1993 Sakelys Bl. 119 Pt. 5.19)

Ring van Naboomspruit

Die Sinode besluit dat:

1. Wanneer 'n lidmaat van kerk (gemeente) A (binne AP Kerkegroepering) in kerk B as gas Nagmaal wil gebruik, neem hy, indien enigiens moontlik, 'n aanbevelingsbrief van sy Ouderlingevergadering of van die Voorsitter en Skriba van sy Ouderlingevergadering saam, wat soos volg lui:

"Die Voorsitter
Ouderlingevergadering
Kerk B

Adres Kerk A
Datum

AANSOEK OM AS GAS SAAM MET U GEMEENTE NAGMAAL TE GEBRUIK

Hiermee word getuig dat

(naam van betrokke lidmaat/lidmate van Kerk A) belydende lidmaat/lidmate in hierdie gemeente is. Hy/sy/hulle het te kenne gegee dat hy/sy/hulle graag by u eersvolgende Nagmaalsgeleentheid as gas/gaste toegang tot die tafel van die Here sal wil hê.

Hierdie Ouderlingevergadering beveel hulle ingevolge Bep. 43C van die KO van harte by u aan.

Mag u 'n geseëde Nagmaalsviering hê.

U broeder in die Here

SKRIBA/VOORSITTER"

2. Wanneer lidmaat A in 'n ander erkende kerkegroepering (APK, ARK, NGK, NHK, GKSA) saam Nagmaal wil gebruik, voorsien die Ouderlingevergadering 'n soortgelyke aanbevelingsbrief aan hom.
3. Lidmate moet van tyd tot tyd vanaf die kansel aangemoedig word om gelowiges wat uit ander erkende kerkegroeperinge (APK, NGK, ARK, NHK, GKSA) by 'n AP Kerk (gemeente) as gas Nagmaal wil gebruik, aan te spoor om 'n aanbevelingsbrief van hulle eie Ouderlingeraad te bekom.
4. Indien 'n Ouderlingeraad geen brief van 'n aansoeker uit die *eie* kerkegroepering ontvang nie, moet die Ouderlingevergadering persoonlike getuienis uit eie geledere of uit eie gemeente oor die aansoeker bekom. Die ideaal moet egter nagestreef word dat 'n aanbevelingsbrief liever ingedien word.
5. In die geval van die *kinders (of ouers) van lidmate* wat as gaste aansoek doen, moet die Ouderlingevergadering soepel in optrede wees indien daardie lidmate hulle familieleden aanbeveel.
6. Geen aansoeker uit 'n ander erkende kerkegroepering (APK, NGK, ARK, NHK, GKSA) sal as gas by 'n AP Kerk toegelaat word sonder 'n aanbevelingsbrief nie.

Motivering

1. Bep 33A van die KO reël dat die Ouderlingeraad, indien moontlik, voor elke Nagmaal vergader om te handel oor sake deur KO Arts. 21, 43, 44 en 50 – 59 gedek. Art. 43 handel oor die doop en die nagmaal.
2. Wanneer lidmate hulle kindjie in 'n ander gemeente wil laat doop, is hulle verplig om 'n toestemmingsbrief van hulle eie Ouderlingevergadering te hê (Bep 43A). Dit is nie net nodig ter wille van die administrasie in verband met die uitreiking van 'n doopseel nie, maar óók omdat die eie ouderlingevergadering getuienis oor die lidmate moet lewer. Bep. 43A praat van "lidmate, wat nie onder sensuur is nie". Dááror handel die toestemmingsbrief.
3. Wat die diepste beginsel by die een sakrament (die doop) is (nl. die eie ouderlingevergadering wat die lidmate ken en onder wie se sorg en tugbevoegdheid die lidmate val, moet getuienis lewer), moet dit ook by die ander sakrament (die nagmaal) wees.
4. Bep. 43C reël dat die ouderlingevergadering van elke gemeente toesig hou oor die nagmaalstafel. Die Heidelbergse Kategismus (Antwoord 82) stel dit dat lidmate wat met

hulle belydenis en lewe hulle goddeloos en ongelowig gedra, nie tot die nagmaal toegelaat mag word nie. Die kerk (via die ouderlingevergadering) is "verplig" om dié mense te weer. Bep. 43C sê ook dat die nagmaal net toeganklik is vir daardie lidmate wat nie onder sensuur is nie.

5. Wanneer 'n lidmaat in kerk (gemeente) A onder sensuur is, mag sy ouderlingevergadering hom nie tot die tafel toelaat nie. Dit beteken egter dat die ouderlingeraad van kerk (gemeente) B hom ook nie by hulle mag toelaat nie. Die vraag is hoe ouderlingeraad B kan weet of die aansoeker wel toegelaat mag word? Dit is die rede waarom 'n brief van die aansoeker se eie ouderlingevergadering noodsaaklik is. Dit is nie verantwoordelik om die onus maar op die lidmaat te werp om te sê hy sal verantwoording voor die Here oor sy optrede doen nie. Sy *eie* ouderlingevergadering tree dan nie so op nie! Hulle laat dit nie aan *hom* (die lidmaat) oor of hy wil nagmaal gebruik of nie – hulle verbied hom uitdruklik om dit te doen! Dan kan ouderlingevergadering B mos nie die houding hê dat dit 'n saak tussen die lidmaat en die Here is nie. Ouderlingevergadering B het die opdrag om te waak oor die heiligheid van die tafel sover dit vir mense moontlik is om dit te doen.
6. Dieselfde geld des te meer vir 'n aansoeker uit 'n ander erkende kerkegroepering, veral omdat 'n AP ouderlingevergadering geen tugbevoegdheid oor so 'n aansoeker het nie.
7. Indien hierdie saak van tyd tot tyd van die kansels af aan die gemeentes verduidelik word, sal die lidmate die sin daarvan verstaan en dit al hoe meer begin toepas. Dit moet in elk geval voor die voorbereidingsdiens en voor die nagmaalsdiens verduidelik word. Dan hoor die gaste dit ook en die lidmate leer om die saak betyds met hul familie en vriende wat kom kuier, te reël.
8. Wanneer 'n besoeker nie 'n aanbevelingsbrief saamgebring het nie, moet die skriba telefonies getuienis van die besoeker se eie predikant/skriba/wyksouderling probeer bekom. Dit noodsaak 'n reëling dat aanzoekers (bv.) net tot 13:00 op die Saterdag wat die Nagmaalsondag voorafgaan, aansoeke mag indien. Dié praktyk moet egter vriendelik ontmoedig word.

AANBEVELING 44

Die Sinode besluit:

Die saak word behandel wanneer die sinodale opdrag nr. 54, as studiestuk van die KKS, voor die Sinode dien.

1.20 Beskrywingspunt: Wysiging van Art. 38.1 (KO 1992) B.20

(1993 Sakelys Bl. 121 Pt. 5.20)

Ring van Vereniging

“... uit elke kerk (gemeente) die bedienaar(s) van die Woord (hoogstens twee) en twee kerkraadslede per gemeente van wie ten minste een 'n ouderling moet wees. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word”.

Wysiging voorgestel lees as volg

“Die Sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: uit elke kerk (gemeente) een bedienaar van die Woord (slegs een) en een kerkraadslid (hetsy ouderling of diaken) per gemeente, indien 'n gemeente geen leraar het nie, mag hy twee kerkraadslede afvaardig van wie een 'n ouderling moet wees”.

Kommentaar deur KKS

Die beskrywingspunt motiveer nie die versoek tot wysiging van Art. 38.1 nie.

AANBEVELING 45

Die Sinode besluit:

1. Gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie maar wysig artikel 38.1 soos volg:

Skrap die woord “kerkraadslede” en vervang met “ouderlinge” en skrap gevolglik ook die woorde “van wie” tot “moet wees”. Die artikel lui dan soos volg:

“... van elke kerk (gemeente) die bedienaars van die Woord (hoogstens twee) en twee ouderlinge per gemeente. Afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien word”.

2. Die Sinode besluit

om Art. 36.1 gelykluidend te wysig.

Motivering

Art. 21 omskryf die opdrag van die ouderlinge in die plaaslike gemeente waaruit blyk dat hulle mede-verantwoordelik is, met die bedienaars van die Woord, vir die uitoefening van die regering, opsig en tug, ens. Die diakens se verantwoordelikheid is volgens Art. 22 op 'n ander vlak nl. die van fondsinsameling en hulpbetoon aan diegene wat behoeftig is of in nood verkeer. In Handeling 6 word die ampswerk van die diaken duidelik geskei van dié van die ouderlinge-amp. Die diaken is dus nie in die regeringsamp aangewend nie en is dit Skriftuurlik en Kerkordelik korrek dat alleen ouderlinge as afgevaardigdes van die kerk (gemeente) in die Sinode verteenwoordig word.

1.21 Beskrywingspunt SKK B.21

(1993 Sakelys, bl. 121, pt. 5.21)

Werkzaamhede van Ring

1. Die Sinode besluit om na Art. 37.7 'n nuwe artikel in te voeg as Art. 37.8 wat soos volg lees:

“die werkzaamhede van die ring is:

37.8 om wanneer die Sinode nie in sitting is nie, die ring te kan verdeel en/of met 'n ander ring(e) te reël vir die hergroepering van 'n gemeente(s), kyk Art. 35, met rapport aan die Sinode en onmiddellike kennisgewing aan die amptelike kerkblad”.

2. Die Sinode besluit om Art. 35 wat soos volg lees:

“die ring word saamgestel uit naburige kerke (gemeentes) soos deur die Sinode gegroeper en vergader minstens een keer per jaar”.

uit te brei om te lees:

“die ring word saamgestel uit naburige kerke (gemeentes) soos deur die Sinode gegroeper en vergader minstens een keer per jaar, kyk ook Art. 37.”

Motivering

1. Die Sinode wat nou tweejaarliks vergader, is kerkordelik belas met die groepering van gemeentes in ringe. Dit beteken dat ringe wat te groot word vir effektiewe funksionering, twee jaar moet wag op 'n hergroepering tot nadeel van die welwese van plaaslike kerke.
2. Dit gebeur dat naburige plaaslike kerke, wat nie tot dieselfde ring gegroeper is nie, dit ter wille van gemeentelike bediening nodig vind om in kombinasie te tree of 'n bedieningsooreenkoms aan te gaan, wat dit noodsaaklik maak om weens 'n verskeidenheid redes tot dieselfde ring gegroeper te wees.
3. Indien die ring(e) die bevoegdhede kry soos voorgestel, word effektiewe ringsfunksionering en gemeentelike bediening bevorder.

AANBEVELING 46

Die Sinode besluit:

Gee gevolg aan die beskrywingspunt.

1.22 Beskrywingspunt: Privaatnagmaal-bediening KKS B.22

(1993 Sakelys, bl. 122, pt. 5.22)

AANBEVELING 47

Die Sinode besluit:

Die Afrikaanse Protestantse Kerk bedien nie die Heilige Nagmaal as privaatnagmaalbediening nie.

Motivering

1. Die Nagmaal is 'n integrale deel van die Erediens.

Die Apostels het 'n innige band gehandhaaf tussen die bediening van die Woord en die breek van die brood (Hd. 2:42). In aansluiting by dié Skriftuurlike beginsel bepaal die KO van die Afrikaanse Protestantse Kerk Art. 43.2 dat die viering van die Nagmaal gepaard moet gaan met die amptelike bediening van die Woord in 'n erediens. Kerkregtelik word onder erediens verstaan die openbare samekoms van die gelowiges wat plaaslik institutêr vergader is as die sigbare vergestaltung van die kerk van Christus, onder leiding van die besondere ampte. Die erediens begin by die votum en eindig met die uitspraak van die seën.

Die simboliek van die Nagmaal druk die eenheid van die huisgenote van die geloof uit wat institutêr in hulle saamverbonde en saamvergaderde erediens tot uiting kom. Die liturgiese beginsels en belydenis van die eenheid en gemeenskaplikheid kom nêrens duideliker tot openbaring en beleving as juis in die Nagmaal nie. (Vgl. N.Gb., Artikel 35.)

Onder die Reformatore was daar verskil van mening oor die bediening van die Nagmaal aan siekes by hulle huise. *Luther* het dit summier verwerp. *Melanchton* het dit goedgekeur mits die familieledes ook teenwoordig is. Dordt reël die Nagmaalbediening in Art. LXIV aldus: "De bediening des Avondmaals zal alleen geschieden, waar toezicht is van Ouderlingen, volgens kerklijke orde, en in een openlijke orde, en in een openlijke samekomst der gemeente".

Bullinger, Beza en Voetius was van oordeel dat die Nagmaal *nie* buite die gewone erediens om gehou kan word nie. Die Gereformeerde Kerke in Holland het laasgenoemde standpunt gehuldig. Die sinode van Middelburg, 1581, was dan ook beslis van oordeel dat die sakrament nie anders bedien sal word nie "dan in de algemeene verzameling, ter plaatse waar de gemeente gewoonlijk saamkomt".

Die beginsel ten opsigte van die Nagmaal bly:

Die Nagmaal is 'n gemeenskapsmaaltyd vir die hele gemeente (1 Kor. 10:16, 17) wat in 'n openbare samekoms van die hele gemeente moet geskied (1 Kor. 11:20, 21).

Individue wat nie aan die Nagmaal kan deelneem nie weens omstandighede soos siekte sondig nie, want nie die *ontbering* van die sakramente is sonde nie, maar die *veragting* daarvan.

Verdere redes vir die afwysing van privaatnagmaalbediening word deur die Heidelbergse Kategismus gebied. (Die Heilige Gees werk die geloof deur die gepredikte Woord en sterk die geloof deur die gepredikte Woord en die sakramente.)

As vanweë hoë ouderdom of langdurige siekte 'n lidmaat nie meer in die openbare erediens kan deel nie versterk die Heilige Gees die geloof nog steeds deur die Woord. Vandaar die noodigheid van meerdere Woordversorging aan bejaardes en kranks tuis.

2. SINODALE OPDRAGTE

2.1 Beroepstelsel (KO 1992 Art. 11)

(1993 Sakelys, bl. 123, pt. 6.3)

Sakelys 139, punt 5.4 en Handeling p. 310, punt 5.4 (1991).

1. Die status quo word gehandhaaf en aan die beskrywingspunt rakende die beroepstelsel word nie gevolg gegee nie.
2. Die besinning oor die beroepstelsel word gekontinueer.

Die Beskrywingspunt Ring van Memel

Dat bestaande K.O. artikel 10 soos volg gewysig moet word:

1. Ten tye van 'n vakature moet die hele gemeente opgeroep word tot gebed waarin die leiding van die Heilige Gees in ootmoed, oorgawe en opregtheid gesoek word in die voorsiening van 'n leraar.
2. Die kerkraad vra in die amptelike blad van die APK aansoeke vir die betrokke vakature sonder dat die diensvoorwaardes bekend gestel word.
3. 'n Groslys bestaande uit al die aansoeke (asook nominasies uit die vergadering) word aan die gemeente voorgelê.
4. Die verkiesing geskied met geslote stembriefies en met volstreckte meerderheid van stemme van die aanwesige stemgeregtigdes uit die groslys soos in 3.
5. Geen propaganda mag ten gunste van 'n

aansoeker gemaak word nie, dog inligting met betrekking tot kwalifikasies, ervaring en belangstellingsvelde kan aan die stemgeregtigdes beskikbaar gestel word, te behou soos in bepaling 10.5 op bl. 7 van die Kerkorde.

Motivering

Met hierdie stelsel van beroeping stel die gemeente homself in diepe verootmoediging, oorgawe en opregtheid onder die leiding van die Heilige Gees om te voorsien in die behoefte van die gemeente.

In die tweede plek kry al die leraars van die kerk die geleentheid om aansoek te doen vir 'n vakature. Dit is van die uiterste belang dat so 'n leraar, alvorens hy aansoek doen vir die vakante leraarspos, hom ten volle onder die leiding van die Heilige Gees sal stel.

By die huidige beroepstelsel is daar geensins 'n bekendstelling met betrekking tot die kwalifikasies van ander belangstellingsvelde van leraars nie, en dit lei dikwels daartoe dat met agteraf propaganda ten gunste van 'n bekende leraar, die onbekendes uitgeskakel word. Inligting wat deur die leraars in hulle aansoeke voorsien word, kan 'n heilsame uitwerking hê deurdat dit getoets kan word aan die behoeftes van die gemeente. So 'n bekendstelling van kandidate moet steeds in toewyding aan en in verootmoediging voor die Here geskied.

Hierdie stelsel skakel ook die moontlikheid uit dat sommige leraars nooit beroep word nie, maar vergete bly en gevolglik in die groef van belangeloosheid verval. Deur aansoek te doen vir 'n vakature, dien tot 'n positiewe motivering en nuwe werkywer. Die huidige stelsel werk in die hand dat talentvolle predikante uiters gesog is en oorval word deur beroepe wat daartoe kan lei dat die behoeftes van die gemeente uit die oog verloor word, en die begaafdheid van 'n persoon voorop gestel word.

Die Sinode van 1990 het soos volg besluit:

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die KKS vir besinning en verslag aan die eersvolgende Sinode.

Motivering

Die beskrywingspunt impliseer ingrypende veranderinge in die bestaande beroepstelsel. Vir sinvolle oorweging daarvan is deeglike ondersoek en besinning oor die implikasies en wenslikheid van die voorstelle nodig.

Oorweging en ondersoek en besinning oor die implikasies en wenslikheid van 'n verandering van die beroepstelsel of alternatief.

1. In die Gereformeerde stelsel van kerkregering word die leraar deur die plaaslike gemeente beroep.
2. Daar is wel verskil in die wyse waarop dit geskied in verskillende kerkverbande.
3. By al die variasies is daar in hoofsaak drie metodes wat gevolg word.
 - 3.1 Die lidmate self kies sonder of uit 'n voordrag van die kerkraad.
 - 3.2 Die kerkraad kies sonder of ná voordrag van name deur die gemeente.
 - 3.3 Of die kerkraad beroep en lê die naam van die verkosene vir approbasie aan die gemeente voor.
4. Telkens word daar op *bepaalde gebreke* in die beroepstelsel gewys en kom daar uit die praktyk 'n geroep om verandering daarvan.
5. Die besware is só algemeen en dit raak die welsyn van die kerk so intiem dat 'n ondersoek na die waarde en betekenis van die beroepstelsel noodsaaklik geword het.
6. Die gevaar is dat ons die stelsel kan *vervang* met een wat óf nie reg aan die gegewens van die Skrif sal laat geskied nie, óf in stryd met die Gereformeerde stelsel van kerkregering sal wees.
7. Die kritiek op die stelsel het aan die lig gebring dat dit noodsaaklik is om die praktyk aan die beginsel te toets en die procedure aan te pas by die keuse van die tyd.
8. In 'n boek wat deur dr JD Vorster geskryf is nl. "Die Beroepstelsel", het hy 'n indringende ondersoek ingestel na die oorsprong en ontwikkeling van die beroepstelsel, die leerstellige grond vir die beroepstelsel, die praktiese toepassing van die beroepstelsel, die besware en probleme in verband met die beroepstelsel en oplossings tot beter funksionering van die beroepstelsel.
 - 8.1 In sy ondersoek het hy tot die volgende basiese beginsels gekom, nl die plaaslike gemeente is beskou as volledige kerk, wat geregeer word deur Christus, wat daarvoor verskillende ampte ingestel het en in en deur die gemeente die ampsdraers aanwys. Hierdie opvatting van die kerk en gesag van die kerk is bepalend vir die wyse van verkiesing tot die amp en die plasing van die leraar.
 - 8.2 Daar is geen kant en klaar stelsel in die Woord van God nie. Die Skrif het beginsels wat nie verontagsaam mag word nie,

veranderinge moet aan die beginsels getoets word. Ons noem die volgende:

- volledige samewerking met wedersydse erkenning van *amp* en *gemeente*. Tog is dit die Here wat kies deur die ampte en gemeente. (Vorster p. 30 – 33);
- die leiding van die Heilige Gees moet tot sy volle reg kom, vergelyk Hand 13:2 en Vorster se uiteensetting p. 35. “Nie deur dubbelspel maar deur verootmoediging”;
- die aandeel van die gemeente in die verkiesing van ’n leraar. Die gemeente en amp is ten nouste en onafskeidbaar aan mekaar verbind. Vergelyk N Gb. art 31. Die gemeente beroep uit ’n groslys – vry of op voordrag;
- die leiding van die amp by die verkiesing is ewe belangrik (Vergelyk Hd. 13:2, Mt. 16:19);
- die Kerkverband het ’n funksie om toe te sien dat by die beroep van ’n leraar alles *ordelik* verloop het.

9. Dr Vorster het die *praktyk* in die vernaaamste Gereformeerde Kerke nagegaan.

Daar is voordele en nadele uitgewys van verskillende praktyke. Die een groot vraag was altyd hoe om leraars wat *buite sirkulasie* geraak het, of wat weens omstandighede ’n verandering sal verwelkom, onder aandag van gemeentes te *bring* (Vergelyk p. 43 – 56). En hoe kan ’n leraar wat oortuig is dat hy nie in ’n bepaalde gemeente vrugbaar kan werk nie ’n verandering wat ’n vernuwing is, maak?

10. Die besware en probleme in verband met die beroepstelsel word onder die volgende punte bespreek deur dr. Vorster:

10.1 die twyfel oor die leiding van die Heilige Gees:

die leiding van die Heilige Gees moet nie *beperk* word nie. Die gemeente en kerkraad moet nie passief wees of uitgeskakel word nie;

10.2 eensydige beslissing oor die beroep:

die wortel van die kwaad lê hier in die praktyk dat die leraar alleen moet uitmaak wat die wil van God is en alleen moet beslis (Vorster p. 60). Die kerkraad moet saam met hom die verantwoordelikheid dra en die beslissing neem. Die *medebeslissingsreg* van die kerkraad moet ernstig oorweeg word.

10.3 onverantwoorde beroepe:

- beroepe word dikwels sonder kennis van die behoeftes van die gemeente of van die beroepene op hoorsê uitgebring. Die *getuigenis* of aanbeveling op grond waarvan ’n leraar beroep word is nie altyd *betroubaar* nie;
- “mode-beroepe” kom veel voor. As ’n predikant baie beroepe kry, is vakan-te gemeentes geneig om te dink hy is ’n gewilde en goeie predikant. Dan reën die beroepe op so een en ander bekwames word vergeet. Daar moet veel liever gelet word op die *aard en-behoefte* van die gemeente en dan by die klas van persoon wat daarby sal inpas. Verskeie metodes is al vir die komplekse probleem aan die hand gedoen en beproef bv. predikante wat kan uitgenooi word om te preek m.d.o. op beroep of kommissie van advies met beperkte of omvattende opdrag. Dit het voordele maar ook nadele;

10.4 bespreking van kandidate:

om blindweg te beroep, gee baie mis-verstande. Genomineerdes is onbekend. Dit lei daartoe dat agteraf propaganda ge-maak word.

’n Behoorlike bespreking van die kandi-date in ’n wettige vergadering onder kon-trole, sal *blinde* beroepe met teleurstel-lende gevolge beperk. ’n Beroep kan dan verantwoord word. Bepaalde informasie kan gekontroleer word. Dit maak ’n ein-de aan die idee dat die Heilige Gees son-der meer op meganiese of selfs magie-se wyse lei en beskik. ’n Bespreking van kandidate kan ’n *heilsame* uitwerking hê;

10.5 die besondere eise wat ons tyd aan ’n be-roepstelsel stel:

ons tyd van spesialisasie eis dat die reg-te man op die regte plek geplaas moet word. Ten opsigte van die saak het die *huidige* prosedure van beroep en *enigste* prosedure gefaal en is dit heeltemal ontoereikend.

11. Oplossing tot beter funksionering van die beroepstelsel

11.1 ’n Radikale verandering in die stelsel is nie nodig nie en is dus buite die kwes-sie.

11.2 Ons verwerp die stelsel van *verplasing*.

11.3 Die reg van die gemeente moet gehand-haaf word om self sy leraar te kies.

11.4 Die gemeente moet tot verootmoediging en leiding opgeroep word.

- 11.5 Die leiding van die Heilige Gees moet bo alle twyfel gestel word.
- 11.6 'n Leraar wat baie kort in 'n gemeente is, bring skok en ontwrigting as hy te gou 'n beroep aanneem.
- 11.7 Om die *groslys* te vorm is dit nie onge-reformeerd om 'n vakature te *adverteer* nie.
- 11.8 Kandidate kan dan deur die kerkraad bespreek word en die gesuiwerde *groslys* kan dan aan die gemeente voor-gedra word.
- 11.9 Na die nominasielys gesuiwer is, mag die kerkraad *mededeling* aan die ge-meente gee.
- 11.10 Die beroepstelsel sal baie beter funksioneer, en die ou Gereformeerde reëling wat eie aan die beroepstelsel is, weer herstel word, as, naamlik bepaal word dat die kerkraad saam met die leraar oor die beroep beslis.
- 11.11 Die beskrywingspunt van Memel vra nie *verandering* van die *beroepstelsel* nie, wat wel nuut is, is die *prosedure* wat gevolg word met die vorming van 'n *groslys* nl dat die vakature geadverteer word, daar aansoek gedoen word en dat die name dan op die *groslys* geplaas word.

Geen *Skriftuurlike* of *Gereformeerde* beginsel kom in gedrang nie.

Aanbeveling

1. Die Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt, behalwe punt 3.
2. Die kerkraad bespreek die aansoeke en suiver die *groslys* deur bespreking van die kandidate en lê die gesuiwerde *groslys* aan die gemeente voor en gee mededelings aan die gemeente oor die kandidate.
3. Die Sinode besluit om die *prosedure* van die beskrywingspunt as *alternatiewe* *prosedure* vir die vorming van die *groslys* goed te keur.

AANBEVELING 50

Die Sinode besluit:

gee nie gevolg aan die beskrywingspunt nie.

Motivering

1. NGb. Art. 31 bepaal dat bedienaars van die Woord van God moet deur middel van 'n wettige verkiesing deur die kerk, onder aanroeping van die Naam van God en in goeie

orde soos die Woord van God leer geskied. Daarom moet terdeë daarteen gewaak word dat met onbehoorlike middele ingedring word. Hy moet wag totdat hy deur God geroep word sodat hy van sy roeping oortuig kan wees en sekerheid kan hê dat dit van God kom.

2. Die stelsel van aansoek doen vir 'n vakature bring 'n sekulêre aksent in die kerk waar die amp van die predikant as 'n betrekking beskou word en is in stryd met die gees van Art. 31 NGb.

2.2 Beknopte Handleiding by kerklike tug

Sakelys p. 253 en punt 5.5. Handeling p. 310, punt 5.5. Bylae A.A. (1991)

(1993 Sakelys, bl. 126, pt. 6.4)

AANBEVELING 51

Aangesien 'n handleiding reeds goedgekeur is, wat net geredigeer moet word oordeel die Sinode dat dit ontstaan vir afhandeling en nie weer voor die Sinode hoef te dien nie.

2.3 Tentmakersbediening – Sakelys p. 142, Handeling p. 310, pt. 5.6 (1991)

(1993 Sakelys, bl. 127, pt. 6.5)

Mag 'n predikant wat in die bediening staan, en 'n gemeente bedien (wat in sy sorg toevertrou is), 'n deeltydse werk aanvaar vir 'n bykomstige inkomste?

Art. 18 KO bepaal dat die gemeente verantwoordelik is vir sy lewensonderhoud.

En nou vra ons of hierdie bepaling van Art. 18 KO volgens die Woord van God is.

As die Woord van God nader ondersoek word, vind ons dat God reeds in die OT bepaal het dat hulle wat die tempeldiens verrig ook daaruit sal lewe. So lees ons in Num. 18:21: "Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig, die dienswerk van die tent van samekoms".

Die Here het, behalwe die priester in die tempel, ook nog profete geroep om vir die volk te profeteer en te waarsku. Ook hulle was voltyds in diens van God en moes versorg word.

In 1 Kon. 17:6 lees ons hoe die Here vir Elia gesorg het by die spruit Krit, en toe die spruit droog word, stuur die Here hom na die weduwee in Sarfat.

In vers 16 lees ons dat die meel in die pot nie opgeraak het nie en die olie in die kruik nie minder geword het nie.

Ons lees ook in 1 Kon. 19:19–21 dat Elisa alles laat staan en Elia volg, en ook die verdere geskiedenis van Elisa hoe hy homself toewy aan sy opdrag as profeet. Ons lees ook van Jesaja, Jeremia, Eségiël en Amos wat voltyds opgetree het as profete.

So ook in die NT lê die Woord van die Here die versorging van die bedienaar van die Woord op die gemeente. In Mt. 10:10 en Lk. 10:7 sê Jesus self dat die gemeente hulle moet versorg. In 1 Kor. 9:14 lees ons, die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe. Sien ook 2 Tm. 2:16 en Gl. 6:6–8.

Die predikant word deur die gemeente beroep en word daardeur van God na die gemeente gestuur om as bedienaar van die Woord met al sy gawes, talente, kragte en tyd in diens van Christus, deur wie die amp ingestel is, in die gemeente te werk.

Hy is met sy algehele toewyding (Rm. 1:1), 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God; met al sy tyd (Jn. 9:4): "Ek moet die werke doen van Hom wat my gestuur het"; met al sy gawes en liefde (Jn. 21:15–17); met gewilligheid en volharding (2 Tm. 4:2): "verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig, weerlê en bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering".

Paulus het wel met sy hande gewerk om homself te onderhou soos dit beskrywe is in Hd. 18:3 en 1 Kor. 4:12. Hierdie werk van die apostel moet ons sien teen die agtergrond van sy omstandighede. Hy was nie gebonde aan 'n gemeente nie, maar het op sendingreise gegaan, die evangelie verkondig en gemeentes gestig. Die apostel wou nie 'n las lê op die nuutgestigte gemeente van Korinte nie. Hy gee ook vir ons 'n beskrywing van sy ontberinge in 1 Kor. 4:9–13, 2 Kor. 6:4–10, 11:23–27 as sendeling en wat hy moes ly ter wille van die evangelie. Daarom was dit nie die praktyk nie, maar 'n uitsondering. Nêrens word daar in die Bybel, Ou en Nuwe Testament, gesê dat 'n bedienaar van die Woord, wat in 'n gemeente staan 'n bykomende inkomste mag verkry deur 'n deeltydse werk te aanvaar nie. Hy is geroep deur Jesus die Koning van sy Kerk, en word afgesonder vir die evangelie en moet lewe uit die evangelie. Dit is 'n opdrag aan die gemeente om vir sy predikant te sorg, sodat hy geen kommer moet hê nie. Die gemeente wat dit nie doen nie sal gestraf word: Gl. 6:6–8.

AANBEVELING 52

Die Sinode besluit:

Tentmakerbediening word nie ingestel nie.

2.4 Status van Predikante

Sakelys 1989, p. 483, punt 4.
Sakelys 1991, p. 145, punt 5.8.
Handelinge, p. 311, punt 5.8.

(1993 Sakelys Bl. 127 Pt. 6.6)

AANBEVELING 53

Die Sinode besluit die Kuratorium voldoen aan die vereistes kragtens die Kerkorde.

Motivering

Die KKS bevestig aan die Sinode dat die Kuratorium aan die vereistes voldoen.

2.5 Toelating tot die Nagmaal

Sakelys, p. 145, punt 5.10, Sinode 1991.
Handelinge p. 311, punt 5.10.

Die Sinode verwys die aangeleentheid van toelating tot Nagmaal na die KKS vir studie en verslag aan die volgende Sinode (DV) Handelinge van die Vyfde Sinode, September 1991: bl. 311, pt. 5.10).

(1993 Sakelys Bl. 127 Pt. 6.7)

AANBEVELING 54

Die Sinode besluit:

1. ***"die plaaslike kerkraad behoort homself op hoogte te stel van wie almal tot die Nagmaal toegelaat word. Dit kan alleen gebeur as die kerkraad vooraf kennis dra van lidmate van elders of besoekers uit die geledere van ander Gereformeerde Kerke se voorneme om aan die Nagmaal deel te hê. Oor elke sodanige persoon se deelname aan die Nagmaal behoort die kerkraad hom uit te spreek – in die lig van getuienis wat voor hom dien, of by wyse van 'n skriftelike aanbeveling van die kerkraad van 'n ander Afrikaanse Protestantse Kerk; óf die mondelinge getuienis van lidmate van die plaaslike kerk, wat met sodanige voornemende Nagmaalgebruiker se lewe bekend is";***
2. ***Bepaling 43c van die Kerkorde word soos volg aangevul: "en die ouderlingevergadering positiewe mondelinge of skriftelike getuienis oor die aansoeker ontvang het van die aansoeker se plaaslike ouderlingevergadering, wyksouderling of predikant, of van 'n ongesensureerde lidmaat van die kerk waar die Nagmaal bedien word".***

Motivering

Allereers spreek dit vanself, dat in die Afrikaanse Protestantse Kerk, as Gereformeerde Kerk

van Christus, geen oop Nagmaal kan wees nie. Die ouderlinge het immers die taak om te waak oor die heilighede van die sakramente en om toe te sien dat dit nie ontheilig word nie. Die sakramente is dus heilig, dit wil sê eksklusief, en om daardie rede nie toeganklik vir enigeen nie.

Geen kerkraad sal dit oorweeg om somaar 'n vreemdeling, of iemand wat by geleentheid 'n erediens bywoon, se kind te doop, sonder dat hy 'n aanbeveling of grondige getuigenis oor sodanige persoon beskik nie! Nóg minder so kan die Heilige Nagmaal sonder meer oop wees vir almal om aan mee te doen! Dié beginsel kom reeds uit die Ou Testament, waar geen vreemdeling toegelaat is tot die Pasga, alvorens hy nie eers ingelyf is by die volk van God deur die besnydenis nie (vgl. Ex. 12:48).

Aangesien die doop nou in die plek van die besnydenis gekom het (Kol. 2:11–12), en die Nagmaal in die plek van die Pasga, geld dieselfde beginsel sonder enige twyfel ook in die Nuwe Testament. Trouens, meermale in die Nuwe Testament word dit ons met spesifieke erns op die hart gedruk (vgl. bv. 1 Kor. 5:11; 6:9; Gl. 6:19–21 en Ef. 5:5).

Wanneer 'n kerkraad nie, sover dit binne sy vermoë is, voorsorg tref om te verhoed dat die tafel van die Here ontheilig word nie, word die ywer van die Here oor daardie hele kerk opgewek (1 Kor. 10:21 v. 11:28–31; Gl. 6:7 v. en Heidelbergse Kategismus, Sondag 30, antwoord 82).

Wysiging van die term Heilige Nagmaal deur oudl. Pretorius.

AANBEVELING 55

Die Sinode besluit:

Die status quo word gehandhaaf.

2.6 Lidmaatskap van die A.B. en Vrymesselary

Sinode 1991, Sakelys p. 145, punt 5.8.
Handelinge p. 311, punt 5.8

(1993 Sakelys, bl. 128, pt. 6.9)

Ook KKS-verslag 6.5.

AANBEVELING 56

Die Sinode besluit:

dat die aangeleentheid as 'n laat-ingename stuk behandel word.

Motivering

Die finale voorbereide studiestuk was nog nie beskikbaar tydens die laaste vergadering van die KKS nie.

Die besluit soos in die Handelinge Derde Sinode bl. 466, pt 5.23:

Die Sinode verwys die lidmaatskap van die AB en die Vrymesselary na die Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake vir ondersoek.

Bevinding

- Die opdrag is nie duidelik nie.
- Die studie van die wese van hierdie organisasies lê op die terrein van die Kommissie vir Kerkleer en Christelike etiek.

2.6.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

In die lig van die feit dat daar reeds indringende studies van die Vrymesselary gemaak is en die AB nie meer 'n vertroulike organisasie is nie, stap die sinode van die saak af met handhawing van die vorige besluit van die Sinode van 1987 in dié verband – Handelinge Eerste Sinode bl 49, t.w.:

Die Sinode van die APKerk besluit dat lidmate van die kerk wat moontlik kan behoort aan die geheime organisasies, t.w. die Vrymesselary en die Afrikaner Broederbond, nie verkiesbaar is vir diens in die amp van ouderling en diaken nie.

2.7 Regsadvies ten opsigte van eiendomsreg van die plaaslike Kerk

Sinode 1991, p. 145, punt 5.8.
Handelinge p. 311, punt 5.8.

(1993 Sakelys, bl. 128, pt. 6.10)

Die vraag is of 'n wysiging van Bepaling 31 nodig is? Sou dit nie genoegsaam wees om 'n Artikel/Bepaling in die KO in te voeg wat meer of min soos volg lees nie: Wanneer 'n plaaslike kerk (gemeente) sy lidmaatskap van die verband van Afrikaanse Protestantse Kerke beëindig mag so 'n kerk (gemeente) nie langer die woorde "Afrikaanse Protestantse Kerk" in sy naam gebruik nie.

Dit sou noodwendig meebring dat so 'n kerk (gemeente) sy titels van vaste eiendomme en ander Aktes moet laat verbeter. (Sien egter notas hierna uiteengesit.)

Nota 1

Dit is te betwyfel of daar sprake van opsegging van lidmaatskap uit die verband van Afrikaanse Protestantse Kerke deur 'n kerk (gemeente) kan wees as al die lidmate nie besluit om uit te tree nie. Indien daar slegs 'n minimum aantal lidmate nie uittree nie, dan bly die plaaslike kerk (gemeente) voortbestaan, bly lid

van die verband en behou so 'n kerk (gemeente) sy eiendom. Die gemeente-eiendom is immers in die gemeente se naam geregistreer vlg. Bepaling 31 en bly sy eiendom solank so 'n kerk (gemeente) bly bestaan. Die uittredende lidmate sal dan 'n nuwe kerk met 'n nuwe naam moet stig. Daar is geen beperking op lidmaattal vir 'n gemeente in die KO nie, immers kerke (gemeentes) met baie klein lidmaattal is gestig. Bestaande lidmate het 'n gevestigde reg om te eis dat hulle kerk in die verband van Afrikaanse Protestantse Kerke bly al is hulle ook hoe min.

Nota 2

As die uittredende lidmate die eiendom van die vorige kerk (gemeente) bekom kan dit slegs gedoen word deur aankoop of skenking en dan kan oordrag slegs by wyse van transport, soos bepaal in Artikel 16 van die Wet op Registrasie van Aktes (Wet 47/1937), geskied. 'n Naamsverandering in terme van Artikel 93 van genoemde wet, kan gevolglik nie op die Aktes aangebring word nie. As uittredende lidmate meen hulle het 'n reg op die gemeente-eiendom kan hulle die Hof nader vir 'n verklarende bevel. Ek betwyfel egter sukses.

Nota 3

Daar moet in gedagte gehou word dat 'n kerk (gemeente) sy regs persoonlikheid bekom het deur 'n kerk (gemeente) van die AP kerke in verband te word, vergelyk Bepaling 31. As so 'n kerk (gemeente) sy lidmaatskap van die verband van AP kerke opsê, verbeur hy sy regs persoonlikheid en sal hy op 'n ander wyse weer regs persoonlikheid moet bekom. Hy sal in elk geval nie bevoeg wees om met AP kerk (gemeente) eiendom te handel nie. Daar kan dus 'n nuwe regs persoon tot stand kom en sal 'n endossement kragtens die bepalings van die Akteswet (Artikel 93) nie vir so 'n gemeente beskikbaar wees nie. Ek meen verder dat as al die lidmate van 'n kerk (gemeente) van die AP kerke in verband besluit om lidmaatskap van die kerkverband op te sê dan het hulle verder geen handelingsbevoegdheid met gemeente-eiendom nie. Daar bestaan dan nie 'n AP kerk (gemeente) nie, terwyl die eiendom nog in so 'n kerk (gemeente) vestig. Dit kan dus wees dat die eiendom bona vacantia raak en 'n hoogregshofbevel sal aangevra moet word om te beslis oor die eiendomsreg van sulke eiendom en die bevel sal duidelik moet bepaal wie met die eiendom kan handel.

Nota 4

Hierdie is nie 'n aanbeveling vir uittreders om uit 'n moeilike situasie te kom nie. Dit is egter

moontlik dat as so 'n wegbreekaksie beplan word dat 'n aantal lidmate uit die kerk (gemeente) bedank en 'n ander kerk stig. Die oorblywende kerkraad kan dan met gewone besluit die eiendom aan die ander kerk skenk/verkoop en op die gewone wyse aan 'n begiftigde/koper oordra deur transport. (Vgl. Bepaling 31 (laaste paragraaf) kragtens Artikel 16 van die Wet op Registrasie van Aktes (Wet 47/1937). Daarna kan die res van die gemeente bedank en by die nuwe kerk aansluit. As al die lidmate nie bedank nie dan kom die argument in Nota 1 weer ter sprake.

2.8 Handeling met Verskille/Geskille

(1993 Sakelys Bl. 135 Pt. 6.14)

Sinode 1991

Die Sinode het 'n beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging nie goedgekeur nie en die saak na die KKS vir studie verwys. (Sinode 1991, Handeling p. 358 pt. 2.11.)

Skrifgegewens

Die saak van verskille, geskille en gepaardgaande twiste, gebroke verhoudings en vyandskap loop deur die hele Skrif. So ook die hantering van sodanige sake. Daar hoef slegs gewys te word op die betekenis van die Tweede Tafel van die Tien Gebooie met die Here Jesus se samevatting van die Wet van God as die liefdesgebod.

Enkele Skrifgegewens uit die Nuwe Testament van besondere belang, is die volgende:

- Jakobus 4:1 – 2: Die lig val hier op selfsugtige begeertes as die diepere oorsprong en oorsaak van rusies, twiste, vegterye.
- Mt. 5:25: Die klem val hier, onder andere daarop dat alles in die vermoë gedoen moet word om so spoedig moontlik tot 'n skikking en versoening te kom. Beide in Jakobus 4:1 en Mt. 5:25 staan dit vas dat die eie verantwoordelikheid nie ontduik mag word nie. Hier in Mt. 5:25 – 26 word ons deur Christus voor God as uiteindelijke Regter geplaas, vergelyk vers 22.
- Johannes 7:24: Jesus Christus stel hier die algemene beginsel van 'n regverdige oordeel.
- 1 Kor. 6:1 – 11: Uiteraars belangrike gegewens en riglyne in die beslegting van geskille en pogings tot versoening word deur die apostel Paulus hier beklemtoon. Elke lidmaat, ampsdraer en kerkvergadering behoort hierdie Skrifgedeelte te bestudeer. Paulus dui dit aan as 'n skande dat regsake nie deur gelowiges self, binne die gemeente tot rus gebring kan word nie.

- 1 Timotheus 6:3 – 6: Die apostel Paulus laat die lig hier skerp val op sondes wat by geskille kan voorkom en waarteen gewaarsku moet word, naamlik 'n sieklike behepthed met twisvrae, stryery oor woorde, voort-spruitende sondes van afguns, twis, lastering, gemene verdagmakery en nuttelose stryery. Mense wat hulle hieraan skuldig maak word beskrywe as verdorwe in die verstand en van die waarheid beroof.
- Kolossense 3 vers 13: 'n Gesindheid of bereidwilligheid tot wedersydse vergifnis word hier beklemtoon en moet in 'n geskil sterk gestel word, nie alleen as 'n vereiste uit die Skrif nie, maar ook as 'n voorwaarde vir suksesvolle versoening.

Onderskeiding van begrippe

Verskille: onderskeid, die anders wees in een of ander opsig, afwyk.

Geskille: Twis, onenigheid, dispuut of rusie.

Die betekenis van hierdie twee begrippe wys duidelik uit dat die sedelike gedrag volgens Christelike norme afwyk wanneer daar nie in liefde verskil kan word nie en twis en onenigheid ontwikkel (vgl. Kol. 3:13).

Noodsaaklike Kerkregtelike Onderskeidings

Wanneer daar nie duidelik en na die eis van die waarheid onderskei word, of daar wel met 'n tugwaardige sonde(s) te doene gekry word nie, word te maklik en foutiewelik na die tugartikels van die Kerkorde gegryp om sake te beredder – Kerkorde Artikel 52 bepaal dat die tug gaan “oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God, die belydenis van die kerk en die orde en dissipline van die gemeente indruis”. Kerkorde Artikel 53 maak onderskeid tussen “geheime sondes” en “openbare, ergerlike sondes”. In die Agenda van die 1991 Sinode, pp. 262 – 263 is tugwaardige sondes reeds kerkordelik verduidelik.

Uit die bogemelde moet dit reeds duidelik wees dat verskille en geskille op 'n ander, 'n eie wyse hanteer behoort te word, en tot rus gebring behoort te word, voordat dit in 'n tugsaak ontaard (vgl. Mt. 5:25).

Riglyne vir die hantering van Geskille

Met riglyne hier word nie bedoel vaste reëls of rigiede optrede nie, maar bloot praktiese wenke. Dit is van die allergrootste belang dat die herderlike gesprek, in die hantering van verskille en geskille tot sy reg sal kom.

Beslegting van 'n geskil, dit wil sê die twis uit die weg ruim, of die bylê van 'n geskil, dit wil

sê die twis laat eindig, behoort by wyse van 'n broederlike gesprek te geskied. Hierin kan die wyksouderling, of die leraar, die ouderlingevergadering of 'n afvaardiging deur die ouderlingevergadering, as die noodsaaklike kerklike ampte optree ooreenkomstig Johannes 7 verse 24: “Moenie oordeel volgens wat julle sien nie, maar oordeel 'n regverdige oordeel”.

Dit is meesal van kardinale belang dat partye geleentheid gegun word om uit te praat en die hart skoon te maak. Daar moet dus meer begrypend geluister as baie gepraat word deur die persoon(e) wat die bylê van die geskil hanteer.

Daar behoort gestuur te word in die rigting van 'n wedersydse verstandhouding van partye wat alle partye en die gemeente se beste geestelike belange dien.

Veral as daar 'n verharding van gesindhede of onwilligheid om die geskil by te lê, ontwikkel het, behoort daar, voordat verdere versoeningsoogings plaasvind, individueel pastorale bearbeiding plaas te vind. Soms misluk pogings om geskille te besleg, bloot omdat die pastorale opsie nie behoorlik benut is nie (vgl. 5.1 hierbo).

Slot

Die bogemelde wil nie aanspraak maak op volledigheid nie. Reglementering van optrede word in hierdie saak nie as verstandig en in beste belang beskou nie. In Kol. 3:14 – 15 word dit gestel dat die band wat die gemeente tot volmaakte eenheid saambind die liefde vir mekaar is. Die gemeente, as liggaam van Christus is geroep tot innerlike rus en onderlinge eensgesindheid.

In sy kommentaar op Kolossense wys wyle prof. Jac Müller daarop dat die woord “heers” in vers 15 eintlik beteken: skeidsregter wees, reël, arbitreer, “en die bedoeling is dat wanneer daar konflikte in ons binneste is, 'n botsing van motiewe, drange en begeertes, dat ons dan die vrede van God (Christus) moet laat bepaal wat die regte gedraglyne vir ons is; ons moet dit laat heers en die beslissing gee, deurdat dié weg gekies word, wat nie die innerlike vrede en gemoedsrus in Christus verstoort nie, maar bevorder en bevestig. Dan word nie alleen die vrede van God, gegrond op die versoening deur Christus bewaar nie, maar die belange en welsyn van die medegelowige word ook behartig”.

Die KKS vertrou dat hiermee die nodige leiding uit die Skrif aangetoon is, en dat hierdie vol-

voering van die sinodale opdrag, mag bydra tot innerlike rus en onderlinge eensgesindheid in alle AP kerke.

AANBEVELING 62

Die Sinode besluit om hierdie riglyne te aanvaar.

2.9 15% Oorbetalings op Erflating

(1993 Sakelys, bl. 136, pt. 6.16)

AANBEVELING 64

Die Sinode besluit om die opdrag te kontinueer.

Motivering

Die KKS het nog nie die studie in verband met die opdrag kon afhandel nie.

2.9.1 AANBEVELING VAN KKS

Die Sinode verwys die opdrag na die TKKS.

3. VOORLEGGING DEUR KKS KRAFTENS SY LASGEWING, L.2 EN L.6, KERKORDE 1992. p. 116

(1993 Sakelys, bl. 137, pt. 7)

3.1 Kondoneer – Kondonasië

3.1.1. Inleiding

Die Kerkorde (1992) van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband maak nêrens voorsiening vir kondonasië nie. Geen Sinode het ook enige besluit daaromtrent geneem nie, vgl. Handelinge sinodes, 1987, 1988, 1989, 1990, 1991.

3.1.2. Begrip en betekenis

Die woord “kondoneer” beteken kwytskeld, oorsien, vergewe. Die selfstandige naamwoord “kondonasië” beteken dan kwytskelding, vrystelling, “vergifnis”. In kerklike terminologie beteken dit dan dat die meerdere vergadering, ’n sinode ’n oortreding van ’n kerkorde-artikel of -bepaling of van ’n sinodale besluit deur ’n kerkraad/ouderlingevergadering/ring op versoek van laasgenoemde kwytskeld, oorsien, vergewe. Die daad van oortreding met gevolge, wat nie ongedaan gemaak kan word sonder meestal ernstige reperkussies nie, word deur die kwytskelding, vrystelling, “vergifnis” as goed, as reg, as binne orde gereël, sodat dit nie langer ’n oortreding is nie.

3.1.3. Die Oortreding

Die oortreding deur ’n kerkraad/ouderlingevergadering/ring van ’n kerkorde-artikel, -bepaling en sinodale besluit kan om ’n paar redes geskied, waaronder onkunde, nalatigheid, ignorering, geringskatting, doelbewustheid, teëmoetkomenheid ens. Wat ook al die rede moet die oortreding van ’n kerkorde-artikel of -bepaling in ’n ernstige lig gesien en beoordeel word en nie maar ligtelik reggemaak word nie soos hierna verduidelik.

3.1.4. Die akkoord van die Kerkverband

Die Kerkorde is ’n baie belangrike boek, dokument, publikasie in die kerkverband. Dit is die akkoord van die plaaslike kerke in die kerkverband soos met mekaar ooreengekom en vasgestel in die meerdere vergadering, ’n sinode deur die afgevaardigdes uit die kerkrade van al die kerke in die kerkverband. Hierdie akkoord is bindend vir al die kerke in kerkverband.

’n Kerkorde stel meestal die beginsels ten opsigte van die algemene sake, wat al die kerke raak, vas, wat meteen eenvormigheid van handeling in die kerkverband bevorder. Dit bied min rigiede voorskrifte, sodat kerkrade van plaaslike kerke veel ruimte vir selfstandige handeling gebied word en die vasstelling van eie besonderhede binne die gegewe beginsel.

Die staat beskou die kerkorde dan ook as konstitusie/grondwet van die kerke in kerkverband.

Kerkrade/ouderlingevergaderinge/ringe (en óók sinodes) is daarom verplig om in hul besluite en handelinge nie net rekening te hou met die kerkorde-artikels en -bepalings nie, maar dit te hou vir, te handhaaf as en uitvoering daaraan te gee as bindend. Dit mag nie maar geïgnoreer, misken, geringskat, of versuim word nie. Onkunde is geen verskoning nie. Dit mag ook nie oortree word as ’n gebaar van tegemoetkoming of om ter wille te wees nie.

Die oortreding van die kerkorde-artikels en -bepalings as die akkoord van die kerkverband is daarom ’n ernstige aangeleentheid.

3.1.5. Vasstelling

Die afgevaardigdes uit die kerkrade van die plaaslike kerke in kerkverband stel in die vergadering van die sinode die Kerkorde vas. Dit is ’n gesamentlike handeling waarin ooreengekom word om volgens hierdie beginsels en voorskrifte in elke plaaslike kerk in die kerkverband en in die kerkverband te handel. Dit sny independentisme en eiewilligheid by die wortel af sodat geen kerkraad of meerdere

vergadering dit kan ignoreer, misken, versuim, ter syde stel of kan wysig nie, behalwe soos in die vergadering van die sinode ooreengekom en in die Kerkorde vasgestel.

In Art. 66, Kerkorde 1992-uitgawe word dan bepaal wat die *modus operandi* vir die moontlike wysiging van die Kerkorde is, te wete by wyse van 'n beskrywingspunt of gravamen met die absolute beperking "slegs deur 'n sinode".

3.1.6. Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande is dit dan duidelik dat daar in die Afrikaanse Protestantse kerkverband geen moontlikheid van kondonاسie bestaan nie, selfs nie as 'n bevoegdheid van 'n sinode nie.

3.1.7 Moontlikheid/Noodsaaklikheid

Die vraag kom dan na vore of daar noodsaak is vir die skepping van kondonاسie-moontlikheid of nie? By behoeftebepaling moet die volgende faktore in aanmerking geneem word:

3.1.7.1 die bindende krag van die Kerkorde op al die plaaslike kerke (kerkrade) in kerkverband soos onder punte 4 en 5 hierbo gestel as die akkoord van die kerke in kerkverband;

3.1.7.2 die feit dat die Kerkorde hoofsaaklik beginsels vasstel ten opsigte van sake van gemeenskaplike belang en ter bevordering van eenvormigheid laat veel ruimte aan kerkrade om oor besonderhede self te besluit, wat die behoefte vir kondonاسie minimaliseer;

3.1.7.3 die Kerkorde as akkoord van die kerkverband wil juis dissipline in die plaaslike kerke in kerkverband skep en bevorder en independente en eiewillige optrede, wat in die reël dissipline benadeel uitskakel, terwyl kondonاسie-moontlikheid by voorbaat ruimte skep vir oortreding, independente en eiewillige handeling;

3.1.7.4 canonici en latere kerkregkundiges swyg oor kondonاسiereg, wat geïnterpreteer kan of moet word dat dit òf nie as essensieel geag en dus voor voorsiening gemaak moes word nie òf juis verswyg word as 'n teenproduktiewe vir die essensiële handhawing van die Kerkorde;

3.1.7.5 dit blyk dat waar kondonاسie wel in kerkverbande toegelaat word dit eerder as usansie geld soos ontwikkel uit 'n gebruik sonder dat dit 'n geskrewe reël geword het;

3.1.7.6 oortreding van die Kerkorde moet nie bevorder word deur kondonاسie-moontlikheid nie, maar bekamp word deur nie ruimte te skep vir oortreding wat weer kwytskeld, vrygestel, vergewe sal word as aansoek gedoen word nie, want 'n dusdanige oortreding kan, ter wille van

lidmate betrokke, nie ongedaan gemaak word sonder oneindige onaangename gevolge nie;

3.1.7.7 indien geen voorsiening vir kondonاسie gemaak word nie, is dit 'n opvoedingsproses vir kerkrade/ouderlingevergadering/ringe wat sal leer dat dit nie toelaatbaar is nie en ook nie kwytskeldbaar nie en daarom versigtigheid sal bevorder in die hantering van die Kerkorde.

AANBEVELING 65

Die Sinode besluit dat in die Afrikaanse Protestantse kerkverband die status quo ten opsigte van kondonاسie gehandhaaf word, met ander woorde nie toegelaat word nie.

3.2 Hersiening van Besluit (Revisie)

(1993 Sakelys, bl. 137, pt. 7.2)

Die Ordereëls vir Kerklike Vergaderings pte. 25 en 26 lui soos volg:

25. 'n Besluit van die kerkraad/ouderlingevergadering kan in hersiening geneem word teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is indien die vergadering met 'n meerderheid stemme daartoe toestem. 'n Kennisgewing van hersiening kan gegee word om by die volgende vergadering voor die kerkraad/ouderlingevergadering te dien.
26. 'n Besluit van 'n meerdere vergadering kan teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is in hersiening geneem word, indien die vergadering daartoe toestem.

AANBEVELING 66

Die Sinode besluit:

wysig beide ordereëls deur by Ordereël 25 na die woorde "indien die vergadering" in te voeg "na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie" (daartoe toestem) en deur by Ordereël 26 na die woorde "indien die vergadering" in te voeg "na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie" (daartoe toestem). Die Ordereëls lui dan soos volg:

25. 'n Besluit van die kerkraad . . . indien die vergadering na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie met 'n meerderheid stemme daartoe toestem. 'n Kennisgewing . . . te dien".
26. 'n Besluit van 'n meerdere vergadering kan teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is in hersiening geneem word indien die vergadering na aanhoor van die motivering vir die versoek tot revisie daartoe toestem.

3.3 Advies Art. 16

(1993 Sakelys, bl. 138, pt. 7.4)

AANBEVELING 67

Die Sinode besluit:

By die interpretasie van Art. 16 oor die optrede van 'n predikant in 'n ander gemeente as dié waarin hy kragtens 'n beroep of 'n bedieningsooreenkoms arbeidsaam is, moet die agtergrond wat in die kerkgeskiedenis tot die ontstaan van so 'n artikel gelei het, in gedagte gehou word. Predikers wat geen beroepe ontvang het nie, het rondgetrek en oral in gemeentes wat hul eie predikante gehad het, ongenooi gaan werk en traktering daarvoor verwag. Dit kon nie geduld word nie, want dit is indringing van een predikant in die diens van 'n ander. Verder misken dit die feit dat die plaaslike kerkraad die bevoegdheid het om te besluit wie as predikant in die gemeente mag werk.

'n Predikant van elders wat op versoek van die naasbestaandes van 'n oorledene, die begraf-

nis kom hou, tree egter nie in stryd met Art. 16 op nie – ook nie indien hy op versoek 'n huweliksbevestiging waarneem nie. Sou die kerkraad nie tevrede wees met die predikant wat die begrafnis kom hou of die huweliksbevestiging kom waarneem nie, kan die kerkraad wel die gebruik van sy gebou en eiendom weier. 'n Begrafnis en 'n troue is 'n familie-aangeleentheid en die betrokkenes besluit uitsluitlik en sonder goedkeuring van die kerkraad wie hulle wil hê die verrigtinge moet lei. 'n Begrafnis hoef nie eers per se deur 'n predikant waargeneem te word nie. 'n Huwelik ook nie, maar die persoon moet wel deur die staat as 'n huweliksbevestiger aangestel word.

Hierdie sinodebesluit moet agter in die Kerkordeboek by Bylae 1 ingevoeg word.

Motivering

Die besluit is eintlik selfmotiverend.

So 'n besluit is noodsaaklik aangesien sekere kerkrade nie duidelikheid oor Art. 16 het nie.

Verslag van die Vierde Bestuur van die RKA

TYDPERK: 13/8/1993 tot 9/5/1995

1. BESTUURSPERSONEEL

1.1 Lede deur die RKA verkies

Primarii: Oudl. MJ Cornelius, LR Treurnich, BJM Rossouw, JA du Plessis, B Moodie.

Sekundi: Oudl. HCG Bester, AJ Pienaar, JHC Lordan, HS Lombard.

Oudl. B Moodie het slegs die konstitueringsvergadering van die BRKA bygewoon. Nadat hy vir die volgende drie vergaderings afwesig was, is hy gevra om aan te dui of hy die vergaderings van die BRKA in die toekoms sal kan bywoon, en of 'n staande reëling met sy sekundus getref moet word. Oudl. Moodie het nie op die skriftelike navraag gereageer nie en die BRKA het daarop besluit dat die eerste sekundus dan gereeld in sy plek opgeroep word sonder verdere kennisgewing van vergaderings aan oudl. Moodie. Oudl. Moodie is verwittig van dié besluit en geen notules of stukke wat op ander vergaderings betrekking het, is daarna meer aan hom gestuur nie. Oudl. HCG Bester het sy plek op die vergaderings ingeneem.

1.2 Lede benoem

Deur SKK

Primarius Ds NJ Rautenbach
Sekundus Oudl. WLV Fick

Deur Kuratorium

Primarius Ds JH van der Walt
Sekundus Ds DR Schwartz

Deur FK

Primarius Oudl. JS Campher
Sekundus Oudl. WP Murray

Deur KKS

Primarius Ds JA du Plessis
Sekundus Ds MJ Hartzenberg

1.3 Ampsdraers

Voorsitter Ds NJ Rautenbach
Ondervoorsitter Ds JH van der Walt
Sekretaris Ds MC Adendorff (Direkteur van Kerkadministrasie)
Assistentsekretaris Mnr PG de Jager (Assistentadministrateur)

1.4 Eiendomskomitee

Die BRKA het uit sy geledere die volgende Eiendomskomitee aangewys wat ook die ver-

pligtinge van die voormalige Boukomitee oorgeneem het.

Di. NJ Rautenbach, (Voorsitter), JH van der Walt (Ondervoorsitter), JA du Plessis, MC Adendorff (ampshalwe), mnr CJ de la Rey en PG de Jager.

1.5 Beheerraad van die Jeugtuiste

Die Beheerraad is saamgestel deur die BRKA na die vorige sinode met bepaalde opdragte om o.m. beter beheer oor die Jeugtuiste uit te oefen as in die verlede. Die Beheerraad bestaan uit die volgende lede:

Ds. NJ Rautenbach (Voorsitter), ds IA Brink (Ondervoorsitter), ds JH van der Walt, Mnr CJ de la Rey (Skriba, Administrateur). Mnr De la Rey het oorgeneem as Skriba nadat die Assistentadministrateur, mnr PG de Jager bedank het om in die regsberoep te tree.

Huiskomiteelede is mnr A Swanepoel, H van Zyl, L Meyer.

Nadat die APK Pretoria-Sentraal ontbind het (die plaaslike gemeente waarbinne die Jeugtuiste geleë is) was daar geen verteenwoordiger van die plaaslike kerk nie. APK Pretoria-Oos wys nou 'n plaaslike verteenwoordiger aan.

1.6 Ad hoc-komitees

Die BRKA het van tyd tot tyd volgens behoefte ad hoc-komitees benoem wat almal aan die BRKA verslag gedoen het.

2. VERGADERINGS

In die bykans 21 maande van die verslagtydperk het die BRKA twaalf vergaderings gehou.

3. SENTRALE KERKKANTOOR

3.1 Permanente personeel

3.1.1 Direkteur van Kerkadministrasie: Ds MC Adendorff. Hy is ooreenkomstig die woordomskriving in die Konstitusie van die RKA die hoof administratiewe en hoof uitvoerende amptenaar van die BRKA.

3.1.2 Sekretaresse vir Direkteur: Mev R McDonald

3.1.3 Administrateur: Mnr CJ de la Rey

Hy is die amptenaar deur die BRKA aangestel om die Direkteur in administratiewe sake by

te staan. Mnr De la Rey is in dié pos aangestel op 1 April 1994 nadat hy met pensioen afgetree het by Unisa.

3.1.4 Sekretaresse vir die Administrateur: Mev SC Maré

3.1.5 Assistentadministrateur

Nadat mnr PG de Jager sy diens op 31/12/1994 beëindig het met die oog daarop om sy loopbaan in die regswese voort te sit, is die pos nie weer gevul nie. Die werksaamhede verbonde aan die pos is oorgedra aan die Administrateur.

3.1.5 Rekenmeester en hoof van afdeling Finansies: Mnr LJ Korkie

Mnr LJ Korkie is in dié pos aangestel op 1 April 1994 nadat mnr De la Rey tot Administrateur bevorder is.

3.1.6 Rekeningkundige beampste: Mev E van Tonder

Mev Van Tonder is die Rekenmeester behulpzaam in afdeling Finansies.

3.1.7 Rekenaaroperatrise/Klerk: Mej JG Bresler

3.1.8 Argivaris: Ds WM Grové

Ds Grové beklee die pos op deeltydse basis (voormiddae gedurende weekdae).

3.1.9 Afdelingshoof Publikasies: Prof WJG Lubbe

Prof Lubbe beklee die pos op honorêre basis.

3.1.10 Sekretaresse Publikasies: Mev A Britz

3.1.11 Uitgewersassistent: Mev JP van Lille

Mev Van Lille tree ook op as sekretaresse vir "Die Boodskapper".

3.1.12 Boekwinkelbestuurder

Mnr E van Zyl het in dié hoedanigheid hom hoofsaaklik toegespits op bemaking. Nadat sy diens beëindig is op 18/3/1994, is die pos nie weer gevul nie. Tans neem mev Van Lille ook in dié hoedanigheid waar.

3.1.13 Boekwinkelassistent: Mnr BA Coetzee

3.1.14 Rekenaaroperatrise/Klerk vir Boekwinkel: Mev JC Erasmus

3.1.15 Tiksters: Mev A Alester en mej E Nicklbauer

3.1.16 Ontvangsdame/Liasseerklerk: Mev GA Booyens

3.1.17 Faktotum/Opsigter: Mnr L Retief

Die vorige Faktotum/Opsigter, mnr PA van der Merwe, het sy diens op 31/5/1994 beëindig.

Betroubare deeltydse hulp is aangewend om die pligte verbonde aan die pos te behartig, tot dat mnr L Retief op 1/9/1994 in die pos aangestel is.

3.1.18 Spysenier: Mnr CJ Pretorius

Aangesien mnr Pretorius bedank het, is die pos geadverteer. Ten tye van die opstel van hierdie verslag is nog geen geskikte plaasvervanger aangestel nie, en neem mnr Pretorius steeds waar as Spysenier.

3.1.19 Spyseniersassistent: Mev MM Haasbroek

Mev Haasbroek is verantwoordelik vir bystand vir die Spysenier en ook vir skoonmaak van die gedeelte van die Jeugtuiste wat nie deur die inwoners self behartig word nie.

3.1.20 Skoonmaker by Brookshuis: Mev L Strydom

3.1.21 Registrateur/Sekretaresse: Mev CM Venter

Mev Venter is in dié pos aangestel aangesien prof FAH van Staden wat die pos van Administrateur vir die Teologiese Skool honorêr beklee het, hom nou slegs beskikbaar wil stel vir die skribaatswerk van die Kuratorium, benevens sy pos as Rektor van die Teologiese Skool.

3.1.22 Sekretaresse/Tikster

Die BRKA het 'n halfdagpos vir 'n Sekretaresse/Tikster vir die Kuratorium goedgekeur in plaas van 'n deeltydse Bibliotekaris wat beoog was met die begroting wat reeds deur die vorige Sinode goedgekeur is. Die pligte verbonde aan dié tiksterspos word tans deur mej E Nicklbauer behartig. Mev Venter behartig dan naas haar pligte as Registrateur/Sekretaresse ook die werksaamhede verbonde aan die pos van Bibliotekaris in samewerking met prof Van Staden.

3.1.23 Administratiewe hulp: Mev EJ Brummer

Mev Brummer verleen hulpdiens by die Teologiese Skool met die ontvangs van besoekers en beantwoording van die telefoon. Ten tye van die opstel van hierdie verslag het sy haar in die hospitaal bevind met ernstige gesondheidsprobleme, en word haar pligte behartig deur mej. Nicklbauer.

3.1.24 Skoonmaker Teologiese Skool: Mev A Walsh

Mev Walsh is steeds by die Teologiese Skool as skoonmaker werksaam.

3.1.25 Nutsman

Aangesien die skoonmaakwerk by Brookshuis te veel is vir 'n enkele dame, en so ook die tuindiens by Brookshuis, die Teologiese Skool en die Jeugtuiste te veel is vir behartiging deur ander personeel, het die BRKA dit goedgekeur dat 'n man in diens geneem word om veral met die skoonmaak van stoepe en moeilik bereikbare vensters behulpsaam te wees, asook met 'n gedeelte van die tuindiens. Verskillende persone het dié werk tot dusver behartig op deeltydse basis.

Die pos van nutsman, asook van skoonmakers, is deeltydse poste in die sin dat die bekleërs van die poste nie permanent aangestel is nie, hoewel dieselfde skoonmakers reeds geruime tyd die diens verrig.

3.1.26 Deeltydse hulp

Wanneer nodig word van deeltydse hulp gebruikgemaak vir beperkte tye, soos byvoorbeeld in afdeling Finansies, en afdeling Publikasies tydens versending van "Die Boodskap-per".

3.1.27 'n Organogram word as Bylae BRKA 1 by hierdie verslag aangeheg waarop die verskillende poste aangedui word.

3.1.27.1 AANBEVELING

Die RKA keur die organogram (Bylae BRKA 1) goed met dien verstande dat die BRKA binne die perke van sy begroting daarin veranderings mag aanbring na die eis van omstandighede.

3.2 Dissiplinêre kode en grieweprosedure

'n Uitgebreide dissiplinêre kode en grieweprosedure is deur die BRKA opgestel vir personeelgebruik.

3.3 Dienskontrakte en pligstate

Dienskontrakte en pligstate is opgestel t.o.v. elke personeellid, met uitsondering van sommige skoonmaakpersoneel en die nutsman.

3.3.1 AANBEVELING

Die RKA boekstaaf sy dank teenoor die prokureur, mnr JPA Swanepoel wat op onbaatsugtige wyse gratis diens gelewer het t.o.v. die opstel van die basiese diensooreenkoms met personeellede en wat steeds in dié verband as lidmaat gewaardeerde advies lewer wanneer daarom gevra.

3.4 Diensvoorwaardes, salarisse en ander diensvoordele

Art. 6.5.7.3 van die Reglement vir die BRKA (Kerkordeboek bl. 65) lui tans so: "Die BRKA

stel die diensvoorwaardes, salarisse en ander diensvoordele van die personeel vas en hersien dit wanneer nodig, in oorleg met die betrokke sinodale kommissies."

Die komma na die woord "nodig" het per abuis daar ingeglip. Die komma hoort ná die woord "dit". Soos dit nou daar staan beteken dat alle sinodale kommissies eers geken moet word alvorens selfs maar gewone jaarlikse salaris-aanpassings toegeken word. Dit kan lei tot onnodige korrespondensie en vertraging. Die oorspronklike bedoeling met die toevoeging van "wanneer nodig in oorleg met die betrokke sinodale kommissies" was dat dit soms gerade is om 'n kommissie te ken by die vasstelling van diensvoorwaardes, salarisse en diensvoordele en hersiening daarvan.

3.4.1. AANBEVELING

Die RKA herstel art. 6.5.7.3 van die reglement van die BRKA na die oorspronklike bedoeling met die opstel daarvan om soos volg te lui: "Die BRKA stel die diensvoorwaardes, salarisse en ander diensvoordele van die personeel vas en hersien dit, wanneer nodig in oorleg met die betrokke sinodale kommissies."

4. AGTERSTALLIGE BYDRAES VIR PENSIOENFONDS EN KAAPSE MEDIESE PLAN

Die BRKA het dit aan afdeling Finansies opgedra om 'n volledige opname te maak van kerkrade wat agterstallig is met pensioenfonds- en mediese fondsbydraes en aan die betrokke kerkrade 'n dringende brief te skryf waarin navraag gedoen word na die rede vir die agterstalligheid. Die aandag van kerkrade word daarop gevestig dat die betrokke leraar gevaar loop om sy lidmaatskap van die Kaapse Mediese Plan en die Pensioenskema te verloor.

Afdeling Finansies is steeds besig met dié opdrag wat geblyk het geen maklike taak te wees nie, vanweë die wisseling van predikante en skribas en kassiere. Dit wil voorkom of 'n aantal kerkrade etlike duisende rande in dié opsig aan die BRKA verskuldig is.

4.1 AANBEVELING

Die RKA bring dit onder aandag van kerkrade dat dit 'n ernstige ongerymdheid is om die leraar se bydraes aan die Pensioenfonds en die Mediese skema af te trek van sy traktement en dit nie oor te betaal aan die BRKA nie.

5. AGTERSTALLIGE 15% BYDRAES

Volgens besluit van die Sesde Sinode is die gevalle van kerkrade wat agterstallig is met

hulle 15% bydraes onder aandag van die betrokke Ringe gebring vir aandag tydens die ringsittings van 1994 en nogeens vir aandag van die ringsittings van 1995. In sommige gevalle is goeie reaksie ontvang. Daar is steeds 'n aantal gemeentes agterstallig met hulle 15% bydraes soos blyk uit die aangehegte Bylae BRKA 2. (Kyk ook FK-verslag 8.4.1)

5.1 AANBEVELINGS

5.1.1 Die RKA besluit om sittingsreg op die RKA van gemeentes wat sonder die nodige reëlings in gebreke gebly het om hulle bydraes aan die RKA oor te betaal, op te skort. Die finale beslissing oor die aanvaarding van die redes vir nie-betaling word deur die BRKA geneem. Die RKA versoek die Sinode om sittingsreg op die Sinode van die betrokke gemeentes ook op te skort.

5.1.2 Die RKA dra dit aan die BRKA op om tydens konstituering van die volgende sinode te rapporteer oor gemeentes wat agterstallig is met hulle 15% bydraes, en wat geen bevredigende reëling t.o.v. die afbetaling daarvan getref het nie.

6. POLIS VIR WEDUWEES VAN LERAARS

Ooreenkomstig die besluite van vorige sinodes is vanaf 1 Januarie 1994 polisdekking verkry vir alle dienende leraars jonger as 65 jaar waarvolgens in geval van die sterfte van die leraar, die weduwee 'n bedrag geld sal ontvang gelykstaande aan die traktement vir ses maande, waarby ingesluit 'n bedrag van R2000 per maand vir behuising. Op aanbeveling van die FK is die premie vir dié polis uit die BRKA-fondse betaal sonder om dit addisioneel van die betrokke kerkrade te verhaal. Dié dekking geskied op korttermyn basis vir een jaar, en aan die begin van 1995 is die premie weer deur die BRKA betaal vir die huidige jaar. 'n Reëling is met die versekeraars getref dat die opbrengs van die polis in geval van sterfte aan die BRKA oorbetal word, wat dit dan na die leraar se weduwee of afhanklike erfgename deurgee.

'n Werkgewer van 'n leraar ouer as 65 jaar is steeds self verantwoordelik vir die versorging van sy weduwee vir 6 maande na sy afsterwe.

7. STUDIELENINGS VAN LERAARS EN STUDENTE

Volgens die heersende praktyk het die BRKA in die meeste gevalle van die leraars waarvan die studielenings deur die SKK oorgeneem is, polisse op die lewens van die betrokke leraars

uitgeneem. Van die lener word dan verwag om 40% van die premies terug te betaal aan die BRKA, en die uiteindelijke opbrengs van die polis bly die besit van die BRKA. Dieselfde praktyk word gevolg t.o.v. studente wat geld leen uit die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds. In alle gevalle word die opbrengs van die polisse uiteindelik weer inbetaal in die fonds waaruit die studielenings gemaak is. Die grootte van die polis word in elke geval so vasgestel dat die uiteindelijke opbrengs 'n rentewins van sowat 10% per jaar verteenwoordig op die belegging deur die BRKA. Die gedeelte wat die lener terugbetaal, verteenwoordig uiteindelik hoogstens die kapitale bedrag wat aan hom geleen is sonder enige renteheffing.

Deur onderhandelinge wat deur mnr WLJ van Rensburg, van die prokureursfirma Dr PJ Kotzé Ingelyf, met regsverteenwoordigers van die NG Kerk gevoer is, is uiteindelik 'n bedrag van R85 860.48 aangebied aan en aanvaar deur die NG Kerk i.p.v. die R150 180.90 wat van die betrokke leraars geëis is. In totaal is R155 156.98 t.o.v. lenings van leraars wat van verskillende skuldeisers oorgeneem is, betaal.

Die premies op die polisse wat ter dekking van dié lenings uitgeneem is, bedra sowat R3 300.00 per maand (R39 600 per jaar).

8. GEBRUIK VAN KERKEMBLEEM OP ARTIKELS WAT DEUR KERKRADE BEMARK WORD

'n Volledige register word gehou van alle kerkrade wat ooreenkomstig vorige sinodebesluite aansoek gedoen het om artikels met die kerkembleem daarop te bemark. Die BRKA pas die reëls vir die toekenning van sodanige regte aan kerkrade na die beste van sy vermoë toe.

9. AANWYSINGSBORDE NA BROOKSHUIS

Uit onderhandelings met die Stadsraad het geblyk dat aanwysingsborde slegs aangebring word na kerke en opvoedkundige inrigtings. Om dié rede kon aanwysingsborde na die Sentrale Kerkkantoor nog nie opgerig word nie. Die moontlikheid bestaan egter dat uiteindelik met die Stadsraad onderhandel kan word oor die oprigting van bordjies met die naam "Brookshuis" daarop vanweë die gedenkwaardigheid van die gebou.

10. BESKIKBAARSTELLING VAN LOKALE AAN BUIE-INSTANSIES

Die BRKA het besluit dat veral om sekuriteitsredes geen lokale by Brookshuis of die Teologiese Skool vir vergaderings van buite-instansies beskikbaar gestel word nie. Indien daar egter 'n aansoek inkom wat volgens oordeel van die Direkteur besonder verdienstelik is, kan die aansoek aan die BRKA voorgelê word.

11. DR JOHANNA PIENAAR- TRUSTFONDS

Dié fonds waaruit studente gehelp kan word, is opgerig met die skenkings van 'n donateur wat R10 000 per jaar oor 'n tydperk van 5 jaar in dié fonds inbetaal. Die eerste bedrag van R10 000 is reeds in die fonds gestort. 'n Reglement vir die administrasie van die fonds is opgestel en deur die BRKA goedgekeur vir implementering.

12. POS VIR VYFDE DOSENT AAN DIE TEOLOGIESE SKOOL

'n Bedrag van R100 000 is van dr en mev GP Bezuidenhout ontvang vir aanwending vir die vyfde dosentepos aan die Teologiese Skool. Die donateurs het verstaan dat die BRKA nog nie oor die fondse beskik om die voortgesette finansiering van die pos te dra nie.

13. SEKURITEIT TYDENS VERKIESINGSDAE

Die BRKA maak graag gewag van die gewaardeerde dienste wat die Reaksiemag van Pretoria-Oos gelewer het tydens die verkiesingsdae en inhuldiging van die Staatspresident in 1994. Benewens manspersoneel van die Sentrale Kerkkantoor het lede van die Reaksiemag twee-twee in skofte wagdiens gelewer by Brookshuis en die Teologiese Skool, en bystanddiens gelewer by die Jeugtuiste waar van die inwoners en mnr CJ Pretorius self wagbeurte behartig het.

14. EIS P ROODT I/S PUBLIKASIES

'n Eis is deur mnr P Roodt, voorheen van PR Drukkers teen die Publikasiekomitee ingestel vir beweerde kontrakbreuk. Dr P Kotzé het met die hulp van adv. JLM Snijmann die eis namens die Publikasiekomitee en BRKA bestry. Die Voorsitter van die BRKA en die Direkteur het as lede van die voormalige Publikasiekomitee die BRKA verteenwoordig by die samesprekings, waarby ook ander lede van die voorma-

lige Publikasiekomitee betrokke was. Mnr Roodt het uiteindelik sy eis van R75000.00 laat vaar, maar dit het die BRKA R12412.98 aan regskoste gekos.

15. DIENSTE VAN REGSGELEERDES

15.1 Wyse van optrede

Na aanleiding van regsadvies ontvang van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake het die BRKA die volgende besluit geneem:

Alle sinodale kommissies word per brief verwittig:

- geen persoon of kommissie mag aan enige regsgeleerde 'n opdrag gee wat geldelike implikasies vir die BRKA het nie;
- eerstens moet die KKS om advies genader word;
- slegs die BRKA kan 'n opdrag met geldelike implikasies aan 'n regsgeleerde gee;
- die APK het geen amptelike regsadviseur nie, maar die BRKA is besig met die samestelling van 'n lys van regsgeleerdes wat deskundiges is op verskillende gebiede.

Die BRKA was genoodsaak om die besluit te neem ten einde 'n praktiese en ordelike werkswyse te vind waarop die dienste van regsgeleerdes bekom word.

Dit sal administratief chaos afgee as enige kommissie aan enige regsgeleerde enige opdrag kan gee, en die BRKA wat die regspersoon verteenwoordig en wat ook fondse van die APK volgens sinodale lasgewing administreer, moet daarna instaan vir enige eise wat daaruit mag voortvloei, ook t.o.v. rekenings. Slegs die regspersoon kan met aanvaarding van volle verantwoordelikheid vir die geldelike konsekwensies wat uit sy opdragte kan voortvloei, opdragte aan 'n regsgeleerde gee soos byvoorbeeld blyk uit pt. 6.5.3 van die Reglement van die BRKA. As 'n opdrag geen finansiële implikasies vir die BRKA het nie, staan dit enige kommissie vry om advies van enige regsgeleerde aan te vra.

Van enige kommissie kan egter verwag word om etiketshalwe die BRKA te ken in die saak as die advies juis gaan om 'n ingrypende verandering in die administrasie, soos bv. om van die publikasie-afdeling 'n selfstandige onderneming te maak. Dit gaan nie daarom dat die BRKA by voorbaat negatief staan teen so 'n ontwikkeling nie, maar bloot om 'n ordelike hantering van die ondersoek.

Dit sou ook net billik wees teenoor die regsgeleerde wat die advies moet gee, dat alle tersaaklike inligting aan hom besorg word. Die liggaam wat oor die administratiewe inligting

(veral t.o.v. die bedryfskoste) beskik, is juis die BRKA.

15.2 Paneel van regsgeleerdes

Die BRKA het tot dusver die volgende kundiges in oorleg met die KKS geïdentifiseer wat om advies deur die BRKA genader kan word. Nie alle regsgeleerdes is kundiges op alle gebiede van die regspleging nie, en om dié rede het die BRKA dit nodig geag om 'n paneel saam te stel wat kundigheid oor die hele spektrum dek.

1. Mnr Johan de Jager van APK Pretoria-Oos, kundige op arbeidsverhoudinge.
2. Mnr JPA Swanepoel van APK Hartbeespoort, praktiserend in Benoni, kundige op die terrein van arbeidsverhoudinge.
3. Adv. Jurg Prinsloo (kriminele sake, Hervormde Kerk).
4. Adv. Fanie Jacobs wat sedert kerkstigting aktief by die APK betrokke was.
5. Prokureur Schwartzberg ('n Joodse Christen en kundige op strafsake).
6. Mnr Hentie Serfontein (verbonde aan die prokureursfirma van Schwartzberg).
7. Mnr Piet Niemand van Delmas (NGK-lidmaat).
8. Mev Van Dyke, APK-lidmaat.
9. Mnr JA Espach (Pietersburg).

15.3 AANBEVELING

Die RKA keur die werkswyse van die BRKA goed waarvolgens, in oorleg met die KKS, van 'n lid van 'n paneel van regsgeleerdes gebruik gemaak word na gelang van die besondere kundigheid wat vereis word, met dien verstande dat waar moontlik, gehou word by regsgeleerdes wat lidmate van 'n APK is.

16. ADMINISTRASIE VAN PENSIOENFONDS

Die BRKA het na aanleiding van 'n voorstel van 'n makelaar ondersoek ingestel na die moontlikheid om die Pensioenfonds deur die betrokke makelaar te laat administreer. Ondersoek het egter aan die lig gebring dat dit nie voordelig vir die BRKA sou wees nie, en die BRKA het besluit om die Pensioenfonds in die hande van Sanlam te laat en dit nie aan 'n buitelandse instansie vir administrasie te oorhandig nie.

17. NAAM VAN DIE KERK OP BRIEFHOOFDE

Op advies van die KKS het die BRKA dit geraad geag om die onderskrif by die naam van die APK op briefhoofde weg te laat waar met buitelandse instansies, veral owerheidspersone gekorrespondeer word.

18. BELASTING OP KERKLIKE EIENDOM

Die owerheid het sekere woordvoerders genooi om namens kerke inspraak te lewer by die ooreenstemming van belasting op kerklike eiendom. Ds PS Strümpfer van die NG Kerk is opgeroep om 'n deel van die Afrikaanse Kerke te verteenwoordig. Die BRKA het dit as sy wens uitgespreek om self 'n verteenwoordiger namens die APK aan te wys, maar die opset het dit nie toegelaat nie. Uiteindelik het ds Strümpfer terugrapporteer aan die BRKA oor die stand van die onderhandelinge. Vanweë die vlak waarop besluitneming op daardie stadium verder gevoer moes word, was die BRKA verplig om aan die 9 premiers van die streke van die nuwe Suid-Afrika te skrywe.

Die inhoud van onderstaande brief, wat gelykluidend is met die briewe aan die ander premiers, spreek vanself:

Mnr Tokyo Sexwale
Premier PWV-gebied
14de Vloer Simmondsgebou 30
H/v Fox en Simmondsstraat
JOHANNESBURG
2000

13 Junie 1994

Geagte Heer

BELASTING OP KERKLIKE, WELSYNS- EN SKOOLEIENDOM

1. Die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie (BRKA) van die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) het kennis geneem van die aanbevelings van 'n koördinerende raad t.o.v. bogemelde aangeleentheid. Vanweë 'n reëling deur die vorige regering het die APK en ook sekere ander kerke nie self inspraak gehad by die betrokke Werkkomitee wat die verslag opgestel het nie.
2. Die BRKA kan hom nie sonder meer vereenselwig met die aanbevelings van die koördinerende raad nie. Ons distansieer ons ook van dié kerkgroepe wat die beginsel steun dat alle eiendom belasbaar is en dat hulp-toekennings in die verband gemaak behoort te word.

3. Ons steun eerder die standpunt van die ander godsdienstige instellings, naamlik die Rooms Katolieke, Anglikaanse, Metodiste en Presbiteriaanse kerke, die United Congregational Churches of South Africa, die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk en ander godsdienstige groepe wat volgens die verslag gemeen het dat grond wat vir doeleindes van openbare aanbidding gebruik word, vrygestel behoort te word van eiendomsbelasting.
4. Daarom verskil ons van die aanbeveling van die koördinerende raad dat kerke ingedeel word by die kategorie van "instansies wat volle eiendomsbelasting moet betaal maar waarvoor daar voorsiening gemaak moet word dat 'n plaaslike owerheid 'n hulptoekenning gelykstaande aan die eiendomsbelasting aan die instansies moet maak."
5. Ons meen dat kerklike eiendom in beginsel van belasting vrygestel behoort te word. Ons pleit dat dit sal geld t.o.v. die kerklike eiendom wat soos volg in die aanbevelings gedefinieer word:

"onroerende eiendom van 'n godsdienstige instelling wat eksklusief gebruik word vir die doel van openbare aanbidding, of openbare aktiwiteite, naamlik enige maatskaplike of godsdienstige werksaamhede insluitend barmhartigheds- en/of liefdadigheds-werk of onderwys of eie administrasie."
6. So 'n reëling sal 'n massa duur administrasie vir die betrokke owerhede uitskakel, terwyl daar in elk geval geen belastinginkomste uit die bronne gegenereer word volgens die aanbeveling van die koördinerende raad nie.
7. Ons vertrou dat u ons standpunt (wat ook die standpunt van baie duisende kiesers in die godsdienstige groepe verteenwoordig soos vermeld in paragraaf 3 hierbo) gunstig sal oorweeg.

Met agting en seënwense

Wg. DIREKTEUR VAN KERKADMINISTRASIE

18.1 Reaksie

Reaksie is op dié skrywes ontvang vanaf Provinsie Wes-Kaap (waar die saak nog aandag geniet); vanaf die Stad Bloemfontein waar eiendom wat vir doeleindes van aanbidding gebruik word, vrygestel is van belasting; vanaf Kwazulu-Natal waar die saak nog simpatieke aandag geniet.

19. LOSIESVOORSIENING VIR APK STUDENTE BY TERSIËRE INRIGTINGS

Na aanleiding van 'n ernstige behoefte geïdentifiseer deur die BRKA word die volgende aanbeveling voorgelê aan die Sinode:

19.1.2 AANBEVELING

Die Raad vir Kerkadministrasie versoek alle kerkrade in die omgewing van tersiëre inrigtings om ondersoek in te stel na die behoefte aan en haalbaarheid van losiesvoorsiening vir APK-studente.

19.2 Motivering

19.2.1 Verbondsouers wat reeds daartoe oorgaan het om CVO-skole vir die onderrig en opvoeding van hulle kinders op te rig of binnekort daarvoor gaan besluit, kan uit beginsel nooit genoeg neem met die verswaring van ons Universiteite, Teknikons of Onderwyskolleges nie.

19.2.2 Op grond van talle dringende navrae wat in die jongste verlede deur die BRKA ontvang is, word dié versoek aan kerkrade gerig ten einde vas te stel of daar inderdaad behoefte bestaan aan koshuisinwoning vir slegs blanke studente. Die hulp van die BRKA kan moontlik ingeroep word om koördinerend op te tree t.o.v. die ondersoeke.

20. NUWE VAKANSIEDAE

Die BRKA het besluit dat die Sentrale Kerkkantoor op die nuwe amptelike vakansiedae gesluit moet wees. Daarbenewens moet die kantoor ook op Hemelvaartdag wat steeds in APK-geledere as 'n godsdienstige vakansiedag beskou word, gesluit word.

21. OPGRADERING VAN REKENAARSTELSEL IN SENTRALE KERK-KANTOOR

Die BRKA het dit noodsaaklik geag om die rekenaarstelsel in die Sentrale Kerkkantoor op te gradeer en van 'n beperkte netwerkstelsel gebruik te maak ten einde te voorsien in die groeiende behoeftes van die kerkverband.

22. MOONTLIKE VERKOOP VAN BROOKSHUIS

Gesien die hoë standaard van die restourasiewerk aan Brookshuis, en met inagneming van die onderhoudskoste verbonde aan dié gebou, hou die BRKA rekening met die moontlikheid dat Brookshuis dalk teen 'n goeie wins verkoop kan word.

23. TESTAMENTÊRE BEMAKING HM FOURIE

Kennis is ontvang van die prokureursfirma, mnre Beyleveld en Vercueil dat mev HM Fourie oorspronklik in 'n geldige testament R150 000 vir Bybelverspreiding aan die APK bemaak het. In 'n tweede testament wat daarna opgestel is, maar waarvan die geldigheid na die mening van die BRKA ten regte deur ander erfgename betwis word, is die bedrag na R50 000.00 vermindert. Die betrokke prokureur is steeds besig met 'n ondersoek na die aangeleentheid en volgens inligting berus die finale beslissing op die oomblik by die Meester van die Hooggeregshof. Uitspraak is nog nie gelewer nie.

24. TOEKOMS VAN ALIMENTASIEFONDS

Op navraag deur die FK het die BRKA die mening uitgespreek dat die alimentasiefonds uitgebrei behoort te word. Na verwagting kan groot eise in die toekoms aan die fonds gestel word. Tans word die fonds slegs deur die rente op die bedrag belê, aangevul.

24.1 AANBEVELING

Die RKA behou die Alimentasiefonds as sodanig en besluit dat dit vir die huidige slegs uitgebrei word deur die rente-opbrengs daarop en donasies wat vir die doel ontvang word.

Motivering

- Na verwagting sal die nood onder behoeftige lidmate mettertyd toeneem, en waar 'n gemeente se vermoëns om alimentasie te verleen deur die behoeftes oorskry word, kan 'n aansoek om hulp uit dié Fonds deur die kerkraad aan die Kommissie vir Barmhartighheidsdiens gerig word.
- Gesien die feit dat daar nie onmiddellik sodanige nood is nie, en daar binne 2 jaar weer 'n sinode/RKA vergader, word nie op die oomblik drastiese pogings aangewend om die Alimentasiefonds te versterk nie.

25. WERKSAAMHEDE VAN DIE EIENDOMSKOMITEE

25.1 Vergaderings

Die komitee het gereeld vergader en alle aspekte i.v.m. bouwerk en eiendom deeglik bespreek en die nodige toesig en beplanning gedoen. Van alle werksaamhede is gereeld skriftelik aan die BRKA verslag gedoen.

25.2 Wyse van werksaamhede

Na die vorige sinode in 1993 het ds. Rautenbach self met behulp van 'n bouspan en ander

vakmanne verantwoordelikheid geneem vir die bouwerk om op dié wyse die meeste te bespaar. Aankope is dan ook hoofsaaklik gedoen deur ds. Rautenbach wat later i.v.m. aankope bygestaan is deur mnre. Leon Retief en CJ de la Rey. Vir bepaalde werk en aankope soos bv. die alarmstelsel, meubels ens. is gereeld kwotasies gevra en oorweeg. Op die wyse is baie geld bespaar.

25.3 Eiendom

Die BRKA besit die volgende eiendomme wat voortdurend aandag van die Eiendomskomitee geniet: Brookshuis (Administratiewe Sentrum), terrein en historiese kapel; die Argiefgebou: die Boekwinkel waar ook boekvoorrade van die Publikasiekommissie bewaar word en versendingswerk gedoen word; die Opsigterswoonstel; die Teologiese Skool; die Jeugtuiste en Vaalterrein.

Al die eiendom is in Pretoria behalwe Vaalterrein wat enkele kilometers van Parys af geleë is.

25.3.1 Brookshuisgebou

In die verslagtyd is Brookshuis steeds verder gerestoureer en alle onafgehandelde restourasiewerk is afgehandel. Kantore moes ook verder ingerig word vir ekstra personeel. Ernstige aandag is gegee aan die opgradering van die elektrisiteitsvoorsiening en die opgradering van ons rekenaarstelsel aangesien die vorige stelsel totaal verouderd en ondoelmatig geraak het.

Rekenaars is nou in 'n gedeeltelike netwerk gekoppel, sodat baie man-ure gespaar kan word. Die ou rekenaars is per tender verkoop.

Die Eiendomskomitee het ook kennis geneem dat daar vanaf sommige gemeentes beweer is dat daar onnodig luuks gewerk word in Brookshuis. Die bewering is nie korrek nie en kan feitlik as verkeerd bewys word. Brookshuis se pragtige afwerking is nie nuut gedoen of vervaardig nie, maar harde werk van studente, vrywilligers en werkers het gehelp om die ou historiese luukse afwerking weer bloot te lê vir die nageslag. Daarvan het die vorige sinode reeds kennis geneem en daarvoor besluite geneem. Nuwe aankope die afgelope twee jaar het slegs die nodigste ingesluit en moeite is gedoen om die gebou in 'n netjiese toestand te hou. Meubels is oordeelkundig aangekoop, meestal van soliede hout wat 'n onbepaalde leeftyd het, en steeds hulle waarde sal behou. Volgens mededeling van 'n fabrikant is die huidige prys van soortgelyke meubels meer as drie keer soveel as wat die BRKA daarvoor

betaal het. Brookshuis beskik tans oor die volgende lokale:

- 1 Elf kantore
- 2 Twee liasseerkantore
- 3 Drie ontvangsareas
- 4 Kluiskamer
- 5 Die nodige toiletgeriewe
- 6 'n Eetkamer (Kan ook as vergaderlokaal dien)
- 7 Twee vergaderlokale
- 8 'n Kombuis en spens
- 9 Twee buitestoepe

25.3.2 Brookshuisterrein

Moeite is gedoen om die terrein in 'n uiters netjiese toestand te hou. Op die terrein is daar ook die ou kerkie wat omskep is in 'n kantoor sonder om die ou kerkatmosfeer te skend. 'n Klein pakkamer en 'n klein werkskamer is ingerig vir die terreinopsigter en faktotum. Die geboue en terrein is ook nou volledig gerestoureer en afgehandel, asook die muuromheinings wat volgens voorskrifte van die Stadsraad en Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede herstel en waar nodig van nuutsaf opgerig is. Met die bure moes deurgaans onderhandel word. Die twee geplaveide parkeerterreine is ook nou in bruikbare en uiters netjiese toestand gebring, terwyl spesiale aandag gegee is aan die veilige beheer van hekke en veiligheidstoerusting.

25.3.3 Argief

Die argief is in die verslagtydperk voltooi en pas aan by die boustyl en voorkoms van Brookshuis. Die werk aan die gebou is voortdurend vertraag, omdat na besparing gekyk moes word en veral vanweë die feit dat die onvoltooide gebou as bergplek gebruik is omdat daar nie genoeg ruimte op ons terrein was vir los eiendom nie. Dié probleme asook waterdigtingsprobleme is opgelos en ons besit tans 'n doelmatige en 'n netjiese argief wat voorsiening maak vir twee kantore, bergingsruimte en toilet. Spesiale aandag is gegee aan beligting wat argiefmateriaal nie beskadig nie, en aan die vogtigheidsinhoud van die gebou. Die gebou is netjies afgewerk.

25.3.4 Boekwinkel

Die gebou wat eers bekendgestaan het as die Versendingsgebou is ook in die verslagtydperk verbeter om vir die bepaalde behoeftes voorsiening te maak. Na al die werk afgehandel is, bestaan die gebou nou uit 'n groot en 'n klein kantoor vir personeel, 'n groot versendingsruimte, 'n groot boekebergingsruimte (wat alreeds te klein word), 'n toilet en klein teekom-buis. Die gebou moes ook volgens opdragte van die stadsraad en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede afgewerk word.

25.3.5 Woonstel

Die woonstel moes nog aandag ontvang na die vorige sinodesitting, maar is nou volledig nagesien en afgewerk. Spesiale aandag moes gegee word aan die kombuisvloer. Die woonstel word bewoon en is 'n doelmatige en noodsaaklike gebou. Die woonstel bestaan uit twee slaapkamers, een en 'n half badkamer, eetkamer, kombuis en sitkamer.

25.3.6 Teologiese Skool

In die verslagtyd is ernstig aandag gegee aan die opgradering van dié gebou en ameublement om dit so doelmatig as moontlik te maak vir die opleiding van ons studente. Die biblioteek is voltooi en die gebou is volledig gemeubileer. Die Teologiese Skool bestaan uit vier lesingsale waarvan een ook as eetlokaal en 'n ander aansluitend by die biblioteek as leeskamer gebruik kan word. Die biblioteek is goed toegerus met al die nodige rakke, en daar is ook twee klein lokale vir spesiale boeke en leeswerk. Daar is vyf kantore vir die doserende personeel (insluitend die Rektor se kantoor) en 'n kantoor vir die Registrateur asook 'n mooi netjiese ontvangslokaal. Dan is daar ook die nodige kombuis en toiletgeriewe. Aan 'n uiters noodsaaklik behoefte is voldoen met die oprig van 'n stoorkamer op die terrein van die Teologiese Skool vir alle los eiendom van die kerk wat geberg moet word. Die gebou en terrein is in 'n netjiese toestand gebring en alle hekke en omheinings is veilig gemaak deur afstandbeheer. Veiligheidsmaatreëls is ook hier afgehandel.

25.3.7 Jeugtuiste

In opdrag van die BRKA is die Jeugtuiste vergroot en toegerus om deur die opname van meer inwoners die Jeugtuiste lewensvatbaar te maak. Spesiale aandag is gegee aan die nodige beveiliging van die plek en higiëniese toestand van die kombuisgeriewe. Die Jeugtuiste kan nou tot 24 inwoners huisves en bestaan uit

23 woonvertrekke

Een goed toegeruste kombuis

Een eetsaal

Twee sitkamers waarvan een ook gebruik kan word as uitbreiding vir die eetsaal

Die nodige badkamer- en toiletgeriewe

'n Swembad

'n Amfiteater (versinkte buiteseitplekke wat voorheen bestaan het en slegs gerestoureer is)

Een-en-twintig geplaveide parkeerplekke

Die gebou en terrein is nou netjies afgewerk en die BRKA sal deurlopend aandag moet gee om die gebou doeltreffend te hou in die toekoms.

25.3.8 Vaalterrein

Aan die terrein self is geen aandag gegee deur die Eiendomskomitee nie, aangesien die toekoms en gebruiksmoontlikhede van die terrein onseker is. Aandag is ook gegee aan die moontlike verkoop van die terrein, maar daar kon nie daarmee gevorder word nie.

25.4 Sekuriteit

Die Eiendomskomitee het deurgaans aandag gegee aan die nodige sekuriteit en versekering van ons geboue. By die Jeugtuiste en Teologiese Skool is behalwe vir die hoë doelmatige omheining ook van lemmetjiesdraad gebruik gemaak vir beveiliging. Al die geboue is voorsien met 'n deeglike alarmstelsel en rookverklidders. Buitebeligting vir al die geboue is ook

voorsien, asook hekke wat elektronies beheer word. Dan is daar ook voorsiening gemaak vir 'n radioverbindingstelsel tussen al die geboue en die reaksiemag van Pretoria-Oos stadsgebied. 'n Handradioverbinding tussen die geboue en amptenare maak ook voorsiening vir die maklike opspoor van personeel en veiligheid van personeel en inwoners. Die stelsels word gereeld nagesien en waar nodig opgegradeer.

25.5 Waarde van eiendom**25.5.1 Kosprys en verbeterings**

Volgens die geouditeerde finansiële jaarstate was die totale kosprys van die vaste eiendom op 31 Desember 1994 soos volg:

	AANKOOPKOSTE	VERBETERINGS SEDERT AANKOOP	TOTALE KOSPRYS
	R	R	R
BROOKSHUIS	1 528 466	1 211 064	2 739 530
TEOLOGIESE SKOOL	227 083	186 770	413 853
JEUGTUISTE	432 117	283 938	716 055
	2 187 666	1 681 772	3 869 438

Die eiendom is onbeswaar.

25.5.2 Markwaarde

'n Amptelike waardasie wat in Mei 1995 gemaak is, toon dat die markwaarde van die eiendomme R7 000 000 is en soos volg saamgestel is:

	R
Brookshuis	4 000 000
Teologiese Skool	1 500 000
Jeugtuiste	1 500 000

25.5.3 Versekeringswaarde van geboue (terrein en liggingswaarde is uitgesluit)

Die geboue is verseker vir R4 957 000, soos volg bereken:

	R
Brookshuis (Hoofgebou)	2 300 000
Opsigtershuis	185 000
Boekwinkel	173 000
Argief	190 000
Kerkie	19 000
	2 867 000
Teologiese Skool	1 090 000
Jeugtuiste	1 000 000
	4 957 000

Die inhoud van die geboue is ook voldoende verseker. Daar is SASRIA-dekking op die geboue en inhoud van die geboue teen onluste.

25.5.4 Huurwaarde

Indien die geboue gehuur sou word, sou die huurgeld, volgens die amptelike waardeerder, soos volg bereken kon word:

	OPPERVLAKTE IN M2	HUUR PER M2 PER MAAND	TOTALE HURGELD PER MAAND
		R	R
BROOKSHUIS (HOOFGEBOU)	805	30	24 150
OPSIGTERSHUIS	115	—	1 500
BOEKWINKEL	111	20	2 220
ARGIEF	125	20	2 500
KERKIE	15	20	300
TEOLOGIESE SKOOL	642	25	16 050
JEUGTUISTE	571	—	8 300
(22 × R350 + 2 × R300)			<u>55 020</u>

Met 'n huurwaarde van R55 020 per maand en 'n totale belegging in die eiendomme van R3 869 438 beteken dit dat die belegging in die eiendomme 'n opbrengs lewer van (R55 020 x 12/R3 869 438) 17% per jaar, wat buitengewoon goed is.

25.5.5 Gevolgtrekking

Die voorgaande ontledings toon dat die kapitale uitgawes aan eiendomme baie oordeelkundig geskied het en 'n goeie belegging verteenwoordig. Die nodige ruimte vir die Sentrale Kerkkantoor, Teologiese Skool en Jeugtuiste is voorsien sonder die onvermydelike risiko dat huurgelde verhoog kan word of gehuurde eiendomme verkoop kan word wat groot ontwrigting en gepaardgaande bykomende koste meebring. 'n Verdere finansiële voordeel is dat kapitale groei as gevolg van verhoogde inflasie die Raad vir Kerkadministrasie toekom.

Danksy die verstandige besluit van die Sinode dat die eiendomme aangekoop kon word deur interne lenings, kon die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie daarin slaag om die vaste eiendom aan te koop en te verbeter sonder enige rentebetelings.

26. WERKSAMHEDE VAN DIE BEHEERRAAD VAN DIE JEUGTUISTE

26.1 Vergaderings

In opdrag van die BRKA het die Beheerraad gemiddeld elke maand 'n vergadering gehou en by elke BRKA-vergadering verslag gedoen.

26.2 Huiskomitee

Die inwoners het self hul Huiskomitee aangewys met bepaalde magte wat uitstekend gewerk het. Nadat die Spysenier, wat ook huisvader was, se pligte verlig is en die "huisvadermagte" ook aan die Huiskomitee oorgedra is,

het die dissipline en hantering van inwoners steeds verbeter. Die Huiskomitee moes by elke vergadering van die Beheerraad verslag doen.

26.3 Ruimte

Die Jeugtuiste kon met die vorige sinode slegs 13 inwoners huisves. Dit het al gou duidelik geword dat dit dan nie lewensvatbaar is nie, veral as daar gebruik gemaak word van 'n voltydse spysenier. Dringend is die BRKA toe versoek om aandag daaraan te gee en die BRKA het dit aan die Eiendomskomitee opgedra om die nodige uitbreiding te voorsien. Die APK Pretoria-Sentraal (wat toe 'n kantoor en voorportaal van die Jeugtuiste beset het) is daarop kennis gegee om die ruimte af te staan vir woonkamers. Die ruimte is toe omskep in drie vertrekke vir inwoners. Die een sitkamer is ook verdeel en vergroot om nog 'n slaapkamer te voorsien en vyf ekstra kamers is aangebou. Dit het die ruimte gebied vir 22 inwoners wat dadelik die Jeugtuiste lewensvatbaar gemaak het. Met die besluit van die BRKA om die spysenier nie meer inwonend te maak nie, is daar nog twee vertrekke vir inwoners beskikbaar gemaak. Dit het die inwonertal nou op 24 te staan gebring. Die inwoners het dan ook nou 'n trots ontwikkel op die tuiste wat netjies gehou word deur hulle self.

26.4 Keuring

Die Beheerraad het die afgelope twee jaar streng keuring toegepas t.o.v. die toelating van inwoners. Daar is gebly by die reëls soos deur die sinode vasgestel, nl. dat toelating geskied volgens voorkeurlys t.w.

- a Teologiese studente van die APK
- b Admissiestudente van die APK
- c Voltydse studente van die APK
- d Deeltydse studente van die APK
- e Werkende jongmense van die APK.

Dit is duidelik dat die Jeugtuiste al hoe meer

aan sy doel beantwoord deurdat dit vinnig ontwikkel in 'n inrigting vir manlike Teologiese en Admissiestudente van die APK. Tans is daar nog 'n paar voltydse studente van die APK wat ander studierigtings volg.

Dames is ook oorspronklik toegelaat, maar dit het 'n groot las gelaat op die BRKA, Beheerraad en Huiskomitee. Daar moes bv. vir aparte badkamergeriewe (wat onvoldoende was) voorsiening gemaak word. As gevolg van logistieke probleme en ongelukkige voorvalle in die Jeugtuiste, is toe in 1994 deur die BRKA besluit dat dames aan die einde van 1994 die tuiste moet ontruim. Die APK Pretoria-Oos sou help om die dames te huisves, maar al die dames het betyds eie huisvesting verkry. Dit het gou geblyk 'n wyse stap te wees, aangesien die beheer oor die Jeugtuiste drasties verbeter het. Keuring maak dus nou slegs voorsiening vir mansstudente.

Met die keuring van studente word alle reëls en regulasies aan studente voorgelê.

26.5 Konstitusie, algemene bepalinge en huisreëls

'n Deeglike konstitusie is deur die BRKA goedgekeur asook 'n dokument met algemene bepalinge en huisreëls. Op die wyse word deeglik orde gehandhaaf sonder om inwoners onnodig te beperk. Inwoners het deur die Huiskomitee 'n ope toegang tot die Beheerraad om enige saak van belang vir hulle voor die Beheerraad te lê.

26.6 Grieweprosedure, dissiplinêre kode en appèlprosedure

Dit het na die probleme voor die vorige Sinode duidelik geword dat inwoners 'n weg moet hê om griewe te lug en dat die nodige kode vir dissipline moet bestaan wat dan uitgevoer moet word deur die Huiskomitee, Beheerraad en BRKA. 'n Deeglik saamgestelde Grieweprosedure, Dissiplinêre kode en Appèlprosedure is deur die BRKA goedgekeur, nadat ook die inwoners inspraak gehad het in die opstel daarvan. Hierdie metode van werk het goeie vrugte opgelewer sodat studente rustig hulle werk kan doen en daar nog genoeg ruimte is vir ontspanning en jolyt.

26.7 Spysenier

Dit het gou duidelik geword dat die Jeugtuiste deeglike spyseniering benodig. Die BRKA het dan ook die nood besef en 'n voltydse spysenier en huisvader in die persoon van mnr. Johan Pretorius in Februarie 1994 aangestel. Deeglike en gebalanseerde diëte is uitgewerk en die voedsel was van uiters hoogstaande

gehalte. Omdat die werkklas te hoog geword het, is die pligte van huisvader later van mnr. Pretorius weggeneem en aan die Huiskomitee oorgedra. 'n Spyseniersassistent is deelyds in diens geneem wat ook gehelp het met opruimingswerk en skoonmaakwerk. Mnr. Pretorius het egter gesondheidsprobleme ontwikkel en ander faktore het meegehelp dat hy in Februarie 1995 bedank het. Hy het egter aangebied om tot einde Junie 1995 die werk voort te sit totdat 'n nuwe aanstelling gemaak kan word. Alle etes word gereeld voorsien en dan is ook toegestem dat daar ses tafelloseerders onder bepaalde reëls by die Jeugtuiste kan eet.

26.8 Huisgelde en finansies

By die vasstelling van huisgelde het die Beheerraad enersyds die opdrag van die BRKA, dat die Jeugtuiste finansiële selfversorgend moet wees, in gedagte gehou, maar andersyds ook rekening gehou met losiesgelde vir soortgelyke huisvesting.

Vir 1995 is die losiesgeld vasgestel op R6960 per jaar per inwoner, waarvan R4200 per enkelkamer is en R2760 vir etes. Vir die dubbelkamer betaal die twee studente elk R3600.

Na raming sal die inkomste vir huisvesting vir die jaar soos volg wees:

	R
Inkomste	99 600
(22 × R4 200 plus 2 × R3 600)	
Min: Uitgawes	42 100
Instandhouding	10 000
Skoonmaakmiddels	2 500
Munisipale koste	26 000
Telefoon	1 200
Reiskoste	2 400
Oorskot inkomste oorgedra na BRKA	57 500

Die totale kosprys van die Jeugtuiste is R716 055. Met 'n oorskot inkomste van R57 500 beteken dit dat 'n opbrengs van (R57 500/716 055) 8% per jaar op die kapitale belegging in die Jeugtuiste verdien word, wat hoër is as die 7% wat deur die Finansiële Kommissie as mikpunt aanbeveel is.

Die etegeld van R2 760 per inwoner vir die jaar sal na berekening voldoende wees om vir die spyseniering te betaal.

26.9 AANBEVELINGS

26.9.1 Die RKA spreek sy dank en waardering uit teenoor ds NJ Rautenbach onder wie se leiding die eiendom van die RKA op 'n baie

besondere wyse gerestoureer of nuut opgerig is en op voortreflike wyse in stand gehou word.

26.9.2 Die RKA is in besonder dankbaar teenoor ds Rautenbach, die Eiendomskomitee en die Beheerraad vir die wyse waarop die Jeugtuiste uitgebou en omskep is tot 'n ekonomiese onderneming, veral in die lig van die feit dat die vroeëre toestand en bedryf van die inrigting die vorige vergadering van die RKA gedwing het tot oorweging van die verkoop daarvan (vgl. Handelingte Sesde Sinode, bl. 260).

27. KORREKSIE IN REGLEMENT VAN RKA

Sedert die konstitusie van die RKA opgestel is, is die woord "verbond" as uitdrukking van die verhouding tussen die kerke uit die artikels van die Kerkorde verwyder ten gunste van die woord "verband."

27.1 AANBEVELING

Die RKA vervang die woord "verbond" oral waar dit in sy Reglement voorkom, met die woord "verband" om sodoende die Reglement in ooreenstemming met die Kerkorde, en in besonder met Art. 65 te bring. In gevalle waar "verbond" as alternatief naas "verband" gebruik is, word "verbond" verwyder.

28. BYDRAES AAN KAAPSE MEDIESE PLAN VIR DS CN COETZEE

Ds CN Coetzee het enkele jare gelede ongeskik geraak vir voltydse diens as leraar, en ontvang sedertdien 'n ongeskiktheidstoelae. In die tydperk was hy verplig om self sy ledegeld deur die BRKA aan die Kaapse Mediese Plan te betaal. Hy was egter nie daartoe in staat nie. Sy ongeskiktheidstoelae is volgens die reëls van die Pensioenfonds vasgestel op 75% van sy werklike traktement ten tye van sy uitdienstreding, en die traktement was op daardie stadium ook benede die aanbevole kerf. Die BRKA het egter voortgegaan om sy ledegeld oor te betaal omdat dié mediese dekking vir hom noodsaaklik is. Daar is gepoog om met die Ring van Benoni te onderhandel om sy ledegeld te betaal, en enkele gemeentes het wel vir 'n beperkte tyd bydraes daarvoor gestuur.

Daar is reeds op 9/7/1993 'n bedrag wat vir ds Coetzee oorbetal is, en nie verhaal kon word nie, afgeskryf. Sedertdien het tot en met die maand Mei 1995 'n verdere bedrag van R9641.80 opgehoop wat oorbetal is aan die Kaapse Mediese Plan, maar wat nie verhaal kon word nie. Die BRKA het nogtans besluit om voort te gaan met betaling van die ledegeld van

ds CN Coetzee, ten spyte van sy versoek dat sy lidmaatskap maar beëindig moet word omdat hy nie die ledegeld kan bekostig nie. Dit blyk ook dat hy nie by 'n ander mediese skema dekking vir sy mediese koste ten opsigte van sy mediese probleem wat hom vir diens ongeskik maak, kan kry nie.

28.1 AANBEVELING

Die RKA onderneem om die ledegeld van ds CN Coetzee t.o.v. die mediese skema waarby die APK ingeskakel is, hetsy die huidige of 'n voordeliger skema waarby ook ds Coetzee vir sy ongeskiktheidsprobleme dekking kan kry, lewenslank vir hom te betaal.

29. KONTRAKTUELE GEBONDENHEID VAN KERKRADE AAN SINODE/RKA M.B.T. 15% BYDRAES, BYDRAES AAN KAAPSE MEDIESE PLAN EN PENSIOENFONDS

Die BRKA ontvang voortdurend briewe van kerkrade en/of leraars wat ten opsigte van bg. sake 'n eie koers wil kies.

29.1 AANBEVELINGS

29.1.1 Die RKA bring dit onder aandag van kerkrade dat vanweë die akkoord wat die Afrikaanse Protestantse kerke met mekaar het, soos uitgedruk in die Kerkorde en sinodebesluite, kerkrade en leraars regtens gebonde is aan die Kerkorde en sinodebesluite.

29.1.2 Die RKA bring dit voorts onder aandag van kerkrade dat die RKA kontraktueel gebonde staan teenoor alle leraars wat ten tye van hulle oorkoms vanuit ander kerke na die APK, 'n mediese skema aangebied is met bepaalde voordele. Dié voordele, veral in die geval van ouer leraars of leraars met kroniese ongesteldhede, kan nie maar sonder meer in gedrang gebring word deur oorskakeling na 'n skema wat, hoewel goedkoper vir jonger en gesonder leraars, nie dieselfde of beter voordele vir die ouer of sieklike leraar bied nie. Die huidige voordele is beding as 'n pakket waartoe alle leraars moet behoort. Daarom kan 'n besluit om oor te skakel na 'n ander skema nie ligtelik geneem word nie.

30. BESKRYWINGSPUNTE

30.1 Ring van Klerksdorp: Alternatiewe mediese fonds

Die Sinode gee opdrag aan die BRKA om spoedeisend aandag te verleen aan die vind van 'n alternatiewe mediese fonds vir sy leraars en amptenary.

Motivering

1. Die ledegelde van die huidige mediese fonds onrusbarend gestyg het in die afgelepe twee jaar.
2. Die Kaapse Mediese Plan nie naastenby die lidgetalle het van ander meer gevestigde mediese skemas nie, en gevolglik nie in staat is om groot mediese eise gemaklik te absorbeer nie.
3. Kerkrade en leraars van gemeentes nie meer kan tred hou met die eskalاسie van lidgelde in die huidige ekonomiese klimaat nie.

en

30.2 Ring van Olifantshoek: Goedkoper mediese fonds

Die Sinode besluit om 'n goedkoper mediese skema vir predikante goed te keur.

- ★ Terugbetaling van gelde aan lede wat lae eise het, soos sommige ander Mediese Skemas wel doen.
- ★ Dat lede van die Mediese Fonds jaarliks 'n bedrag mediese bydraes by Aptekers kan eis, sonder 'n voorskrif van 'n dokter om so-doende onnodige hoë konsultasiekostes uit te skakel.
- ★ Dat Finansiële Kommissie weereens indringend moet kyk na tarief van die Kaapse Mediese Plan en ook moontlik ander kwotasies by ander maatskappye sal verkry ten einde moontlik te beding vir laer tariewe.
- ★ Die moontlikheid moet ondersoek van 'n eie Mediese plan binne die AP kerke.

Motivering

Die Kaapse Mediese Plan word nou buitensporig duur terwyl daar moontlik goedkoper alternatiewe is.

30.2.1 AANBEVELING

Die RKA neem kennis daarvan dat die BRKA voortdurend aandag skenk aan die moontlikheid van 'n voordeliger mediese skema. 'n Lid van die FK, oudl. BJM Rossouw was ten tye van die opstel van hierdie verslag nog besig met 'n ondersoek, en die uitslag en aanbevelings sal in die aanvullende verslag van die FK aan die Sinode/RKA voorgelê word.

30.3 Ring van Middelburg: Rekenaarprogram vir die APK

Na aanleiding van 'n ernstige behoefte van kerkrade aan 'n rekenaarprogram vir die APK, word die volgende aanbeveling aan die Sinode voorgelê:

Die Sinode besluit om ondersoek in te stel na 'n rekenaarprogram vir gebruik in die Afrikaanse Protestantse Kerke in verband vir die:

- a. daarstel en bedryf van 'n lidmate- en doopregister (met die moontlikheid van drukstukke);
- b. die daarstel en bedryf van 'n doelmatige databasis (met die moontlikheid van drukstukke);
- c. die hou van 'n boekhoudingstelsel volgens aanvaarde kerklike beginsels.

Motivering

Daar is tans 'n hele paar programme in gebruik by gemeentes en van eenvormigheid is daar geen sprake nie. 'n Gekeurde program kan bydra tot 'n beter prys en opleiding en die gebruik daarvan vergemaklik.

30.3.1 AANBEVELING DEUR DIE BRKA

Die RKA dra dit aan die BRKA op om kundiges aan te wys wat 'n eie administratiewe rekenaarprogram vir die Afrikaanse Protestantse Kerk kan skryf.


31. Hiermee vertrou die BRKA dat hy sy werksaamhede tot bevrediging van die RKA hanteer het en bid die RKA seën toe op sy beraadslaginge.

wg. DS NJ RAUTENBACH
VOORSITTER

DS MC ADENDORFF
SEKRETARIS

BYLAE BRKA 1

ORGANOGRAM VAN ADMINISTRASIE IN DIE SENTRALE KERKKANTOOR VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK SOOS GOEDGEKEUR DEUR DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERK-ADMINISTRASIE (BRKA) OP 25 MEI 1994 EN AANGEPAS OP 1/11/94, 8/2/95 EN 29/3/95.



Opmerkings: 1. Dié organogram is 'n uitbreiding van die vorige een deur die BRKA goedgekeur, soos dit voor die Sinode in 1991 gedien het (Sakelys bl. 24, 35, Handeling bl. 287), sonder om die beginsels wat in daardie struktuur vervat is, te versteur.

2. Die pos van Afdelingshoof Publikasies word honorêr deur die Redakteur van "Die Boodskapper" beklee.

3. Stippellyne dui aan dat opdragte nie langs daardie weg gegee kan word sonder oorleg met die gewone administratiewe gesagsorde wat deur ononderbroke verbindingslyne aangedui word nie.

4. Een van die TIKSTERS* behartig die plicte van die TIKSTER (HALFDAG) by die Teologiese Skool.

Bylae BRKA 2

UITSTAANDE 15% BYDRAES VIR 1991, 1992, 1993, 1994 & 1995 AANGEDUI DEUR KRUISIES

LAASTE KWIT. 31981 (28/04/95)

03-May-95

RING	GEMEENTE	JAAR	GESTIG	BELYD LIDM	JAN	FEB	MRT	APR	MEI	JUN	JUL	AUG	SEP	OKT	NOV	DES	AANTAL MAANDE
BEAUFORT-WES	BEAUFORT-WES	'95	1987/08/09	140			X										1
BEAUFORT-WES	LADISMITH	'95	1991/08/28	24			X										1
BENONI	BENONI	'95	1987/09/09	207	X	X	X										3
BENONI	DELMAS	'95	1987/11/15	99	X	X	X										3
BENONI	LEANDRA	'95	1991/08/09	60			X										1
BENONI	SPRINGS	'91	1988/02/22	250											X	X	2
BENONI	SPRINGS	'92	1988/02/22	250		X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	11
BENONI	SPRINGS	'93	1988/02/22	250			X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	10
BENONI	SPRINGS	'94	1988/02/22	250				X	X	X	X						4
BENONI	SPRINGS	'95	1988/02/22	250			X										1
BETHLEHEM	FICKSBURG	'94	1987/10/28	43	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
BETHLEHEM	FICKSBURG	'95	1987/10/28	43	X	X	X										3
BETHLEHEM	LINDLEY	'94	1990/10/21	84		X											1
BETHLEHEM	LINDLEY	'95	1990/10/21	84			X										1
BETHLEHEM	MARQUARD	'95	1987/11/28	67			X										1
BETHLEHEM	PAUL ROUX	'95	1987/10/25	132			X										1
BLOEMFONTEIN	BLOEMFONTEIN	'94	1987/07/12	839								X	X	X	X	X	5
BLOEMFONTEIN	BLOEMFONTEIN	'95	1987/07/12	839	X	X	X										3
BLOEMFONTEIN	BLOEMFONTEIN-NOORD	'95	1990/05/06	428	X	X	X										3
BLOEMFONTEIN	DEALESVILLE	'94	1987/09/27	63										X	X	X	3
BLOEMFONTEIN	DEALESVILLE	'95	1987/09/27	63	X	X	X										3
BLOEMFONTEIN	DEWETSDORP	'95	1988/12/16	124			X										1
BLOEMFONTEIN	ZASTRON	'95	1995/02/19	54		X											1
BRANDFORT	BOSHOF	'92	1987/09/13	50							X						1
BRANDFORT	BOSHOF	'93	1987/09/13	50									X	X			2
BRANDFORT	BULTFONTEIN	'93	1989/09/17	30											X	X	2
BRANDFORT	BULTFONTEIN	'94	1989/09/17	30	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X		11
BRANDFORT	EXCELSIOR	'95	1993/10/17	43		X	X										2
BRANDFORT	THEUNISSEN	'94	1990/02/25	36												X	1
BRANDFORT	THEUNISSEN	'95	1990/02/25	36	X	X	X										3
BRANDFORT	VERKEERDEVLEI	'95	1987/09/13	22		X	X										2
BRANDFORT	WINBURG	'95	1993/05/02	46			X										1
CLANWILLIAM	OLIFANTSRIVIER	'92	1991/07/11	28									X	X			2
CLANWILLIAM	PIKETBERG	'95	1988/02/28	93			X										1
CORNELIA	HEILBRON	'95	1987/08/02	342			X										1
CORNELIA	TWEELING	'94	1987/10/04	14												X	1
CORNELIA	VILUERS	'95	1987/09/06	105			X										1
DE AAR	RICHMOND	'94	1993/11/03	12												X	1
DE AAR	RICHMOND	'95	1993/11/03	12	X	X	X										3
DENDRON	DENDRON	'95	1987/07/26	177			X										1
DENDRON	HOEDSPRUIT	'95	1989/11/26	40		X	X										2
DENDRON	PHALABORWA	'95	1987/07/25	163			X										1
DENDRON	TZANEEN	'95	1987/08/23	224		X	X										2
DERBY	BUHRMANNSDRIF	'94	1987/08/16	159											X		1
DERBY	DERBY	'95	1987/07/04	163			X										1
DERBY	GROOT-MARICO	'95	1987/08/13	79			X										1
ETOSHA	GOBABIS	'92	1992/07/13	2							X	X	X	X	X	X	6
ETOSHA	GOBABIS	'93	1992/07/13	2	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
ETOSHA	GOBABIS	'94	1992/07/13	2	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
ETOSHA	GOBABIS	'95	1992/07/13	2	X	X	X										3
ETOSHA	KEETMANSHOOP	'94	1989/06/04	90											X	X	2
ETOSHA	KEETMANSHOOP	'95	1989/06/04	90	X	X	X										3
ETOSHA	OUTJO	'95	1988/11/20	91			X										1
ETOSHA	WELWITSCHIA	'95	1993/12/05	10			X										1
ETOSHA	WINDHOEK	'92	1989/07/23	84							X	X	X	X	X	X	6
ETOSHA	WINDHOEK	'93	1989/07/23	84	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
ETOSHA	WINDHOEK	'94	1989/07/23	84	X	X	X	X								X	5
ETOSHA	WINDHOEK	'95	1989/07/23	84	X	X	X										3

Bylae BRKA 2

UITSTAANDE 15% BYDRAES VIR 1991, 1992, 1993, 1994 & 1995 AANGEDUI DEUR KRUISIES

LAASTE KWIT. 31981 (28/04/95)

03-May-95

RING	GEMEENTE	JAAR	GESTIG	BELYD LIDM	JAN	FEB	MRT	APR	MEI	JUN	JUL	AUG	SEP	OKT	NOV	DES	AANTAL MAANDE
GERMISTON	BOKSBURG	'91	1988/04/27	179								X	X	X	X	X	5
GERMISTON	BOKSBURG	'92	1988/04/27	179		X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	11
GERMISTON	BOKSBURG	'93	1988/04/27	179	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
GERMISTON	BOKSBURG	'94	1988/04/27	179	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
GERMISTON	BOKSBURG	'95	1988/04/27	179	X	X	X										3
GERMISTON	GERMISTON	'95	1987/08/24	158			X										1
GRANIET	BOTHAVILLE	'95	1989/04/30	104		X	X										2
GRANIET	PARYS	'92	1990/03/25	221	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
GRANIET	PARYS	'93	1990/03/25	221	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
GRANIET	PARYS	'94	1990/03/25	221	X	X	X	X	X	X	X	X					8
GRANIET	PARYS	'95	1990/03/25	221		X	X										2
HEIDELBERG	NIGEL	'95	1987/09/14	237		X	X										2
HENNENMAN	KROONSTAD	'95	1987/11/15	337	X												1
HENNENMAN	ODENDAALSRUS	'94	1991/01/20	44												X	1
HENNENMAN	ODENDAALSRUS	'95	1991/01/20	44	X	X	X										3
HENNENMAN	VIRGINIA	'94	1990/02/25	53			X	X				X	X	X	X	X	7
HENNENMAN	VIRGINIA	'95	1990/02/25	53	X	X	X										3
HENNENMAN	WELKOM	'92	1987/11/13	174											X	X	2
HENNENMAN	WELKOM	'93	1987/11/13	174	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
HENNENMAN	WELKOM	'94	1987/11/13	174	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
HENNENMAN	WELKOM	'95	1987/11/13	174		X	X										2
KLERKSDORP	HARTBEEFONTEIN	'95	1989/05/18	20	X	X	X										3
KLERKSDORP	KLERKSDORP	'95	1987/08/05	415			X										2
KLERKSDORP	LEEUDORINGSTAD	'93	1988/11/09	42		X											1
KLERKSDORP	LEEUDORINGSTAD	'95	1988/11/09	42		X											1
MEMEL	HARRISMITH	'95	1987/07/29	130				X									1
MEMEL	VREDE	'95	1987/07/28	153				X									1
MIDDELBURG	BRONKHORSTSPRUIT	'95	1987/08/27	233				X									1
MIDDELBURG	CULLINAN-RAYTON	'95	1987/09/20	166				X									1
MIDDELBURG	WITBANK	'94	1987/09/23	301									X	X	X	X	4
MIDDELBURG	WITBANK	'95	1987/09/23	301	X	X	X										3
MIGDOL	DELAREYVILLE	'95	1988/08/14	75	X	X	X										3
MIGDOL	MIGDOL	'95	1987/06/29	135				X									1
MIGDOL	SCHWEIZER-RENEKE	'95	1987/09/07	305				X									1
MOOINOOI	BRITS	'93	1987/07/12	320									X	X	X	X	4
MOOINOOI	BRITS	'94	1987/07/12	320	X	X	X	X	X	X	X		X	X	X	X	11
MOOINOOI	BRITS	'95	1987/07/12	320	X	X	X										3
MOOINOOI	NORTHAM	'93	1991/02/17	102	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
MOOINOOI	NORTHAM	'94	1991/02/17	102	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
MOOINOOI	NORTHAM	'95	1991/02/17	102	X	X	X										3
MOOT-SENTRAAL	PRETORIA-OOS	'95	1987/11/08	833				X									1
MOOT-SENTRAAL	PRETORIA-SENTRAAL	'91	1989/02/12	230										X	X		2
MOOT-SENTRAAL	PRETORIA-SENTRAAL	'92	1989/02/12	230	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
MOOT-SENTRAAL	PRETORIA-SENTRAAL	'93	1989/02/12	230									X	X	X	X	4
MOOT-SENTRAAL	PRETORIA-SENTRAAL	'94	1989/02/12	230	X	X	X	X									4
MOOT-SENTRAAL	VERWOERDBURG	'95	1987/07/06	394				X									1
MORGENZON	KRIEL	'92	1991/11/21	32				X	X	X	X	X	X	X			7
MORGENZON	KRIEL	'93	1991/11/21	32							X						2
MORGENZON	KRIEL	'94	1991/11/21	32							X						3
MORGENZON	KRIEL	'95	1991/11/21	32	X	X	X										3
MORGENZON	STANDERTON	'91	1988/05/25	136					X	X	X	X	X	X	X	X	8
MORGENZON	STANDERTON	'92	1988/05/25	136	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
MORGENZON	STANDERTON	'93	1988/05/25	136	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
MORGENZON	STANDERTON	'94	1988/05/25	136	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X		11

Bylae BRKA 2

LAASTE KWIT. 31/08/95

UITSTAANDE 15% BYDRAES VIR 1991, 1992, 1993, 1994 & 1995 AANGEDUI DEUR KRUISIES

03-May-95

RING	GEMEENTE	JAAR	GESTIG	BELYD LIDM	JAN	FEB	MRT	APR	MEI	JUN	JUL	AUG	SEP	OKT	NOV	DES	AANTAL MAANDE
NABOOMSPRUIT	KOEDOESRAND	'94	1987/09/06	18	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
NABOOMSPRUIT	KOEDOESRAND	'95	1987/09/06	18	X	X	X										3
NABOOMSPRUIT	VAALWATER	'94	1991/05/12	66	X		X										2
NABOOMSPRUIT	VAALWATER	'95	1991/05/12	66		X	X										2
NABOOMSPRUIT	WARMBAD	'94	1987/08/09	120							X	X	X	X	X	X	6
NABOOMSPRUIT	WARMBAD	'95	1987/08/09	120			X										1
NELSPRUIT	BARBERTON	'95	1989/09/06	31			X										1
NELSPRUIT	WITRIVIER	'94	1987/11/01	149					X	X	X	X	X	X	X	X	8
NELSPRUIT	WITRIVIER	'95	1987/11/01	149	X	X	X										3
NEWCASTLE	DUNDEE-GLENCOE	'95	1987/10/21	70			X										1
NEWCASTLE	LADYSMITH (ONTBIND 31/8/93)	'93	1988/04/21	13			X	X	X	X	X	X					6
OLIFANTSHOEK	DANIELSKUIL	'95	1990/11/29	19	X	X	X										3
OLIFANTSHOEK	Fontein-Prieska	'95	1988/08/18	49		X											1
OLIFANTSHOEK	GROBLERSHOOP	'95	1987/10/01	40		X	X										2
OLIFANTSHOEK	KURUMAN	'95	1988/02/01	93			X										1
OLIFANTSHOEK	POFADDER	'95	1991/11/29	56		X	X										2
PETRUSBURG	JAGERSFONTEIN/FAURESMTIH	'95	1991/05/05	86			X							X	X	X	4
PETRUSBURG	BETHULIE	'95	1991/07/28	46			X										1
PETRUSBURG	KOFFIEFONTEIN	'92	1992/02/09	41											X	X	2
PETRUSBURG	KOFFIEFONTEIN	'93	1992/02/09	41	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
PETRUSBURG	KOFFIEFONTEIN	'94	1992/02/09	41	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
PETRUSBURG	KOFFIEFONTEIN	'95	1992/02/09	41	X	X	X										3
PETRUSBURG	PETRUSBURG	'93	1987/07/29	55									X	X	X	X	4
POTGIETERSRUS	GROBLERSDAL	'95	1987/08/30	280		X	X										2
POTGIETERSRUS	POTGIETERSRUS	'95	1987/07/12	434			X										1
RIVERSDAL	KNYSNA	'95	1993/06/11	22		X	X										2
RIVERSDAL	MOSSELBAAI	'94	1989/04/02	127												X	1
RIVERSDAL	MOSSELBAAI	'95	1989/04/02	127	X	X	X										3
ROODEPOORT	CARLETONVILLE/WELVERDIEND	'95	1988/01/28	61	X	X	X										3
ROODEPOORT	JOHANNESBURG	'95	1987/08/30	219	X	X	X										3
ROODEPOORT	JOHANNESBURG-SUID	'95	1992/11/29	80			X										1
ROODEPOORT	KRUGERSDORP	'94	1991/02/03	195				X	X	X	X	X	X	X	X	X	9
ROODEPOORT	KRUGERSDORP	'95	1991/02/03	195	X	X	X										3
SOMERSET-OOS	ABERDEEN	'93	1989/11/16	30					X								1
SOMERSET-OOS	ALGOA	'91	1987/09/20	123				X	X	X	X	X	X	X	X	X	8
SOMERSET-OOS	ALGOA	'92	1987/09/20	123	X	X	X	X	X	X	X						7
SOMERSET-OOS	ALGOA	'95	1987/09/20	123			X										1
SOMERSET-OOS	FORT BEAUFORT	'95	1988/06/18	14	X	X	X										3
SOMERSET-OOS	GRAAF-REINET	'95	1988/02/07	21			X										1
SOMERSET-OOS	GRENS	'93	1991/04/06	23			X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	10
SOMERSET-OOS	GRENS	'94	1991/04/06	23	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	12
SOMERSET-OOS	GRENS	'95	1991/04/06	23	X	X	X										3
STELLENBOSCH	TYGERBERG	'95	1987/09/20	185	X	X	X										3
STELLENBOSCH	WORCESTER	'95	1990/11/11	86	X	X	X										3
STEYNSBURG	BARKLY-OOS	'95	1988/04/14	48			X										1
STEYNSBURG	ELLIOT (ONTBIND 16/1/95)	'94	1991/06/09	27												X	1
STEYNSBURG	ELLIOT (ONTBIND 16/1/95)	'95	1991/06/09	27	X												1
STEYNSBURG	VENTERSTAD	'95	1988/08/26	26			X										1
SUIDKUS	RICHARDSBAAI	'95	1993/01/31	57		X	X										2
VEREENIGING	FOCHVILLE	'94	1987/08/13	119			X	X	X	X	X	X	X	X	X	X	10
VEREENIGING	FOCHVILLE	'95	1987/08/13	119	X	X	X										3
VEREENIGING	VANDERBIJLPARK	'94	1987/09/09	256												X	1
VEREENIGING	VANDERBIJLPARK	'95	1987/09/09	256	X	X	X										3
VEREENIGING	ZOAR	'95	1991/04/21	43		X	X										2

657

TEEN 'N GEMIDDELD VAN R

500 PER MAAND IS DIE UITSTAANDE BEDRAG ONGEVEER = 328 500

Bla 3

Verslag van die Kommissie vir die Kerkargief

Dit is die Kommissie se voorreg om soos volg verslag te doen:

1. PERSONEEL

Deur die vorige Sinode saamgestel het die Kommissie bestaan uit ouderlinge AJ van der Nest en GC Gouws met die argivaris as adviserende lid. Die Direkteur vir Kerkadministrasie was elke keer as genooide, adviserende teenwoordig.

2. VERGADERINGS

Twee vergaderings is by die argief gehou (5 Mei 1994 en 26 Januarie 1995) en een telefoonvergadering (28 September 1994).

3. VIR KENNISNAME

3.1 Pos van deeltydse Argivaris

Soos wat die vorige Sinode dit goedgekeur het en daarvoor begroot is, is die pos geskep en vanaf Januarie 1994 gevul. Ds. WM Grové is gesamentlik deur die BRKA en Kommissie vir die Kerkargief, aangestel.

3.2 Die argiefgebou met geriewe en toerusting is in die eerste helfte van 1995 afgehandel. Dit bestaan uit die kluis, twee kantore en 'n toilet. Daar sal deurentyd spaarsaamlik gewerk moet word met die kluis se ruimte. Slegs 405 meter rakspasie is beskikbaar.

3.3 In die museumafdeling is reeds twaalf items. Persone en kerkrade kan gerus maar denkwaardige artikels waarby die hele kerk nou of later belang het, aan die argief besorg vir bewaring.

3.4 Die Sinode moet asseblief daarop let dat enige dokument of item wat aan die argief oorgedra word, hier ten bate van die hele Kerk op koste van die hele Kerk, as **skenking** aanvaar en bewaar word en voortaan besit van die hele Kerk is. Daarom behoort dit nooit weer uit te gaan nie behalwe met spesiale toestemming en reëling vir hoogs uitsonderlike sake en vir 'n baie kort tydperk.

3.4.1 AANBEVELING

Die Sinode onderskryf die beginsel van skenking van argivalia en museumstukke aan die argief as algemene kerklike besit.

3.5 'n Pligstaat vir die Argivaris en ook gebruiksreëls vir die argief is deur hierdie Kom-

missie in samewerking met die BRKA opgestel en goedgekeur. Dit is ter insae vir wie mag belangstel.

3.6 Die opvoedingsaksie waartoe die vorige Sinode 'n opdrag aan u Kommissie gegee het, het aandag gekry – en dit gaan nog aan. Naas omsendbriewe aan kerkraadscribas en ringscribas is 'n reeks van sewe artikels aan “Die Boodskapper” besorg. Dit het verskyn. Na gelang van omstandighede mag nog artikels in die toekoms volg. Weens die afstande en daar nie vir reiskoste begroot is nie, kon die Argivaris slegs die ringsvergadering van Moot-Sentraal te Pretoria in 1994 besoek.

3.7 Op versoek van en in samewerking met die Publikasiekommissie het die Kommissie vir die Kerkargief deel gehad aan die voorbereiding en afronding van 'n nuwe lidmaatregistervorm en 'n kerklike huweliksregister. Ons vertrou dat die hele APK entoesiasies gaan wees oor hierdie twee stukke wat meer nut gaan hê en meer sprankel bring in die administratiewe deel van die kerkwerk.

4. WYSIGING VAN LASGEWING

Motivering

Die veilige en brandvaste bergplek het reeds 'n werklikheid geword en dus kan die Kommissie hom nie meer beywer vir die daarstelling van so 'n plek nie.

4.1 AANBEVELING

Die Sinode wysig lasgewing 5 om te lui: beywer hom vir die instandhouding van die veilige en brandvaste bergplek vir argiefmateriaal.

5. DOOPREGISTER

Motivering

Oor Bepaling 4A het u Kommissie voorheen gewaarsku volgens sy insig. Die ondervinding bevestig dit. Daar heers onsekerheid en selfs verwarring ten opsigte van die drie registers rondom dooplidmate. Indien 'n kerkraad 'n lys van dooplidmate benodig in sy effektiewe gemeentebediening en ook om die interessantheid (vir 'n latere gemeentegeskiedenis) 'n kronologiese doopregister wil hou, staan dit hom vry. Die APK lê juis klem op die selfstandigheid van die plaaslike kerk as volledig Kerk. Vir laasgenoemde twee gebruike is daar geriefliker metodes en hulpmiddels soos die moderne

rekenaar teenoor die geskrewe register in 'n bepaalde vorm. Dit is nie nodig om die saak te reglementeer met 'n kerkorde-voorskrif nie.

5.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om Bepaling 4A soos volg te wysig: Elke kerkraad moet 'n doopregister en 'n lidmaatregister hou. Daarin word elke doopbediening en elke belydende lidmaat in die gemeente, aangeteken. In die geval van afstigting moet die Kerkraad die name van die nuwe gemeente se belydende lidmate na hul eie lidmaatregister oordra en die nuwe gemeente begin met 'n eie doopregister.

6. DATUMSKRYFWYSE

Motivering

Ons sien nie die nodigheid in waarom die internasionale skryfwyse van die nuwe wêreldorde gebruik moet word nie. Na ons mening is die ou skryfwyse logies.

6.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit dat in die APK die amptelike datumskryfwyse dag-maand-jaar bly (byvoorbeeld 09.10.1995).

7. FOTOKOPIE VAN REGISTERS

Motivering

Van die begin af was hierdie Kommissie nie geesdriftig oor die fotokopie van doop- en lidmaatregisters vir die argief nie. Ook hier is wat verwag was bewaarheid, naamlik probleme met kwaliteit en kwantiteit van die afskrifte.

Afgesien van 'n bonte verskeidenheid van tipes en gehalte fotokopieë is die omvang (hoeveelheid papier) 'n probleem. Breë swart strepe, moeilik leesbare skrif, skeef gedrukte kopie, aanmekeer geplakte (gegomde) velle maak baie kopieë onwaardig en die saak van die Here tot oneer. Daar is gemeentes van wie jaarliks 'n nuwe kopie van die **hele** register ontvang word. Dis onmoontlik om dit alles te bêre. Die werk van die Argivaris word onnodiglik vermeerder want nou moet hy die twee afskrifte noukeurig vergelyk en die ouer een vernietig. Soms is daar onverklaarbare verskille wat meebring dat albei (grootliks dupliserende) afskrifte gebêre moet word en onnodige ruimte opgeneem word. Al word ook net elke jaar se nuwe inskrywings gekopieer, is daar op dieselfde blad tog name van die vorige jaar of jare.

Met normale handgeskrewe of getikte afskrif, word albei kante van die registerblad benut. 'n Fotokopie is net een kant van die papier omdat

'n rug-aan-rug kopie moeilik is. Ook dit verdubbel die ruimte wat gebruik word.

AANBEVELINGS

7.1 Die Sinode herroep sy besluit dat doop- en lidmate registers gekopieer mag word om 'n argiefduplikaat te voorsien. Dit word dadelik van krag.

7.2 Gemeenteskribas maak 'n handgeskrewe of getikte afskrif en gebruik albei kante van die registerblad.

7.3 'n Gemeente se eerste afskrif dek die hele register. Daarna word jaarliks slegs nuwe inskrywings vir die betrokke jaar oorgedra op die afskrif vir die argief.

7.4 Wanneer daar by agtereenvolgende alfabetletters nie 'n inskrywing vir die bepaalde jaar is nie, skryf die skriba byvoorbeeld: E tot J geen inskrywing nie.

7.5 Die gewone registerblaai word vir die afskrifte gebruik.

7.6 Elke afskrif dra die naam van die betrokke gemeente.

8. BEGROOT VIR ONTWIKKELING

Motivering

In die argief is reeds dertien kassette (klankopnames) en vier videos. Sonder die gepaste apparaat is hierdie bron ontoeganklik, onbruikbaar. Ons leef in 'n tydsgewrig waar hierdie bron groter word.

8.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om soos volg te begroot:

<i>Besoldiging van die Argivaris</i>	R36 000
<i>Vergaderingskoste</i>	2 000
<i>Liasseerkartonne</i>	3 500
<i>Video oor bewaring en die argief</i>	100
<i>Klankapparaat vir kassette en kompaksywe (CD)</i>	1 000
<i>Videospeler, TV-skerm en klank monitor</i>	7 300
<i>Subsidie vir handleiding vir Skriba/Kassier</i>	

R49 900

9. BESKRYWINGSPUNTE

Oor beskrywingspunte wat na die kommissie verwys is, rapporteer ons soos volg:

9.1 Ring van Middelburg: Rekenaarprogram vir registers, boekhouding en databasis

Die Sinode besluit om ondersoek te doen na

'n rekenaarprogram vir gebruik in die Afrikaanse Protestantse Kerk in verband vir:

- ★ Die daarstel en bedryf van 'n lidmate- en doopregister (met natuurlik die moontlikheid van drukstukke)
- ★ Die daarstel en bedryf van 'n doelmatige databasis (met die moontlikheid van drukstukke)
- ★ Die hou van 'n boekhoudingstelsel volgens aanvaarde kerklike beginsels.

Motivering

- a. Aangesien daar 'n groter-wordende tendens by ons kerk se gemeentes te bespeur is om van rekenaars gebruik te maak vir die behartiging van die gemeentes se administrasie, wat ook die hantering van die lidmate- en doopregisters insluit, sal dit baie goed wees indien die Sinode kan besluit oor 'n rekenaarprogram wat deur al die gemeentes gebruik kan word.
- b. Indien die Sinode hierdie rekenaarprogram sou goedkeur vir algemene gebruik deur al die kerkrade van die kerk, sal dit tot gevolg hê dat die eenvormigheid uiteindelik sal meewerk tot 'n baie hoë standaard van vaartbelyning in die administrasie van die kerk en die gemeentes.
- c. So 'n program sal baie meer bekostigbaar wees aangesien daar met die skrywer van 'n program 'n grootmaataankoopprys beding sal kan word.
- d. 'n Eenvormige boekhoudingstelsel, as deel van so 'n program-pakket, sal eventueel, baie voordele inhou wat betref die gemak van hantering van die geldsake in die gemeentes, die gemak van die hantering van die oorbetalings aan die BRKA (byvoorbeeld), terwyl dit uiteindelik ook besparings tot gevolg kan hê (byvoorbeeld ouditeursgeld).

9.1.1 AANBEVELINGS VAN DIE KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF

9.1.1.1 Die Sinode verwys die ondersoek na en implementering van 'n geskikte rekenaarprogram vir gemeentelike administrasie na die BRKA.

9.1.1.2 Die Sinode keur die gemeentelike gebruik van die rekenaar vir doop- en lidmate-register goed, SLEGS INDIEN aan die volgende vereistes voldoen word:

- a. **Die vorm en opset ten opsigte van kolomme en betrokke gegewens moet dieselfde wees as die registervorms wat in gebruik is.**

b. Die inhoud van die registers moet op datum gehou word soos in die bestaande gedrukte en geskrewe registers.

c. 'n Op datum rekenaardrukstuk moet van die doop- en lidmate-register bygehou word op hoë gehalte papier.

d. Die jaarlikse afskrif vir die Kerkargief moet op die beskikbare, amptelike registerblaaie gemaak en aan die Kerkargief gestuur word volgens geldende reëls daarvoor.

e. Attestate word steeds op die kerkordelike wyse uitgereik met die attestaatvorms wat by die Sentrale Kerkkantoor verkrygbaar is.

9.2 Ring van Lichtenburg: Opmerkings in registers t.o.v. vertrekte lidmate

Die Sinode beveel by skribas van gemeentes aan om, in geval van verdwene lidmate, in hul lidmaat- en doopregister die datum waarop die lidmaat/dooplidmaat verhuis het aan te teken; vermeld ook daarby dat die lidmaat/dooplidmaat nie meer in hul gemeente woon nie. Sulke lidmate/dooplidmate moet by die volgende jaar se statistieke as vertrekte bereken word.

Motivering

Lidmate, wat vertrek, vra nie hulle attestate aan nie en niemand weet waarheen hulle vertrek nie. Hulle kan nie deel van die statistieke bly nie.

9.2.1 AANBEVELING VAN DIE KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF

Die Sinode besluit dat t.o.v. 'n lidmaat wat uit 'n gemeente vertrek, soos volg opgetree word volgens KO. Art. 5.1:

9.2.1.1 In die ouderlingeraad se notule word aangeteken dat die lidmaat op 'n betrokke datum uit die gemeente weg is.

9.2.1.2 Daarná word dieselfde datum en opmerking in die aanmerkingskolom van die lidmate-register agter die betrokke lidmaat se naam aangeteken.

9.2.1.3 Die Skriba van die kerkraad rapporteer ná drie maande aan die ouderlingeraad. Indien die attestaat nie aangevra is nie, verklaar die ouderlingeraad die lidmaatskap verval en kondig dit in die gemeente aan volgens KO. Art. 5.1.

9.2.1.4 Indien een of meer dooplidmaat betrokke is, word die vertrek en vertrekdatum in die doop- en/of dooplidmaatregister aangeteken.

9.3 Beskrywingspunte van die Kommissie

9.3.1 Art. 32: Elke gemeente het 'n kerkraad (Vgl. Art. 33)

Bep. 32A handel oor die kerkraad se magte ten opsigte van eiendom.

9.3.1.1 AANBEVELING

*Die Sinode skep 'n nuwe Bep. 32B wat so lui:
Bep. 32B*

Die kerkraad is verantwoordelik om

- 1. Sinodale besluite ten opsigte van die Sentrale Kerkkantoor na te kom, naamlik maandelikse aanstuur van vorm F1 met die voorgeskrewe geldelike verpligtinge;*

jaarliks via die ringskriba 'n afskrif van die doop- en lidmateregister te stuur, asook die gemeentelike verslagvorm met statistiek en ander gemeentegewens;

ander voorskrifte van ring en Sinode soos van toepassing uit te voer;

- 2. toe te sien dat die gemeenteskriba aan alle kerklike amptelike omsendbriewe die verlangde aandag gee.*

9.3.2 Huidige Bep. 37D lui:

Die voorsitter, skriba en ringskommissie word per groslys met volstrekke meerderheid van stemme, volgens die stemprosedure by die beroeping van 'n predikant of verkiesing van kerkraadslede, gekies.

9.3.2.1 AANBEVELING

Die Sinode voeg by die bestaande bepaling 37D:

Dit is die ringskommissie se plig om seker te maak dat daar gedurig 'n ringskriba is en dat hy sy pligte nakom.

9.3.3 Huidige Bep. 37E lui:

Die ringskriba voer alle besluite en opdragte van die ring uit, behartig korrespondensie, versend alle ringsverslae binne 14 dae na die Sentrale Kerkkantoor vir argiefdoeleindes, voer die toepaslike bepalings van die KO. uit en hanteer alle sake van die ringskommissie.

9.3.3.1 AANBEVELING

Die Sinode herskryf Bep. 37E soos volg:

Pligte van die ringskriba:

- 1. Hy voer alle opdragte van die ring uit;*
- 2. behartig ringskorrespondensie;*
- 3. dra sorg dat alle voorgeskrewe stukke van elke ringsgemeente ontvang is;*

- 4. versend hierdie stukke, die oorspronklike notule van die ring en ringskommissie en alle ringsverslae binne 14 dae ná die ringsvergadering na die Sentrale Kerkkantoor toe vir argiefdoeleindes;*

- 5. voer die toepaslike bepalings van die KO. uit;*

- 6. hanteer alle sake van die ringskommissie.*

9.3.4 Huidige Bep. 37H lui so:

Elke ring oefen kerkvisitasie uit deur 'n verslagvorm wat hy self opstel en/of persoonlike visitasie. Elke ring bepaal watter vrae aan die orde moet kom by die spesifieke visitasiegeleentheid.

9.3.4.1 AANBEVELING

Die Sinode voeg by Bep. 37H:

Die ring sorg dat hierdie verslae saam met die statistieke en ander gemeentegewens van elke ringsgemeente aan die ringskriba gelewer word vir versending na die Sentrale Kerkkantoor toe.

Motivering

Ten opsigte van 9.3.1 tot 9.3.4

- Van die 240 gemeentes het 173 nog nie enige afskrif van doop- en lidmaatregister gestuur nie; 4 het vir 2 jaar gestuur en 10 het net een jaar se afskrif gestuur.
- Van die gemeentelike statistiekvorm vir verpligte voltooiing, is in 1993 deur 110 uit 238 gemeentes niks ingestuur nie en in 1994 het van die 240 gemeentes, 130 versuim om dit te stuur. Dit bring mee dat dikwels – veral met die gereedmaak van die Kerkjaarboek elke jaar – baie man-ure bestee moet word aan telefoonoproepe om inligting te bekom om die Kerkjaarboek se gegewens so bruikbaar moontlik te maak. Dit bring onnodige hoë uitgawe mee en onbillike druk op 'n welwillende en pligsgetroue personeellid wat selfs al in sekere gevalle rondom ses-uur in die oggend op kantoor gekom het om Skribas telefonies te skakel omdat hulle nie gedurende kantoorure geskakel kan word nie. Die SKK vind dit moeilik om uitvoering te gee aan sy lasgewing om globaal oor die statistiek van die APK aan die Sinode verslag te doen, omdat die meerderheid gemeentes nie die statistiekvorms instuur nie.
- Dit blyk dat daar nie, benewens die sydelingse verwysing in die lasgewing van die SKK in die Kerkordeboek, 'n spesifieke reëling is dat kerkrade die vorms moet indien nie, en daar is ook vaagheid oor die vraag

of kerkrade self of die ringskriba die vorms na die Sentrale Kerkkantoor moet stuur.

Dit kom ook voor volgens die ervaring in die argief, asof sommige skribas nie genoeg aandag gee aan omsendbriewe nie. Daarby word talle versoeke ontvang om sekere omsendbriewe weer te stuur omdat die gemeente nie die hand daarop kan lê nie.

Om die leemtes te dek, het die SKK die

Kommissie vir die Kerkargief gevra om die nodige wysigings in die KO. se Bepalinge voor te stel.

10. SLOT

Die Kommissie betuig sy hartlike dank teenoor die Sinode vir welwillendheid ten opsigte van hierdie deel van die kerkwerk.

Ons bid die vergadering seën toe.

AJ VAN DER NEST
VOORSITTER

WM GROVÉ
ADVISEREND SKRIBA

GC GOUWS

Verslag: Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek

1. PERSONEEL

Prof. dr. JC Lombard – Voorsitter
Dr. WA Burger – Skriba
Ds. JA Jacobs
Oudl. AJP Opperman
Ds. JJ Venter het sedert die vorige sinodesitting uit die bediening getree.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het een keer vergader, te wete op 2 Mei 1995 te Bloemfontein.

3. SAKE DEUR VORIGE SINODE VERWYS

3.1 Karate

(Handelinge, Vyfde Sinode, bl. 330, pt. 3.3.1.1; Handelinge, Sesde Sinode, bl. 245, pt. 3.2.1.)

In opdrag van die Sinode is 'n in diepte studie gemaak oor karate. Die opsteller van die verslag is prof. JC Lombard. Die opskrif is: Studieverslag van die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek. Dit word by die verslag aangeheg as Bylae KCE1.

'n Verdere studiestuk oor karate, is aan hierdie kommissie gestuur deur drs. S Botes onder die titel: Karate – gevegskuns of okkultisme? Dit word ook by hierdie verslag bygevoeg as Bylae KCE2.

3.1.1 AANBEVELINGS

3.1.1.1 Die Sinode versoek ouers van ons kerk wie se kinders aan karate deelneem om hulle deeglik te vergewis wat betref die lewens- en wêreldbeskouing van die afrigters en leiers in hierdie sportsoort, om so moontlike verkeerde invloede te weer.

3.1.1.2 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor alle onderwysers en dosente wat die vak Liggaamlike Bewegingskunde vanuit die Christelike grondslag in Bybelse perspektief doseer.

3.1.1.3 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor alle sportleiers en sportbeoefenaars wat hulle taak en hulle spel so beoefen dat dit in ooreenstemming is met die Christelike norme en -lewenstyl.

3.1.1.4 Die Sinode besluit dat ons kerk se profetiese getuigenis oor sport en sportbeoefening

skerper sal deurklink in terme van positiewe leiding benewens ook waarskuwende korrek-tief waar nodig.

3.2 Verassing

(Handelinge, Vyfde Sinode, bl. 331, pt. 3.5.1.1)
(Handelinge, Sesde Sinode, bl. 270, pt. 3.8.1)
'n Werkstuk opgestel deur ds. JA Jacobs van Bainsvlei wat oor verassing handel, word as Bylae KCE3 by hierdie verslag gevoeg.

3.2.1 AANBEVELING

Die Sinode versoek lidmate om die keuse tussen die tradisionele begrafnis en lykverbranding met groot erns te bejeën in die lig van bo genoemde riglyne in God's Woord.

*besluit
Nov. 1995*

4. Nuwe Sake

4.1 Dobbelary

In 'n skrywe van die Direkteur van Kerkadministrasie, is 'n versoek van die kant van die SKK aan die kommissie gerig om 'n brosjure te skryf of in "Die Boodskapper" leiding te gee aan lidmate ten opsigte van ons houding oor dobbelary.

Die kommissie het dr. WA Burger versoek om 'n artikel in "Die Boodskapper" te plaas oor die hele saak van dobbelary en lotery. Die kommissie wil egter ook die volgende aanbevelings maak:

4.1.1 AANBEVELINGS

4.1.1.1 Die Sinode besluit dat daar 'n behoeftebepaling gemaak moet word oor die noodsaak en die effektiwiteit van 'n brosjure oor dobbelary en lotery.

4.1.1.2 Die Sinode oorweeg ook om 'n amptelike standpunt te formuleer rakende die APK-lidmaat en dobbelary.

4.2 Aborsie

Die kommissie het kennis geneem van 'n Memorandum oor Aborsie wat opgestel is deur prof. R Maré op versoek van die SKK.

4.3 Pornografie

Die Direkteur van Kerkadministrasie het 'n afskrif van 'n mediaverklaring oor Pornografie uitgereik deur die Konserwatiewe Party, aan hierdie kommissie gestuur vir aandag.

X

Die voorsitter van die kommissie, prof. JC Lombard, het verskeie instansies en liggame aangemoedig om skriftelik protes aan te teken by die betrokke owerheid oor die wyse waarop pornografiese tydskrifte en uitstallings geduld en toegelaat word.

4.3.1 AANBEVELING

Die Sinode doen 'n beroep op sinodegangers, kerkrade en lidmate om ten sterkste beswaar by die owerheid aan te teken teen 'n kultuur van pornografie wat al hoe sterker ontwikkel en toeneem. Die genoemdes moet in hulle persoonlike lewe ook besliste profetiese getuïenisse lewer en daarteen optree.

4.3.2 Aanskoulike Aanbidding

4.3.2.1 AANBEVELING

Die Sinode dra dit aan die nuwe Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek op om 'n studie te maak van tegnieke soos films en passiespele om die inhoud van die Bybel aanskoulik weer te gee, in die lig van kommerwekkende voorbeelde wat toenemend in dié verband na vore kom.

4.4 Israelvisie of -legende

U kommissie het verskeie oproepe en versoeke ontvang waarin kommer uitgespreek word oor die groei en toename van die beweging, veral onder ons gemeentes se lidmate. Vanweë hulle toenemende aktiwiteite en groter wordende organisasie, word berekende infiltrasieveldtogte geloods in ons gemeentes. Die aanslag vind veral plaas deur middel van uitnodigings en Bybelstudiesessies, konferensies, lektuurverspreiding, en so meer.

Daar is ook toenemende verdagmakery teenoor die bestaande kerke as sou hulle valse kerke wees. Hieronder word ook die AP Kerk geklassifiseer. Daar word ook sterk gebruik gemaak van eertydse lidmate wat hulle lidmaatskap opgesê het, maar wat vanweë vriendskapsbande huidige lidmate beïnvloed om dieselfde weg as hulle te volg.

Volgens inligting wat ons ontvang het moet daar tussen 27 en 30 groeperinge oor die land wees. Hulle verskil in sekere opsigte van mekaar, maar kom tog ooreen wat die kern van hulle leerstelling betref.

Ondersteuners van die Israelgedagte moet gesien word as evangelisasiegevalle oor wie se sieleheil ons diep bekommerd behoort te wees.

4.4.1 AANBEVELING

In die lig van die besluit van die Sinode van 1989 oor Israelvisie, voel die kommissie dat dit

aan die nuwe KKCE opgedra moet word om 'n verdere indringende studie te maak van hierdie dwaling veral met die klem op die verskillende gedagterigtinge en hulle afwyking van die Skrifwaarheid. Dit moet op só 'n wyse gedoen word dat dit ontvanklik en verstaanbaar vir die gewone lidmaat sal wees en moet, as dit moontlik is, in 'n brosjurevorm beskikbaar gestel word.

4.5 Plasing van afgevaardigdes by Permanente Kommissies

4.5.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit dat die tydelike kommissie vir die samestelling van permanente kommissies versoek word om indringend te kyk na die vorms wat deur die afgevaardigdes ingevul moet word met die oog op die belangstelling in bepaalde temas en kommissies. Die kommissie moet hom daarop toespits om lede van die sinode by hulle eintlike belangstellingsveld te plaas.

4.6 Beskrywingspunte

Die kommissie het die volgende beskrywingspunte ontvang:

4.6.1 Ring van Lichtenburg: Voetnota Heidelbergse Kategismus Sondag 22 Vraag 57

Die Sinode 1995 besluit

1. om by 'n eventuele herdruk van die Kerkboek 'n asterisk by die volgende woorde in die Heidelbergse Kategismus Sondag 22 Vraag 57 by te voeg:

“Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou?...”

asook by die antwoord:

... “maar dat ook hierdie vlees van my ...”

en om 'n voetnoot aan te bring wat soos volg lui:

*Die woord “vlees” wat in die vraag en antwoord voorkom moet nie so verstaan word dat dit na 'n vleeslike toestand van die opgestane liggaam verwys asof dit in dieselfde toestand van vleeslikheid voor die graf as daarna sal wees nie. Die bedoeling is dat daar verwys word na 'n onverganklike, verheerlikte liggaam wat deur die krag van Christus opgewek word;

2. dat alle lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerk by die gebruik van hierdie vraag en antwoord, verkieslik die woord “liggaam” in plaas van “vlees” sal gebruik.

Motivering

- a. Die huidige formulering kan misverstaan word.
- b. Met hierdie voetnoot word die inhoud van die vraag en antwoord nie verander nie, maar sodanig verduidelik dat alle misverstande uit die weg geruim word.
- c. Indien 'n wysiging aan die teks van vraag 57 en antwoord aangebring sou word, sal dit die algemeenheid daarvan aantast. Daarom word 'n verhelderende voetnoot aangebring.
- d. In Filippense 1:22 en 24 word die woord "vlees" gebruik om die toestand van die liggaam, voor die graf, te beskryf.

4.6.1.1 AANBEVELING

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

4.6.2 Ring van Lichtenburg: Voetnota by die Apostoliese Geloofsbelydenis

Die Sinode 1995 besluit

1. om by 'n eventuele herdruk van die Kerkboek 'n asterisk by die volgende woorde van die Apostoliese Geloofsbelydenis by te voeg:

"Ek glo aan die opstanding van die vlees.*"

en om 'n voetnoot aan te bring wat soos volg lui:

* Hierdie frase moet nie so verstaan word dat die vleeslike liggaam in die toestand van vlees en bloed soos dit voor afsterwe is, in dieselfde toestand van vleeslikheid opstaan nie. Die bedoeling is dat ek glo aan die opstanding van 'n onverganklike, verheerlikte, geestelike liggaam;

2. dat alle lidmate van die Afrikaanse Protestantse Kerk by die hoorbare beoefening of skryf van die Apostoliese Geloofsbelydenis verkieslik die woord "liggaam" in plaas van "vlees" sal gebruik.

Motivering

- a. Die huidige formulering kan misverstaan word.
- b. Met hierdie voetnoot word die belydenis nie verander nie maar sodanig verduidelik dat alle misverstande uit die weg geruim word.
- c. Indien 'n wysiging in die teks van die Geloofsbelydenis self aangebring word, sal dit die algemeenheid daarvan aantast.
- d. In Filippense 1:22 en 24 word die woord "vlees" gebruik om die toestand van die liggaam voor die graf te beskryf.
- e. Aangesien die Apostoliese Geloofsbelydenis byna elke Sondag in ons gemeentes

gehoor word, sal dit goed wees om die woord "liggaam" te gebruik om misverstande te voorkom.

4.6.2.1 AANBEVELING

Die beskrywingspunt word goedgekeur.

4.6.3 Ring van Lichtenburg: Voetnota by Geloofsbelydenis van Nicea

Die Sinode 1995 besluit om by 'n eventuele herdruk van die Kerkboek 'n asterisk by die volgende woorde van die Geloofsbelydenis van Nicea by te voeg:

"ek bely een doop tot vergifnis van sondes* ..."

en om 'n voetnoot aan te bring wat soos volg lui:

* Hierdie frase moet nie so verstaan word dat die doop sondevergifnis bewerkstellig nie. Die bedoeling is dat ek dáárdie doop bely wat van die vergifnis van sondes deur die bloed van Jesus Christus getuig.

Motivering

- a. Die huidige formulering kan misverstaan word.
- b. Met hierdie voetnoot word die belydenis nie verander nie, maar sodanig verduidelik dat alle misverstande uit die weg geruim word.
- c. Indien 'n wysiging in die teks van die Geloofsbelydenis self aangebring sou word, sal dit die algemeenheid daarvan aantast. Daarom word 'n verhelderende voetnoot aangebring.

4.6.3.1 AANBEVELING

Die beskrywingspunt word goedgekeur.

4.6.4 Ring van Lichtenburg: Voetnota by Artikel 57 Nederlandse Geloofsbelydenis

Die Sinode 1995 besluit om by 'n eventuele herdruk van die Kerkboek 'n asterisk by die woorde van die derde sin van Artikel 37 van die Nederlandse Geloofsbelydenis te voeg:

"... die siele saamgevoeg en verenig met hul eie liggaam waarin hulle geleef het." * ...

en om 'n voetnoot aan te bring wat soos volg lui:

* Hierdie frase moet nie so verstaan word dat hier na die liggaam van vlees en bloed waarin die siel voor die sterwe van die mens geleef het, verwys word nie, maar dat die siele saamgevoeg en verenig word met hul eie onverganklike geestelike liggaam, soos geleer word in 1 Kor. 15:44, 50, 52.

Motivering

- a. Die huidige formulering kan misverstaan word.
- b. Met hierdie voetnoot word die belydenis nie verander nie, maar sodanig verduidelik dat alle misverstande uit die weg geruim word.
- c. Indien 'n wysiging in die teks van die Ge-loofs-belydenis self aangebring sou word, sal dit die algemeenheid daarvan aantast. Daarom word 'n verhelderende voetnoot aangebring.

4.6.4.1 AANBEVELING

Die beskrywingspunt word goedgekeur.

4.6.5 Ring van Stellenbosch: Viering van Kersfees

Die Sinode beveel by Kerkrade en lidmate aan om Kersfees die eerste naweek in **September-maand** te vier. (Motivering agter by Bylae KCE4)

4.6.5.1 Kommentaar

Die kommissie waardeur die deeglike navor-sing oor hierdie aangeleentheid met verrassen-de feite en gesigspunte. Ons stem saam dat die term "Dag van die Here" 'n beter term sou wees as Sondag.

Ons het begrip vir die motiewe wat die beskry-wingspunt ten grondslag lê. Die praktiese be-sware teen die voorgestelde wysiging weeg on-ses insiens swaarder as die voordele, sonder om pragmatisties te raak.

Kerkrade en gemeentede moet aangespoor word om steeds meer en meer te doen om van Kersfees op 25 Desember 'n ware Christusfees te maak, want dit is die hoofsaak.

4.6.5.2 AANBEVELING

Die Sinode besluit dat met die huidige datum vir Kersfees, te wete 25 Desember, volstaan word.

4.6.6 Ring van Bethlehem: Dobbelaar en APK-lidmate

Die Ring van Bethlehem versoek die Sinode om sy amptelike standpunt te formuleer rakende die APK-lidmaat en dobbelaar.

4.6.6.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van die beskry-wingspunt en let op aanbevelings onder 4.1.1 van hierdie verslag.

4.6.7 Ring van Somerset-Oos: Bidure en pers-verklaring oor perversiteit

Die Sinode beveel by Kerkrade aan om by bid-ure te bid ten opsigte van perversiteit en god-delooshede en besluit om 'n persverklaring van hierdie saak te maak en hom ten sterkste daar-teen uit te spreek.

Motivering

Perversiteite en goddelooshede word op TV, radio en in tydskrifte aangeblaas en niemand doen iets daaraan nie. Ons voel dat dit ons Godgegewe roeping is om die duisternis te be-veg ter wille van die eer van God en die heil van die mens.

4.6.7.1 AANBEVELING

Die Sinode neem kennis van hierdie beskry-wingspunt oor perversiteit en goddelooshede. Die Handeling van die vorige twee Sinodes saam met die verslae wat tans voor die Sino-de dien, getuig daarvan dat daar baie aandag gegee word aan die onderhawige saak.

5. Die kommissie verstaan dat hy sy opdrag na behore afgehandel het en bid die Sinode toe die seën van die Here op hierdie sitting.

w.g. PROF JC LOMBARD
(Voorsitter)

w.g. DR WA BURGER
(Skriba)

BYLAE KCE1

Studieverslag van die Kommissie vir Kerkleer en Christelike Etiek oor Karate

Die Sakelys 1993 punt 3.2.1 bl. 88 en die Han-deling 1993 punt 3.2.1 bl. 245 het betrekking.

1. Uitgangspunte en metode

Die opdrag aan die kommissie is om 'n "in diepte studie" van die onderhawige tema te maak. Drs. S Botes het spesifiek met die oog

op die opdrag van die sinode 'n studiestuk in-gehandig onder die datum 1994-07-11 onder die titel: Karate – gevegs-kuns of okkultisme? Hy is nie lid van die kommissie wat in 1993 be-noem is nie, maar het nietemin 'n goeie stu-diestuk gelewer in die lyn van die vorige op-drag van die sinode wat nie voltooi is nie. Dit

word verwelkom as 'n goed verantwoorde en gedokumenteerde studie en aan hierdie verslag toegevoeg.

Die huidige kommissie het nietemin selfstandig met sy studie voortgegaan.

2. Begrensing en doelwitstelling

'n Studie "in diepte" neem nie die feit weg dat vir die opset van 'n sinodale agenda daar begrensing van die omvang streng in ag geneem moet word nie. Daarom is siftend en eklekties gewerk wat betref die uitvoerige detail en veelheid aspekte soos dit in die uitgebreide literatuur oor karate voorkom.

In die lig van die diskussies wat gangbaar is oor karate probeer die kommissie om 'n Christelik-prinsipiële evaluering voor te lê. In die lig van die feit dat selfs gereformeerde Christene in ons land nie eenstemmig is oor karate nie moet 'n objektiewe analise gedoen word maar ook normatief duidelike Christelike riglyne neergelê word. Tans wissel die standpunte onder die Christenbelyers in ons land vanaf flagrante verwerping van karate tot by die beoefening van hierdie ingeburgerde sportsoort sonder Christelike gewetensbe-swaar.

Uiteraard is die teikengebied met die oog op leiding oor hierdie saak eerstens ons eie lidmate.

Wat die praktiese beoefening van karate betref het ons ons toegespits op die situasie hier te lande, sonder om al die variasies van die sportsoort in die besonder te ontleed.

Een van die kernsake wat die aandag moet geniet is in hoeverre karate in die RSA beoefen word onder die invloed en beademing van die Oosters-heidense religie, waaronder die Zen-Boeddhisme. Andersyds moet deeglik vasgestel word of dit hier te lande as onafhanklike sportsoort ontstremgel en geëmansipeer is van die lande van oorsprong, sodat dit te simplisties is om dit subiet as 'n heidense praktyk te verwerp.

3. Die oorsprong van karate

Skrywers hieroor is dit eens dat die ontstaan-geskiedenis daarvan in verskeie opsigte gehul is in legendes en onsekerheid. Ons kan wel aanvaar vanuit die beskikbare getuienis dat dit direkte verband hou met die ontstaan van die Oosterse krygskuns, met name die verdediging teen die aanval van die vyand met liggaamlike weerbaarheid sonder wapens.

Boeddhistiese monnike was verbied om wapens te dra en moes noodgedwonge die beste

van die saak maak. Daar is toe opleiding in selfverdediging georganiseer, veral om teen die ro-wers weerstand te bied.

Bodhidharma, 'n Indiese monnik word deur ou-teurs aanvaar as die man wat in die 6de eeu n.C. in Sjina beland het. Toe hy die swak psi-giese en fisiese toestand van sy leerlinge be-merk het, het hy 'n reeks van 18 oefeninge voor-geskryf om hulle weerstand op te bou. Daarna is bogenoemde oefeninge deur Ch'ueh Yuan Shung-jen tot 170 aanvals- en verdedigingsbe-wegings uitgebrei vanuit die Shaolinskool vir karate.

4. Die rol vanuit die Okinawa-eiland en -koninkryk

Tussen die inwoners van hierdie strategiese eiland en Sjina was om en by die jaar 1400 le-wendige handels- en kulturele betrekkings. Daar is aanduidings dat die Oosterse krygskuns destyds aan die bevolking van Okinawa be-kendgestel is.

Hierdie bloeiende eilandkoninkryk het tot 'n val gekom en tydens die regime van die nuwe di-nastie in 1477 het die nuwe staatshoof 'n streng wapenverbod ingestel. Daarna het Ja-pan Okinawa onderwerp (in 1609) en is weer 'n streng wapenverbod ingestel, met swaar strawwe vir oortreders.

Die belangrike feit in hierdie verband is dat dit gelei het tot die opbloei van die Okinawiese kuns van selfverdediging sonder wapens. Dit is met streng geheimhouding beoefen, juis om-dat die krygskunste ook in 1629 verbied is.

5. Die karatestyl verskyn

Bogenoemde gebeure het gelei tot die ontwik-keling van die karatestyl "te" wat leë hand be-teken, (sonder wapens). Tussen 1784 en 1903 is die woord "te" met karate vervang, en het vandaar na Japan versprei, en is ook amptelik van staatsweë bevorder. Die geheimsinnige be-oefening daarvan is geleidelik opgehef en in 1948 is die Japanese Karate Assosiasie gestig. Daarmee is al die karatestyle onder een sam-breel georganiseer, behalwe vir een groep wat afgeskei het. (Vergelyk ook BA Haines: Kara-te's history and traditions, 3rd Edition, Tokyo).

Karate word sedert 1960 in die RSA beoefen.

6. Betekenis van bogenoemde oorsig

Dit toon ons dat karate ontstaan het vanuit die Oosterse krygskuns uit die nood van bepaal-de omstandighede (veral wapenverbod). Die doelwit was aanval en selfverdediging sonder wapens en die bevordering van liggaamlike en psigiese fiksheid. Hoe ook al omring met die

totaliteit van die Oosterse godsdiens, het dit nie as sodanig in die tempels en as integrale komponent van die heidense kultus ontstaan nie, maar funksioneel as weermiddel.

Ons moet hier bevestigend verwys na S Botes se studiestuk by 4.1.4 Bylae KCE2 wat ons eie oortuiging staaf dat 'n mens nie oorvereenvoudigde en reglynige spronge vanaf Zen-Boeddhisme na karate moet maak nie, veral dan nie binne die Suid-Afrikaanse konteks nie.

Dr. L Herman, belese en ervare praktiese kenner van karate as sportsoort, lewer die volgende uitspraak in sy getuienis (memorandum) aan die kommissie:

"Hier plaaslik (bedoelende binne die Bloemfontein streek – JCL) is ek nie van 'n enkele karateka bewus wat Oosterse mistiek doelbewus by die beoefening van sy sportsoort indra nie."

Hierdie uitspraak is begryplik in die lig van 'n kliniese analise ten opsigte van die opset en doelwit van die sportsoort.

7. Die opset en doelwit van karate

As kuns om jouself te verdedig deur die aanvaller te neutraliseer of 'n aanval af te weer, bevat karate drie basiese elemente, nl. KIHON, KATA EN KOMITE.

Die **Kihon** is die basiese tegniek waarmee aanvalle na die kop, bors, middellyf en laer dele afgeweer word. Die aanvalle bestaan uit verskillende houes, kaphoues en skoppe.

As die Kihon bemeester is, volg die meer gevorderde Kata stadium. Dis 'n meer gevarieerde kombinasie van karatebewegings in 'n vaste volgorde in verskillende rigtings. Dit neem die vorm aan van 'n skyngeveg teen denkbeeldige teenstanders.

R du Plooy stel dit soos volg:

"Kata is 'n reeks vooraf uitgewerkte selfverdedigingstegnieke. Hierdie beweging versterk die karateka se intellektuele vlak, en oefen 'n persoon se voorbereiding vir 'n gevegsituasie, aangesien 'n Kata uit verskillende aanvals- en verdedigingstegnieke bestaan. Kata-oefening slyp die karateka vir 'n moontlike gevegsituasie, amper soos die sogenaamde skaduboks van bokkers." Vergelyk R du Plooy uit "Venster op sport" bl. 256.

Die **Komite** is skermoefeninge om die opponent af te weer, waarin alle tegnieke beheersd en met volle kontrole uitgeoefen word om beserings te voorkom.

"Vier tipes bewegings word deur 'n karateka bemeester: horisontaal, vertikaal (spring, koes),

tol en vibrasie ('ontploff' sonder voorafgaande beweging). Daar word na gestreef om te alle tye liggaamsbeheer toe te pas." Johan Smit, "Venster op sport" bl. 239.

8. Die breek van allerhande voorwerpe

Hier is geen okkulte of magiese kragte ter sprake nie, en die prestasies wat hiermee bereik is, word bevredigend verklaar vanuit elementêre beginsels van die fisika. Vergelyk hier onder andere Johan Smit, "Venster op sport" – bl. 240 en verder. Vergelyk ook Reon du Plooy, aangehaalde werk bl. 259 en verder, ook oor Yin-Yang beginsel, Zanchia (meer gereed).

Prof. Nico Coetzee, hoof van die Departement Menslike Bewegingskunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat bevestig dit as volg: "Karate as sportsoort, en die uitvoering van bewegings is nie sinistêr nie, maar kan biomeganies, fisiologies en selfs psigologies verklaar word. Daar is inherent ook woorde in die beoefening van die bewegings ten opsigte van motoriese, koördinasie en spesifieke fiksheid. Ook met die gestelde doelstellings van onder andere die JKA groep, kon daar nie fout gevind word nie." (JKA – Japanse Karate Assosiasie)

Ons wys daarop dat prof. Coetzee sy vak doos seer konsekwent vanuit die grondslae van die Christelike wetenskapsfilosofie in Bybelse perspektief.

Bogenoemde uitspraak geld ook as verklaring van tegnieke in karate wat soms bevraagteken word naamlik asemhalingstegnieke, gesonde meditasie, pneumatiese energie (Ki) en ander tegnieke reeds genoem.

Die buig in die karatesaal is in beginsel dieselfde as die buig deur 'n sportman of -vrou voor 'n hooggeplaaste (byvoorbeeld Wimbledon) of by gradeplegtigheid of die uitvoerende kunstenaar wat deur die gehoor toegejuig word. Dit is 'n omgangstylvorm.

9. Die Kiai-kreet

Die woord Kiai beteken om te skreeu tydens 'n gekonsentreerde kraguitoefening. Die Oosterling sien die Kiai as die gevolg van die vrystelling van Ki (lewensenergie of krag) terwyl die Westerling dit bloot as kragkreet beskou.

Die fisiologiese aspek daarvan is dat die maagspiere en die diafragma saamtrek sodat 'n hou na die maag nie die karateka se wind kan uitslaan nie. Hierdie skielike sametrekking van die spiere forseer lug uit die longe uit, sodat 'n blaas- of skreegeluid maklik geuit kan word, asook dat die opponent van stryk gebring kan word.

Dit moet in gedagte gehou word dat Kiai geen voorskriftelik term is nie, maar verskillende krete gebruik kan word bv. wha. Vergelyk Monica Selles se tennisuitinge en die rugbyspan se hupstootkreun.

Dit het geen magiese of religieuse konnotasie vir die Christen wat karate beoefen nie, net so min as wat die All-Blacks se kenmerkende strydkreet voor die toetswedstryd dit het.

10. Die vyf morele beginsels of slagspreuke van karate

Dit geld die slagspreuke van die Suid-Afrikaanse Japanse Karate Assosiasie. Dit lui soos volg:

10.1 Streef 'n afgeronde karakter na.

10.2 Ontdek die ware betekenis van karate deur dit met opregtheid te beoefen.

10.3 Oefen met volgehoue inspanning.

10.4 Streef na 'n gesonde gees en ware hoflikheid.

10.5 Moet nooit u karatevaardigheid misbruik nie – pas selfbeheersing toe.

Bogenoemde is stelreëls wat deugde vereis wat vir enige kontak sport geld en aktueel is. Dit impliseer tugstappe wat ook buite die karateveld van toepassing is, as 'n speler byvoorbeeld afgestuur word van die veld of tydelik of permanent geskors word. Dit is nie geformuleer met eksplisiete Christelike terminologie nie, maar het hier te lande geen verband met Oosterse Godsdienstige motivering nie.

11. Empiriese navorsing oor Karate

'n Teologiese student, CD Botha het vir 'n B.Th skripsie onder leiding van 'n professor in gereformeerde dogmatiek 'n proefsteek gedoen oor die praktiese belewenis van karate deur beoefenaars van die sportsoort. Vyftig vraelyste is terug ontvang van verskeie karateklubs in die RSA wat individueel beantwoord is. Die ouderdomme van die respondente het gewissel van 15 tot 51 jaar, met 'n goed gebalanseerde ouderdomsverspreiding. Onder hulle was persone wat karate nog net 3 maande beoefen het, maar andere reeds vir 23 jaar.

Die 25 vrae in die vraelys het die deelnemers gekonfronteer met al die belangrike aspekte ten opsigte van die motivering tot en die praktiese beleving van karate, juis ook in verhouding tot die uitlewing van die Christelike Godsdienste.

Vir die doel van hierdie verslag bied ons net die volgende konklusies aan:

“Uit vraag 6 en 7 blyk dit duidelik dat karate oorwegend as gevolg van die oefening en self-

verdedigingsmoontlikhede beoefen word. Verder blyk dit uit vraag 8 tot 10 dat godsdienstige oortuigings ook uitgeleef kan word in karate en dat karate geen bedreiging inhou vir persoonlike godsdienstige oortuigings nie. Karate is nie net fisies opbouend nie, maar ook psigies deurdat selfbeheersing, respek ens. ook aangeleer word. (Sien vraag 11.)

Uit vraag 12-14 blyk dat daar geen godsdienstige eise aan karateka gestel word nie en dat die oorgrote meerderheid geen kennis dra van enige vreemde godsdienstige elemente nie.

Konkluderend kan dus gesê word dat karate as 'n baie uitdagende en gesonde sportsoort of kunsvorm deur die meeste karateka gesien word en dat daar volgens hulle geen merkbare beïnvloedingselemente van Oosterse godsdienste in karate teenwoordig is nie.” Vergelyk CD Botha bl. 30-31.

12. Die “kerstening” en nuwe inkleding van oorspronklike heidense gebruike

Ter wille van breër perspektief bring ons enkele voorbeelde saaklik na vore wat illustreer dat karate nie die eerste en enigste gebruik of middel is wat uit 'n heidense milieu ingevoer is nie.

12.1 Kersfees

Kersfees het as gedenkdag geen direkte Bybels-historiese oorsprong nie. Dit kom uit die 4de eeu n.C. as 'n Christelike feesdag, maar kom vanuit die ou heidense Mithrasgodsdienste. Mithras was die god van die lig en simbool van sedelike reinheid. Hierdie afgod is sogenaamd op 25 Desember gebore. Keiser Konstantyn het alle Mithrasgebruike en heidense feesdae net soos hy dit gesien het, met Christelike gebruike vervang. So is 25 Desember met 'n nuwe inhoud gevul en nie meer gevier ter ere van die “onoorwinlike songod” (Sol invictus Mithras) nie. Vergelyk dr. JJ Mak ook Kerstmis, Christelike Encyclopedie Band 4 en Reon du Plooy, aangehaalde werk bl. 269 – “Venster op sport.”

Die datum van Kersfees is dus afkomstig van 'n heidense fees en deur 'n mens ingestel, en hervorm met Christelike inhoud. Al was karate nie 'n godsdienstritueel in die Ooste nie, maar 'n tegniek, bevestig bogenoemde oor Kersfees dat karate ook hier te lande 'n ander stempel kan kry, soos ervare karatekas ook bevestig.

12.2 Huweliksgebruike

Die strooi van konfetti by 'n huwelik wat Christelik voltrek is, kom uit die heidense gebruik om die egpaar met rys te bestrooi om die vrugbaarheidsgode se guns te wen en die

vrugbaarheidskultus te bevorder. Dit laat die “goeie geeste” op die paartjie neerdaal om ook hulle vrugbaarheid te bevorder. Die strooi van die rys trek ook die aandag van die bose geeste af van die troupaar en red hulle so van die “vloek van die bose.”

Ook by Christene gaan die rys en die konfetti tegnies voort, maar tog nie as ’n heidense vrugbaarheidsritueel wat die egpaar besmet nie. Dit beteken ook nie dat die strooiers afgodediens beoefen nie. Dit is ’n feestelike gebaar.

12.3 Begrafnisgebruike

Swart rouklere kom uit ’n ou heidense gebruik. Die agtergeblewenes het hulle in swart vermom omdat hulle bang was dat die afgestorwene ’n grief teen hulle het en kan terugkom om wraak te neem.

In sekere heidense lande is die doodskeie met die voete vorentoe na die graf gedra om seker te maak dat die dooie nie sy pad terug huis toe sal vind nie. Ons doen dit nog so, met totaal ander motiewe of net as ’n geykte gebruik.

12.4 Kranse by die graf of die strooi van sand was ’n heidense gebruik met die gedagte dat dit die dooie in die graf sal hou!

By die heidene was die gebruik om grafstene op te rig bedoel om so kontak met die oorledene te behou, saam met die gebruik om blomme op die graf te sit.

Bogenoemde heidense gebruike is minstens by die Westerse Christenmens gestroop van hierdie heidense motiewe, al gee ons nie altyd goed rekenskap van die sinvolheid daarvan nie. Waarom moet ’n mens die moontlikheid ontken dat die tegniek van karate hier te lande ook gestroop kan word of is van enige moontlike heidense omhulsels of nagedagtenis?

Vergelyk ook D Nauta oor “begrafenis” in Christ. Encyclopedie I bl. 524. Vergelyk ook verwysing hier na lykversorging en rougebruike in Christelike Encyclopedie.

13. Onderskei internasionale tegniek, vaardigheid en religie (geestesingesteldheid en geesteshouding)

Dit val nie te ontken dat die heidense religie, ingeslote die Oosterse heidendom en Boeddhisme die totaliteit van daardie belyers se lewe rig en beïnvloed nie, en dit as ’n omvattende lewens- en wêreldbeskouing. Die Bybelgetroue Christelike belydenis, met name die gereformeerde religie as die suiwerste neerslag van die Christendom bely by uitstek dat

niks in die menselewe neutraal is of neutraal beoefen of gebruik kan en mag word nie. Dit sluit alle geestelike en materiële kultuurwerk en kultuurvoorwerpe in, ook sport en daarmee saamhangende liggaamlike aksies.

Dit neem nie die feit weg dat kultuurprestasies en kultuurtegnieke internasionaal oor en weer gebruik kan word nie. Wat ook al die afgodiese arbeidsetiek van die Boeddhistiese en ander heidense gelowe en arbeidsetiek is, gebruik ons met groot vrug hulle motors, elektronika, tee en rys. Ons speel krieket teen Indië, Sri-Lanka en die Wes-Indiërs, en rugby teen Wes-Samoa en kan soms iets by hulle leer in die verband. Dit wat hulle wel presteer op algemene menslike vlak, ook tegnies en sportmatig wat ten goede is, het hulle net te danke aan die behoudende (algemene) genade van God aan alle mense. Hy laat reën oor goeies en slegtes. Die Christendenker HG Stoker het gesê dat God ook die heidene gebruik in sy voorsienigheid om handlangersdiens te verrig. (Vergelyk Kores). Dit is binne hierdie konteks dat ons ook bruikbare karatetegniek as sportsoort, nie eendimensioneel nie, maar driedimensioneel moet sien.

Die moontlike misbruik en die gevare wat daaraan verbonde is, soos ook aan ander sportsoorte, hef nie die gebruik op nie.

14. Skriflig op sondige asketisme teenoor geoorloofde gebruik met vrymoedigheid en danksegging

Romeine 14 en 1 Kor. 10:23-33 en die Christelike gebruik van heidense offervleis

Dit het hier gegaan om die gewetensprobleme wat sommige Christene gehad het insake vleis wat in heidense tempels geoffer is en dan in die slaghuise, die “vleeshallen” sê R Schippers, verkoop is.

In ag genome al die onderskeidings wat die apostel maak met betrekking tot die liefde en bedagsaamheid teenoor die swakkere broeders en susters (vergelyk Rm. 14: 13-23), stel hy in die 14de vers “Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein.”

In 1 Kor. 10 stel die apostel dit soos volg: “Eet alles wat in die slaghuis verkoop word sonder om navraag te doen, ter wille van die gewete. Want die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan” – vers 25-26.

As Paulus in hierdie verband in Romeine 14 skrywe oor verdraagsaamheid teenoor die wat swak is in die geloof, ook insake die eet van

net groente of nie, lees ons in vers 3 en 4: “Hy wat eet, moet hom wat nie eet, nie verag nie; en hy wat nie eet, moet hom wat eet, nie oordeel nie, want God het hom aangeneem. Wie is jy wat die huiskneg van ’n ander oordeel? Hy staan of val met betrekking tot sy eie heer; maar hy sal staande bly, want God is magtig om hom staande te hou.”

Herman Ridderbos se verhelderende kommentaar by Rm. 14:4 is soos volg (direk vertaal): “Die apostel bedoel hiermee nie om alle onderlinge tug af te sny nie, nog om die gevaar van die sonde vir die gelowige gering te ag nie, (vergelyk 1 Kor. 10: 12) maar hy spreek so omdat dit hier gaan oor dinge wat nie in die gebod van God nie, maar in die subjektiewe van die mens (die swakkes) gegrond is. Daarom wil hy in die opsig geen veroordelende kritiek hê nie, maar dat dit oorgelaat word aan die oordeel van die Here.” (Commentaar op het Nieuwe Testament, Kok, Kampen reeks 1959).

1 Kor. 9:24-27. In hierdie verse maak die apostel oordragtelik van sportterme gebruik om die geestelike wedloop van die Christen te beskrywe. Ons lees van die baan, die hardloop, die prys, die wedstryd, die krans, en die slaan met die vuis. Hy neem sportterme uit die Grieks-heidense sportpraktyk, ten spyte van die feit dat hulle sport, ook onder andere die antieke “Olimpiese Spele”, destyds gedrenk was in ’n heidense milieu. Die nuwe Nederlandse Verklarende Bybel gee die volgende kommentaar by hierdie Skrifgedeelte: “Paulus verwierp die sport niet, maar gaat juist van haar hoge waardering in de Griekse wereld uit, om aan te tonen dat de oefening in de godzaligheid nog meer betekent.” (Verklarende Nederlandse Bybel in nieuwe vertaling, Ned. Bybelgenootschap, Kok, Kampen 1946).

Die apostel verdoem die spele van die heidense Grieke nie as sodanig en absoluut nie, en sedert die einde van die vorige eeu is die Griekse Estmiese (“Olimpiese”) spele so afgestof en hernuwe dat die mense ook van alle “Christenvolke” daaraan deelneem, al die sondes en gebreke wat dit nog aankleef ten spyte.

Vergelyk ook John Murray: The Epistle to the Romans, II, Wm B Eerdmans, reeks, 1959. Vergelyk ook Hd. 10: 11-15 en 1 Kor. 10: 23-32. Vergelyk ook R Schippers: De Gereformeerde Zede, bl. 137 en verder, Kok, Kampen 1954. Hy handel hier oor “het skandalon en het gezonde leer.” Vergelyk ook die strekking van 1 Tm. 4: 1-5.

15. Die praktiese nut van karate

15.1 Fisiese weerbaarheid

Dit bied die mees gevorderde tegniek om jouself ongewapend te verdedig. Die onderrig in die tegniek van karate word ook gegee in die Veiligheidsdienste, met name die Polisie en die Suid-Afrikaanse Weermag asook in selfverdedigingskursusse. Die voorsprong wat die tegniek van karate bied teen die konvensionele misdadiger se aanval, het al onskuldige mense se lewens gered.

Die karatefiksheid kom ook die hantering van enige soort wapen ten goede. In die huidige misdaadvlaag en epidemiese misdaadplaag wat ons eie land teister, is die waarde van karate relatief hoër.

15.2 Persoonlikheidswaarde

Die getuigenis van beoefenaars van karate is hier waardevol. Dit bied vir baie mense ontspanning as sportsoort. Dit gee die liggaam krag en soepelheid en psigies vermeerder dit koördinasie en vinniger menslike refleksie, natuurlik binne die volle eenheid van die menslike persoonlikheidsstruktuur. In hierdie verband dissiplineer dit die deelnemer tot meerdere uithouvermoë, wilskrag en selfbeheersing.

Die Christelike antropologie sal dit aanvullend so stel dat al hierdie voordele van onder andere karate moet dien en uitgelei word tot beter liggaamlike saam met geestelike vaardigheid om die mens in staat te stel om sy roeping beter te volvoer tot eer van God.

16. Kritiese waarneming en waaksaamheid is die wagwoord

Van die ingevoerde sportsoorte in ons land is karate uniek in die opsig dat dit van die Ooste af kom en vanuit ’n geesteklimaat wat oorwiegend heidens is. Daarom word dit van die staanspoor af deur baie Christene in ons land met agterdog bejeën, terwyl daar ander is wat dit as Christene positief as sportsoort beoefen, ontdaan van alle Oosterse konnotasies, behalwe vir die terminologie en die internasionale verbintenis met Japan. Daar is baie sportsoorte wat nie die internasionale skakeling kan vermy nie.

Daar is onder ons almal eenstemmigheid daaroor dat ’n waaksame oog gehou moet word met die oog op verkeerde invloede wat via karate kan insluip. Dit geld veral die lewensbeskouing en die optrede van afrigters.

Prof. Nico Coetzee stel dit soos volg:

“Prinsipiële is die mens ’n handelende totaliteit. Alle funksies en handeling (arbeid, spel,

rugby en dus ook karate) word gedryf deur die hartsoortuiging van die mens wat apostaties of anastaties gerig is." (D.w.s afvallig van God of Godgerig).

Sodoende sal elke individu self bepaal wat sy doel met karatebeoefening moet wees (memo-randum). Bogenoemde geld mutatis mutandis ook van die afrigters.

Daar moet tegelyk skerp krities gekyk word na die uitwasse van sekere ander prominente sportsoorte wat feitlik ook op heidenskultiese wyse verafgod word. Een voorbeeld is die magnetiese hipnose wat uitgaan van die sokkerbal sodat miljoene mense tot fanatisme en raser-ny gedegradeer word.

17. Positief en regverdig onderskei en optree

Dis nodig om met betrekking tot karate te waak teen nuwe veralgemening, en daarom herinner ons aan die Sinode se gebalanseerde besluit hieroor in 1990 toe 'n oproep op alle gelowiges gedoen is om te waak teen "daardie karate- en selfverdedigingstyle wat die godsdienste en filosofieë van die heidense Ooste propageer." Handeling 1990: bl. 494, 544.

Die Oos-Transvaalse Sinode van die NG Kerk het ook deeglik aandag aan karate geskenk en die volgende konstruktiewe besluit geneem: "Die Sinode is egter van mening dat die gebruik van enige oefening (ook dus joga en karate) nie summier afgewys kan word nie, veral nie waar die resultaat daarvan tot voordeel van die liggaam van die mens aangewend word, as die motief van sodanige oefening die verheerliking van God is nie. Hy is immers ook Here van my liggaam en niks wat tot sy verheerliking gedoen word, is verwerplik nie."

Handeling van die Tweede Gewone Vergadering van die Sinode van Oos-Transvaal van die NG Kerk, Pretoria, Oktober 1987.

18. Gevolgtrekkings

18.1 Volgens die gegewens wat wel beskikbaar is oor die oorsprong van karate moet meer analities geoordeel word daarvoor, eerder as om 'n direkte denksprong te maak vanaf hierdie sportsoort na die Zen-Boeddhisme.

18.2 Die opset en doelwit van karate soos in ons land ook deur Christene beoefen word, behels die geordende en sistematiese aanleer en gebruik van liggaamlike fiksheid en vaardigheid tot aanval en selfverdediging waar nodig. Tegelyk word dit as sportsoort geniet soos ander sportsoorte. Die Kiai-kreet en ander vir sommige mense ongewone gebruike fungeer binne die konteks van bogenoemde doelwit en

word so gesien deur sportleiers wat getrou is aan hulle Christelike oortuiging.

18.3 Die vyf morele beginsels vir karate is nie uniek nie, en geld so vir alle ander sportsoorte, hetsy dan enigsins anders geformuleer.

18.4 Die praktyk bewys dat karate hier te lande in 'n eie geesteklimaat sodanig beoefen en ingeklee word dat Christene dit met vrymoedigheid kan beoefen. Dit is bruikbare leengoed.

18.5 Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan. Die Woord wys sondige asketisme af, ook met betrekking tot gebruiksgoedere wat deur God geskape is, ook al het heidene dit hanteer. Dit is nie inherent, as sodanig sondig nie. Vergelyk Rm. 14; 1 Kor. 9; 1 Kor. 10.

18.6 Die praktiese nut van karate as gespesialiseerde verdedigings- en aanvalstegniek ten bate van lewensbeskerming moet, onder andere in die lig van die sesde gebod, positief waardeur word.

18.7 Gebalanseerde perspektief vereis dat die fokus nie net op karate gerig sal wees nie, maar ook op die hedonistiese en humanistiese verafgoding van ander sportsoorte, waar beswymeling en fanatisme aan die orde van die dag is.

18.8 Ons stem saam met die siening van teenstanders en voorstanders van karate dat kritiese waaksaamheid daarvoor as vanselfsprekend geag moet word. Dit geld veral ten opsigte van die kontrole oor die lewens- en wêreldbeskouing en leiding van instruktors. Christelike nugterheid in die lig van die Woord is die veiligheidsklep.

1. GERAADPLEEGDE WERKE

1.1 JG Boekenooien: De godsdiensten der Wêreld, Deel I, Amsterdam, 1903.

1.2 A de Bondt: Daemonische invloeden in ons leven, JN Voorhoeve, Den Haag, sonder jaartal.

1.3 CD Botha: Karate en die Christen, B.Th. skripsie, Departement Dogmatologie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

1.4 D Dick: Die ontmaskering van karate, Aksie Morele Standaard – Verwoerdburg.

1.5 BA Haines: Karate's history and traditions, 3rd Edition, Tokyo.

1.6 John Murray: The Epistle to the Romans, deel 2, Wm B. Eerdmans, Michigan 1959.

1.7 GC Oosthuizen: Die godsdienste van die wêreld, Kaapstad 1978.

1.8 IC Potgieter: 'n Teologies kritiese oorsig van die verhouding tussen Zen-Boeddhisme en die Oosterse selfverdedigingskunste. Stellenbosch 1979.

1.9 H Ridderbos: Romeine, in Commentaarreeks op het Nieuwe Testament. Kok, Kampen 1959.

1.10 R Schippers: De Gereformeerde Zede, Kok, Kampen 1954.

1.11 GB Wurth: Het christelyk levens, Kok, Kampen 1948.

1.12 GB Wurth: De christelyke vryheid, Kok, Kampen.

2. VERSAMELWERKE

2.1 Christelyke Encyclopedie bande I en 4, Kok, Kampen 1956-1959.

2.2 Venster op sport – Christelike perspektiewe, versamelwerk 1992. Instituut vir reforma-

toriese studies, PU vir CHO – wetenskaplike bydraes.

3. AGENDAS EN HANDELINGE

3.1 Agenda en Handeling vir die sewende gewone vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Kaapstad 14-25 Oktober 1986.

4. ONDERHOUD MET SKRIFTELIKE MEMORANDA

4.1 Prof. Nico Coetzee, Hoof, Departement Menslike Bewegingskunde, UOVS.

4.2 Dr. L Herman, Hoof, Departement Bybelkunde, Onderwyserskollege, Bloemfontein.

5. Algemene reëls van die Suid-Afrikaanse JKA-Karatevereniging. JKA = Japanese Karate Assosiasie.

OPSTELLER: PROF JC LOMBARD

BYLAE KCE2

Karate – Gevegskuns of Okkultisme?

1. Op die 1990-Sinode te Parys is 'n beskrywingspunt van die Ring van Morgenzon ter tafel gelê waarin sekere stellinge oor karate gemaak is, met 'n motivering daarby, wat deur geen enkele bewys gesteun is nie (Agenda 1990, 4.1.1, bl. 291; 4.11.2; bl. 295).

2. Lees 'n mens hierdie stelling en ander werke wat 'n eensydige oordeel oor karate fel (Dick og; Malan 1988), dan ontstaan by baie Christene die vraag of dit wenslik vir gelowiges is om aan dié sportsoort deel te neem of deel te hê.

3. Die hoofbesware teen karate word in die ring se motivering saamgevat naamlik:

3.1 Karate het 'n Oosterse en mistieke verbinten.

3.2 Dit plaas kinders op 'n definitiewe pad van Zen-Boeddhisme.

3.3 Die oefeninge is onlosmaaklik van die okulte omdat geen karateklub kan bestaan sonder affiliasie met Japan nie.

3.4 Deelnemers daaraan ontwikkel bonatuurlike vermoëns wat nie Bybels gegrond is nie.

4. Wanneer bogemelde besware ewewigtig beoordeel word, dan kom die volgende feite na vore:

4.1 Die oorsprong van karate

4.1.1 Dit is baie moeilik om die oorsprong van karate vas te stel, omdat dit in Dick se woorde "deur 'n waas van onsekerheid" omring word (bl. i.), die bronne daarvoor baie onbetroubaar is en die meeste weergawes deur allerlei legendes omring is (Potgieter:3). Daarom erken die meeste kenners dat die oorsprong van karate slegs deur legendes gesteun word (Nishiyama/Brown 1961:16; Morris 1979:13; Marsh 1986:12, 13; ensovoorts).

4.1.2 Malan beweer met groot sekerheid dat karate uit die Sjinese krygskuns ontwikkel het, veral deur die toedoen van die stigter van Zen-Boeddhisme! (1988:4). Wie die stigter van Boeddhisme of Zen-Boeddhisme was, is egter net so onseker! (Van der Leeuw/Bleeker 1955:359, 287; Morris 1979:13, 14).

4.1.3 Niemand kan met sekerheid die werklike oorsprong van karate aandui nie (Marsh 1986:12; Mitchell 1986:8). Marsh wys op ooreenkomste tussen Babiloniese, Griekse, Romeinse en Indo-Sjinese primitiewe gevegskunste, waarin die verowering van Alexander die Grote dalk ook 'n rol kon gespeel het om dié kunste bekend te stel en te versprei (1986:12). In Indië en Sjina is die kunste toe

blykbaar verfyn waar dit wortel geskiet en gegroei het. Die eerste betroubare verwysing na die historiese oorsprong van karate vind ons in die sgn. "Lente en Herfs"-periode in Sjina (722-481 v.C.), volgens Potgieter, en dit was eers in die tyd van die sogenaamde Opiumoorlog met Brittanje (1839-1842) dat die deure tussen Oos en Wes toenemend begin oopswaai het (bl. 3). Die snelle verspreiding van karate na die Weste is te danke aan die Westerse besetting van Japan en veral Okinawa ná die Tweede Wêreldoorlog.

4.1.4 Die mistieke verbintenis van karate aan veral Zen-Boeddhisme, word eensydig beklemtoon (by Malan 1988:4-7; Potgieter: 6-7, 18-19), asof karate 'n godsdienst is wat vanselfsprekend en doelbewus aan die beoefenaars daarvan hierdie Oosterse filosofie oordra. Enersyds moet daarop gewys word dat Zen nié 'n godsdienst is soos ons 'n godsdienst verstaan met 'n Godheid wat aanbid word, of 'n gerigtheid op hemel of hel, of die onderskeiding tussen goed en kwaad nie (Morris 1979:14, 32). Andersyds moet rekening gehou word met die feit dat elke beoefenaar van die sport, soos in ander sportsoorte, sy eie vorm van godsdienstbeoefening het. In Japan self word verskillende vorme van godsdienst beoefen (Konfusianisme, Shintoïsme, Boeddhisme), en álles Japanse karateka beoefen seker nie Zen nie!

4.1.5 Die Oosterse filosofieë het opvallend die Amerikaanse karateka weinig geïnteresseer (Morris 1979:22 v.). Die Europese karate het van die Japanse en Okinawese "oorsprong" weg beweeg (Fighting Arts International 46:74), en te midde van die veelheid van style wat in die RSA beoefen word – volgens Morris is daar **meer** as 70 verskillende style (1979:20; vergelyk ook Marsh 1986:20-24) – vind ons **slegs twee** wat die beginsels van Zen in die sport inkorporeer, nl. Karate-Zen en Shotokai (Marsh 1986:24), en waarteen met reg gewaarsku moet word.

4.2 Kinders en Zen

4.2.1 Dat kinders deur die beoefening van karate op 'n definitiewe pad van Zen-Boeddhisme geplaas word, is in die lig van die voorafgaande dus 'n eensydige en growwe veralgemeening. Wat kinders wél geleer word, behalwe die verskillende bewegings- en verdedigingsmetodes, is die 5 beginsels van karate nl. karakter, etiket, opregtheid, inspanning en selfbeheersing (Nishiyama/ Brown 1961:15; Morris 1979:36). Beginsels wat enige Christen volgens die Bybel gerus ook kan nastrewe (vergeelyk byvoorbeeld oor karakter: Gn. 1:26; Rm. 8:29; 2 Kor. 3:18; etiket: Mt. 5:34 v; 1 Kor. 14:33, 40;

opregtheid : Ps. 140: 14; Spr. 21:29; Mt. 10:16; inspanning : 1 Kor. 9:24-27; Fl. 3:14; selfbeheersing : Gl. 5:22; 2 Pt. 1:6), máár wat deur Malan "duidelik sigbaar" die selfverlossingsleer van die Zen-Boeddhisme genoem word! (1988:6). In soverre hierdie morele kodes bydra dat karateka gedissiplineerde en voorbeeldige mense gemaak word, moet dit egter verwelkom word, en teenoor die doel van Zen om jouself te verlos, is die hoofdoel van karate die aanwending van die kuns om jouself te verdedig, en nie om 'n medemens aan te val en leed te berokken nie (vergeelyk Potgieter: 22-23).

4.2.2 Om die buiging teenoor jou leermeester en afrigter én jou opponent, waardeur jy respek toon en dank betuig vir hulle onderrig en bystand, aan te dik as die erkenning van die "goddelikheid van die ander persoon" (Malan 1988:7), is in die lig van die literatuur daarvoor 'n eensydige wanvoorstelling wat nie pas by professionele bekwaamheid nie (vergeelyk Morris 1979:35-26; Charles 1988:15-17; Donovan 1989:18-19; Potgieter:20; en andere). Volgens Dick word deur dié buiging (en handgeklap) gebid! (bl. v), 'n praktyk wat aan die meeste (Westerse) style onbekend is, omdat karate **nié as 'n godsdienst beskou of beoefen word nie**.

4.2.3 So is ook die kiai-kreet, wanneer byvoorbeeld 'n kaphou uitgevoer word, nié die aanroep van of betrokke maak van 'n Boeddhistiese gees (Dick:vii), of 'n towerspreuk waardeur bonatuurlike krag geaktiveer word (Malan 1988:7) nie, maar basies dieselfde gekonsentreerde inspanning van elke greintjie menslike krag en energie (vergeelyk Tegnér 1966:82-86; Shapiro 1981:55; Smit 1988:36-39) wat in baie sportsoorte voorkom, ook die wat in die Westerse wêreld ontstaan het soos bofbal en tennis (Tegnér 1966:86), en wat tog met Boeddhisme niks te doen het nie! Teenoor hierdie soort wilde bewerings, is die eintlike doel van die kreet tweërlei: enersyds om die teenstander vir 'n oomblik van stryk te bring en 'n geleentheid te skep om 'n aanval te loods, en andersyds om gelyktydig met die aanval die lug uit die longe te pers, wat veral die maagspiere laat saamtrek, en die gevaar van beserings te verminder (vergeelyk Potgieter:21).

4.2.4 In 'n tyd waarin geweld eskaleer, aanrandings op oues van dae toeneem en verkrachtings daagliks die nuusblaaie haal, behoort karate eerder as 'n verpligte sport in al die skole aangebied te word. Wie karate en sy beginsels bevraagteken, moet hulle enersyds gaan vergewis of daar enige ánder sportsoort is wat kinders (en volwassenes) beter beginsels en dissipline kan leer, en andersyds eerder beswaar aanteken teen soveel ander sportsoorte wat

tydig en ontydig gepropageer word maar waar dit, in teenstelling met karate, jammerlik ontbreek aan ware sportmanskap, toewyding en selfbeheersing!

4.3 Affiliësie en Okkultisme

4.3.1 Dat die karate-oefeninge onlosmaaklik van die okkulte is omdat geen karateklub kan bestaan sonder affiliësie met Japan nie, is nog een van daardie veroordelende en onbewese stellinge wat nie strook met die waarheid of die praktyk nie. Die okkulte is **immers die onbekende**, die gebied waarin verskynsels voorkom wat nie redelik deur die wetenskap verklaar kan word nie, en daarom **geheimsinnig en bonatuurlik** voorkom (Van den Berg og:39; Koch 1968:139-140; Wright 1971:56). Daarteenoor is die karate-oefeninge aan elke beoefenaar heel bekend, selfs ten spyte van ouderdom fisies moontlik, en wetenskaplik verantwoord. Enigeen wat wil, kan kennis neem van die voorgeskrewe sillabusse soos deur 'n spesifieke styl vereis (Donovan 1989: 34-149), of van die bekende graderingstelsel van die sportsoort (Morris 1979:36-38); Charles 1989:18-21).

4.3.2 Om voorts die affiliësie van elke klub met Japan direk aan die okkulte te koppel, getuig nie van kundigheid of wetenskaplike navorsing oor die onderwerp nie. Die Funakoshi-styl, wat ek self beoefen, is nie die styl wat Gichen Funakoshi in Japan ontwikkel het en soos mens by Malan aflei (1988:4) in die RSA beoefen word nie. Die styl van Gichen Funakoshi heet vandag "Shotokan" (Morris 1979:20; Shapiro 1981:34; Marsh 1986:22). Dick maak dieselfde fout (bl. ii). Funakoshi RSA is deur 'n Suid-Afrikaner, Eddie Ward, ontwikkel (Marsh 1986:20), word onder voorsitterskap van 'n Afrikaner, 6de Dan Chris Botha, beheer (Marsh 1986:105), het géén affiliësie of bande met Japan nie, en het in my assosiasie daarmee (sedert Oktober 1982) nog nooit enige vorm van Boeddhisme verkondig of sig met die okkulte bemoei of selfs eens gemediteer voor of na 'n oefensessie of kompetisie nie! Bande met Japan maak nie van daardie style of die beoefenaars van daardie style vanselfsprekende okkultiste nie, soos blyk uit die getuigenis van Hans Haupt oor sy Christenskap (Karate Suid-Afrika 1990:15), om 'n enkele voorbeeld te noem.

4.3.3 'n Kenner van die okkultisme, Kobus Jonker, wie se boek "Satanisme, 'n realiteit" (Pretoria 1991) op die APK se sinode (1991) gepropageer en verkoop is, dui ook géén verband aan tussen karate en okkultisme/satanisme nie. Jonker stel dit pertinent dat

4.3.3.1 okkultiste hulle aan die Satan wy en nie tyd het vir liggaamlike oefeninge nie (bl. 46, 51,

87, 96, 115, 117), terwyl vordering in karate daarteenoor gereelde en harde fisiese betrokkenheid vereis;

4.3.3.2 okkultiste hul liggame aftakel deur die gebruik van alkohol en dwelms (bl. 50, 54, 57, 74, 81 ensovoorts), terwyl karateka daarenteen gesteld is op 'n gesonde, fikse en gedissiplineerde lewenswyse;

4.3.3.3 okkultiste in die geheim opereer, met beperkte lidmaatskap (bl. 30, 39, 46, 79 ensovoorts) terwyl enigeen 'n karate-oefensessie mag bywoon, by enige styl mag aansluit, en oor enige styl navorsing kan doen met betrekking tot sy oorsprong of filosofie of graderingstelsel;

4.3.3.4 okkultiste nie die Here aanbid nie, terwyl daar karateka is wat nie skaam is om hul Christenskap te bely nie (vergelyk Fighting Arts International, nommer 60, bl. 3; Inside Kung Fu, September 1987, bl. 8; Martial Arts SA, Vol 1 nommer 4, 1989, bl. 29; Karate Suid-Afrika, Mei/Junie 1990, bl. 15; Karate Suid-Afrika, Julie/Augustus 1990 bl. 36; ensovoorts);

4.3.3.5 okkultiste dikwels op mense wraak neem, menselewens verwoes, en selfs mense offer (bl. 34, 39, 71, 81, 90 ensovoorts), terwyl karateka daarenteen respek vir mekaar geleer word en baie die lewe as God se gawe kosbaar ag;

4.3.3.6 die okkultis/satanis se bonatuurlike mag of magte gerig is op medelye en sy eie sosiale omstandighedsbelewenis (bl. 55), terwyl die sogenaamde "bonatuurlike mag" van die karateka weersprek word deur bloed en beserings in elke gevegskompetisie, en gewortel is in sy selfbeheersing en kundigheid om hom in sekere omstandighede te kan verdedig.

4.3.4 As karate dan in diens van okkultisme en satanisme staan, hoe is dit dan dat top-karateka self waarsku teen 'n verkeerde opvatting van karate (vergelyk Fighting Arts International, nommer 70, bl. 10-13; Karate Kung Fu, Oktober 1991, bl. 68) en selfs waarsku teen die New Age-beweging (vergelyk Karate Kung Fu Illustrated, Augustus 1991, bl. 46-49)? Hulle moet mos hierdie dinge verkondig, volgens Dick, Malan en andere!

4.4 Bonatuurlike vermoëns

4.4.1 Die stelling dat deelnemers aan karate bonatuurlike vermoëns ontwikkel wat nie Bybels gegrond is nie, mag liggelowige of ongebalanseerde mense beïndruk, maar kan nie die toets van die waarheid of wetenskaplikheid deurstaan nie. Malan meld dat hierdie bonatuurlike vermoëns "duidelik as 'n doel" met karate

nagestreef word (1988:4), en haal dan enkele individue aan wat getuig van hierdie (okkulte) vermoëns waaroor hulle kwansuis beskik (1988:4-6). Dick doen dieselfde (bl. ii-iii). Dit is om van te lag ... Oor die waarheid van sulke aansprake wil Potgieter hom egter nie uit-spreek nie (bl. 16), alhoewel hy die ongelooflikheid daarvan aanstip (bl. 11, 16) en dit selfs as verstommend beskryf (bl. 19)!

4.4.2 Kenners soos Nishiyama en Brown skryf egter baie duidelik die besondere krag van die verskillende tegnieke "is not the mysterious, esoteric thing many observers, as well as certain proponents of the art itself, would have you believe", máár dat dit bloot die effektiewe toepassing van sekere bekende wetenskaplike beginsels met betrekking tot die beweging van die liggaam is! (1961:18).

5. Slotsom

5.1 Eensydige en bevooroordeelde kritiek op karate, soos dié van Dick en Malan, lei noodwendig tot veralgemenings en onwetenskaplikheid. Om deelnemers aan karate, wat om 'n verskeidenheid van redes daaraan deelneem soos fiksheid en kameraadskap en selfverdediging, te reduseer tot mense wat uit vrees die sport opneem terwyl hulle eerder op die beskerming van die Here moet vertrou (Dick:iii, iv), misken eensydig die reg van die Christen om homself en sy dierbares te beskerm (Mt. 19:19; 22:39; 1 Jn. 4:21; Epstein 1974:76, 126, 127; artikels in Patriot, 24 Augustus 1990, bl. 7; 7 September 1990, bl. 11; in die Afrikaner, 5 September 1990, bl. 2; 19 September 1990, bl. 11), misken eensydig die reg van die staat om sy onderdane te beskerm (Rm. 13:4; Calvyn, Inst. iv, xx, 11-12; Bavinck 1930:392, 421; Künneth 1961:209 v), misken eensydig die leiding van die Heilige Gees in die samestelling van ons Formuliêre van Eenheid wat op grond van die Bybel hierdie reg ondubbelsinnig uitspel! (Nederlandse Geloofsbelijdenis: artikel 36; Heidelbergse Kategismus: Sondag 40). Hierdie broeders, neem ek aan, bestuur motors sonder remme. Hulle bestuur in die nag sonder om die ligte aan te skakel. Hulle sluit nie hul deure nie. Hulle koes nie vir koeëls nie. Want die Here sál mos beskerm! In die Bybel lees ek egter dat selfs die Seun van God nié so 'n simplistiese siening van die geloof het nie! (Mt. 4:5-7; Lk. 4:9-12).

5.2 Om Christene wat aan karate deelneem, en daar is baie wat nie skaam is om hulle geloof te bely nie (vergelyk punt 4.3.2, 4.3.3.4), te veroordeel as mense wat "onbewustelik vir die duiwel werk" (Dick:viii, ix), of as mense wat "van die sonde van karate" verlos moet word

(Malan 1988:7), getuig van 'n gebrek aan insig en 'n gees van eensydigheid waarvan die Here juis sommige mense moet verlos!

5.3 Die deelname van Oosterlinge en ongelowiges aan karate maak nie die sport en al sy beoefenaars vanselfsprekend Boeddhisties en okkulties en satanies nie. Want dan sal ons konsekwent ook moet redeneer: die meeste ondersteuners van sokker in ons land glo aan die verering van voorvadergeeste, daarom is almal wat hieraan deelneem animisties; baie Indiërs speel krieket, so almal wat krieket speel is Mohammedaans of Hindoeïsties; baie ongelowiges speel ook rugby, daarom is almal wat rugby speel ook ongelowig! Hierdie soort logika (sic) maak dat geen Christen aan enige sport mag deelneem nie, impliseer dat ek my aan die wêreld moet onttrek, en onthef my van die opdrag om oral Christus se getuie te wees. Maar dit lees ek nie in my Bybel nie (Jn. 17:15-16) ...

5.4 Dit is nie net karate wat mense binne die magsgebied van die duiwel bring nie (teenoor Dick 1991:11). Alle sportsoorte gee geleentheid tot misleiding en verleiding en verafgoding. En die Skrif stel dit baie duidelik dat die hele wêreld die magsgebied van die Satan is waaroor hy groot mag het (2 Kor. 4:4; Op. 13:7). Máár omdat die Lam van God oorwin het (Jn. 16:33; 19:30) en steeds sal oorwin (Op. 17:14), dáár-om kan ons sy triomf ook oor die Satan (2 Kor. 2:14; Op. 20:10) oral verkondig en uitleef, ook in die sportsoort wat ons beoefen!

5.5 Potgieter weier tereg om 'n algemene antwoord op die vraag te verskaf of gelowiges aan karate behoort deel te neem (bl. 25). Christene wat wel aan die kuns deelneem, moet soveel as moontlik van die grondliggende filosofie van die kuns te wete kom, en kan met 'n positiewe roepingsbesef daarna strew om binne die karateklubs sout van die aarde te wees (bl. 25-26).

5.6 Die Sinode van die APK het ten regte besluit om kerkrade te versoek om lidmate te waarsku teen die "skynbaar onskuldige gebruikmaking van die okkulte, meditasie, joga en karate", en het alle gelowiges ook versoek om voortdurend te waak teen "daardie karate-en selfverdedigingstyle wat die godsdienste en filosofieë van die heidense Ooste propageer" (Handelinge 1990:bl.494, 544).

5.7 Karate kan dus nie as sodanig veroordeel en verwerp word nie. Style waarin Zen-Boeddhisme as 'n mistieke Oosterse "godsdiensoorgedra en bevorder word, moet vermy word of dan geëvangelizeer word. Style wat geen okkultisme, transsendentale meditasie of joga

beoefen nie, maar bloot as liggaamsontwikkeling of vorm van selfverdediging kan dien, kán en mág deur Christen-gelowiges beoefen word.

w.g. S BOTES (VDM)

BIBLIOGRAFIE

1. OUTEURS

- 1.1 Bavinck, H 1930 Gereformeerde Dogmatiek, Deel IV, Kampen: JH Kok.
- 1.2 Calvyn, J 1956 Institutie, Boek IV, Deel 3, vert. A. Sizoo, Delft: Meinema.
- 1.3 Charles, V 1988 Karate, Wiltshire.
- 1.4 Dick, D onged. Oosterse Krygskuns, in: Aksie Morele Standaarde, nommer 14. 1991 "Die Boodskapper (November/Desember)
- 1.5 Donovan, T 1989 Traditional Karate, London.
- 1.6 Epstein, J 1974 The Cult of Revolution in the Church, Sandton: Valiant Publishers.
- 1.7 Jonker, K 1991 Satanisme, 'n realiteit, Pretoria: Sigma-Pers.
- 1.8 Koch, KE 1968 Between Christ and Satan, Baden: Evangelization Publishers.
- 1.9 Künneth, W 1961 Politik zwischen Dämon und Gott, Berlin: Lutherisches Verlagshaus.
- 1.10 Malan, JS 1988 Karate steun swaar op 'n mistiese kragbron, in: Boodskap van die Basuin.
- 1.11 Marsh, R 1986 Karate SA, Cape Town: Timmins.
- 1.12 Mitchell, D 1986 Official Karate, London.
- 1.13 Morris, PMV 1979 The Karate-do Manual, London: Barrie & Jenkins.

1.14 Nishiyama, H & Brown, RC, 1961 Karate, The Art of "Empty Hand" Fighting, Tokyo: Charles E Tuttle.

1.15 Potgieter, IC onged. Karate, 'n Christelike beskouing.

1.16 Shapiro, A 1981 The Language of Martial Arts, London.

1.17 Smit, S 1988 Instructors Seminar, Funakoshi Karate WP, 23 Julie 1988.

1.18 Tegnér, B 1966 Karate, London: Mayflower & Dell.

1.19 Van den Berg, H onged. Duiwelskunste en die Bybel, Skeerpoort: Magaliesberg-Uitgewers.

1.20 Van der Leeuw, G & Bleeker, CJ 1955 De Godsdiensten der Wereld I, Amsterdam: H Meulenhoff.

1.21 Wright, J Stafford 1971 Christianity and the Occult, London: Scripture Union.

2. TYDSKRIFTE

- 2.1 Die Afrikaner 05 September 1990; 19 September 1990.
- 2.2 Fighting Arts International Nommer 46, 60, 70.
- 2.3 Inside Kung Fu September 1987.
- 2.4 Karate Kung Fu Oktober 1991.
- 2.5 Karate Kung Fu Illustrated Augustus 1991.
- 2.6 Karate Suid-Afrika 1990; Junie/Julie 1990; Julie/Augustus 1990.
- 2.7 Martial Arts Januarie 1989.
- 2.8 Patriot 24 Augustus 1990; 07 September 1990.

BYLAE KCE3

Verassing

1. Inleiding

Lykverbranding is aan die toeneem. Dit het egter 'n heidense oorsprong en is in stryd met die eeu-oue gebruik van begrafnis soos dit voorkom in die Ou- en Nuwe Testament. Vir die Christen met sy geloof in die opstanding, het die begrafnis die simboliese betekenis dat die liggaam aan die aarde toevertrou word as 'n graankorrel wat eers sterf om later heerliker te

voorskyn te kom. Tereg verklaar dr. K Dijk dat lykverbranding opgekom het uit die ontkenning van die opstanding van die vlees en ingang gevind het deur die verswakking van die Christelike geloof.

2. 'n Kort oorsig van gegewens

In Israel was lykverbranding bekend, maar die dooies is in die reël begrawe. Dit kom in talryke

Skrifplekke duidelik na vore (Gn. 49:29-31). Die begrafnis van geliefdes vind in die Ou Testamentiese tyd plaas as 'n bewys van besondere piëteit. As voorbeeld kan verwys word na Abraham wat moeite doen om vir Sara sy vrou 'n graf te bekom.

Aan familiegrafte is in Israel veel waarde geheg. (Gn. 49:29-31). Die enkele keer wanneer die Ou Testament van verbranding praat, is dit om buitengewone redes, byvoorbeeld by diegene wat aan gruwelike sondes en skandale skuldig is en aan wie 'n eervolle begrafnis nie gegun word nie (Vgl. byvoorbeeld Lv. 20:14; 21:9; 1 Sm. 31:12-13). Die algemene reël en gebruik van die Bondsvolk was egter om te begrawe, al het die heidense stamme rondom hulle dooies verbrand. Ook in die wyse van handeling met 'n lyk, het dus 'n groot verskil tussen Godsvolk en die heidene bestaan.

As ons by die Nuwe Testament kom, dan vind ons by die nuwe bondsvolk dieselfde gebruik, naamlik begrafnis van die liggame van afgestorwenes. So is Jesus Christus self aan die graf toevertrou, net soos sy vriend Lasarus. Ondanks die heidense gebruike rondom hulle, het die eerste Christene hul dode begrawe. Byvoorbeeld Stéfanus (Hd. 8:2), so ook Ananías en Saffira (Hd. 5:6, 10). So algemeen was die gebruik dat Jesus alleen daardie vorm van handeling met lyke noem wanneer Hy sê: "Daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan ... tot die opstanding ..." (Jn. 5:28, 29). Ook Paulus spreek meermale van die opstanding van die dode wat reeds in die graf weggeleë is (Vgl. 1 Ts. 4:16; 1 Kor. 15:42-54).

Sedert die einde van die vorige eeu, omstreeks 1870, het die gewoonte ook in Christelike lande begin posvat om die liggame van afgestorwe dierbares te verbrand of te veras, in plaas van te begrawe. Dit het veral van die kant van dokters en geleerdes gekom. Twee argumente is aangevoer: (1) Met uitbreiding van dorpe en stede het grond kosbaar en duur geword. Met ander woorde, begraaftplase het te veel grond opgeneem. (2) Kerkhowe is skadelik of nadelig vir publieke gesondheid. Daar is gevrees dat lewensbronne soos water aangetas kan word.

Op grond van die gegewens hierbo genoem, moet ons nou probeer om tot die bepaling van ons eie standpunt insake die kwessie van begrafnis of verassing te kom. Hier kan twee Skriftuurlike beginsels van die Calvinistiese mensbeskouing ons tot groot nut wees:

- ★ Die mens is geskape volgens die beeld van God (Gn. 1:26 en 27), daarom het God moord

en selfmoord verbied (Gn. 9:6). Ten einde die mens met eerbied vir die menslike liggaam te vervul, het God ook die verminking en beskadiging daarvan verbied (Lv. 19:28; Dt. 14:1). Paulus spreek van die menslike liggaam as 'n "tempel van die Heilige Gees" (1 Kor. 6:19). Die Skrif praat dus met groot eerbied van die menslike liggaam, want ook die liggaam is 'n skepping van God. 'n Mens bestaan uit siel en liggaam en dit beteken dat ook die liggaam van die gelowige deel het aan die verlossing in Christus. Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus sê dan ook dat die gelowige met siel en liggaam aan Christus behoort. Ons liggaam is dus nie ons eiendom nie, maar God s'n. Wat van God is, moet van God bly. Daarom moet ons liggaam na die dood aan God teruggegee word op die wyse wat die Bybel aan ons leer. Die wyse is nie die pad van verassing of lykverbranding waar die hele liggaam vermink word nie, maar die pad van die begrafnis.

- ★ Voorts moet ons in gedagte hou dat die intree van die dood nie sommer 'n natuurlike saak is nie, maar 'n handeling van God. Slegs God kan heers oor lewe en dood. Slegs Hy wat die mag het om die lewe te gee, het ook die reg om dit te neem. Daarom hou sy reg op ons liggaam, wat deur Hom gemaak is, ook nie op wanneer die dood intree nie. Dit beteken dan ook dat die liggaam van 'n oorledene volgens die wil van God behandel moet word. Derhalwe moet dit aan die aarde toevertrou word en nie aan die oond nie.

3. Konklusie:

- ★ Die slotsom in verband met die gegewens wat die Skrif ons bied, is dat begrafnis steeds veronderstel word.
- ★ In Skriflig word verassing bevraagteken.
- ★ In die gevalle waar die gebruik wel genoem word, was dit die straf wat deur God beveel is of uitsonderlike gevalle.
- ★ Die Seun van God is die grond van ons hoop op 'n salige opstanding. Dié geloofswaarde is deur die Christelike Kerk van die begin af besef.

Daarom wys die kerk voortdurend op die voorkeur vir die tradisionele begrafnisgebruike. Verassing en alles wat daarmee saamhang, is nie in die gees van die Skrif nie. Dit is wel waar dat die manier waarop van die liggaam van 'n oorledene ontslae geraak word, geen struikelblok is vir die opstanding uit die dode nie. Dit geld byvoorbeeld van see-begravnisse, gevalle waarby die liggaam in só 'n mate vermink

is dat daar van 'n begrafnis eintlik geen sprake meer is nie, asook vir lykverbranding.

Samevattend kan ons sê dat die proses van ontbinding van die liggaam nie in die hande van die mens geleë is nie. Ons mag nie met die liggaam van 'n oorledene, na willekeur handel nie. Daar is in die lig van die Skrif ernstige vraagtekens wat betref verassing, al is dit ook

so dat dié gebruik by Christene toeneem en dat dit soms vanuit praktiese oorwegings bepleit word.

DS JA JACOBS
(Bainsvlei)

PROF JC LOMBARD
(Bainsvlei)

BYLAE KCE4

Beskrywingspunt insake Kersfees

Die Sinode beveel by kerkrade en lidmate aan om Kersfees die eerste naweek in **SEPTEMBERMAAND** te vier.

Motivering

Gegewens uit die geskiedenis van DIE VROEË KERK, uit DIE OU- en NUWE TESTAMENT én uit DIE AARDRYKSKUNDE van Palestina dui onteenseglik daarop dat Christus nie in Desembermaand gebore kon gewees het nie.

1. DIE GESKIEDENIS VAN DIE VROEË KERK

1.1 Die vroeë kerk het nooit Kersfees gevier nie, enersyds omdat dié dag vir hulle onbekend was (vergelyk Geldenhuys 1971: 101, 102), en andersyds omdat die kruisdood en opstanding van Christus vir hulle groter betekenis gehad het as sy geboorte (Pont 1989:2). Daarom maak Origenes in die 3de eeu beswaar téén enige geboortedagviering omdat dit 'n heidense gewoonte is (Cullmann 1956:23; NBD 1974:156). Christene het immers die Dag van die Here wat die opstanding van Christus herdenk.

1.2 In die Oostelike (Roomse) kerk het Christene hulle besig gehou met die misterie van Christus se verskyning (epifanie) in hierdie wêreld, en die ketterse gedagte het posgevat dat die goddelike Christus op aarde verskyn het in die persoon van die menslike Jesus net toe laasgenoemde gedoop is. Klemens van Alexandrië vertel dat die volgelingen van die gnostikus Basilides in die 2de eeu n.C. die doop van Christus op die 6de of 10de Januarie gevier het. Dit is ook ons vroegste bron vir die datering van Kersfees (Cullmann 1956:24).

1.3 Terwyl die Evangelies sowel oor die geboortedatum as die doopdatum van Christus swyg, weet ons dat in die heidendom 'n fees van Dionysus, die god van die wyn, op die 6de Januarie gevier is, dat in Alexandrië Aeon se

geboorte uit Koré op dié dag gevier is as die dag van Osiris, en dat in die nag vóór 6 Januarie die waters van die Nyl sogenaamde wonderkrag besit het.

1.4 Dit was veral toe Christus se Goddelikheid aan die begin van die 4de eeu gedebatteer is dat sy geboorte met sy verskyning geïdentifiseer is, dat sy doop en geboorte saamgevoeg is en op die 6de Januarie gevier is. Van 'n viering op die 25ste Desember was hier nog nie sprake nie (Cullmann 1956:24, 25).

1.5 Die geboorte en verskyning van Christus in hierdie wêreld is egter weer van mekaar geskei tussen die jare 325 en 354 n.C. en wel te Rome, en getuienis bestaan dat die geboorte van Christus op 25 Desember gevier is reeds teen die jaar 336 n.C. (vergelyk Pont 1989:2)

1.6 Konstantyn die Grote het doelbewus die aanbidding van die son en die aanbidding van Christus gekombineer, want die Christelike Godsdienst was vir hom die ideale organisatoriese middel om sy ryk te verenig (vergelyk Cullmann 1956:29-31; Jeffrey 1988:App. B). Soos die vorige Romeinse keisers, wat 'n tempel vir "sol invictus", die onoorwinlike son, gebou het, was hy 'n sinkretis wat die verering van die son sy lewe lank bevorder het. Deur sy toedoen is ook die Dag van die Here in 321 n.C. tot 'n amptelike rusdag verklaar en het die benaming 'Son-dag' voorrang bó 'die Dag van die Here' gekry (Cullman 1956:31). So het deur sy invloed die fees van Christus se geboorte van 6 Januarie na 25 Desember verander, geassosieer met – **die fees van die son**, soos wat die opstandingsdag van die Here geassosieer is met – **die dag van die son ! (Son-dag)**.

1.7 So vind ons dan twee Kersfeesvieringe in die Roomse kerk: in die Ooste word dit op 6 Januarie gevier, terwyl dit in die Weste op 25 Desember gevier word.

1.8 Deur die invloed van figure soos Chrusostemus en Gregorius van Nazianze het die Westerse datum op die ou end geseëvier, en is 25 Desember in die Roomse kerk aanvaar as die geboortedatum van Christus (Culman (1956:32, 33), terwyl dit nooit deur die eerste Christene of die vroeë kerk gevier is nie.

2. GEGEWENS UIT DIE OU- EN NUWE TESTAMENT

2.1 Dit is merkwaardig dat die Here Jesus Hom nooit op sy wonderlike geboorte beroep het of van dié dag en datum teenoor sy dissipels melding gemaak het nie. Net so merkwaardig is dit ook dat die Evangeliste daarvoor swyg en dit terwyl Maria nog in hulle tyd geleef het en intiem deel was van die eerste dissipelkring (Hd. 1:13, 14). Daarby was Jakobus, die broer van die Here vir baie jare een van die leiers van die gemeente te Jerusalem (Hd. 12:17; 15:13; Gl. 2:9), en kon hulle die gegewens ook by hom gekry het. Dit is ewe-eens merkwaardig dat Lukas, die nougesette en betroubare historikus (vergelyk Geldenhuys 1971:39, 40), oor die geboortedag en datum van Jesus Christus swyg.

2.2 Lees mens egter 1 Krn. 24, vind jy dat koning Dawid die priesters in ampsordes verdeel het. Vier-en-twintig van hulle om in die huis van die Here te gaan volgens die verordening deur hul vader Aäron aan hulle, soos die Here, die God van Israel, hulle beveel het (vers 19).

2.3 Die begin van die Jode se godsdienstige jaar was van die maand Nisan (middel-Maart tot middel-April) af (Bybelse Ensiklopedie 1955:229, 230). Volgens 1 Krn. 24 is die jaar van 12 maande in 24 ampsordes vir die priesterlike dienswerk verdeel sodat elke orde of afdeling twee weke per jaar moes dien. As jy dan in twee-weke ordes tel van orde een af (middel-Maart), bring byvoorbeeld die agtste orde van Abía (1 Krn. 24:10) jou by die begin van **Julie** (Van Zyl 1994:1).

2.4 Sagaría was uit die afdeling van Abía volgens Lk. 1:5, en volgens Lk. 1:23-24 moes Elisabeth dus in **Julie/Augustus** swanger geword het volgens die Here se belofte aan Sagaría tydens sy dienswerk in die tempel. Elisabeth het haar vir 5 maande verberg, naamlik van **Augustus tot Desember** toe. Die 6de maand van haar swangerskap bring ons by **Januarie** die volgende jaar (Van Zyl 1994:1). En dis toe dat die engel die Here Jesus se geboorte aan Maria aankondig, die Heilige Gees oor haar gekom en sy swanger geword het, volgens Lk. 1:26-27, 31. Normale swangerskap duur 9 maande. Die geboorte van die Here Jesus moes dan in die 9de maand **SEPTEMBER**, plaasgevind het!

2.5 Die geboorte van die Here Jesus val saam met die Joodse **NUWE JAAR** (want hul burgerlike of ekonomiese jaar het in hierdie maand, Tisjri, begin), hul groot **VERSOENDAG** en hulle **LOOFHUTTEFEES** (Bybelse Ensiklopedie 1955:229, 230). Met die koms van Christus breek die einde van die wettiese godsdiens vir die Jode aan en 'n **nuwe jaar**, die tydperk van genade, begin vir hulle (vergelyk byvoorbeeld Rm. 6:14; Gl. 2:21; 5:4). Met hul groot versoendag is die **Versoener** tussen hulle (Jn. 1:29; 1 Jn. 2:2). En die **beskerming** van die Here gevier in die huttefees is inderdaad ook in Christus vervul (Op. 7:9-17). Hoe ryk en diep is die betekenis van die geboorte van Jesus Christus net nie vir die Jode én vir ons in **SEPTEMBERMAAND** nie. Hy bring met sy geboorte 'n nuwe tydperk, 'n nuwe verbond, 'n nuwe testament, 'n nuwe skepping en lewe vir die sondige mensdom. Maar hulle het nie verstaan nie. Hulle profete en geskrifte nie verstaan nie ...

2.6 Opsommend

1 Krn. 24 priesterdiens 12 mnde gedeel deur 24 ordes = 2 weke per orde. Joodse godsdienstige jaar begin Nisan/Abib = Maart. 1 Krn. 24:10 Abía 8ste orde – Julie. Lk. 1:5 Sagaría (afd. Abía) ampswerk in Julie. Lk. 1:24 Elisabeth (5 mnde verberg) bring by Desember. Lk. 1:26 Maria (engel in 6de maand) Januarie. Lk. 2:6 Geboorte van Jesus ná 9 maande **SEPTEMBER**. Lk. 2:8 in oop veld + in die nag = somer. September.

3. DIE AARDRYKSKUNDE VAN PALESTINA

3.1 Die warmste maand in Palestina is **Augustus** en die koudste is **Januarie** (Van Deursen en Meima 1963:45), en die eintlike somer val in **Augustus-September** (NDB 1974:178).

3.2 September is nog somer in Israel (vergelyk Bruijfel 1948:58) en herders kon nog op die oop veld met hul skape vertoef, selfs in die nag (Lk. 2:8). Máár teen Desember het die ergste koue en sneeu al toegesak (vra vir enigeen wat al oor 'Kersfees' daar was), en sou geen herder dit buite met sy skape waag nie (vergelyk Bruijfel 1948:92, 93, 136; Bybelse Ensiklopedie 1955:229; "Die Boodskapper" 1988:15; Jeffrey 1988:App.B).

4. GEVOLGTREKKING

Christus moes waarskynlik in **SEPTEMBERMAAND** gebore gewees het, en die presiese dag ontbreek steeds onder die voorsienige

bestel van God omdat mense **die dag** sou ver-
eer (soos mense vandag nog aan dié dag vas-
klou), maar **die wonderlike gebeurtenis** met al
sy implikasies sou verwater met heidense ge-
bruike soos kersvaders en kersbome en Iggies
en geskenke vir mekaar (sic) ensovoorts (ver-
gelyk “Die Boodskapper” 1988:15; Pont 1989:2,
3), wat wesenlik niks met die geboorte van
Christus te doen het nie.

(Voorsteller: S Botes)
(Sekondant: LF Behm)

BRONNE

“Die Boodskapper” 1988 Vanwaar ons Kers-
feesvieringe?

Bruij, FJ 1948 Tijden en Jaren, Het Natuur-
jaar in de Bijbel, Baarn: Bosch & Keuning.

Bybelse Ensiklopedie 1955 Grosheide, FW
(Red.) Kaapstad: Verenigde Protestantse Uit-
gewers.

Cullmann, O 1956 The Origin of Christmas, in:
The Early Church, London: SCM Press.

Geldenhuys, J Norval 1971 Commentary on the
Gospel of Luke, London: Marshall, Morgan &
Scott.

Jeffrey, Grant R 1988 Armageddon, Appoint-
ment with Destiny, Appendix B, London: Ban-
tam Books.

New Bible Dictionary 1974 Douglas, JD (Ed.),
London: Inter-Varsity Press.

Pont, prof. AD 1989 Die Ware Kersfees is 'n
Christusfees, in: Die Patriot, 15 Desember
1989.

Van Deursen, A en Meima, G 1963 Beknopte Bij-
belse Aardrijkskunde voor Gymnasia, Hogere-
burgerscholen en Kweekscholen, Groningen:
JB Wolters.

Van Zyl, dr. J 1994 Wanneer was Jesus die
Messias Gebore?, in: Geloof in die Woord, Sep-
tember 1994.

Verslag: Kommissie vir Formulare en Liturgie

1. PERSONEEL

1.1 Primarii: Di. L Skein (Voorsitter), WJ van der Merwe (Ondervoorsitter), DJ Malan (Skriba).

1.2 Sekundi: Geen.

2 LASGEWING

Behalwe algemene lasgewing is die spesifieke lasgewing:

Die Kommissie

2.1 bestudeer alle besware teen en beskrywingspunte rakende die formuliere en liturgie met die oog op advies aan die volgende sinode;

2.2 beskou ad hoc-opdragte wat sinodes van tyd tot tyd aan die Kommissie mag gee, as deel van hierdie lasgewing.

3 VERGADERINGS

Geen vergaderings is gehou nie, aangesien 'n enkele beskrywingspunt baie laat (op 2 Mei 1995) aan die Kommissie besorg is. Met die oog op kostebesparing, vanweë gebrek aan tyd en kommissielede se programme is die beskrywingspunt telefonies en per faks behandel.

4 SAKE BEHANDEL

4.1 Geen opdragte is deur die vorige Sinode aan die Kommissie gegee nie.

4.2 BESKRYWINGSPUNT ONTVANG

4.2.1 Ring van Dendron: Begrafnisse

Die Sinode besluit om die volgende gebruik by 'n begrafnis ernstig by lidmate aan te moedig:

Die werklik teraardebestelling vind plaas voor die diens in die kerkgebou. By die geleentheid is slegs die familie teenwoordig, soos hulle dit self reël. Die diens is dan 'n werklike roudiens en direk daarna kan verversings saam met familie en vriende geniet word.

Motivering:

- Die teraardebestelling is eintlik 'n baie intieme familie aangeleentheid.
- Aangesien die teraardebestelling soms 'n baie emosionele gebeurtenis is, hoef die publiek nie die diepe smart van die familie te

aanskou nie. Daar kan hulle alleen van die afgestorwene afskeid neem.

- Dit gebeur dikwels, veral by tragiese sterfgevälle, dat die gebeure by die graf eintlik die troos van die Woordverkondiging byna tot niet maak. In hierdie geval is die spanning dan grotendeels verby en kan die Woord rustiger en makliker aangehoor word.
- In die besige lewe van vandag is dit dikwels vir persone nie moontlik om die volle begrafnis by te woon nie. Dan kan persone wat net die diens kan bywoon, tog geleentheid kry om direk daarna met die familie te kommunikeer.

4.2.1.1 AANBEVELINGS VAN DIE KFL

4.2.1.1.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

Motivering:

- Geen wesentlike probleme is in die verlede ondervind nie.
- Vriende het ook die behoefte om by die graf teenwoordig te wees en kan tog nie uitgesluit word nie.
- Mense wat nie by die graf wil of kan wees nie kan op 'n vasgestelde uur die begrafnisdiens bywoon.
- By vele begrafnisse word nie verversings bedien nie en dit kan dus nie as argument geld nie.
- Indien die verrigtinge by die graf langer of korter duur, beïnvloed dit die vasgestelde uur waarop besluit is en kan dit onnodig spanning opwek.

4.2.1.1.2 Indien die Sinode die beskrywingspunt wel oorweeg, beveel die Kommissie die volgende wysigings en byvoegings aan:

4.2.1.1.2.1 "Die Sinode besluit om die volgende gebruik by 'n begrafnis ernstig by kerkrade en lidmate aan te moedig..."

4.2.1.1.2.2 Die Kommissie beveel die term *begravnisdien*s aan, ofskoon ons besef dat dit nie die eintlike gedagte van die kerkraad, nl. 'n roudiens, weergee nie.

Die woord "roudiens" in par. 2 van die beskrywingspunt beteken volgens HAT: "Lyksdiens. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek verduidelik: godsdiensplegtigheid ter ere van 'n oorledene; begrafnisdiens.

4.2.2 Ring van Somerset-Oos: Kleredrag van ampsdraers

'n Beskrywingspunt van die Ring van Somerset-Oos in dié verband is telefonies ontvang op 10 Mei 1995. Dit lui dat weggedoen moet word met ampsdrag vir alle ampsdraers .

Motivering:

Die swart pak, wit hemp en wit das herinner te veel aan die ampsdrag van 'n vorige kerkverband.

4.2.2.1 AANBEVELING

Die Sinode neem bloot kennis van die beskrywingspunt oor die kleredag van ampsdraers en

wys op die Sinodebesluit van 1990: Wanneer 'n leraar amptelik optree tydens eredienste, dra hy 'n swart of donker pak klere met wit hemp en wit das (Handelinge van die Vierde Sinode, p. 676 punt 12.2.1), asook Sinodebesluit van 1993: Die Sinode besluit om by die status quo te hou wat betref die kleredrag van ampsdraers in die AP Kerk (Handelinge van die Sesde Sinode, p. 266: goedgekeurde amendement).

5 SLOT

Die Kommissie het sy taak na die beste van sy vermoë afgehandel en bid die Sinode die Here se seën toe vir sy vergadering.

wg. Ds. L Skein (Voorsitter)

Verslag: Kommissie vir Barmhartigheidsdiens

1. PERSONEEL

Die volgende personeel is deur die Sinode vir hierdie kommissie aangewys:

Di. AE van den Berg, JM Rheeder, JAC Erasmus, oudle. GJ Oosthuizen, AJG van Straaten.

Sekundi:

Ds. JJ van der Linde, oudl. AGS Gouws.

2. VERGADERINGS

Geen vergaderings is gehou nie, maar die kommissielede het telefonies met mekaar geskakel.

3. VOLKSHULP 2000

Die Kommissie deel die Sinode mee dat ds. AE van den Berg, Voorsitter van die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens en stigterslid van Volkshulp 2000, in Junie 1994 tot Ondervoorsitter van hierdie organisasie verkies is. Hy tree ook vanaf 1 April 1995 as Bestuurder van Volkshulp 2000 op totdat 'n nuwe Direkteur aangestel is.

4. GEVANGENESBEARBEIDING

Die Kommissie deel die Sinode mee dat ds. AE van den Berg wat in November 1990 met gevangenesbearbeiding in Pretoria begin het, ook vanaf Oktober 1994 die Zonderwatergevangenis in Cullinan bedien.

In Pretoria bedien hy weekliks vier gevangenis, te wete Sentraal, Maksimum (dodeselle), Medium B en P-14 (maksimum sekuriteit). Hier word ongeveer 70 gevangenes in totaal bedien. In Zonderwatergevangenis, wat ook weekliks bedien word, is daar ongeveer 25 gevangenes wat die dienste bywoon en die getalle groei nog steeds. Die samewerking wat hy van die gevangenisowerheid ontvang is oral puik.

Die Kommissie wil sy hartlike dank uitspreek teenoor al die gemeentes wat gereeld tweede-handse klere Pretoria toe stuur vir verkope ten bate van gevangenes en hul naasbestaandes.

5. VRYWILLIGE KOLLEKTE VIR GEVANGENESBEARBEIDING

Die Kommissie spreek sy dank uit teenoor al die gemeentes wat pragtig gereageer het op die oproep van die Sinode van 1993 insake 'n vrywillige kollekte vir gevangenesbearbeiding.

5.1 AANBEVELING

Die Sinode betuig sy dank teenoor alle gemeentes wat vrywillige kollektes vir gevangenesbearbeiding ingesamel en oorbetaal het. Die Sinode versoek alle kerkrade weereens om 'n kollekte vir gevangenesbearbeiding te oorweeg.

6. BESKRYWINGSPUNT

Ring van Bethlehem: Verblyf van bejaardes

Die Ring van Bethlehem beveel by die Sinode aan dat die aangeleentheid van die verblyf van bejaardes aan alle ringe deurgegee word met die oog op terugvoering van waar daar dalk reeds iets in dié verband aan die ontwikkel is/gaan word, sodat daar dalk in groter verband saamgewerk kan word.

6.1 AANBEVELING VAN DIE KOMMISSIE VIR BARMHARTIGHEIDSDIENS (KB)

Die Sinode versoek Ringe om so spoedig moontlik inligting aan die Kommissie vir Barmhartigheidsdiens te besorg in verband met bestaande of beoogde skemas vanuit die gelede van die APK vir die huisvesting van bejaardes. Enige aanbevelings en voorstelle in die verband kan ook aan die Kommissie voorgelê word.

Die Kommissie vertrou dat hy hiermee sy werk na behore afgehandel het en bid die Sinode die seën van die Here toe met sy sitting.

DS AE VAN DEN BERG
(Voorsitter)

DS JAC ERASMUS
(Sekretaris)

Verslag: Kuratorium

1. PERSONEEL

1.1 Lede van die Kuratorium

1.1.1 Lede deur die sinode benoem

Di. A Boshoff sr. (Voorsitter), IA Brink (Hulp-skriba), MJ Hartzenberg, NJ Rautenbach, DR Schwartz, FJ van der Merwe, JH van der Walt, AS van Jaarsveld, dr. JH Ellis, GJJ Labuschagne, CI van Heerden.

1.1.2 Gekoöpteer deur die Kuratorium

Ds. MC Adendorff (Direkteur van Kerkadministrasie).

1.1.3 Uitgetree uit Kuratorium

Ds. DR Schwartz het uitgetree met sy verhuising na Australië.

1.1.4 Sekundus opgeroep

Oudl. WLV Fick is opgeroep om te dien in die vakature deur ds. DR Schwartz gelaat.

1.1.5 Skriba van die Kuratorium

Prof. dr. FAH van Staden (honorêr).

1.1.6 Registrateur-Sekretaresse

Mev. CM Venter.

1.1.7 Halfdagtiksterspos

Vakant.

1.1.8 Administratiewe hulp

Mev. EJ Brummer.

2. VERGADERINGS

Die Kuratorium het tot op 14 Mei 1995 waarop alle sinodale verslae ingelewer moet wees 10 keer vergader en wel op 13 Augustus, 23 Augustus, 23 September 24 en 25 November 1993, 25 Januarie, 15 Maart, 6 en 7 Junie, 22 en 23 November 1994, 31 Januarie en 29 Maart 1995.

3. DAGBESTUUR

3.1 Samestelling

Ds. A Boshoff sr. (voorsitter), dr. CI van Heerden (ondervoorsitter), ds. IA Brink (hulp-skriba) en prof FAH van Staden (skriba).

4. DAGBESTUURVERGADERINGS

Die Dagbestuur het 3 keer vergader en wel op 24 Januarie en 17 Oktober 1994 en 8 Mei 1995.

Die Dagbestuur het om kostes te bespaar gedurende die verslagperiode net in opdrag van die Kuratorium vergader.

5. SUBKOMMISSIES

Die Kuratorium het, om sy werksaamhede te bespoedig 'n subkommissie onder voorsitterskap van ds. IA Brink benoem, wat voorbereidende diens lewer in verband met huisvesting van studente, studentebegeleiding, lenings (beurse), begroting, fondse ens.

6. TEOLOGIESE SKOOL (KO arts. 9 en 10)

6.1 Raad van Teologiese Dosente

Prof. dr. FAH van Staden – Rektor, behartig departemente Ekklesiologie (3 vakke), Missiologie (4 vakke) en die vakke Kybernetiek, Liturgiek, Ensiklopedie en Ekumenika, (totaal 11 vakke);

Prof. HS Theron – behartig departement Nuwe Testament (6 vakke) en die vakke Poimeniek, Diaconiek en Evangelistiek, (totaal 9 vakke); sy proefskrif is voltooi en ingelewer;

Prof. dr. HCG Robbertze – behartig departement Ou Testament (6 vakke) en die vakke Homiletiek en Kategetiek, (totaal 8 vakke);

Prof. dr. R Marè – behartig departemente Dogmatologie (6 vakke) en Godsdienswetenskap (2 vakke) en die vak Pastorale Psigologie, (totaal 9 vakke).

Prof. Marè het aan UOVS 'n tweede doktorsgraad in die Teologie behaal, (Dogmatiek).

Prof. Theron promoveer aan UNISA in die Nuwe Testament einde 1995.

AANBEVELINGS

6.1.1 Die Sinode felisiteer proff. Theron en Marè met die verworwe doktorsgrade;

6.1.2 die Sinode bid die teologiese dosente die ryke seën van die Here toe met hulle belangrike en verantwoordelike werk aan die Teologiese Skool in belang van die kerkverband.

6.2 Vergaderings

Die Raad van dosente het so gereeld as nodig vergader en verslag aan die Kuratorium gedoen.

6.3 Vyfde Leerstoel

Die vyfde leerstoel, is deur die Sinode 1993 in beginsel goedgekeur en staan gevul te word sodra die Sinodale Finansiële Kommissie oordeel dat die nodige fondse beskikbaar is om daarvoor te begroot.

6.3.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om voorrang te verleen aan die vulling van die leerstoel bo enige ander poste in die kerkverband en dra dit aan die Finansiële Kommissie op om dienooreenkomstig te handel.

6.4 Teologiese Dae

Die Kuratorium het in samewerking met die Raad van Dosente twee teologiese dae gereël, te wete op die 26ste Januarie 1994 en die 1ste Februarie 1995, met, volgens die oordeel van die Kuratorium, besonder aktuele onderwerpe vir die predikante. Vir beide die geleenthede was die belangstelling uiters skraal en die bywoning baie swak en teleurstellend.

6.4.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om 'n vraelys in verband met die Teologiese dae aan predikante en kerkraade te stuur ten einde 'n behoeftebepaling in verband met die belangrike aangeleentheid te doen en bywoning te bevorder en dra dit aan die Kuratorium op om in die lig daarvan te handel.

6.5 Verdere Teologiese Opleiding (VTO)

As gevolg van die sinodesitting 9-14 Augustus 1993 moes die beplande VTO-kursus vir 1993 uitgestel word na April 1994, wat toe vanweë die Algemene Verkiesing afgestel is.

Die Kuratorium beplan, in die lig van die twee belangrike besluite deur die Sinode van 1993 geneem om die volgende kursus aan te bied so spoedig as wat 'n geskikte datum vasgestel kan word.

6.6 Legitimasie van teologiese studente

6.6.1 Die volgende teologiese studente het die driejarige teologiese studie aan die Teologiese Skool voltooi en is na 'n kerklike ondersoek deur die Kuratorium gelegitimeer en beroepbaar gestel:

November 1993 – PA Gomes en GCD Stoltz (beide met lof);

23 November 1994 – WA Burger (met lof), WJ Gagiano (met lof), DJ van der Linde (met lof), JDJ Jansen van Rensburg.

6.6.2 Op 23 November 1994 is HDK van der Merwe, wat as teologiese student aansoek om

legitimasie gedoen het, nadat hy reeds in 1960 die BD-graad aan die Teologiese Fakulteit, Afd. B, UP, verwerf het en nou vir 'n kort periode aan die Teologiese Skool gehospiteer het, ná suksesvolle Colloquium Doctum gelegitimeer en beroepbaar gestel.

6.6.3 Op 23 November 1994 is die Dipl. Theol. deur die Teologiese Skool aan mev. L Mouton, née Van Wyk, ná voltooiing van die driejarige teologiese kursus toegeken.

6.7 Teologiese Opleiding

Kragtens besluit van die Sinode 1991 moet die onderstaande gegewens ten opsigte van die teologiese opleiding aan die Teologiese Skool in elke verslag van die Kuratorium aan die Sinode herhaal word. Die teologiese opleiding, wat oor drie jaar strek, is soos volg:

6.7.1 Volledige kurrikulum

Ou Testament: Eksegese (3 jr.); Inleiding (3 jr.); Teologie (3 jr.); Hermeneutiek (½ jr.); Kanongeskiedenis (½ jr.); Tekskritiek (½ jr.);

Nuwe Testament: Eksegese (3 jr.); Inleiding (3 jr.); Teologie (3 jr.); Hermeneutiek (½ jr.); Kanongeskiedenis (½ jr.); Tekskritiek (½ jr.);

Dogmatologie: Dogmatiek (3 jr.); Christelike Etiek (3 jr.); Dogmageskiedenis (3 jr.); Simbool (1 jr.); Apologetiek (1 jr.); Sektekunde (1 jr.);

Ekklesiologie: Algemene Kerkgeskiedenis (3 jr.); Vaderlandse Kerkgeskiedenis (3 jr.); Kerkreg (3 jr.); met Ekumenika (½ jr.) en Ensiklopedie (½ jr.);

Praktiese Teologie (Diakoniologie): Homiletiek (teorie en prakties) (3 jr.); Liturgiek (1 jr.); Poimeniek (2 jr.); Kategetiek (2 jr.); Diakoniek (½ jr.); Evangelistiek (½ jr.); Pastorale Psigologie (2 jr.) en Kybernetiek (vanaf 1995 verleng na 2 jaar);

Missiologie: Sendingteorie (1 jr.); Sendingmetodiek (1 jr.); Elenktiek (½ jr.) en Sendinggeskiedenis (2 jr.);

Godsdienswetenskap: Godsdiensgeskiedenis (1 jr.); Fenomenologie van die godsdiens (½ jr.).

6.7.2 Praktiese Opleiding

Die praktiese opleiding wat die studente ontvang, is soos volg:

6.7.2.1 praktiese werk in die Homiletiek, wat bestaan uit klaspreke in die vierde, vyfde en sesde jaar uit die Ou Testament, Nuwe Testament en Belydenisskrifte; 'n kritiekpreek in die vyfde jaar in 'n erediens in 'n plaaslike kerk onder leiding en toesig van die dosente en 'n proefpreek in die sesde jaar in 'n erediens in

'n plaaslike kerk onder leiding en toesig van die dosente met twee kuratore as eksterne eksaminatore by elke proefpreek;

6.7.2.2 al die praktiese vakke word só aangebied dat die studente vanuit die teorie in die praktyk ingelei word; bepaalde vakke bied ruim geleentheid vir praktiese klasbespreking;

6.7.2.3 al drie jaargange is verplig om jaarliks in 'n plaaslike kerk Pinksterbyeenkomste waar te neem soos gereël met kerkrade;

6.7.2.4 die vierdejaarstudente doen verpligtend vir tien dae per jaar allesinsluitende praktiese werk in 'n plaaslike kerk onder leiding van die pastor loci, soos deur die Raad van Dosente gereël, wat volgens vaste voorskrif skriftelike verslag aan die Kuratorium moet doen;

die vyfdejaarstudente doen die verpligte praktiese werk vir veertien dae en die sesdejaarstudente vir drie weke, net soos bepaal vir die vierdejaars, met verslag aan die Kuratorium, met dien verstande dat die sesdejaarstudente ook in 'n vakante gemeente onder toesig van die ouderlingeraad die voorgeskrewe praktiese werk kan doen;

6.7.2.5 die vierdejaarstudente kry vergunning om, vanaf die tweede semester en ook in die vyfde studiejaar, leesdienste onder toesig van die pastor loci of ouderlingeraad waar te neem, as deel van die praktiese werk, terwyl die sesdejaarstudente die vergunning het om onder dieselfde toesig, as deel van hulle praktiese werk, ook in vakante gemeentes of indien die predikant met verlof is 'n eie "preek" as stigtelike woord te spreek in plaas van 'n preek wat voorgelees word.

6.8 Biblioteek

6.8.1 Noodsaaklikheid

Die Kuratorium beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n eie volwaardige, goed toegeruste biblioteek vir die Teologiese Skool, wat diensbaar kan wees aan die studente, dosente, predikante en selfs lidmate in 'n tydperk van min geld en duur boeke. Daarom is dit essensieel dat die Sinode finansiële sal voorsien in 'n nypende behoefte.

6.8.2 Uitbouing

Dit is essensieel dat die biblioteek uitgebou moet word. 'n Paar waardevolle skenkings is met groot waardering ontvang, maar dit neem drasties af. Daarom is die uitbreiding afhanklik van aankope van nuwe publikasies of tweede-handse en selfs antikwariese publikasies, wat baie duur geword het.

6.8.3 Ruimte

Die Kuratorium is opreg dankbaar vir die lokaal wat ingerig is om as biblioteek te dien. Alle rakke is nog nie aangebring nie, maar die belofte is ontvang. Die Sinode sal egter kennis moet neem dat die ruimte binne twee jaar totaal opgevol sal wees.

6.8.4 Ordening

Alle boeke en tydskrifte is volgens vakgebiede of soorte uitgesorteer en georden, sonder dat gebruik gemaak is van die halfdagpos, wat deur die Sinode goedgekeur is, in 'n poging om te bespaar.

Reëlins vir die uitleen van boeke, kontrolering, opvolging ens. is getref, wat blyk suksesvol te werk.

6.8.4.1 AANBEVELING

Die Sinode spreek sy dank teenoor die Rektor uit vir die inrigting van die Biblioteek en ordening en klassifisering van die boeke volgens vakke .

6.9 Willie Lubbe Teologiese Studiefonds

Admissante en teologiese studente word vanuit hierdie enigste studiefonds met studieleenings gehelp na die mate dat die sterkte van die fonds dit toelaat, wat jaarliks ontoereikend blyk te wees. Donasies is baie min. Die reëling dat polisse die lenings na 'n periode terugbetaal het nog nie begin om uitbetalingsdatum te bereik nie. Gevolglik is die Fonds nog hoofsaaklik afhanklik van bewilliging deur die Sinode op begroting.

6.9.1 AANBEVELING

Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor gemeentes en individue wat die afgelepe twee jaar bygedra het tot die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds.

6.10 Studente

6.10.1 Teologiese studente

Sedert die vorige Sinode het die volgende studente aan die Teologiese Skool afstudeer:

1993 – PA Gomes en GCD Stoltz

1994 – WA Burger, WJ Gagiano, mev. L Mouton née Van Wyk, JD van der Linde en JD Jansen van Rensburg.

Die volgende studente studeer vanjaar aan die Teologiese Skool:

sesdejaar: J Rossouw en WJA van Schalkwyk;
vyfdejaar: JP Duvenage en CA Swanepoel;
vierdejaar: NJ Swart.

6.10.2 Admissante

6.10.2.1 Die volgende studente het vir die studiejaar 1995 geregistreer:

CJ Bezuidenhout (BA III UOVS); mej. E Senekal (BA Hon. UOVS); A Hough (BA III UP); A Swart (BA III UP); LJ van Wyk (BA III UP); W Wessels (BA III UP); LE Prinsloo (BA II PU vir CHO); WA Botha (BA II UOVS); JJ Potgieter (BA II UP); GF de Bruin (BA III UP); LD Greyling (BA I); Mej. Y Swart (BA I); C Vermaak (BA I); G Smit (BA I); PJ Moller (BA I) — almal UP; J Ackermann (BA I PU vir CHO); JC Schutte (BA II UP); JGL Booysen (BA UP); PJ van der Nest (BA I PU vir CHO).

6.10.2.2 In Memoriam

Die Kuratorium het gedurende Januarie 1994 met leedwese en skok kennis geneem van die tragiese afsterwe, na 'n motorongeluk in SWA, van admissant A Burger in Desember 1993, wat in daardie jaar BA I suksesvol aan UP voltooi het. Meegevoel is betuig met sy ouers.

6.10.2.3 Studies gestaak

Met spyt moet gerapporteer word dat 'n aantal admissante studies gestaak het.

6.10.2.4 AANBEVELING

Die Sinode besluit om skriftelik 'n woord van bemoediging te rig aan al die admissante, om, met groot toewyding en verantwoordelikheid as geroepenes, hulle kragte en tyd, met volharding te wy, aan die voltooiing van hulle admissiestudies.

6.10.3 Eksaminering sesdejaargestudente

Die Kuratorium het 'n stelsel vir die intensivering van die eksamen van die sesdejaargestudente geïmplementeer. Ten opsigte van die akademiese eksamen tree kuratore steeds op as eksterne eksaminatore in elke vak met skriftelike verslag aan die Kuratorium. Vir die kerklike eksamen en ondersoek verdeel die kuratore in subkommissies wat elke student individueel ontmoet, ondersoek en ondervra ten opsigte van roepingsbewustheid, regsinnigheid, praktiese kennis, die Kerkorde en praktiese toepassing. Elke subkommissie rapporteer oor die studente aan die Kuratorium. Die kuratore, wat as eksterne dosente met die proefpreke opgetree het, rapporteer skriftelik oor die proefpreeklewering. Vir elke skripsie tree twee kuratore as eksterne eksaminatore op met skriftelike verslag aan die Kuratorium. Die Kuratorium ontmoet dan die studente met al die inligting persoonlik vir die finale ondersoek en ondervraging, waarna besluit word oor die legitimasie.

7. PREDIKANTSKAP/PROONENTSKAP

7.1 Aanmeldings en aansoeke

By die skriba van die Kuratorium het 31 predikante uit ander kerkverbande, oud-predikante uit die AP kerkverband en ander kerkverbande en proponente uit ander kerkverbande en 'n "teologiese student" aangemeld vir onderhoude met die oog op aansoek vir predikantskap/proponentskap.

Hiervan het 24 aansoeke ingedien.

7.2 Goedgekeurde aansoeke (beroepbaar gestel)

9 aansoeke is goedgekeur en die volgende is beroepbaar gestel:

PJ du Plessis (ds.), A Gerber (prop.), PDF le Grange (ds.), HDK van der Merwe (prop.), C van Rooyen (prop.), MP van Wyk (ds), G Venter (ds.), JJ Vrey (prop.) en JJR Katzke (ds.).

7.3 Aansoeke hangende

Die aansoeke van 3 persone is nog hangende.

7.4 Afgekeurde en teruggetrekte aansoeke

12 aansoeke is afgekeur of teruggetrek.

7.5 Voorsiening van predikante

Die Kuratorium is, volgens art. 10 van die KO, belas met die opleiding van én die toelating van predikante vir die kerkverband. In die opsig het die Kuratorium, ten spyte van 'n veel kleiner toelating, geleidelik besef dat die gevaar van oorvoorsiening 'n saak is wat ernstig aandag moet kry, veral in die lig van die eie opleiding, wat voorkeur moet geniet. Daarom is via die ringe ondersoek ingestel na die huidige stand van en die moontlike toekomstige behoefte aan predikante in die lig van bestaande gemeentes, toekomstige groei, bedieningsooreenkomste, kombinasies, beëindiging van beperkte opdragte, emeritering, art. 17.1-moontlikhede en ander, ten einde 'n evaluasie te probeer maak. Hierdie ondersoek, evaluasie en bevinding kon ongelukkig nie afgehandel word vóór die datum waarop die Kuratoriumverslag vir die Sinode ingedien moes word nie, aangesien op daardie stadium net 9 van die 38 ringe gereageer het en 'n evaluasie dus nie moontlik was nie.

7.5.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit

dat die ringe wat nie geantwoord het nie se ringskommissies voor 18:00 van die sittingsdag waarop hierdie verslag behandel word, die aangevraagde besonderhede aan die rektor van die Teologiese Skool besorg en dat die Sinode

die gewese Dagbestuur van die uitgetrede Kuratorium as tydelike ad hoc-kommissie benoem om die Sinode nog gedurende sy sitting van 'n verslag en aanbeveling te bedien.

7.6 Posisie van leraars oor die ouderdom van 65 jaar

Die Sinode van 1993 het 'n besluit geneem oor die aftree-ouderdom van leraars wat die Kuratorium verplig om in die toelating van leraars sy beleid te verander en 'n aanbeveling aan die Sinode te doen.

Handelinge 1993 p. 280

“Die Sinode besluit dat 'n leraar in diens van 'n Afrikaanse Protestantse Kerk, asook 'n leraar of ander amptenaar in diens van die kerkverband (dit wil sê verbonde aan die Sentrale Kerkkantoor en die Teologiese Skool) verplig is om aan die einde van die jaar waarin hy 65 jaar oud word, sy emeritaat te aanvaar (of af te tree in die geval van 'n amptenaar).

Die Sinode besluit dat in die geval van 'n werknemer (nie leraar) 'n werkgewer geregtig is om volgens eie diskresie die gepensioeneerde werknemer vir 'n beperkte tydperk her in diens te neem.”

Advies

In beide bogemelde gevalle kan die besluit slegs van toepassing gemaak word op nuwe leraars wat toetree en werknemers wat vanaf datum van die besluit in diens geneem word.

AANBEVELINGS

Die Sinode besluit:

7.6.1 dat leraars wat deur die Kuratorium tot die bediening toegelaat word en reeds 65 jaar oud is glad nie beroepbaar gestel kan word nie;

7.6.2 dat emeritusleraars slegs tydelike diens in 'n plaaslike kerk kan verrig en dat geen vaste ooreenkoms tussen 'n plaaslike kerk en 'n emeritusleraar aangegaan kan word nie;

7.6.3 dat die besluit van 1989 soos op p. 120 pt. 4 van die KO 1994 weergegee, soos volg gewysig word:

Status van predikant wat uit ander kerkverband oorkom:

Ou bewoording

'n Dienende predikant uit 'n kerkverband van Gereformeerde belydenis (Geref./Ned. Herv./NG Kerk) wat hom by die APK voeg, moet beskou word as analoog aan 'n geëmeriteerde predikant: hy ontvang status na keuring deur die SKK (kyk egter ook 4.2 en 4.3) en wag dan op 'n amptelike beroep; intussen het hy geen

sitting met stemreg op 'n meerdere vergadering nie (1989: Agenda, p. 363; Handeling, p. 427-428, pt. 57.2).

Nuwe bewoording

'n Dienende predikant uit 'n kerkverband van Gereformeerde belydenis (Geref./Ned. Herv./NG Kerk/ARK) wat hom by die APK voeg ontvang status na keuring deur die Kuratorium en wag dan op 'n amptelike beroep; intussen het hy geen sitting met stemreg op 'n meerdere vergadering nie.

8. OEFENAARS

Nog een oefenaar, MJG Botes, tans werksaam in die AP kerk Middelburg, is nog in kerkdien as oefenaar. Hy het goed op dreef gekom met sy admissieverpligtinge en hoop om DV vanjaar Grieks II en Hebreeus II te voltooi. Hy word toegelaat om intussen sekere teologiese vakke, volgens eis van die Kuratorium, af te handel. Hy het die Kerkreg reeds met goeie gevolg afgehandel.

9. VRYE UNIVERSITEIT

Die gedagte aan 'n vrye universiteit, wat rondom die Teologiese Skool gestig sal word, onder andere ter wille van die admissante, kring nou uit óók na die Opvoedkunde met die oog op die CVO-skole, wat besig is om landswyd op te skiet. Dit is ook essensieel met die oog op verdere teologiese studie, wat wel tans, met groot dankbaarheid teenoor die Teologiese Fakulteit van Unisa, aldaar gedoen kan word, dat die studie aan 'n eie universiteit onder ons eie dosente onderneem kan word. Die vrye universiteitsgedagte is intussen agterweë gehou met die oog op die stigting van CVO-skole, wat baie kapitaal verg.

Na die mate dat die CVO-skole slaag, word die behoefte aan 'n eie tersiêre inrigting dringender. Daarom bly die aangeleentheid op die sakelys van die Kuratorium.

10. TEOLOGIESE BLAD

Die tweede uitgawe van die Teologiese blad sal DV spoedig in publikasie verskyn na vertraging buite die beheer van die Kuratorium. Die behoefte aan navorsingswerk en publikasie van teologies-wetenskaplike publikasies, veral deur van die teologiese dosente, is vir die kerk aktueel.

11. BEGROTING

Kyk vir die begroting van die Kuratorium met aanbeveling in die Verslag van die Sinodale Finansiële Kommissie aan die Sinode-1995.

uitgevoer het en bid die Sinode die seën van die Here toe op sy sitting, beraadslagings en besluite.

12. SLOT

Die Kuratorium vertrou dat hy sy opdrag volgens arts. 9 en 10 van die KO-1994 en sy Lasgewing, KO-1994, p. 113 v., pt. L bevredigend

DS A BOSHOF (SR)
VOORSITTER

PROF DR FAH VAN STADEN
SKRIBA

Verslag: Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding

Tydperk: 14 Augustus 1993 tot 15 Mei 1995

1. PERSONEEL

1.1 Lede deur die Sesde Sinode verkies:

dr. JH Ellis (Voorsitter) ds. G Pretorius (Skriba) ds. JN Joubert (Ondervoorsitter) ds. SD Nel prof. JC Lombard dr. HJ Smith ds. FJ van der Merwe ds. A Boshoff (jr.) ds. AJ van Niekerk (Hersieningskommissie).

2. VERGADERINGS

Die kommissie het vier keer vergader, te wete 21 Oktober 1993, 18 Maart 1994, 25 Oktober 1994 en 10 Maart 1995.

2.1 Reiskoste van personeel

Die totale reiskoste aangegaan (met inagneming van die kursus wat aangebied is) was R17 456,41.

3. SAKE DEUR DIE VORIGE SINODES VERWYS

3.1 Hersiening van Verbondsonderrigboeke

Ds. Van Niekerk het leiding geneem in die uitvoering van hierdie reuse taak.

“Leer en Lewe” is teen die einde van 1993 beskikbaar gestel nadat wenke verwerk, foute reggestel en verbeterings aangebring is. Die tweede voorskoolse werkboek is ingehandig vir drukwerk. Terwyl daar gewag is op die voltooiing van lesgidse is ’n oriëntering vir voorgangers opgestel en na alle kerke in kerkverband versend. Wanneer manuskripte gereed is vir publikasie word die betrokke lesse solank gedupliseer en aan alle kerke in kerkverband versend, totdat die finale produk gelewer kan word. Graad 1 tot standerd 1 se leerboeke en lesgidse is afgehandel. Standerd 2 tot 4 asook standerd 6 tot 8 se lesgidse sal DV vanjaar nog verskyn. Standerd 5 se lesgidse is reeds afgehandel. Die enigste ontbrekende lesgidse naamlik Leer en Bely sal DV aanstaande jaar verskyn, maar die skrywer het intussen ’n antwoordstel beskikbaar gestel ten opsigte van al die Dagstukkies en Werksopdragte. Dit is verkrygbaar by die Sentrale Kerkkantoor vir alle plaaslike kerke sonder leraar, wat behoefte daaraan mag hê.

3.1.1 AANBEVELINGS

3.1.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die reeks hersiene Verbondsonderrighandboeke en Lesgidse vir Verbondsonderrigvoor gangers wat reeds voltooi is, asook die wat in die proses van voltooiing is.

3.1.1.2 Die Sinode betuig sy dank teenoor die Hersieningskommissie, skrywers, kunstenaars, tiksters, redakteurs, eindredakteur en drukkers vir die daarstelling van die Verbondsonderrighandboeke en lesgidse.

3.2 Hersiening van die “Riglyne ten opsigte van Verbondsonderrig

Die pamflet “Die Beleid van die APK ten opsigte van Verbondsonderrig” (Sakelys, Sesde Sinode bl. 55) is soos deur die vorige Sinode aanbeveel, gekorrigeer en gefinaliseer in samewerking met die KKS (Sien Bylae JV1).

3.2.1 AANBEVELINGS

3.2.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die finalisering van die “Riglyne vir die AP Kerk ten opsigte van die Verbondsonderrig” (soos die hersiene stuk lui) deur die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig & Onderwys en Opvoeding asook die Kommissie vir Kerkregtelike Sake.

3.2.1.2 Die Sinode beveel aan dat die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig & Onderwys en Opvoeding sal toesien dat die pamflet gedupliseer en na elke plaaslike kerk deurgestuurd word.

3.2.1.3 Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig & Onderwys en Opvoeding om op aanvraag van ringe of groepe gemeentes waar die behoefte mag bestaan, weer die kursus vir Verbondsonderrigvoor gangers aan te bied.

3.3 Kursus vir Jeugbearbeiding

Nadat die Kursus vir 1994 uitgestel is weens die onsekere veiligheidstoestand gedurende die verkiesing, het die kursus te midde van groot belangstelling plaasgevind op Saterdag 4 Maart 1995 te APK Wonderboom. Vanoor die grootste deel van die land het 116 kursusingangers opgedaag. Na aanleiding van die evalueringvorms blyk die kursus oor die algemeen

baie geslaagd te wees. Enkele leemtes en ruimte vir verbetering is ook bespeur.

Voortspruitend uit die kursus het die kommissielede talle navrae ontvang oor die ordelike en praktiese daarstelling en funksionering van 'n jeugaksie. Talle plaaslike kerke ondervind ook dat hulle jeug eerder ander Kerkverbande se jeugaksies asook Christelike verenigings bywoon, omdat daar nie plaaslik vir hulle 'n effektiewe ruimte gebied word nie.

3.3.1 AANBEVELINGS

3.3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding vir die geslaagde kursus in Jeugbearbeiding.

3.3.1.2 Die Sinode beveel aan dat die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding die kursus vir Jeugbearbeiding hersien sodat dit meer spesifiek die praktiese behoeftes van jeugaksies in die plaaslike kerk aanspreek.

3.3.1.3 Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding op om die hersiene kursus op versoek van gemeentes/ringe gedesentraliseerd aan te bied.

3.3.1.4 Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig & Onderwys en Opvoeding op om 'n handleiding op te stel vir die ordelike funksionering van jeugaksies, vir die verskillende belangegroepe, in die gemeentes.

3.4 Satanisme

Die Sinode van 1993 het die skrywe van dr. WA Burger "Onderrig aan ons jeug om die gevare van Satanisme en Okkultisme aan hulle bekend te maak" (Sakelys, Sesde Sinode bl. 50) goedgekeur en versoek dat die aanbevelings dringend aandag moet geniet met die oog op die insluiting by Verbondsonderrighandboeke. As gevolg van die verskyning van die nuwe handboeke kon dit nog nie geïmplementeer word nie.

3.4.1 AANBEVELING

Die Sinode versoek dr. WA Burger, di. AJ van Niekerk en FJ van der Merwe in samewerking met die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om die aanbevelings soos goedgekeur (Sakelys, Sesde Sinode bl. 53 en 54, pt. 4) by die herdruk van die Verbondsonderrighandboeke in te werk op so 'n wyse dat dit die nodige aandag in die leerplan verkry (en nie bloot as 'n opsionele bylae nie).

3.5 Die Verbondsgesprek

Die pamflet "Die Verbondsgesprek" is in die hande van die Publikasiekommissie. (Die Sinode van 1993 het reeds met dank daarvan kennis geneem.) Hierdie pamflet is opgestel as hulpmiddel aan leraars en ouderlinge vir gebruik tydens hulle gesprekke met voornemende doopouers.

3.5.1 AANBEVELING

Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die Publikasiekommissie om "Die Verbondsgesprek" spoedig te publiseer sodat dit onder die aandag van leraars en ouderlinge gebring kan word.

3.6 Programsketse

Die opstel van handleidings vir gebruik by jeugbyeenkomste geniet deurgaans die aandag van hierdie kommissie. Programsketse vir hoërskool en naskoolse jeug het reeds verskyn. 'n Tweede stel programsketse vir beide teikengroepe asook 'n aantal programsketse vir die laerskooljeug sal spoedig in die vorm van 'n boekie verskyn.

3.6.1 AANBEVELINGS

3.6.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werk van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding rakende die opstel van programsketse en handleidings vir jeugaksies.

3.6.1.2 Die Sinode beveel met groot vrymoedigheid die programsketse en handleidings vir jeugaksies aan by leraars en jeugleiers vir gebruik in hulle bediening aan die jeug.

3.7 Skoolverlaterskampe

Sedert die vorige Sinode is 2 kampe te Kruisrivier aangebied deur die APK Groblersdal. Getalle neem jaarliks toe. Waar 26 kinders gedurende November 1993 die kamp bygewoon het was dit 34 gedurende Julie 1994. Hierdie kampe was hoofsaaklik vir Transvaal. Die APK Lindley het ook 'n kamp aangebied vir die Vrystaat en Natal se matrikulante. Die organiseerders is baie dankbaar teenoor Kerkrade wat inligting deurgee en hul matrikulante aanspoor om hierdie baie belangrike voorbereidingsgeleentheid vir die grootmenswêreld by te woon.

Vir 1995 word 3 skoolverlaterskampe beplan naamlik:

- AP Kerk Coligny onder leiding van ds. A Boshoff (jr.) bied 'n kamp te Kroonstad aan met 'n uitnodiging aan Wes-Transvaal en Noord-Kaap.

- b. AP Kerk Verwoerdburg bied 'n kamp te Kruisrivier aan onder leiding van dr. JH Ellis, met uitnodiging aan die res van Transvaal.
- c. AP Kerk Lindley bied 'n kamp aan te Winkelspruit onder leiding van ds. NJ Groenewald, met uitnodiging aan die Vrystaat en Natal.

3.7.1 AANBEVELING

Die Sinode spreek sy dank uit vir die positiewe vordering wat met die skoolverlaterskampe gemaak word en beveel by kerkrade aan om matrikulante aan te moedig om sodanige kampe by te woon.

3.8 Skoolverwisselingskampe

Die AP Kerk Arnot-Hendrina het onder leiding van ds. G Pretorius 'n kamp gehou met 17 kinders. In 1994 was daar 28 kinders wat hierdie toerustingsgeleentheid met die oog op die hoërskoollewe bygewoon het. Die kamp vir 1995 word beplan vir DV gedurende Desember naby Middelburg Transvaal. Indien daar 'n groot behoefte daaraan blyk te wees sal nog 'n kamp gedurende Oktober of Januarie aangebied word.

3.8.1 AANBEVELING

Die Sinode spreek sy dank uit vir die positiewe vordering wat met skoolverwisselingskampe gemaak word en beveel by kerkrade aan om voornemende stander 6 leerlinge aan te moedig om die kampe by te woon.

3.9 Die Kerkverband se standpunt oor die Onderwys

In die lig van die vorige Sinode se opdrag aan hierdie kommissie om voortgesette aandag te gee aan die Onderwyssaak, het hierdie kommissie probleme ervaar aangesien daar nie altyd vanuit een mond gepraat kon word nie, omdat ons kerkverband nie (soos ander kerkverbande) 'n bepaalde breë beleid oor die saak het nie. Daarom het die subkommissie besluit om sodanige studiestuk op te stel vir voorlegging aan die Sinode. Prof. JC Lombard het die leiding geneem.

3.9.1 AANBEVELINGS

3.9.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die studiestuk (Bylae JV2) "Die Afrikaanse Protestantse Kerkverband se standpunt oor die Onderwys – 'n Christelik-prinsipiële verantwoording."

3.9.1.2 Die Sinode keur die studiestuk "Die Afrikaanse Protestantse Kerkverband se standpunt oor die Onderwys – 'n Christelik-prinsipiële verantwoording" goed, as amptelike

standpunt van die AP Kerkverband insake Onderwys en Opleiding.

3.9.1.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die subkommissie vir Onderwys en Opvoeding vir die daarstelling van 'n onderwysstandpunt vir die AP Kerkverband.

3.9.1.4 Die Sinode versoek kerkrade om alles in hul vermoë te doen om verbondsouers te inspireer en te ondersteun in hul verantwoordelikheid om, kragtens hul doopgelofte, Christelike Bybelonderrig en Christelike vakonderrig tot beskikking van hul kinders te stel.

3.9.1.5 Die Sinode versoek kerkrade en ringe om alles in hulle vermoë te doen om die opleiding van onderwysers in Christelike vakwetenskappe te bevorder, ten einde te verseker dat dooplidmate deur Christelike onderwysers op alle vakgebiede onderrig word.

3.9.1.6 Die Sinode versoek kerkrade om lidmate doelgerig aan te moedig om Christelik Volkseie Skole wat Christelike vakonderwys in 'n Christelike milieu aanbied, vir hulle kinders te kies en te ondersteun. Waar sulke skole nie bestaan nie, versoek die Sinode Verbondsouers om alles in hul vermoë te probeer om sodanige skole te stig en selfs oor te gaan tot huisskole aangesien ouer kinders in die toekoms moontlik nie meer onder skoolplig sal staan nie.

3.9.1.7 Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om waar moontlik aktief deel te neem aan die Beweging vir Christelik Volkseie Onderwys, in die nakoming van ons roeping ten opsigte van Onderwys en Opvoeding vir ons kinders.

3.9.1.8 Die Sinode versoek kerkrade om hul lidmate aan te moedig om, kragtens hul Verbondsgeloftes, vrye verenigings wat Christelik Volkseie Onderwys bevorder, dinamies reformatories en aktief te ondersteun.

3.9.1.9 Die Sinode neem met dank kennis van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys se grondslag en doelstellings (soos vervat in Bylae JV3).

4. INSTITUUT VIR ONDERWYS

Onder leiding van die VCHO is 'n werksessie oor 'n Instituut vir Onderwys op 25 Februarie 1994 gehou by die TO Sentrum. By hierdie geleentheid het dr. HJS Stone in sy inleidingsrede die belangrikheid van die werksessie beklemtoon. Verskeie standpunte oor Christelike Opvoeding en Onderwys (14 sprekers) is vanuit verskillende invalshoeke aangebied.

Daar is ook besluit op 'n Onderwyskongres vir 18 en 19 Augustus 1994. Dit het nie gerealiseer nie. 'n Subkommissie, waarby lede van die APK se Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding betrek is, is aangewys om die saak oor Christelik Volkseie Onderwys en Opvoeding verder te voer.

Die SKK het egter in die lig van hulle ervarings met afgevaardigdes van betrokke kerkverbande, aanbeveel dat hierdie kommissie net waarnemerstatus sal hê. Op grond hiervan het die kommissie hom aan verdere deelname onttrek. Die verteenwoordigers van ander kerkverbande het die aanvanklike bedoeling wat die Instituut beoog het se rigting verander van Christelik Volkseie Onderwys na Christelike Onderwys. Die APK kan homself ook nie daarmee vereenselwig nie. Derhalwe het hierdie kommissie besluit om nie voort te gaan met deelname aan hierdie kongres nie.

4.1 AANBEVELINGS

4.1.1 *Die Sinode neem kennis van die aanvanklike deelname van lede van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding aan die Instituut vir Onderwys wat onder beskerming van die VCHO funksioneer.*

4.1.2 *Die Sinode gee aan prof. Alkmaar Swart tien minute geleentheid om die Sinode toe te spreek oor die Beweging vir Christelik Volkseie Onderwys.*

4.1.3 *Die Sinode herbevestig sy steun aan die BCVO en beveel by kerkrade aan om by die BCVO te affilieer en waar moontlik die saak op plaaslike vlak uit te bou.*

5. WITSKRIF VIR ONDERWYS

Met die verskyning van die Witskrif vir Onderwys deur die regering het die subkommissie vir die Onderwys en Opvoeding dit ter hand geneem en krities geëvalueer. Die subkommissie het 'n antwoord geformuleer wat aan die SKK deurgestuur is, as antwoord aan die Ministerie van Onderwys. Hierdie antwoord is deur die SKK verwerk en uitgebrei voordat hulle dit deurgestuur het (Bylae JV4).

5.1 AANBEVELINGS

5.1.1 *Die Sinode neem kennis van die kommentaar op die Witskrif (Bylae JV4) wat deur die SKK na die regering deurgestuur is.*

5.1.2 *Die Sinode versoek kerkrade om deeglik kennis te neem van die kerkverband se kommentaar op die Witskrif.*

6. CHRISTELIKE LITERATUUR VIR KINDERS

'n Behoefte aan Christelike boekies vir kinders is geïdentifiseer. Sodanige boekies kan ook handig gebruik word deur kerkrade wat dit aan kinders wil gee tydens die jaarlikse Verbondsonderrigafsluiting. Ouers kan dit ook handig gebruik wanneer hulle onder andere gedurende slapenstyd vir hul kinders lees. Die ideaal is om vir elke ouderdomsgroep sy eie boekie te skryf met 'n moontlikheid van jaarlikse nuwe reekse indien die projek geslaagd blyk te wees. Daar word gedink aan dun boekies in 'n prysklas van verkieslik nie meer as R5-00 nie. Die inhoud kan bestaan uit verhalende Bybelliteratuur, Bybelse karakters, Bybelse temas, Christelike feesdae, lewensgeskiedenis van hervormers of martelare, ensovoorts.

6.1 AANBEVELING

Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig & Onderwys en Opvoeding om in samewerking met die Publikasiekommissie te werk aan die daarstelling van Christelike boekies vir kinders.

7. UITBREIDING VAN DIE KOMMISSIE

Met die rasionalisering van die vorige Sinode het die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig asook die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding saamgesmelt.

Die kommissie bestaan nou uit 4 lede van elkeen van die vorige kommissies asook een lid van die Hersieningskommissie wat gekoöpteer is met die goedkeuring van die SKK. As gevolg van die werkslas van die subkommissie vir Jeug en Verbondsonderrig (wat voorheen uit 8 lede bestaan het) word die Sinode versoek om die kommissie met twee lede uit te brei. Die kommissie sal dan bestaan uit 6 lede vir Jeug en Verbondsonderrig en vier lede vir Onderwys en Opvoeding (wat beide BCVO en VCHO lede insluit) asook ds. AJ van Niekerk van die Hersieningskommissie. Die begroting onder 9 is hiervolgens beplan.

7.1 AANBEVELING

Die Sinode keur die uitbreiding van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding goed. Die kommissie sal nou bestaan uit 6 lede vir Jeugwerk en Verbondsonderrig, 4 lede vir Opvoeding en Onderwys (wat beide BCVO en VCHO lede insluit) asook 'n lid van die Hersieningskommissie.

8. NAAM VAN DIE KOMMISSIE

Die kommissie het besin oor die omslagtige naam van die Kommissie vir Jeug en Verbonds-onderrig en Onderwys en Opvoeding en wil na deeglike besinning by die Sinode aanbeveel om die naam van hierdie kommissie te verander na die “Kommissie vir Jeug en Opvoeding.”

8.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om die naam van die “Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding” te verander na die “Kommissie vir Jeug en Opvoeding.”

9. BEGROTING VIR 1996

Hierdie kommissie het talle maatreëls gebruik om te probeer bespaar soos onder andere telefoonvergaderings, die kursus wat saamgeval het met 'n vergadering om ekstra reiskoste te verhoed, geen dagtariewe of ekstra reiskosteeise vir die Kursus vir Jeugbearbeiding en ook het lede van die subkommissie vir Onderwys en Opvoeding hul vergaderings saam met VCHO vergaderings laat saamval om verdere reiskoste te bespaar. Voorts is geen normale eise vir telefoononkoste, faksonkoste en tik en duplisering van notules deur die lede van die kommissie ingestel nie.

9.1 AANBEVELING

Die Sinode keur die begroting van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding goed om soos volg uit te sien:

	R
<i>Reiskoste en etes vir 2 vergaderings</i>	12 000-00
<i>Subkommissie vir Onderwys en Opvoeding</i>	4 000-00
<i>Subkommissie vir Jeug en Verbondsonderrig</i>	2 000-00
<i>Moontlike opdragte van die Sinode</i>	2 000-00
<i>Voortgesette aanbieding van die kursusse vir Verbondsonderrigvoorgangers en Jeugbearbeiding vir Kaapland en Vrystaat</i>	2 000-00
TOTAAL	20 000-00

10. BESKRYWINGSPUNTE

10.1 Ring van Ermelo: Getrouheidseëls

Die Sinode besluit dat 'n seël van getrouheid ontwerp, gedruk en uitgegee word aan kinders wat wel getrou is maar nie genoeg punte vir 'n gewone seël kry nie.

Motivering

Kinders het nie almal dieselfde verstandelike vermoëns nie, maar almal kan getrou wees.

10.1.1 AANBEVELING VAN DIE KJVOO

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt van die Ring van Ermelo en wys kerkraade daarop dat die bestaande seëls wel getrouheidseëls is. Kinders wat getrou is maar om een of ander rede nie verstandelik kan presteer nie, behoort nog steeds die “gewone” getrouheidseël te ontvang indien die Kerkraad dit so goedkeur.

10.2 Ring van Ermelo: Sertifikaat vir Verbondsonderrigvoorgangers

Die Sinode besluit om 'n sertifikaat vir Verbondsvoogete wat toegerus is, te laat ontwerp, druk en aan gemeentes beskikbaar te stel.

10.2.1 AANBEVELING VAN DIE KJVOO

Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om (in samewerking met die Publikasiekommissie) 'n sertifikaat te ontwerp en beskikbaar te stel vir Verbondsonderrigvoogde wat volgens die Kerkorde en die “Riglyne vir die AP Kerke ten opsigte van Verbondsonderrig” toegerus is.

10.3 Ring van Beaufort-Wes: Stigting en ondersteuning van CVO-skole

Die Sinode besluit dat by alle plaaslike kerke waarin daar nog nie Christelik Volkseie Skole (CVO) vir Boere-Afrikanerkinders bestaan nie, die AP Kerk daadwerklik leiding moet neem om sodanige skole op te rig waar die behoefte bestaan, of om, by gebrek aan plaaslike lewensvatbaarheid, steun te verleen aan naburige gemeenskappe waar 'n CVO-skool wel reeds bestaan, of in die proses van oprigting is.

Motivering

Dit is bekend dat Gereformeerde Verbondsoers voortaan deur opvoeding in staatskole nie meer hulle doopbelofte sal kan nakom om hulle kinders te laat onderrig ooreenkomstig die Woord van God nie. Christelike Nasionale Onderrig, soos gewortel in die Protestantse Hervorming, wat met die meelewende geestelike leiding van onderwyspersoneel as 'n verlengstuk van ouerlike onderrig aan Verbondskinders bedien is, sal vervang word met 'n akademiese studie van religie!

Dit is die basiese plig van Protestantse Kerkgemeenskappe om dit organisatories sowel as finansiële binne die bereik van weerlose Verbondsoers te bring om hulle doopbelofte met betrekking tot skoolopleiding te kan nakom.

Aangesien die AP-Kerk se primêre missie is om blanke Afrikaners van God se Woord in ooreenstemming met Gereformeerde Belydenisskrifte te bedien, is dit ons Kerk se dringendste "Sending"-taak om inisiërend op te tree, sodat 'n opvoedingsstelsel gevestig en uitgebrei kan word, waarin ons Afrikanerkinders meelewend in die ware gees van Hervorming deur Protestante opgevoed kan word.

Ondervinding het reeds vroeg geleer dat die huidige ouers van die meeste gemeenskappe nie alleen, sonder die hulp van 'n georganiseerde en gekompromitteerde nie-ouergemeenskap, sodanige projek suksesvol sal kan loods en in stand hou nie.

Ondervinding het ook reeds geleer dat waar die AP Kerkgemeenskap die bolwerk verskaf vir 'n CVO-skool, die AP Kerk se verbondsonderrig tot seën is, ook vir kinders van nie-lidmate, wat 'n goedgeneentheid jeens ons kerk meebring, en wat ook 'n konstante vloei van lidmate na die AP Kerk meebring.

10.3.1 AANBEVELING VAN DIE KJVOO

Die Sinode versoek kerkrade om hulle lidmate aan te moedig om in gemeentes waar nog nie Christelik Volkseie Skole (CVO) bestaan nie, sodanige skole op te rig waar die behoefte bestaan. By gebrek aan plaaslike lewensvatbaarheid versoek die Sinode die kerkrade om lidmate te motiveer om volle steun te gee aan naburige gemeenskappe waar 'n CVO-skool wel reeds bestaan, of in die proses van oprigting is.

10.4 Ring van Heidelberg: Stigting en oprigting van Pre-Tersiêre en Tersiêre Onderwysinstellings

Die Ring van Heidelberg vra dat daar tussen die AP Kerk en Boere-Afrikaner kultuurorganisasies koördinasie moet wees vir die daarstelling van Pre-Tersiêre en Tersiêre Onderwysinstellings in die verskillende streke, sodat daar nie oorvleueling plaasvind nie.

Motivering

- Dit sal meebring dat daar minder, maar sterk hoë gehalte Onderwysinstellings sal wees.
- Dit sal meer koste-effektief wees.
- Dit sal ook meebring dat die mees geskikte terreine met betrekking tot behoefte, bekostigbaarheid, bekombaarheid en veiligheid geïdentifiseer word.

10.4.1 AANBEVELING VAN DIE KJVOO

Die Sinode versoek die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding om moontlikhede te ondersoek en tot uitvoering te bring sodat daar koördinasie sal wees tussen AP Kerke en Boere-Afrikaner kultuurorganisasies in die daarstelling van Pre-Tersiêre en Tersiêre Onderwysinstellings in verskillende streke, sodat daar nie oorvleueling plaasvind nie.

10.5 Ring van Lichtenburg: Onderrig aan Universiteite en Kolleges

Die Sinode versoek sy Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig om moontlikhede te ondersoek om 'n wakende oog te hou oor wat aan Universiteite en Kolleges doseer word en invloed daaroor uit te oefen.

Motivering

Soos in ons dagskole daar ernstige kommer bestaan oor die Christelike aard van die onderwys, so ook by Kolleges en Universiteite. Ons is bekommerd oor die inhoud van vakke, soos byvoorbeeld Bybelkunde.

10.5.1 AANBEVELING VAN DIE KJVOO

Die Sinode neem kennis van die Beskrywingspunt van die Ring van Lichtenburg insake toesig wat die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding moet uitoefen oor onderrig aan Kolleges en Universiteite (vergelyk Bylae JV2).

10.6 APK Migdol: Wysiging aan Kerkorde Bep. 44A

Die Beskrywingspunt voldoen nie aan die formele vereistes vir beskrywingspunte soos deur die Kerkorde gestel nie, en is daarom nie ontvanklik nie.

11. Slot

Die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig en Onderwys en Opvoeding vertrou dat hy die afgelope twee jaar die werk aan hom toevertrou asook alle ander werksaamhede deur die kommissie aangepak, tot bevrediging van die Sinode en die kerkverband in geheel afgehandel het en bid elke gemeente binne die AP Kerkverband die seën van die Here toe op hulle jeugwerk.

wg. DR JH ELLIS (Voorsitter)

wg. DS G PRETORIUS (Skriba)

Riglyne vir die AP Kerke ten opsigte van Verbondsonderrig

Definisie

Verbondsonderrig is die amptelike werk van die kerk aan sy gedoopte en ongedoopte kinders om hulle op te bou in hulle persoonlike geloof sodat hulle God persoonlik beter kan leer ken en in die openbaar belydenis van hulle geloof kan doen met die oog op deelname aan die sakramente en voorts om as verantwoordelike en mondiges lidmate van die kerk as getuies van Jesus Christus in die wêreld hulle roeping te kan uitleef.

1. ALGEMEEN

1.1 Die ouers is in die eerste instansie verantwoordelik vir die Verbondsonderrig van hulle kinders. Die ouderlingeraad is verantwoordelik vir die Verbondsonderrig wat aan die dooplidmate van die gemeente gegee moet word.

Die ouderlinge is medeverantwoordelik saam met die bedienaar van die Woord vir die Verbondsonderrig wat aan die gedoopte en ongedoopte kinders van die gemeente gegee word.

Ander voogde wat aangestel word, moet deur die ouderlingeraad goedgekeur word. Hulle moet ongesensureerde lidmate wees. Periodiek moet by die ouderlingeraad verslag gedoen word oor die werk.

1.2 Die Verbondsonderrig vorm 'n deel van die jeugarbeid van die kerk en moet geïntegreer word met die georganiseerde jeugwerk van die gemeente.

1.3 Slegs die amptelike leerboeke wat deur die Publikasiekommissie uitgegee is in opdrag van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk, mag in die Verbondsonderrig gebruik word.

2. VAN KINDERS WAT VERBONDS- ONDERRIG ONTVANG, WORD DIE VOLGENDE VERWAG:

2.1 Getroue bywoning van die klasse.

2.2 Getroue erediensbywoning.

2.3 Getroue lesvoorbereiding en uitvoering van werksopdragte soos deur die verbondsonderrig opgedra.

2.4 Meelewing in die klas deur aandag, die vra van vrae en deelname aan bespreking.

2.5 Die aflegging van toetse wanneer dit gereël word.

2.6 'n Voorbeeldige lewenswandel wat getuig van liefde vir die Here, sy Woord en kerk.

2.7 Inskakeling by die Verbondsjeugaksies.

3. KLASSE IN DIE VERBONDS- ONDERRIG

3.1 Afdelings in die verbondsonderrig

3.1.1 Die opsionele Kleuterafdeling (3-5 jaar oud)

My eerste werkboek Deel 1.

My eerste werkboek Deel 2.

3.1.2 Die Juniorafdeling

Graad 1/Sub A (6 tot 7 jaar oud)

Leer en Vertrou 1

Graad 2/Sub B (7 tot 8 jaar oud)

Leer en Vertrou 2

Standerd 1 (8 tot 9 jaar oud)

Leer en Vertrou 3

Standerd 2 (9 tot 10 jaar oud)

Leer en Glo 1

Standerd 3 (10 tot 11 jaar oud)

Leer en Glo 2

Standerd 4 (11 tot 12 jaar oud)

Leer en Glo 3.

3.1.3 Die Seniorafdeling

Standerd 5 (12-13 jaar oud)

Leer en Lewe 1

Standerd 6 (13 tot 14 jaar oud)

Leer en Lewe 2

Standerd 7 (14 tot 15 jaar oud)

Leer en Lewe 3

Standerd 8 (16 tot 17 jaar oud)

Leer en lewe 4.

3.1.4 Belydenisklas (16 tot 17 jaar oud)

Leer en Bely

3.2 Praktiese reëlins

3.2.1 Kinders word in klasse ingedeel óf volgens skoolstanders óf volgens ouderdom. Klasse behoort nie groter as 10-12 te wees nie. In geval van 'n kind wat op skool gedruip het, word dit aan die kind se ouers oorgelaat om te besluit of hy/sy by die klasgroep wil bly of by sy ouderdomsgroep.

3.2.2 Op verafgeleë plekke waar kinders nie elke Sondag teenwoordig kan wees nie, kan Verbondsonderrig deur ouer(s) aan die kind(ers) gegee word uit die voorgeskrewe boeke, in ooreenstemming met die Verbondsonderrighoof. By geleentheid moet die kinders wel inskakel by die sentrale Verbondsonderrig en die besonderhede omtrent punte, moet deur die ouer aan die Verbondsonderrighoof oorgedra word. Hierdie onderrig moet met die toestemming van die ouderlingeraad geskied. Die wyksouderling (en wanneer moontlik ook die predikant) hou hom

gereeld op hoogte van die vordering van hierdie kinders, en rapporteer voor elke nagmaal daarvoor aan die ouderlingeraad.

3.2.3 Kinders wat saam met hulle ouers besoek aflê op ander plekke, word aangemoedig om die Verbondsonderrig van die APK (gemeente) op die betrokke plek by te woon (indien daar 'n gemeente bestaan) en 'n "besoekerskaart" aan te vra. Hulle handig hierdie besoekerskaart by hulle verbondsvoog in die tuisgemeente in en word daarvoor gekrediteer.

Voorbeeld van 'n besoekerskaart

Afrikaanse Protestantse Kerk	
.....	
Hiermee word bevestig dat	
.....	(name)
die Verbondsonderrigklas (Gr. of St.) op	
Sondag 19.....	
as besoeker bygewoon het.	
Die punte aan hom/haar is soos volg:	
Teenwoordig	kerk
meelewing	
Met groete en seënwense,	
Geteken	
Onderwyser/Sekretaris/Leraar	

4. REGISTER EN PUNTETOEKENNING

4.1 Registerhouding

Vir hierdie doel word twee registerkaarte deur die Jeugkommissie voorsien, een vir die Juniorafdeling (Liggroen) en een vir die Seniorafdeling (ligblou). Vir die kleuters in die Voor-skoolse klas word nie register gehou of punte toegeken nie. Hierdie kaarte geld vir die kind se hele Verbondsonderrigtydperk en moet deur ouers wat verhuis aangevra en saamgeneem word.

Die kaarte word per klas in koeverte of lêers gehou.

Punte word soos volg toegeken en aangeteken op die registerkaart:

- T – Een punt vir teenwoordig.
- K – Een punt vir kerkbywoning.

M – Een punt vir meelewing, lesvoorbereiding, voltooiing van werkopdrag, met ander woorde 'n evalueringspunt.

By toekenning van laasgenoemde punt moet elke Verbondsonderrigvoog sy eie diskresie gebruik sodat hy aan die minder begaafde kind dieselfde krediet sal gee vir sy poging as vir die skrandere kind. Die toewyding van die kind moet belangriker beskou word as sy intellektuele vermoë.

4.2 Evaluering

Evaluering is 'n didaktiese beginsel. Geen onderrig sonder evaluering kan sinvol geskied nie. Daar bestaan verskillende metodes van evaluering waaronder:

- a. Vrae wat algaande deur die les gevra word.
- b. Skrywe van toetse.

- c. Hersieningsvrae wat vir tuiswerk gegee kan word.
- d. Voorgangers kan 'n paar minute by die aanvang van die les vrae aan die kinders stel oor die vorige week se les wat behandel is.
- e. Kinders in die klas word in twee groepe verdeel en kry opdrag om vrae uit vorige lesse op te stel wat hulle dan aan mekaar vra.
- f. Direk na die les kan aan die klas 'n paar vrae gevra word om te kyk of die kinders die les en sy boodskap verstaan het.

Indien 'n ouderlingeraad sou besluit om by wyse van formele toetse evaluasie te doen, word aanbeveel dat dit minstens twee keer per jaar sal geskied. Slegs kinders van standerd twee tot nege word so geëvalueer.

Toetse word deur die voorganger van die klas opgestel met die bedoeling dat die kind se kennis van die lesinhoud getoets word en nie om die kind vas te vra nie.

4.3 Afwesigheid

Indien 'n kind afwesig is omrede siekte of ander omstandighede buite sy beheer, moet hy of vooraf by die Verbondsonderrigvoog verskoning maak of later die verskoning van die ouer met vermelding van die rede aanbied. As die Verbondsonderrigvoog tevrede is dat dit 'n wettige rede is, teken hy 'n R (rede) in die register aan en dit beteken dat die kind sy punte vir bywoning verdien. Indien 'n kind afwesig is sonder verskoning of wettige rede, word 'n A (afwesig) in die toepaslike blokkie aangeteken en verbeur hy sy punte. Indien ouers op uitsonderlike kere oor naweke weggaan en die kind(ers) saamneem, en die ouers onderneem om self aan die kind(ers) onderrig te gee oor die betrokke les, en ook daarvan verslag kom

doen aan die Verbondsonderrigvoog, kan die punte op die kind se kaart aangeteken word. Van so 'n vergunning moet egter nie misbruik gemaak word nie.

Die afwesigheid van 'n kind behoort deur die Verbondsonderrigvoog opgevolg te word deur by die ouers navraag te doen. Indien die rede vir afwesigheid tot bevrediging vasgestel is, maak hy 'n regmerk op die kaart in die kolom "afwesigheid opgevolg."

5. ERKENNING VIR GETROUHEID

Aangesien dit 'n belangrike beginsel is om aan 'n kind wat getrou en meelewend in die Verbondsonderrig is, erkenning daarvoor te gee, kan van die stelsel van diplomas en seëls gebruik gemaak word. Hierdie diplomas en seëls is nie 'n beloning of iets wat verdien word nie, maar slegs 'n wyse waarop die plaaslike kerk sy waardering betuig vir die kind se getrouheid, hom daarin aanmoedig en só sy waardes help vorm. Aan 'n kind wat nie getrou was nie, word 'n aanmoedigingseël gegee.

'n Kind ontvang jaarliks die toepaslike seël vir sy standerd of ouderdom, en as hy een seël verbeur, word 'n oop spasie op die diploma gelaat. Twee seëls mag nie gelyktydig aan 'n kind gegee word nie.

Kinders in die kleuterafdeling (voorskoolse klasse) ontvang aan die einde van sy/haar eerste jaar van bywoning 'n diploma (biddende kinders) wat spesiaal vir die doel ontwerp is. Indien 'n kind vir 'n tweede (selfs 'n derde) jaar ook nog in die klassie is, ontvang hy/sy 'n spesiale seël (met 'n lantern-embleem) wat op die diploma geplak word en waarop die jaartal aangedui word.

Die diplomastelsel vir die Juniorafdeling

Gr. 1/sub A 6-7 j. Diploma met eerste geel seël	Gr. 2/Sub B 7-8 j. Oranje seël	St. 1 8-9 j. Rooi seël	St. 2 9-10 j. Turkoois seël	St. 3 10-11 j. Liggroen seël	St. 4 11-12 j. Donkergr. seël.
---	---	---------------------------------	--------------------------------------	---------------------------------------	---

Die diplomastelsel vir die Seniorafdeling

St. 5 12-13 j. Ligblou seël	St. 6 13-14 j. Donkerblou seël	St. 7 14-15 j. Ligpers seël	St. 8 15-16 j. Silwer seël	St. 9 16-17 j. Goue seël.
--------------------------------------	---	--------------------------------------	-------------------------------------	------------------------------------

6. VEREISTES VIR TOELATING TOT BELYDENISAFLEGGING

'n Kandidaat word toegelaat tot aflegging van belydenis, as die leerstof van die leerplan wat na die oordeel van die ouderlingeraad vir hulle spesiale behoefte nodig is, met vrug behandel is.

Die kandidaat moet onderlê wees in:

1. Kennis van die Woord van God, sy ontstaan en boodskap.
2. Die leer van die kerk soos uitgedruk in die Belydenisskrifte.
3. Die algemene en vaderlandse kerkgeskiedenis.
4. Die betekenis van die erediens.

5. Die kerkregering.

6. Sekere afwykende beskouings.

7. Die pligte van die lidmaat.

8. Dooplidmate mag toegelaat word om belydenis van geloof af te lê, as die leerstof van die betrokke leerplan met hom/haar behandel is en hy/sy die ouderdom van 16 jaar bereik het. Belydenisaflegging moet gaan oor die kandidaat se verhouding met die Drieenige God, soos Hy Hom in die Bybel openbaar in 'n lewende verbintenis aan Hom, deur Christus as sy persoonlike Saligmaker in die krag van die Heilige Gees; oor sy Bybelkennis en geloofsrypheid; oor sy meelewing en wandel gedurende sy Verbonds-onderrigtydperk; en oor sy voornemens ten opsigte van die toekoms.

9. Voordat die ouderlingeraad finale toetsmonering gee tot Belydenisaflegging, word die naamname van wie blyk staat op finale toetsmonering, aan die gemiddelde van afgelede voorged. (KQ(1994) 211) BYLAE JV2

Die Afrikaanse Protestantse Kerkverband se standpunt oor die Onderwys – 'n Christelik-Prinsipiële Verantwoording

INLEIDEND TAAKSTELLEND EN BEGRENSSING

Dis die prinsipiële reg en plig van die kerk as instituut om 'n duidelike standpunt oor die onderwys, waarby al ons lidmate buitendien betrokke is, te formuleer. Die kerk het 'n onontwykbare roeping om oor so 'n belangrike werksakker in die koninkryk van God sy Christelike getuienis te lewer. Dit kan wel nie 'n gedetailleerde onderwysbeleid behels nie, omdat die kerk sy eie roepingsgebied sal oorskry. Die kerk hanteer nie en beskik nie oor professionele beroepskundigheid hieroor nie. Aangesien die hele onderwysstruktuur egter as 'n eenheid funksioneer, of moet funksioneer, kan die kerk wel oor alle aspekte wat die religieuse koers en inhoud daarvan betref positiewe ondersteunende kommentaar of kritiese insette lewer. Dit geld vir onderwys vanaf die informele tot op die tersiêre vlak.

Dis daarom noodsaaklik ter wille van korrekte perspektief om die grense van die kerk se bevoegdheid hieroor uit te stippel en tegelyk aan te toon dat die vervlegting en wisselwerking tussen die kerk en die nie-kerklike samelewingsverbande noodsaaklik en onvermydelik is. Beide die begrensing enersyds en die vervlegting andersyds van die samelewingstruk-

ture is gegee in die Christelike beskawingsmondige kultuurontplooiing onder die voorsienige bestel van God. Ons maak hier ook uiteraard gebruik van die Christelik-wetenskaplike besinning hieroor, soos tot op datum gelewer. Dit word vervolgens saaklik nader toegelig.

DIE KERK SE EIE TIPIESE BEGRENSENDE ROEPINGS- EN WERKSGBIED

Die samelewingsverbande waarbinne en waarmee die mens tot eer van God in gehoorsaamheid aan sy Woord en Wet 'n roeping moet vervul, het binne die skeppingsorde elk 'n eie struktuur (bouvorm) en selfstandigheid, ook genoem 'n vryheid in eie bevoegdheid, of soewereiniteit in eie kring. Dit is byvoorbeeld net aan die kerk toevertrou om die swaardmag van die Woord te hanteer en alles wat daarmee saamhang. As hierdie beginsel in die lewe van die kerk gehoorsaam word sal baie van die pragmatiese grensoorskrydings op die gebied van die nie-kerklike samelewingsverbande soos dit telkens voorkom, vermy word. Dit is byvoorbeeld net aan die Kerk toevertrou om die swaardmag van die Woord en alles wat daarmee saamhang so te hanteer dat dit lei tot die belydenis en uitlewing van die geloof.

DIE KERK IN VERVLEGTING EN WISSELWERKING IN DIE SAMELEWING – DIE PROFETIESE GETUIENIS

Omdat God die mens as 'n eenheid geskape het, is daar in 'n normale Christelike samelewing tussen kerk en die ander samelewingstrukture vervlegting, interafhanklikheid, voortdurende wisselwerking en positiewe wedydse ondersteuning. Hier kan ons as voorbeelde noem die intieme verband tussen huwelik en gesin, tussen gesin en kerk, tussen gesin en skool. Onvermydelike raakpunte bestaan byvoorbeeld tussen gesin, skool, beheerliggame van die skool en die owerheid.

Dit is byvoorbeeld juis die tipiese kerklike roeping en taak in hierdie wisselwerking om met die swaardmag van die Woord en as getroue getuie te alle tye profetiese getuienis te lewer vir 'n uitgesproke Christelike onderwysbeleid, omdat God as Soewerein ook die onderwys onvoorwaardelik opeis om sy Naam groot te maak.

BEGINSELGRONDSLAG VAN DIE KERK OOR ONDERWYSBELEID

KONTINUÏTEIT VERANTWOORD

Dis nodig, ter wille van geheelperspektief, om te wys op die historiese kontinuïteit tussen die stryd wat reeds in hierdie eeu in ons land gevoer is vir "Christelike Onderwys" (CNO) en die verskerpte stryd wat tans aan ons opgedwing word. In die vorige stryd sedert die begin van hierdie eeu, het die kerk sy profetiese getuienis gelewer vir die Christelike Nasionale (Volkseie) koers van die Onderwys. Hierdie stryd is intussen verbreed en verdiep deur verrykende en reformerende besinning, onder andere genoodsaak deur die huidige staatkundige krisis en 'n volksvreemde rewolusionêre owerheid. Dit dring en dwing die Bybelgehoorsame kerke en nie-kerklike Christelike organisasies om in nouer bondgenootskap en wisselwerking, sonder om te versmelt, die stryd vir Christelike volkseie onderwys te intensifiseer.

In die eenheid van die geloof en die belydenis vanuit die hartsoortuiging (Spreuke 4:23) onder die leiding en verligting van die Heilige Gees is die volgende grondwaarhede se normatiewe betekenis vir die onderwys ononderhandelbaar.

DIE FINALE EN ONFEILBARE GESAG VAN GODS WOORD

Ons aanvaar onvoorwaardelik God se geïnspireerde Woord as betroubaar en waaragtig in sy geheel en al sy dele as normatief vir alle menslike handeling. Die gesag van die Woord is

absoluut en die bevrydende lig daarvan val sirkelvormig oor alle lewensgebiede, met name ook op die opvoeding en onderwys. Deur die Woord proklameer God sy absolute gesag oor alles en almal en eis aanvaarding en onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Daarom behels dit die uiterste rebellie en verwaandheid om die onderwys en wetenskap as "neutraal" te beskou. Die sogenaamde neutraliteit in die wetenskap is 'n fiksie en soos 'n bril sonder glase waarvan die raam weg is.

DIE ABSOLUTE GESAG VAN GOD DRIE-ENIG VOLGENS SY WOORD OOR ALLES EN ALMAL

GOD AS SKEPPER

Alles en almal is onder sy gesag en die ganse skepping is sy eiendom. Al die geskape dinge wys na Hom soos 'n gespanne kompasnaald. God proklameer dit in sy onfeilbare Woord en eis ALLE menslike arbeid op alle lewensakkers vir sy eer op, lewenswyd. Dit beteken dat daar geen menslike handeling is wat neutraal is nie, met name ook nie die onderwys nie. Juis ook vir die onderwys en die wetenskap geld voluit die eerste drie bedes van die Onse Vader, konkreet in die toepassing daarvan.

GOD AS VERLOSSER IN JESUS CHRISTUS

Jesus Christus is die Hoof van kerk en kosmos (heelal). Sy versoening geld nie net in enger saligmakende sin vir saligheid van die mense se sieleheil nie, maar vir die ganse skepping. Vergelyk hier onder andere Kol. 1:15-20 en Ef. 1:10.

In beginsel en praktyk is sy versoening herskeppend, heradelend juis ook vir alle menslike werksopdragte, met name die onderwys. Om Jesus Christus koning te maak beteken om onder andere die onderwys volgens Bybelse perspektief te hervorm. Dit beteken dat Christelike onderwyswerk, net soos kerklike werksaamhede juis ook koninkrykswerk is in sy diens en tot sy verheerliking.

DIE LEIDING VAN DIE HEILIGE GEES

Wat is Pinkster in die onderwys?

Die Bybel leer dat alle menslike arbeid wat tot Gods eer sal gedy, algeheel afhanklik is van die Heilige Gees van God. Die Bybel leer dat dit die Heilige Gees is wat aan vakmanne wat bou, boere wat ploeg en saai, helde wat veg, kortom aan alle arbeiders op alle lewensterreine, die wysheid skenk om dit goed en reg te doen.

Dit beteken dat alle ouers, onderwysleiers, diep afhanklik is van die genadige leiding van die Heilige Gees vanaf tegniese vakmetodiek

tot by die onderrig byvoorbeeld van Geskiedenis, Bybelkunde en Wiskunde. Dis die ontsluitende werking van die Heilige Gees wat verdiep en verbreed ten opsigte van Christelike beginselinsig en meerdere vakkennis.

Dit is wat Pinkster beteken in die onderwys en opvoeding vir 365 dae van die jaar.

DIE GENADEVERBOND IN JESUS CHRISTUS

Die wyse waarmee God uit soewereine genade sy uitverkorenes verloof gee om Hom te dien en te eer, geskied binne die ruimte van die Genadeverbond. Hiermee het God ons as ryklik begenadigdes verbind tot dure verpligtinge in verbondsgehoorsaamheid op alle lewensterreine – niks uitgesonderd nie. Sy alles dekkende wet moet uit liefde in dankbaarheid gehoorsaam word. Dit sluit vanselfsprekend ook die opvoeding en onderwys, in al sy geledinge, in.

Vanuit die sentrale liefdesgebod (Dt. 6:1-9 en Mt. 22:34-40) is dit primêr die verbondsouers (bygestaan deur die kerk) wat deur die Here in sy Woord verantwoordelik vir die Christelike opvoeding van die Verbondskinders gemaak word. Die kerk as Verbondsgetuie het die roeping om toe te sien dat die Christelike lewensruimte vir die nakoming van die Verbondsgelofte (by die doop) gewaarborg en uitgebou word. Die doopgelofte het dus sy verlengstuk in verdere Christelike opvoeding en onderwys onder toesig van die Verbondsouer. Dit is as gelowige antwoord op die onverdiende Verbondsgenade deel van ons danksegging en heiligmaking, in alle lewensuitgange, as lewenswyse. Vergelyk Spr. 1:7; Ps. 66:11; 1 Kor. 10:31 en Ef. 6:1-4. Dit vind ook duidelike weerklank in die inhoud van ons Psalms en Gesange.

DIE VOLKSEIE KULTUURSTEMPEL VAN ONDERWYS EN OPVOEDING

Die volkseie sfeer en kultuur-gerigtheid van goeie opvoeding en onderwys is 'n vereiste wat deur talle kultuur- en opvoedkundige leiers ook in die moderne tyd, as ononderhandelbaar beskou word (vergelyk ook referatebundel van Volkskongres oor Onderwys, 1982 te UOVS onder die titel "Onderwys vir die Toekoms.")

Ook die volk en die volkseie staan onder die gesag en die tug van die Woord. Daar bestaan ook humanistiese volksywer en volkstate. Die sonde voor God in 'n volk se bestaan moet vootmoedigend bely en reformerend uitgesuiwer word.

Deur die genadige beskikking van die Here het die Calvinistiese geestestroming as die mees

konsekwente Protestantse weergawe van die Christelike belydenis, 'n deurslaggewende rol gespeel in die Boere-Afrikanervolk se geskiedenis. God het in ons geskiedenis ook die stroombedding van ons volkslewe gebruik om die lewende waters van die Woord oor die akkers te laat vloei.

Die reg van 'n volk op sy eie vryheid, selfstandigheid en identiteit is vanuit Bybelse perspektief reeds deeglik verantwoord, wat ook bevestig word deur ander vakdisiplines. Die Christelik-verantwoorde volks- en vaderlandsliefde is 'n integrale deel van ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing en moet dus ook normale en integrale deel wees van die geestelike gerigtheid in ons opvoeding en onderwys. Dit geld nie net vir vakke soos Geskiedenis en Taalonderrig nie, maar ten opsigte van alle vakdisiplines. Ons is geroepe tot Christelike verzet teen die liberalistiese aftakeling van die Christelike volkseie en die geestelike verarming wat dit by die jeug tot gevolg het.

BELANGRIKE RIGLYNE WAT DIE WEG VIR ONDERWYSHERVORMING ONTSLUIT

In aansluiting by die voorafgaande is die volgende stellings van besondere belang:

1. Teenoor die gewaande neutraliteit in die onderwys en wetenskap moet gestel word dat daar 'n direkte verband is tussen religieuse, lewens- en wêreldbeskoulike oortuiging en die beoefening van die wetenskap en dit geld vir alle vakgebiede. Dit word bevestig deur resente publikasies van die RGN en die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys oor navorsing onlangs aan verskeie universiteite gedoen.
2. Die wetenskap op Christelike grondslag bestaan de facto, maar daar moet net lewensruimte geskep word dat dit in 'n onderwyssisteem aangebied kan word. Dit geld vir alle dissiplines in die wetenskap. Dit moet in die kurrikulering terugwerkend deurgevoer word vanaf die tersiêre na die sekondêre en primêre onderwysvlak.
3. Christelike wetenskapsbeoefening en onderwys op alle leervlakke behels nie die biblisistiese teksverwysings met humanistiese vakinhoud nie. Dit behels ook nie verkerkliking of verteologisering van die onderwys volgens die Roomse skolastiese denkpatroon nie. Dit beteken die interne Christelike reformasie van elke vakgebied volgens die aard daarvan vanuit die penwortel en die stam. Christelike wetenskap is juis meer omdat dit die kennisleutels soos in God Woord gegee, aanvaar en verwerk.

4. 'n Onderwysrigting is integraal Christelik eers as die vakaanbieding op Christelike-wetenskaplike-grondslag geskied. Daarmee word nie ontken dat die inrigting in al die binnemuurse en buitemuurse aktiwiteite buite die klas- of lesingkamer die Christelike lewenstyl moet handhaaf nie.

Bogenoemde behels dat die opleiding van die onderwysers en dosente op tersiêre vlak van kardinale belang is. Op die oomblik gee die humanistiese wetenskapsiening die toon aan, ook hier te lande.

5. Die strukture wat die onderwys van owerheidskant oorkoepelend beheer of wil beheer, afgesien van ouerverenigings, is op die oomblik uiters vloeibaar en riskant. Dit geniet tans kontinue aandag van dag tot dag.
6. Vir dinamiese reformatie van die onderwys

is dit nodig dat die kerk se lidmate self aktief sal optree binne die konteks van die amp van die gelowige. Die volgehoue stryd en getuieis van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys vir die afgelope 44 jaar, en die huidige Christelike Volkseie Onderwys inisiatief is hiervan baie verdienstelike voorbeelde. Die Vereniging Bybel en Volk wat op breër terrein toespits, verdien ook spesiale vermelding.

7. Die kerk moet sy profetiese getuieis wat betref Christelike onderwys, helder laat deurklink via die prediking en ander toepaslike kanale op gemeentelike, rings- en sinodale vlak. Ons lidmate moet op lewens- en wêreldbeskoulike vlak meer geestelik weerbaar gemaak word wat die Calvinistiese siening betref. Dit sluit uiteraard in die meerdere kennis van die Drie Formuliere van Enigheid.

DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Christelike Wetenskap

So bely die VCHO sy:

DOEL

Die bevordering van

- Christelike opvoeding
- Christelike Onderwys en
- Christelike Wetenskap

"Die hele Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

Die vrees van die Here is die beginsel van die kennis ... (Spreuke 1:7).

Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels ... en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het (Matteus 28:18-20).

MISSIE

"Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk" – vgl. Hand 1:8. ♦



Vyande van die kandelaar

Die sentrale fokuspunt van die tekening is die kandelaar met sy brandende kers. Hierdie **kandelaar (lig/verligting)** staan vas op die Bybelboek! In die agtergrond is 'n hele groep van die Hervormers, met die Bybel in die hand (hoeveel van die manne rondom Maarten Luther en Johannes Calvyn herken u?) Op die voorgrond, met die blaaspypies in die mond, en besig om te probeer om die lig dood te blaas, is: **die valse wetenskap** (met die kardinaalshoed), **die leungees** (voorgestel as 'n demoniese kreatuur), **die valse opvolging/gesag** (met die pouslike hoed op) en **die skynheiligheid** (met sy ronde gesig en geskeerde hoof). – Prent in die Calvynhuis te Noyon.

Die Sekretariaat
Witskrifkomitee
Departement van Onderwys
Privaatsak X895
PRETORIA
0001

31 Oktober 1994

Geagte Heer

**KOMMENTAAR VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK OP DIE KONSEPWITSKRIF
OOR ONDERWYS EN OPLEIDING VAN DIE NASIONALE MINISTERIE VAN ONDERWYS:
ONDERWYS EN OPLEIDING IN 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA**

Vergun ons asseblief op hierdie laat stadium die voorreg om die onderstaande kommentaar op die witskrif gepubliseer in die Staatskoerant, Vol. 352, No. 16016 van 7 Oktober 1994 te lewer.

A. INLEIDING

1. Die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) lewer kommentaar op hierdie witskrif met die volgende voorbehoude:

1.1 Dat die laaste datum vir kommentaar 31 Oktober 1994 is (soos in die algemene kennisgewing) en nie op 23 Oktober 1994 soos op p. 3 staan nie.

1.2 Deelname aan die kommentaar op die witskrif, impliseer nie dat die APK per se saamstem met die totale inhoud van die Handves van menseregte of die Grondwet nie. Daar word egter uitgegaan van die feitelike gegewe van genoemde stukke wat die werklikheid in die nuwe SuidAfrika aandui.

1.3 Hierdie kommentaar gaan uit van die reg wat die 1993-Grondwet (in sy aanhef) aan persone verleen, naamlik: dat "... alle burgers in staat is om hulle fundamentele regte en vryhede te geniet en uit te oefen". Die Grondwet dui ook die volgende regte aan (Hoofstuk 3):

"14(1): Elke persoon het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en opinie, waarby akademiese vryheid aan instellings van hoër onderrig inbegrepe is

17: Elke persoon het die reg op vryheid van assosiasie

31: Elke persoon het die reg om die taal van sy of haar keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van sy of haar keuse deel te neem.

32: Elke persoon het die reg ...

b. op onderrig in die taal van sy of haar keuse waar dit redelikerwys uitvoerbaar is; en
c. om, waar dit uitvoerbaar is, onderwysinstel-

lings gebaseer op 'n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdiens, tot stand te bring, met dien verstande dat daar geen diskriminasie op grond van ras mag wees nie".

Witskrif, Deel 3, II: 14: "... Die verskeidenheid van taal en kultuur word erken en beskerm, en toestande vir die bevordering daarvan moet aangemoedig word...."

1.4 In die lig van 1.3 hierbo, word kommentaar gelewer vanuit die volgende beginselgrondslag:

Onderwys en opvoeding is enduit en regstreeks die verantwoordelikheid van die (verbonds-) ouer. Dit is dus nie in die eerste plek die verantwoordelikheid van die Staat nie.

Vir die Bybelgetroue Christen geld finaal en absoluut die gesag van die Drie-enige God, en daarmee vanself die gesag van die Bybel as finale en absoluut gesaghebbende Woord van die Here. Die Here eis in sy Woord onvoorwaardelik dat die opvoeding en onderwys van die kinders Christelik sal wees tot die eer van sy heilige Naam.

Die Christen-ouer is geregtig daarop om onderwys binne volksverband volgens die Christelik Volkseie lewens- en wêreldbeskouing, wat in die moedertaal onderrig word, vir sy kind op te eis.

Hierdie toegekende mensereg moet aan die Christenbelyer in ons land voluit gegun word as ons glo aan demokrasie. Ons gun dit aan alle ander mense wat nie hiermee saamstem nie om hulle kinders volgens hulle onderskeie oortuigings op te voed.

Dié beginselgrondslag is nie beperk tot 'n sekere kultuur nie. Intendeel, dit kan die beginsels wees van byvoorbeeld die Xhosa, Zulu, Tswana, ensovoorts.

Dit is ook in ooreenstemming met die volgende eise in "The Freedom Charter":

"... All people shall have equal rights to use their own language and to develop their own folk culture and customs; ..."

"... The aim of education shall be to teach the youth to love their people and their culture, to honour human brotherhood, liberty and peace; ..."

B. POSITIEWE KENMERKE:

Die volgende positiewe aspekte van die witskrif kan uitgelig word:

1. Die aanvaarding van die verskeidenheid van taal en kultuur – en die aanmoediging om dit te bevorder. (Deel 3, II:14)
2. Die oogmerk dat almal in staat gestel moet word om lewenslange onderwys te hê, ongeag ras, klas, geslag, geloof of ouderdom (Deel 2, II:12) (Die metodes waarop dit bereik word, word egter bevraagteken.)
3. Die poging om 'n kultuur van aanspreeklikheid vir die totale bevolking te skep – om verantwoordelikheid te ken en te aanvaar en dienoreenkomstig op te tree (Deel 2, II:22). (Die metodes om dit te bewerkstellig word egter bevraagteken.)
4. Die aanvaarding dat skole opgerig mag word met 'n gemeenskaplike kultuur, taal of godsdien. Verder, dat moedertaalonderrig (taal van eie keuse) voorgestaan word; dat Afrikaans een van die amptelike tale van Suid-Afrika is en bevorder moet word. (Deel 3, II:14).

In die witskrif is daar positiewe trekke te bespeur wat ons gekwalifiseer kan waardeur. Daar bestaan egter sterk beswaar teen 'n groter deel van die witskrif.

C. ENKELE BESWARE TEEN DIE WITSKRIF

1. Oorvereenvoudigde waardesisteem

In Deel 2, I:2 & 5 beweer die witskrif dat die ou stelsel se kurrikulum, handboeke en onderwysopleiding "vir ideologiese doeleindes gemanipuleer en as instrumente van propaganda en indoktrinasie gebruik" is. Wanneer hierdie oogmerk om dit te verwyder, vergelyk word met Deel 2, II:16, dan doen die Ministerie presies dit waarvan hy die vorige "regime" beskuldig, naamlik: "Die kurrikulum moet die waardes onderliggend aan die demokratiese proses en die handves van fundamentele regte in die Grondwet, ... bevorder ongeag ras, etnisiteit, kultuur, klas of geslag"

Hiermee is dit net leë woorde dat elke persoon binne sy eie kultuur en godsdien sy onderwys

mag geniet, want nou word alles ingespan om dié onderliggende waardes van die "demokrasie" (humanisme, sosialisme en Leninisme) af te dwing op elke onderwysinstelling.

Ons beswaar is dat net hierdie een stel "waardes" ten opsigte van die onderrig aan die leerlinge voorgehou word.

Daar bestaan nie net een stel waardes in ons land nie. Dis onrealisties om so te dink.

2. Dominansie van die staat oor die onderwys

In naam van demokrasie word nou burokratiese te werk gegaan – presies waarvan die vorige regering beskuldig word, naamlik (Deel 2, 1: 2 en 4): "... die historiese patroon van bestuur was van bo na onder, outoritêr of burokratiese in alle departemente". Almal word in die witskrif onderwerp aan die waardes van die nuwe staat sonder 'n keuse. Die onderwys word nou ook gebruik vir ideologiese doeleindes.

Dit was nog altyd in 'n geordende samelewing die stand van sake dat die staat nie eensydig dominerend alleen oor die onderwysbeleid besluit nie. Volgens die Bybel behoort die kinders aan die ouers, wat die plig en vryheid het om hulle volgens hulle eie geloofsoortuiging tuis op te voed en in die skool so te laat opvoed. Ons wys hier ook op die kerke se doopgeloofte waar die ouers dit aan God en voor die gemeente plegtig belowe. Hiermee is baie duidelik die lewensruimte bepaal wat aan Christelike en kultuurgebonde onderwys voorsien moet word en dit is beslis vir ons ononderhandelbaar.

3. Die begronding van die witskrif in die heropbou en ontwikkelingsprogram

bring mee dat 'n stelsel, waaraan dit te danke is dat Suid-Afrika die hoogste geletterdheidsyfer in Afrika het, ter wille van verandering (net omdat dit deel van die ou "regime" was) vervang word met 'n stelsel wat nog ongetoets is. Gevolglik word opvoedkundige, wetenskaplike en logistieke argumente deur politieke motiewe oorheers.

4. Die bedreiging van bestuursliggame se regte by staatsondersteunde skole

Een van die bevoegdhede wat die bestuursliggame van staatsondersteunde skole besit, is om die karakter en etos van die skool te bepaal. Dit word hoofsaaklik gedoen deur die aanstelling van leerkrigte en die toelatingsbeleid met betrekking tot leerlinge. Art. 247 van die Grondwet verskans daardie bevoegdhede.

Ons is besorgd oor die standpunte wat in die witskrif in verband met staatsondersteunde skole ingeneem word. Die blote volmaak van skole, ongeag die godsdienstige oortuigings of kulturele en taalagtergrond van leerlinge, beteken dat die etos en karakter van sulke skole in gevaar gestel word.

Die reg van bestuursliggame om toelatingsbeleid op grond van taal, godsdiens en kultuur te bepaal, moet nie aangetas word nie. Sonder daardie bevoegdheid kan geen bestuursliggaam 'n eie etos en karakter vir sy skool bepaal nie.

5. Negering van die reg van ouers om dié soort onderwys vir hul kinders te bepaal

Dit word wêreldwyd erken dat die ouer die primêre opvoeder van sy kind is. Selfs die “Universal Declaration of Human Rights” van die Verenigde Nasies bepaal: “Parents have the prior right to choose the kind of education that shall be given to their children.”

Ons maak aanspraak op hierdie reg. Die witskrif bepaal egter dat die staat sal besluit oor die soort onderwys wat vir ons kinders aangebied word. As die witskrif bepaal (Deel 2, II:16) dat die waardes van die eenheid van die nasie,

gemeenskaplike burgerskap ens. bevorder moet word deur die onderwys, is dit 'n vergrype aan die reg van die ouer.

So 'n voorstel is trouens nie op opvoedkundige beginsels gegrond nie, maar is die bevordering van die politieke en ideologiese standpunte van die Regering.

Ons stel voor dat die ouer se reg om self te besluit oor die waardes wat vir sy kind geleer word, erken word. Ons versoek verder dat die politieke uitgangspunte in die dokument vervang word met verantwoordbare opvoedkundige beginsels.

6. Die blatante aanmoediging van kinders om skole by te woon wat hulle voorheen uitgesluit het (Deel 5, II:11), dui daarop dat die witskrif geen agting het nie vir die feit dat die Grondwet juis volgens die reg van kultuur en godsdiens toelaat dat die student in sy eie omgewing skoolgaan. Nou word persone aangemoedig om ter wille van 'n ander beginsel (“vorige uitsluiting”) skole elders by te woon.

Baie dankie vir u aandag.

Wg. SKRIBA: SENTRALE KERKEKOMMISSIE

Verslag: Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS)

1. PERSONEEL

Di. AS van Jaarsveld (Voorsitter)
 IP du Preez (Ondervoorsitter)
 JA du Plessis (Skriba)
 G Smit (Hulpskriba)
 MJ Hartzenberg
 PJB Engelbrecht
 DS Fourie

Oudle. PR Pretorius; AJ Pienaar

Adviseurs: Proff. FAH van Staden, R Marè en dr. EM Viljoen.

2. VERSLAG AAN DIE SINODE

Die verslag is voorberei en opgestel deur di. JA du Plessis en G Smit en goedgekeur deur die KKS op sy vergadering van 3 Mei 1995.

3. VERGADERINGS

Die KKS het nege keer vergader tot 3 Mei 1995.

4. SAKE IN OPDRAG VAN DIE VORIGE SINODE

4.1 Onafgehandelde Sake (bl. 277 punt 162 Handeling Sesde Sinode).

Die Sinode besluit dat alle sake wat nie tydens hierdie Sinode afgehandel kon word nie, op die volgende Sinode voorkeur op die Sakelys sal kry en volledig afgehandel sal word. Sake in verslae van kommissies wat nie voortbestaan nie, kan deur daardie kommissies wat voortaan daarmee sal handel, in hulle volgende verslae aandaag geniet.

4.1.1 Die onafgehandelde sake word as Bylae KKS1 tot hierdie verslag aangebied.

4.2 Die volgende voorstelle is na die Permanente KKS verwys om advies te gee oor kanale waarlangs soortgelyke voorstelle hanteer kan word.

(Handeling Sesde Sinode bl. 221, pt. 53.)

a. Die RKA besluit as deel van die gepaste stappe teen gemeentes wat al langer as 'n jaar soos op 31 Desember 1992 agterstallig was, dat sodanige gemeentes hul spreek- en stemreg voortaan ontnem word tot tyd en wyl hulle 'n tasbare bewys van die nakoming van hulle verantwoordelikheid lewer.

b. Die RKA besluit om sittingsreg op die RKA van gemeentes wat sonder die nodige reëlings in gebreke bly om hulle bydraes aan die RKA oor te betaal, op te skort. Die finale beslissing oor die aanvaarding van die redes vir nie-betaling, word deur die RKA geneem op aanbeveling van die BRKA. Die RKA versoek die Sinode om op advies van die RKA sittingsreg op die Sinode van die betrokke gemeentes ook op te skort tot na konstituering van die RKA ten einde finale uitsluitel oor betrokke gemeentes te kry.

4.2.1 Die KKS adviseer:

Daar is nie kanale waarlangs soortgelyke voorstelle hanteer kan word nie anders as deur die BRKA se verslag aan die RKA of as 'n voorstel van die vloer af tydens die sitting van die RKA.

4.3 Kerkordeboek (bl. 276, punt 153)

Die KKS oorweeg, na oorleg met die Publikasiekommissie, dit ernstig om die KO. nie weer te herdruk na hierdie Sinode nie. Wysigings deur die Sinode moet net vir elke Art. of orde-reël herdruk word en beskikbaar gestel word.

Die wysigings kan dan net in die bestaande KO. ingeplak word deur die persone in besit daarvan. 'n Wenk word gegee dat die KKS 'n boek oorweeg met los bladsye in 'n ringlêer.

4.3.1 AANBEVELING

Die Sinode keur dit goed dat die KKS ná oorleg met die Publikasiekommissie besluit het om wel die Kerkordeboek te laat druk.

4.4 Prosedure by opname van lidmate

Hersiening van bepaling van KO. 1992, bl. 56 bylae 2 na TKKS verwys (Sakelys bl. 8, punt 18.1G, Handeling bl. 281).

4.4.1 Kommentaar

Die KKS het nie sodanige beskrywingspunt ontvang nie en kan gevolglik nie daarvoor verslag doen nie.

4.5 Wysiging van afdeling 3 bylae 1 punt 3 op bl. 56 KO. 1992 na TKKS verwys (Sakelys bl. 8, pt. 18.1h, Handeling bl. 281).

4.5.1 Kommentaar

Die KKS het nie sodanige beskrywingspunt ontvang nie en kan gevolglik nie daarvoor verslag doen nie.

4.6 Beleggings van gemeentes by BRKA, Handeline Sinode 1993 bl. 269, punt 141.

Voorstel goedgekeur en vir ondersoek verwys na die Finansiële Kommissie (FK), BRKA en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS):

Die Sinode keur dit goed dat gemeentes in kerkverband wat beleggings by finansiële instellings het, dit op dieselfde voorwaardes by die BRKA kan belê.

4.6.1 KKS Kommentaar

Sodanige vergadering van die betrokke kommissies het nie plaasgevind nie.

4.7 Studiestuk: KO. en Belydenisskrifte, Handeline Sinode 1993, bl. 278 punt 167

Die Sinode dra dit aan die KKS op om die eersvolgende Sinode te bedien met 'n indringende studiestuk en aanbevelings oor die vraag of die APK se KO. en Bepalings ten opsigte van kerkregering, nog te rym is met die drie Belydenisskrifte, en indien nie, watter een, Belydenisskrif of KO., aangepas moet word om aan die Skrif getrou te bly.

Hiermee is die beskrywingspunt B. 20 pt. 5.20 (bl. 108 en 121) terugverwys na die KKS, en ook die volgende vrae:

Kan 'n diaken voorsitter van 'n Sinode word? Moet ouderlinge op die Sinode uitgesluit word van die bespreking en besluite wanneer sake wat suiwer op die terrein van die diakonie lê soos Barmhartigheidsdiens, aan die orde kom?

4.7.1 AANBEVELING

Die Sinode kontinueer die opdrag aan die KKS soos vervat is in Handeline Sinode 1993, bl. 278 punt 167 soos in Sakelys 1995 punt 4.7 van die KKS-verslag aangehaal.

Motivering

Verdere besinning is nodig vanweë die belangrikheid van die saak en vanweë reaksie op die studiemateriaal wat omvangryk is en waarvan sommige redelik onlangs eers ontvang is en tans bestudeer word.

4.8 Susterswerksaamhede – Handeline Sinode 1993 bl. 282 punt 174

Aangesien die Sinode besluit het om die voortbestaan van die KGB as kommissie op te hef, word beide verslae (t.w. van die KGB en die Ad hoc-kommissie i/s Susters-werksaamhede) na die SKK verwys om aanbevelings vir die volgende Sinode op te stel . . . nodig bevind; die advies van die KKS oor sy aanbevelings by sy aanbevelings te inkorporeer.

4.8.1 KKS Kommentaar

Geen advies is aangevra nie.

4.9 Interpretasie Art. 56 – Handeline Sinode 1993, punt 167 bl. 278-279

Aanbeveling 21 insake interpretasie van Art. 56 deur die KKS is deur die Sinode goedgekeur en die volgende besluit geneem:

Die Sinode besluit dat die volgende KKS 'n grondige studie sal maak van die prosedure wat op ringe en Sinodes ten opsigte van appèlle gevolg moet word.

Die KKS moet ook aandui hoe 'n ring toesig moet hou kragtens KO. Art. 37.6 indien 'n klag nie deur 'n ouderlingeraad deurgestuurd word nie.

4.9.1 AANBEVELINGS

4.9.1.1 Die Sinode kontinueer die opdrag soos vervat is in Handeline Sinode 1993, bl. 278 punt 167 soos in Sakelys 1995 punt 4.9 van die KKS-verslag aangehaal.

4.9.1.2 Die Sinode besluit om

“Bepaling 56A

Die ouderlingeraad oordeel oor die substansie van 'n klag. Indien 'n klag geen substansie het nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel. Die weg van appèl bly natuurlik steeds oop. Indien die ouderlingeraad egter oordeel dat die klag wel substansie het, besluit hy oor voorlopige stuiting (“indien die erns van die saak dit regverdig”) al dan nie, en is dan verplig om die saak onder die aandag van die ringskommissie te bring sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek” te wysig met skraping van “die weg van appèl bly natuurlik steeds oop.”

Die Bep. lui dan soos volg:

“Bep. 56A

Die ouderlingeraad oordeel oor die substansie van 'n klag. Indien 'n klag geen substansie het nie, word die klag verwerp en is die saak afgehandel. Indien die ouderlingeraad egter oordeel dat die klag wel substansie het, besluit hy oor voorlopige stuiting (“indien die erns van die saak dit regverdig”) al dan nie, en is dan verplig om die saak onder die aandag van die ringskommissie te bring sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek”.

Motivering

Soos tans is die bepaling vir misverstand vatbaar. 'n Klaer het nie reg van appèl nie, behalwe in geval van leerdwaling (Art. 58.2).

4.10 Prosedure oor appèlle by ringe en Sinodes

Handelinge Sesde Sinode bl. 279 na punt 2.

Die Sinode besluit dat die volgende KKS 'n grondige studie sal maak van die prosedure wat op ringe en Sinodes ten opsigte van appèlle gevolg moet word.

4.10.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om die opdrag te kontinueer soos vervat in Handelinge Sinode 1993, bl. 279, en in Sakelys 1995 punt 4.10 van die KKS-verslag aangehaal.

Motivering

Die studie is nog nie afgehandel nie.

4.11 Prosedure: Toesig kragtens KO. Art. 37.6. (Handelinge 1993, bl. 279)

Die KKS moet ook aandui hoe 'n ring toesig moet hou kragtens KO. Art. 37.6 indien 'n klag nie deur 'n ouderlingeraad deurgestuurd word nie.

4.11.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit om die opdrag te kontinueer soos vervat in Handelinge Sinode 1993, bl. 279, en in Sakelys 1995 punt 4.11 van die KKS-verslag aangehaal.

Motivering

Die studie is nog nie afgehandel nie.

4.12 Beperkte opdrag – geleidelike uitfasering (Handelinge van die Sinode 1993, bl. 279, pt. 6.2.)

Die Sinode versoek die KKS om voort te gaan met sy advies aan die Sinode oor uitfasering van beperkte opdrag maar dat die status quo bly tot by die volgende Sinode.

4.12.1 Vorige sinodale besluite insake beperkte opdrag

4.12.1.1 Handeling deur die SKK – Sakelys Sinode 1988, bl. 6, 10.5 van SKK-verslag, Handelinge Sinode 1988, bl. 15, pt. 34.10.5.

“Die volgende optrede van die SKK word goedgekeur:

Die SKK het enkele persone met predikantstatus wat as nie beroepbaar geklassifiseer was op grond van ouderdom of die posisie wat hulle reeds in diens van die kerk beklee het, beroepbaar gestel met beperkte opdrag. Dit is veral gedoen om te voorsien in die groot behoefte aan predikante”

4.12.1.2 Aanbeveling van die Kuratorium in die KO. aan te bring, Sakelys Sinode 1990, bl. 249, Handelinge 1990, bl. 503: “dat 'n teologiese

dosent deur 'n kerkraad met uiters beperkte opdrag beroep kan word ...”.

4.12.1.3 Voorstel goedgekeur – Handelinge van Sinode 1990, bl. 503, pt. 6.7.2.1: Verwys die hele beginsel van “Beperkte opdrag” na die PKKS om die beginsel kerkordelik te omskryf. (Vergelyk art. 14).

4.12.1.4 Sakelys Sinode 1991, bl. 136 – 139: Verslag van KKS oor “Die beginsel van ‘beperkte opdrag’ kerkordelik omskryf” – Handelinge 1991, bl. 309 v.

Die Voorsitter beslis dat daar eers oor die volgende vraag besin moet word: Moet die stelsel van beperkte opdrag bly?

Die Sinode besluit dat die oorspronklike bedoeling van die stelsel gehandhaaf moet word.

Hiermee is die vraag of die stelsel van beperkte opdrag moet bly, ook positief beantwoord.

4.12.1.4.1 Bevinding van die KKS

L.W. “die oorspronklike bedoeling” is die besluit van die Sinode 1988 dat “enkele persone met predikantstatus wat as nie beroepbaar geklassifiseer was op grond van ouderdom” (met ander woorde emeriti) “of die posisie wat hulle reeds in diens van die kerk beklee het” (wat gedui het op predikante as amptenare in diens, en die teologiese dosente).

Ten opsigte van die teologiese dosente is hulle reg om óók met beperkte opdrag beroep te kan word in gemeentelike diens, reeds deur die Sinode 1990 in die KO. vasgestel, kyk pt. 4.12.1.2 hierbo en vgl. KO. 1994 – uitgawe, Art. 10.9.

Dit beteken dat die Sinode besluit het om

- a. die stelsel van beperkte opdrag te kontinueer, dog
- b. net vir die kategorieë predikante in die kerk te wete
 - b.1 emeriti;
 - b.2 predikante as amptenare in diens, (soos bv. die Direkteur van Kerkadministrasie, die Argivaris);
 - b.3 die teologiese dosente.

HIERDIE BESLUITE HET GEIMPLISEER DAT GEEN ANDER PREDIKANTE, DIT IS DUS PREDIKANTE WAT VOLTYDSE DIENS IN GEMEENTES KAN LEWER, MET BEPERKTE OPDRAG BEROEP KAN WORD OF MET BEPERKTE OPDRAG KAN DIEN NIE.

4.12.1.5 Die Sinode 1991 het verder na aanleiding van die aanbevelings vir die Sakelys 1991, bl. 139, pt. 2 tot 8 besluit, kyk Handelinge 1991, bl. 309–310:

- a. Die stelsel van beperkte opdrag word geleidelik uitgefaseer.
- b. Die KKS moet die Sinode adviseer hoe uitfasering in werking gestel moet word.
- c. Die Sinode besluit dat die professore wel met beperkte opdrag kan voortgaan.

4.12.2 Die Sinodale Opdrag, Sinode 1993 in verband met uitfasering

4.12.2.1 Die opdrag aan die KKS

Die KKS het die opdrag om die Sinode te adviseer in verband met die uitfasering van die stelsel van beperkte opdrag.

Die KKS het reeds, vgl. Sakelys Sinode 1991 in sy verslag: "die beginsel van 'beperkte opdrag' kerkordelik omskryf", bl. 136 – 139, op bl. 139 aanbevelings gedoen gehad dat die stelsel uitgefaseer moet word en uitfaseringswyses voorgestel.

4.12.2.2 Interpretasie van sy opdrag

Die KKS interpreteer sy opdrag soos volg:

4.12.2.2.1 die Sinode 1991 besluit dat die stelsel van beperkte opdrag behou word met sy oorspronklike bedoeling, dus vir emeriti; predikante in diens van die kerk as amptenare en die teologiese dosente, en

4.12.2.2.2 die Sinode 1991 besluit pertinent dat teologiese dosente met beperkte opdrag kan voortgaan;

met ander woorde, die opdrag om advies te gee in verband met die uitfasering van die stelsel van beperkte opdrag, sluit die gemelde drie kategorieë predikante uit, anders was die Sinode 1991 nie getrou aan sy eie besluite en konsekwent nie, want hierdie saak was in sy geheel voor die Sinode, wat op die toetsvraag van die Voorsitter eerstens, besluit het dat die stelsel moet bly en tweedens, wel met sy oorspronklike bedoeling;

4.12.2.2.3 dit beteken dat die Sinode 1991 by implikasie reeds besluit het dat geen predikant, wat buite die drie kategorieë val, nadat dié besluit rondom dié drie kategorieë predikante geneem was, 'n beroep met beperkte opdrag kon ontvang het nie en dus 'n gemeente met beperkte opdrag kon bedien nie; dit was dus reeds die beginpunt vir uitfasering;

4.12.2.2.4 die opdrag gaan dus om advies vir die uitfasering van die stelsel, wat alle predikante betref, wat nie binne die drie kategorieë predikante val, waaromtrent die Sinode 1991 besluit het dat beperkte opdragdiens vir hulle alleen gereserveer is en gehandhaaf word.

4.12.2.3 Beredenering

4.12.2.3.1 Dit is die oorwoë standpunt van die KKS dat alle predikante, wat ná die Sinode 1991 'n beroep tot beperkte diens aanvaar het én wat nie binne die drie kategorieë predikante hierbo genoem, val nie, in stryd met die bedoeling van die sinodale besluit gehandel het;

4.12.2.3.2 die KKS oordeel egter dat dusdanige predikante, omdat die Sinode 1991 nie 'n pertinente verbod geplaas het nie, nie die implikasie van die besluit vertolk het soos die KKS dit interpreteer nie en dus in goeder trou gehandel het;

4.12.2.3.3 die KKS hou dus in gedagte dié predikante wat vóór en ná die besluit van die Sinode 1991 'n beroep met beperkte opdrag aanvaar het én wat nie onder die gemelde drie kategorieë predikante val nie, met sy advies re uitfasering van die stelsel aan die Sinode.

4.12.2.4 Advies van die KKS

Die advies hou rekening met die feit dat die predikante ter sake beroep en bevestig is, met ander woorde deur die beroepsbrief het 'n kontrak tussen die predikant en die beroepende kerkraad ontstaan, wat met die aanvaarding van die beroep en bevestiging bekragtig is. Daar bestaan dus 'n kontrak waarmee rekening gehou moet word.

4.12.2.5 AANBEVELINGS

Die Sinode besluit

4.12.2.5.1 *dat geen predikant, uitgesonder emeriti, predikante as amptenare in diens van die kerkverband en teologiese dosente, 'n beroep met beperkte opdrag mag ontvang, oorweeg of aanvaar nie;*

4.12.2.5.2 *dat indien 'n predikant, wat met beperkte opdrag 'n gemeente bedien en nie binne die bogemelde drie kategorieë predikante val nie, 'n beroep ontvang en dit opvolg, beperkte diens vir hom verval;*

4.12.2.5.3 *dat indien 'n gemeente, wat volgens die stelsel van beperkte opdrag bedien word, dusdanige groei toon of dusdanig finansiële sterk word, dat die kerkraad op voltydse bediening besluit, moet die kerkraad met sy predikant, wat volgens die stelsel van beperkte opdrag aldaar dien, onderhandel vir voltydse diens, met dien verstande dat as die predikant nie die voltydse diens aanvaar nie, die kerkraad die reg het om kragtens Art. 19 van die KO. die ring te versoek om die band los te maak.*

4.12.2.6 Advies insake bediening

Die KKS bring dit onder die aandag van die Sinode dat die eerste Sinode 1987 reeds,

voordat die Sinode 1988 die stelsel van beperkte opdrag goedgekeur het, in die KO. die opdragte van die predikante in die diens van plaaslike kerke vasgestel het. Die lys van opdragte is sinodaal vasgestel en het ten doel om eerstens die welwese van die plaaslike kerk te dien en te bevorder en nie die saak van die predikant nie. Diens met **beperkte opdrag** is vanselfsprekend beperkte of dan verminderde diens ten aansien van die omvang.

Die beperkte of dan verminderde diens kan nie beteken dat enige van die opdragte uitgesny word nie, nêr afgeskaal word. Indien van die opdragte uitgesny word, is dit strydig met die KO. en tot nadeel van die welwese van die gemeente. Die bedoeling kan alleen wees dat ál die opdragte behou word, dog die omvang afgeskaal word.

4.12.2.7 AANBEVELING

Die Sinode besluit dat kerkrade en predikante, wat betrokke is by bediening met beperkte opdrag sorg moet dra dat die ooreenkomste nie strydig met die KO. van die opdragte van die predikante uitsny nie, dog net in omvang afgeskaal.

5. VOORGESTELDE WYSIGINGS VAN KERKORDE EN ORDEREËLS DEUR BESKRYWINGSPUNTE

(Kyk ook 6.15 en Bylae KKS 1, pt. 1.14)

5.1 Onderskrif by naam van Kerk

Die volgende beskrywingspunte het betrekking:

5.1.1 Ring van Benoni: Onderskrif by Kerknaam en Art. 3

Die Sinode oorweeg die versoek in omsendbrief 27/94 dat die onderskrif “'n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners” vir korrespondensie met buite instansies wegelaat word en soos volg gewysig word: – “'n Gereformeerde kerk van Christus onder die Boere Volk”.

Die Sinode handhaaf die bepalinge KO. Art. 32A asook KO. Art. 3 met die vervanging van die bewoording “Blanke Afrikaner” met “Boere Volk”

Motivering

Die Sinode verander op hierdie punte nie aan die beginsels waarop die Afrikaanse Protestantse Kerk gestig is nie, ons beweeg net weg van die rassebeskrywing wat onwettig onder die huidige regering se wetgewing is, en tot vervolging van predikante en kerkrade kan lei.

5.1.2 Ring van Beaufort-Wes: Naam van Kerk en Art. 3

Die Sinode besluit dat die “missiebeskrywing” van die AP Kerk verander word van 'n “kerk onder Blanke Afrikaners” na 'n kerk onder Boere-Afrikaners.

Motivering

Dit is die AP Kerk se missie om die Woord van God te bedien binne die ervaringsmilieu van 'n kultuurgemeenskap wat per definisie beter omskryf kan word as “Boere-Afrikaners”. Hoewel die bedoeling van die huidige missiebeskrywing hiermee ooreenstem, is die spanwydte van “Blanke Afrikaners” te wyd om die gespesialiseerdheid van ons kerk se missie aan buitestaanders duidelik en sonder twyfel te stel.

5.1.3 Ring van Steynsburg: Onderskrif by kerknaam en Art. 3

Die Sinode besluit dat:

- Die naam van die Kerk, met inbegrip van die onderskrif, onveranderd gelaat word as: Afrikaanse Protestantse Kerk ('n Gereformeerde kerk van Christus onder blanke Afrikaners).
- Art. 3 van die KO. (1994-uitgawe) onveranderd gelaat word as: Net blanke Afrikaners, asook ander blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rm. 10:9-10), wat die belydenis, leer en hierdie Art. in die KO. van die Afrikaanse Protestantse Kerke in kerkverband onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van 'n plaaslike kerk (gemeente) verkry.

Motivering

Die inhoud, bedoeling en wese van Art. 3 van die KO., asook die uitlewing daarvan soos vergestalt in die onderskrif van die kerknaam, staan in die teken van 'n diepe worsteling om die waarheid van die Skrif. Hierdie worsteling was deel van die lewe van elke lidmaat van die Afrikaanse Protestantse Kerke en het beslis tot gevolg gehad dat die HERE God op hernieuwde wyse deur die Afrikanervolk gedien is.

Om hierdie teken, naamlik die onderskrif van die kerknaam en die bewoording van Art. 3 van die KO. nou te verander, sal neerkom op 'n totale negering van die godsdienstige ideale van ons lidmate.

Die motivering vir die beoogde verandering van die onderskrif van die kerknaam en die bewoording van Art. 3 van die KO., spruit voort uit vrees vir vervolging deur 'n heidense owerheid,

en nie uit die soeke na 'n beter omskrywing van ons volksidentiteit nie. Die beoogde verandering word dus uit vrees, in plaas van uit 'n soeke na die **waarheid** nagestreef. Dit is in stryd met onder andere 2 Tm. 1:7, en mag daarom nie oorweeg word nie.

5.1.4 Ring van Clanwilliam: Onderskrif by Kerknaam

Die Sinode besluit dat die onderskrif by die naam van die kerk onveranderd behoue bly.

5.1.5 Ring van Nelspruit : Onderskrif van Kerknaam

Die Sinode besluit om die onderskrif van ons kerknaam te wysig sodat dit lees: “'n Gereformeerde Kerk van Christus onder die Afrikaner Boerevolk”.

Motivering

In die lig van die Handves vir Menseregte en tersaaklike denkrigtings in ons land en Namibië, kan die woord “Blanke” as 'n diskriminerende maatreël beskou word. Die ANC het reeds aangedui dat daar moontlik 'n kommissie van ondersoek na die APK gelas gaan word. Indien ons ongehinderd wil voortgaan met die Here se werk onder ons eie mense, sal ons noodgedwonge sekere tegniese aanpassings moet maak (sonder om beginsels prys te gee).

5.1.6 Ring van Mooiwooi: Naam van Kerk en Art. 3.

Die Sinode besluit om geen verandering aan te bring aan die naam van ons Kerk nie. So 'n besluit sal ook meebring dat Art. 3 van die KO. behoue sal bly en dat die besluit van die Vyfde Sinode op bl. 121, wat in 1987 goedgekeur is en daarna in 1988 weer aanbeveel is, in 1988 verder uitgebrei en in 1990 herbevestig is, weer eens bevestig word.

Motivering

1. Nêrens verskyn daar in die nuwe Grondwet bepalinge of vereistes in verband met die verhouding tussen privaat instansies soos byvoorbeeld ons Kerk en individue nie.
2. Die bepaling van Art. 8(2) van hoofstuk 3 het alleen betrekking op die verhouding tussen die staat en die individu (kyk art. 7(1) van hoofstuk 3 van die Grondwet).
3. Indien daar nou deur die Sinode besluit sou word om veranderinge aan te bring, sou dit 'n baie negatiewe uitwerking op 'n groot aantal van ons lidmate hê. Hierdie mense het juis by ons Kerk aangesluit omdat die bepalinge in ons KO. en ons sinodebesluite asook die naam van die kerk groot byval

gevind het en enige verandering nou sou groot verwarring veroorsaak. In die verband is daar egter 'n ander rede wat groot getalle mense beweeg het om by ons kerk aan te sluit naamlik dat mense nie meer in 'n kerk wou wees waar hulle vanweë gelykstelling gedurig by rassewrywing betrek wou word nie. Hulle wou dus graag in 'n kerk wees waar daar nie rassewrywing bestaan nie, sodat hulle al hulle tyd en energie kan toewy aan diens aan ons Skepper. In kort wil hulle graag kerk toe gaan sonder die vrees van gedurige wrywing in die kerk.

Daar sal groot ongelukkigheid ontstaan indien ons mense weereens gedurig blootgestel sou word aan onverkwiklike rassewrywing.

4. Indien dit ooit sou nodig word dat daar sulke drastiese veranderinge aangebring word, sou dit onwys wees vir die Sinode om uit sy eie die nodige stappe te doen. Dit sou beter wees om te wag tot daar eers regs-geldige opdrag van regeringskant kom want sodoende sal dit vir ons lidmate duidelik wees dat die regering ons gedwing het om die stappe te neem.

Daar moet gesorg word dat indien dit ooit nodig sou word, die blaam op die skouers van die regering rus en nie op die van die kerkowerhede nie.

5. Ten slotte wil ons graag verwys na Art. 60(2) van ons KO. en omdat dit belangrik is, haal ons aan: “Elke kerk as instituut onderwerp hom aan die gesag van die owerheid in soverre die owerheid nie met die Woord van God in stryd kom nie”.

5.1.7 AANBEVELING

Die Sinode besluit om gevolg te gee aan die beskrywingspunt van Nelspruit, en die onderskrif by die naam van die APK te wysig om te lees: “'n Gereformeerde Kerk van Christus onder die Afrikaner/Boerevolk”.

Kommentaar met die oog op wysiging van die onderskrif

Regskundige advies dui daarop dat 'n kulturele volksdefinisie nie aanvegbaar is nie mits dit nie eksplisiete rassistiese konnotasies het nie. 'n Besluit is reeds by die Sinode van 1993 geneem ten opsigte van die kerke in Namibië (Handelinge Sesde Sinode, bl. 282).

Die Sinode gee aan die Ring van Etosha vergunning om die onderskrif te verander en slegs “Afrikaners” te skrywe in plaas van “blanke Afrikaners” wanneer dit nodig is. Die bespreking van die onderskrif ten opsigte van die

kerke in Suid-Afrika sal verder hanteer word wanneer en soos nodig.

Tussentyds is advies gegee aan die Publikasiekommissie en die BRKA om die onderskrif desnoods weg te laat by "Die BoodsAPPER" en in korrespondensie met die owerheid.

5.1.8 AANBEVELING

Die Sinode verwys die woordomsKrywing van "Afrikaner/ Boerevolk" vir oorweging deur die Sinode na die TKKS.

5.2 Art. 1

Die volgende beskrywingspunt het betrekking:

Ring van Vereeniging: Art. 1

Die Sinode wysig KO. Art. 1

Ou redaksie

Art. 1

Kerkverband en Belydenisgrondslag

1.1 Kerkverband

Die Kerkorde is die gemeenskaplike akkoord deur die plaaslike kerke (gemeentes) wat in die kerkverband met mekaar saamlewe, gegrond op die eenheid in Skrif en Belydenis.

Voorgestelde nuwe redaksie

Art. 1

Kerkverbond, Kerkverband en Belydenisgrondslag

1.1 Kerkverbond en Kerkverband

Die Afrikaanse Protestantse Kerk (APK) is 'n verbond van plaaslike kerke (gemeentes) wat vrywillig met mekaar in kerkverband (van ring en Sinode) tree, en in hierdie kerkverband saamwerk tot heil van Gods koninkryk en tot heil van mekaar.

1.2 Belydenisgrondslag

Hierdie subartikel bly onveranderd.

Motivering

a. Die gedagte van vrywilligheid word vervat in die woord **verbond**. Net soos 'n persoon vrywillig aansoek doen om hom/haar by 'n gemeente (plaaslike kerk) te voeg, so sluit 'n gemeente (plaaslike kerk) vrywillig by die **verbond van gemeentes** (plaaslike kerke) aan. Vrywilligheid (uit dankbaarheid) hoort tot die wese van ons dankbaarheidslewe vir die Here en hierdie vrywilligheid moet ook in ons kerklike samewerking behou en uitgedruk word.

b. Die woord **verbond** kom in die KO. (1994) onder meer voor op bl. 59 (5.1 waar sprake is van AP Kerke in Verbond ; 5.3.1 AP Kerke in Verbond (2X); op bl. 61 (5.7.1 AP Kerke in Verbond).

5.2.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging wat die woord "verbond" in Art. 1 wil invoeg nie.

5.2.2 Motivering

1. Die Afrikaanse Protestantse Kerk, dit is die plaaslike kerke in kerkverband en die kerkverband, is ingerig en word regeer, as Gereformeerde Kerk van Christus, kyk die onderskrif by die kerknaam, volgens die Presbiteriale stelsel van kerkregering.

2. Kerkverband is een van die wesenskenmerke van die presbiteriale stelsel van kerkregering en die kerkverband berus volgens die Skrif en die Gereformeerde Kerkreg op die positief Goddelike reg en die vrywillige beginsel.

3. Die beskrywingspunt oorbeklemtoon die vrywillige beginsel, met miskenning van die positief Goddelike reg, wanneer dit stel dat "die APK 'n verbond van plaaslike kerke is", met ander woorde eers 'n verbondsluiting en dan 'n vrywillige aansluiting by dié verbond. Dis 'n standpunt wat totaal vreemd is aan die Gereformeerde Kerkreg wat die plaaslike kerke as kompleet en selfstandige kerke handhaaf en wat as sodanig, kragtens die beginsels van die positief Goddelike reg en die vrywilligheid, in 'n kerkverband met mekaar tree, sonder enige vooraf verbondsluiting.

Dit beteken kerkverband is die uitdrukking van die eenheid in Christus as Hoof van die kerk wat bestaan kragtens die gemeenskaplike belydenis. As hierdie Skrifbeginsel gehandhaaf word, kan kerkverband nie die produk van 'n verbond wees nie.

4. In die Gereformeerde Kerkreg is die term "verbond" glad nie in gebruik nie, maar net die term "kerkverband", wat nog altyd vir alle Gereformeerde kerkregkundiges berus het op en dus uitdrukking gee aan, die positief Goddelike reg en die vrywillige beginsel.

5. Die vrywillige aansoek doen van 'n persoon om hom/haar by 'n plaaslike kerk te voeg in die kerkverband is nie binne die Gereformeerde Kerkreg vergelykbaar nie.

6. Die motivering dat die woord “verbond” in die KO. (1994) voorkom is nie korrek nie, vgl. Art. 65 en Bep. 65A waar in Art. 65 verwys word na “die Afrikaanse Protestantse Kerk in kerkverband” en in bepaling 65A onder “vestiging van eiendom, verbande ens.” waar drie keer verwys word na “die Afrikaanse Protestantse Kerke in kerkverband”.
7. Dié motivering verwys na die “Konstitusie vir die RKA”, wat opgestel is toe Art. 1 van die KO. nog die term “verbond” gebesig het in plaas van die Gereformeerde kerkregtelike term “verband”.
Art. 1 is uiteindelik by die Sinode 1993 reggestel. Dit is nou die taak van die RKA om kragtens sy Konstitusie, pt. 5.8, die term “verbond” in ooreenstemming te bring met Art. 1 van die KO., waarvoor die RKA nog nie geleentheid gehad het nie.
8. Die beroep op die gebruik van die woord “verbond” in die Konstitusie van die RKA, in die lig van die ontstaansgeskiedenis van die Konstitusie en die feit dat die RKA nog nie die geleentheid gehad het om die Konstitusie in ooreenstemming met Art. 1 van die KO. te bring nie, is geen geldige grond vir ’n pleidooi om die woord “verbond”, wat vreemd is aan die Gereformeerde Kerkreg, in die KO. terug te bring nie.
9. Die opstellers van die Konstitusie het die term “verbond” gebruik onder dwang van die ou bewoording van Art. 1 van die KO., maar het nadat hulle net die woord “verbond” in pt. 5.3.1 van die Konstitusie gebruik het, reeds besef dat dit eintlik oor “verband” gaan en daarvoor in pt. 5.7.1 geformuleer: “Alle Afrikaanse Protestantse kerke (gemeentes) in sinodale verband/in Verbond is die samestellende lede van die RKA”, en het dus reeds die woord “verband” sy regmatige plek gegee.

5.3 Art. 3

Die beskrywingspunte by 5.1.1–5.1.3 en 5.1.6 vermeld het ook hier betrekking.

5.3.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit daar word nie volgens die beskrywingspunte gewysig aan Art. 3 nie.

5.3.2 Kommentaar

Kerkrade is gevra om in die verband ’n studie te maak van Skriflig op Kerk en Volk ten einde ’n sinvolle debat te kan voer.

5.3.3 AANBEVELING VAN KKS

Die Sinode besluit om Art. 3 wat lui: “LIDMAATSKAP

Net blanke Afrikaners, asook ander blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rm. 10:9-10), wat die belydenis, leer en hierdie Art. in die KO. van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van ’n plaaslike kerk (gemeente) verkry”

te vervang met

“Gelowiges in Christus (Rm. 8:1) wat die belydenis, leer en hierdie Art. in die KO. van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband onderskryf, verkry saam met hulle kinders lidmaatskap van ’n plaaslike kerk (gemeente) in ag genome dit wat die Here vir ons leer in Gn. 11, Dt. 32:8, Hd. 2:8, Hd. 17:26, Op. 7:9, Op. 21:24 en 26, Op. 22:2. Dit wil sê dat die AP kerke gesamentlik en afsonderlik ’n openbaring wil wees van die liggaam van Christus en ook die verinheemsing van die kerk van Christus onder die Afrikaner-Boerevolk”.

Motivering

5.3.3.1 Met die wysiging van Art. 3 sê die kerk wie hy wil wees en alles oor die wyse waarop die kerk in die bepaalde Boere-Afrikaner volkskonteks wil optree.

5.3.3.2 Skriftuurlik, teologies, kultureel, etnies en taalkundig is dit ’n beter omskrywing.

5.3.3.3 Die reg van verinheemsing van die kerk soos vergestalt in die gewysigde Art. 3 word hiermee bevestig.

5.3.3.4 Van die wese van die saak word nie afgewyk nie.

5.4 KO. Art. 4.1

Ring van Mooinooi: Art. 4

Die Sinode besluit om die Art. te wysig

Ou redaksie:

Art. 4

Verkryging van lidmaatskap

Lidmaatskap is net aan ’n kerk (gemeente) verbind en word verkry deur:

4.1 aflegging van belydenis van geloof deur ’n dooplidmaat of ’n ongedoopte persoon na verbondsonderrig onder leiding van, toelating deur en toesig van die ouderlingeraad (terwyl die gemeente sy reg tot approbasie kan uitoefen tot voor die finale toestemming deur die ouderlingeraad tot belydenisaflegging).

Voorgestelde nuwe redaksie:

Die kerkraad van Mooinooi beveel aan dat die

reg tot approbasie van die gemeente wegge-
laat word en dat art. 4.1 as volg sal lui:

- 4.1 aflegging van belydenis van geloof deur 'n
dooplidmaat of 'n ongedoopte persoon na
verbondsonderrig onder leiding van, toe-
lating deur en toesig van die ouderlinge-
raad.

Motivering

1. Dit skyn of die bevoegdheid van die ouder-
lingeraad bevraagteken word.
2. Hoe kan die gemeente 'n reg tot approba-
sie hê oor 'n dooplidmaat wie se ouers al
jare lank belydende lidmate is?

5.4.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

*Die Sinode besluit daar word nie gevolg gegee
aan die beskrywingspunt van die Ring van
Mooinooi om die reg van approbasie deur die
gemeente uit Art. 4.1 weg te laat nie.*

Motivering

5.4.1.1 Die beginsel van approbasie is 'n Ge-
reformeerde Kerkregtelike beginsel wat deur-
gaans gehandhaaf word in ons kerk.

5.4.1.2 Die approbasiereg kan die lidmate nie
ontneem word nie.

5.4.1.3. Die approbasiereg soos foutiewelik be-
redeneer in die motivering van die beskry-
wingspunt gaan nie hier oor die ouers van die
dooplidmaat nie, maar oor die leer en lewe van
die dooplidmaat. (Sien Sakelys 1991 bl.
129-130).

5.5 KO. Art. 4.3

Ring van Mooinooi: Art. 4.3

Die Sinode besluit om Art. 4.3 te wysig

Ou redaksie:

Art. 4.3

Verkryging van lidmaatskap

Lidmaatskap is net aan 'n kerk (gemeente) ver-
bind en word verkry deur:

opname na goedkeuring deur die ouderlinge-
raad van die attestaat of bewys (verklaring) van
lidmaatskap, of op grond van die getuienis van
twee lidmate van AP kerke insake die aansoe-
ker se vorige kerklidmaatskap (na approbasie
deur die gemeente) wat deur belydende lidma-
te vanuit ander erkende Gereformeerde (of Ge-
reformeerdegesinde) kerke as aansoek om
lidmaatskap ingelewer is.

Voorgestelde nuwe redaksie:

Die woorde "na approbasie deur die gemeen-
te" word weggelaat sodat die art. soos volg lui:

- 4.3 opname na goedkeuring deur die ouderlin-
geraad van die attestaat of bewys (verkla-
ring) van lidmaatskap, of op grond van die
getuienis van twee lidmate van AP kerke
insake die aansoeker se vorige kerklid-
maatskap wat deur belydende lidmate van-
uit ander erkende Gereformeerde (of Ge-
reformeerdegesinde) kerke as aansoek om
lidmaatskap ingelewer is.

Motivering

Dit skep 'n groot verleentheid vir nuwe voor-
nemende lidmate wanneer hulle verneem dat
hulle name eers aan die gemeente voorgelê
moet word vir goedkeuring alvorens hul lid-
maatskap kan verkry, selfs tot so 'n mate dat
hulle verkies om liever nie oor te kom nie.

Dit skyn ook of die bevoegdheid van die ou-
derlingeraad bevraagteken word.

Paragraaf 1.5 van Bylae 2 sal gevolglik ook weg-
gelaat moet word.

5.5.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

*Die Sinode besluit daar word nie gevolg gegee
aan die beskrywingspunt van die Ring van
Mooinooi om "na approbasie deur die gemeen-
te" uit art. 4.3 weg te laat nie.*

Motivering

5.5.1.1 Die beginsel van approbasie is 'n Ge-
reformeerde Kerkregtelike beginsel wat deur-
gaans gehandhaaf word in ons kerk.

5.5.1.2. Die approbasiereg kan die lidmate nie
ontneem word nie.

5.6 KO. Bep. 4A

Argiefkommissie: Bep. 4A en lasgewing H5

5.6.1 In Bep. 4A skrap die Sinode die middelste
sin wat lui: "Die kerkraad hou ook 'n kronolo-
giese doopregister".

Motivering

- a. 'n Derde register met betrekking tot die
doopaangeleentheid en sakrament in die
gemeente, veroorsaak baie onsekerheid en
verwarring.
- b. Dit skep onnodige werk vir die skribas wat
in die reël met min persoonlike vrye tyd hier-
die werk sonder vergoeding doen. Daarby
kan die kronologie van doopbediening mak-
lik gelys word indien dit nodig is, uit die
doopkladboek en/of uit die amptelike
doopregister.

5.6.1.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om Bep. 4A wat lui:

“Elke kerkraad moet ’n doop-, dooplidmaat- en lidmaatregister hou, waarin die name van alle doop- en belydende lidmate aangeteken moet word. Die kerkraad hou ook ’n kronologiese doopregister. In die geval van afstigting, moet die kerkraad die name van die nuwe gemeente se belydende en dooplidmate na ’n eie lidmaatregister oordra”

te wysig om te lui:

“Elke kerkraad moet ’n doop-, dooplidmaat- en lidmaatregister hou, waarin die name van alle doop- en belydende lidmate aangeteken moet word. In die geval van afstigting, moet die kerkraad die name van die nuwe gemeente se belydende en dooplidmate na ’n eie lidmaatregister oordra”.

5.6.2 Die Sinode wysig opdrag 5 in die lasgewing van die Kommissie vir die Kerkargief om te lui: “5. beywer hom vir die instandhouding van die argiefbewaarplek;”

Motivering

Omdat ’n geskikte bewaarplek daargestel is, moet die opdrag gewysig word.

5.6.2.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om die lasgewing van die Argiefkommissie “5. ... beywer hom vir die daarstelling van ’n veilige en brandvaste bergplek vir argiefmateriaal” te wysig om te lees: “5. ... beywer hom vir die instandhouding van die argiefbewaarplek.”

5.7 KO. Art. 18

5.7.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit:

5.7.1.1 Wysig die Art. wat lui

“Die plaaslike kerk (gemeente) is verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord” deur dit uit te brei om te lees:

“Die plaaslike kerk (gemeente) is verantwoordelik vir die lewensonderhoud van die bedienaar(s) van die Woord.

Indien die plaaslike kerk dit nie meer kan bybring nie, staan die kerkverband die plaaslike kerk daarin by.”

5.7.1.2 Voeg by Bep. 18A

Aangesien die kerke in kerkverband ’n gemeente wat nie meer kan nie of nie ten volle sy predikant finansieel kan versorg nie, finansieel bystaan, oordeel die ring oor die vermoë van ’n vakante gemeente met minder as 200 belydende lidmate, of die kerk dit kan bekostig om

’n predikant te beroep alvorens ’n beroep uitgebring mag word.

5.7.1.3 Motivering

1. Barmhartigheidsbetoning van die kerke in kerkverband teenoor kerke wat in krisis geraak het, word langs dié weg gereël en georden.
2. Terselfdertyd word deur die Bep. moontlike probleme voorkom.

5.8 Wysiging van KO. Art. 23.3

Ring van Hennenman: Art. 23

Die Sinode dra dit aan die KKS op om Art. 23.3 van die KO. te herformuleer ten einde kerkrade ’n duidelike riglyn te gee wie nie as ampsdraers verkiesbaar is nie.

Motivering

Daar is verskil in mening by kerkrade en lidmate op watter gronde name van genomineerdes tot die ampte van ouderling en diaken van ’n groslys verwyder mag word. Waar name om moontlike onkerkordelike redes deur kerkrade van groslyste verwyder mag word, kan dit tot groot spanning in gemeentes en wantroue in kerkrade lei.

5.8.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit:

5.8.1.1 Die beskrywingspunt van die Ring van Hennenman oor die herformulering van art. 23 is nie ontvanklik nie.

5.8.1.2 Daar kan nie gevolg aan gegee word nie, want advies word gevra wat kragtens die lasgewing van die KKS gegee kan word.

5.9 Wysiging van Bep. 23B

Ring van Mooinooi: Bepaling 23B

Die Sinode besluit op die volgende wysiging van Bep. 23B

Ou redaksie:

Paragraaf 2 van Bep. 23B lui as volg:

Diegene wat ’n volstreekte meerderheid verkry het, is verkies. Vir die ontbrekendes word gestem tussen die oorblywende name totdat die benodigde aantal persone met volstreekte meerderheid van stemme verkies is. As die stemme met die finale stemming staak, word na gebed met die lot beslis.

Voorgestelde nuwe redaksie

Paragraaf 2 van Bep. 23B moet as volg lui:

Diegene wat die meeste stemme verkry het is verkies, mits hulle ook ’n volstreekte meerder-

heid verkry het. Vir diegene wat nie 'n volstreekte meerderheid verkry het nie, moet weer gestem word volgens die prosedure by die beroeping van 'n leraar. As die stemme met die finale stemming staak, word na gebed met die lot beslis.

Motivering

Met die huidige bepaling is dit moontlik dat meer persone verkies kan word as wat daar vakatures is.

Byvoorbeeld: As daar 20 stemgeregtigdes is en 4 vakatures moet gevul word en daar is 7 nominasies, kan dit gebeur dat al 7 'n volstreekte meerderheid verkry.

5.9.1 AANBEVELING

Die Sinode besluit daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunt van die Ring van Mooiooi om Bep. 23B te wysig nie.

5.9.2 Motivering

1. Die ou redaksie is nie volledig aangehaal nie.
2. Dit is onreëlmatig dat vier vakatures sewe volstreekte meerderhede kan kry.

5.10 Art. 29

5.10.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om Art. 29 wat lui:

“SEGGENSKAP

Die seggenskap van die ring oor die kerkraad sowel as dié van die Sinode oor die ring, is in wese dieselfde, maar die seggenskap strek hom uit slegs oor sake wat by die betrokke sinodale en ringsvergadering tuishoort”

soos volg te wysig:

“SEGGENSKAP

Die seggenskap van die ring oor die kerkraad sowel as dié van die Sinode oor die ring is in wese dieselfde, maar die seggenskap strek hom uit slegs oor sake wat by die betrokke sinodale- en ringsvergaderings tuishoort soos in Art. 41 en 37 respektiewelik genoem.”

5.10.2 Motivering

Ter wille daarvan dat Sinodes en ringe slegs sake wat by hulle tuishoort ter tafel sal neem, word die byvoeging tot Art. 29 gedoen.

5.11 KO. Bep. 32A.3

Die Bep. lui:

“om op te tree as borg vir enige persoon of instansie gesamentlik met enige ander persoon of instansie afsonderlik”.

5.11.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit dat 'n regstelling van 'n omissie by die betrokke bepaling naamlik tussen instansie en afsonderlik die woord “of” ingevoeg word sodat die Bep. lui:

“om op te tree as borg vir enige persoon of instansie gesamentlik met enige ander persoon of instansie of afsonderlik”.

5.12 Art. 37.3

Ring van Vereeniging: KO. Art. 37

Die Sinode wysig KO. Art. 37.3

Ou redaksie

37.3 die stigting van gemeentes op versoek van kerkrade

Voorgestelde nuwe redaksie van KO. Art. 37.3

“37.3 – die stigting en ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade. Waar 'n kerkraad nie meer bestaan nie, neem die ring die inisiatief om lidmate te begelei tot 'n gemeentelike tuiste”.

Motivering

- a. Voorsiening moet in die KO. gemaak word vir die ontbinding van gemeentes.
- b. Voorsiening moet in die KO. gemaak word vir gevalle soos waar 'n kerkraad nie meer bestaan nie.

5.12.1 AANBEVELINGS VAN DIE KKS

5.12.1.1 Die Sinode besluit om art. 37 wat lui “... die stigting van gemeentes op versoek van kerkrade ... “ te wysig om te lees

“... die stigting en ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade”.

5.12.1.2 Die Sinode besluit om 'n nuwe Bep. 37 J by te voeg wat lui:

“Waar 'n kerkraad nie meer bestaan nie, neem die ring die inisiatief om lidmate te begelei tot 'n gemeentelike tuiste ... “

5.12.2 Motivering

Die nuwe Bep. 37J toon die werkswyse aan vir die uitvoering van Art. 37.3.

5.13 Bep. 37 F2

5.13.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om 'n kruisverwysing aan te bring by Bep. 37 F2 met vermelding van Bep. 53B en Art. 56.

5.14 Bep. 43C

Die volgende beskrywingspunte het betrekking

5.14.1 Ring van Riversdal: Bep. 43C

Die Sinode besluit:

Wysiging van Bep. 43C van die KO. (1994-uitgawe)

“Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die ouderlingeraad, kan besoekende ongesensureerde belydende lidmate uit ander AP kerke (gemeentes) of blankes uit gemeentes van ander erkende Gereformeerde Kerke, tot deelname toegelaat word, mits hulle vooraf, indien moontlik, by die ouderlingeraad aangemeld het. Indien hulle weens onvermydelike omstandighede nie vooraf kon aanmeld nie, kan hulle ná mondelinge uitnodiging deur die leraar namens die ouderlingeraad, aan die tafel uitgenooi word tot deelname, indien hulle aan bogenoemde toelatingsvereistes voldoen.”

Motivering

- a. By al die ringsgemeentes kry ons baie besoekers, veral uit ander erkende Gereformeerde Kerke, wat onbewus is van die nagmaal en dus uitgesluit word van deelname.
- b. “Aansoek doen” volgens Bep. 43C is onprakties, want in die meeste gevalle ken die ouderlinge nie alle besoekers nie.
- c. Wanneer aansoek gedoen moet word of selfs slegs vooraf aangemeld moet word, moet die besluit insake deelname al dan nie ’n paar minute vóór die nagmaaldiens in die konsistorie geneem word. Weer eens ken nie alle ouderlinge diegene wat aansoek doen of aanmeld nie.
- d. Indien ’n persoon se aansoek net voor die nagmaaldiens ontvang en afgekeur word, deur wie en wanneer word hy/sy daarvan verwittig – veral as die persoon reeds in die kerkgebou sit?
- e. Ons het steeds genoeg vertroue in ons kerk-gangers om te glo dat hulle nie wederregtelik nagmaal sal gebruik nie.

5.14.2 Ring van Mooinooi: Bep. 43C

Ou redaksie:

Bep. 43C

Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Vanweë die wese van die nagmaal en toesighouding deur die ouderlingeraad kan besoekende ongesensureerde belydende lidmate uit ander AP kerke (gemeentes)

of uit gemeentes van ander erkende Gereformeerde Kerke, tot deelname toegelaat word, mits hulle vooraf by die ouderlingeraad aansoek gedoen het.

Voorgestelde nuwe redaksie

Die heilige nagmaal is toeganklik vir alle belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie. Dit staan elke gemeente vry om besoekende ongesensureerde belydende lidmate uit ander AP kerke (gemeentes) of uit gemeentes van ander erkende Gereformeerde kerke te nooi om saam nagmaal te gebruik, indien hy of sy met vrymoedigheid nagmaal in sy of haar gemeente sou gebruik.

Motivering

Die huidige reëling met Bep. 43C is nie prakties uitvoerbaar nie.

5.14.3 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit:

Daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunte van die Ring van Riversdal en die Ring van Mooinooi om die toelatingswyse van besoekers tot deelname aan die nagmaal te wysig nie.

5.14.3.1 Motivering

Dit sou ’n ernstige aantasting wees van die toesig oor nagmaalsgebruik. Geen ouderlingeraad kan sy verantwoordelikheid oor die toesig van die tafel van die Here versak nie.

Verwys na Bylae KKS1, pt. 1.19 en pt. 2.5 oor onafgehandelde sake in die 1993 Sakelys.

5.15 KO. Art. 49.1 en 49.2

Ring van Vereeniging: Art. 49.1 en 49.2

Die Sinode wysig KO. Art. 49.1 en 49.2

Ou redaksie

49.1 Die kerkraad moet lidmate van die gemeente toerus, aktiveer en organiseer om diensbaar te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die koninkryk van God.

49.2 Sodanige diens moet egter altyd geskied met verantwoording aan die kerkraad.

Voorgestelde nuwe redaksie

49.1 Die kerkraad is geroepe om, kragtens Gods roeping vir ampsdraers (Ef. 4:11), “die heiliges (gemeentelede) toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus” (Ef. 4:12) en die uitbreiding van die koninkryk van God.

49.2 Hierdie dienswerk (van die heiliges/gemeentelede) val steeds onder die opsig van die kerkraad.

Motivering

- a. Die woorde aktiveer en organiseer klink al te wêrelds, en lê nie op dieselfde vlak as die Skrifwoord: "...om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus" (Ef. 4:12) nie.
- b. Die Skrifwoord "toe te rus vir hulle dienswerk" (Ef. 4:12) is so duidelik dat geen wêreldse terme (**aktiveer** en **organiseer**) bygevoeg hoef te word nie.
- c. Die Skrifwoord roep die ampsdraer(s) op "**om die heiliges** (gemeentelede) toe te rus vir hulle dienswerk" en laat ampsdraers **toetaal vry** om te besluit hoe hulle dit ten beste kan en wil doen. Die woorde "aktiveer en organiseer" beperk hierdie vryheid en skryf aan kerkrade voor.
- d. "Verantwoording aan die Kerkraad" klink – of dit so bedoel is of nie – al te veel of 'n lidmaat **ongevraag** van al sy handel en wandel aan die kerkraad rekenskap moet gee.

Opsig sê (wat onder meer in Art. 21 en 30 staan): die lidmaat is vry in sy handel en wandel maar die kerkraad/ouderlingeraad **het reg** om rekenskap te vra wanneer hy dit nodig ag.

5.15.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om nie aan die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging oor Art. 49.1 en 49.2 gevolg te gee nie.

5.15.2 Motivering

Die huidige bewoording is in breër Skrifverband 'n volledige weergawe van die lidmate se meelewing in gemeenteverband.

Die opskrif "toerusting van lidmate" kan as 'n verskraling gesien word. Die huidige Art. 49.1 sê wat Ef. 4:11 en 12 sê, maar sê volledige wat die Skrif sê.

Art. 49.2 stel die kerkraad se posisie Skrifuurlik en Gereformeerd-kerkregtelik baie duidelik. Die motivering van die beskrywingspunte impliseer dat die ouderlingeraad sy opsig en tug kan versuim.

5.16 Bep. 53B

Ring van Olifantshoek: Tughandelinge

Die Sinode besluit om die volgende Bep. in die KO. by te voeg

"Bepaling 53(E), wanneer 'n tugsak na 'n ring verwys word, versamel die ringskommissie sover moontlik alle ter saaklike inligting en gee kennis aan die betrokke partye van die ringsitting wat die saak gaan hanteer."

Die Sinode besluit dat die ouderling en diaken op geen gebied of wyse geskei mag word nie.

Die Sinode besluit om die tughandelinge soos in die KO. omskryf na die betrokke kommissies te verwys vir die daarstel van duidelike riglyne.

Motivering

Dit is tydrawend en gaan dikwels met groot onkoste gepaard om 'n ring te laat konstitueer. Dit gebeur dat by so 'n ringsitting nie alle ter saaklike inligting beskikbaar is nie.

Die ring is dan verplig om 'n kommissie aan te wys om die inligting te versamel. Daarna moet die ring weer met groot moeite en koste byeengeroep word.

Tans is die KO. nie oral duidelik nie, byvoorbeeld Bep. 53(B). Die vraag wat hier gevra moet word: "Wie moet die handeling uitvoer in die geval van ampsdraers, die kerkraad of die ring?" Lees hiermee saam Art. 57(3).

Artikel 56 laat ook die vraag ontstaan: wanneer die ouderlingeraad 'n oordeelsfout maak, het die ring die verantwoordelikheid om in te gryp of nie?

By tugsake dra diakens kennis van probleme, maar die ouderling moet dit hanteer en voorlê. Dit skep verwarring en onjuisthede word oorgedra.

5.16.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit daar word nie gevolg gegee aan die beskrywingspunt van die Ring van Olifantshoek i/s tughandelinge nie.

5.16.2 Motivering

Die beskrywingspunt is nie ontvanklik in sy huidige vorm nie. Daar is nie voldoen aan Bep. 66 A1 nie. Die beskrywingspunt soos tans aangebied moes as drie afsonderlike beskrywingspunte aangebied gewees het.

5.17 Art. 55

5.17.1 AANBEVELINGS VAN DIE KKS

5.17.1.1 Die Sinode besluit om die huidige Art. 55 wat soos volg lui:

"In die geval van 'n klag of gerug dat 'n ouderling of diaken hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, kan sy ouderlingeraad hom voorlopig in sy amp stuit indien die erns van die saak dit regverdig. Die ouderlingeraad moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gee van die stuiting sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek. Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes"

te wysig om te lui:

Art. 55.1

In die geval van 'n klag of gerug dat 'n ouder-

ling of diaken hom aan afdwaling in leer en of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in. Indien die saak substansie het en

- a. die erns van die saak dit regverdig, kan sy ouderlingeraad die aangeklaagde voorlopig in sy amp stuit en*
- b. moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gegee word sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad. Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes.*

5.17.1.2 Die Sinode besluit om 'n nuwe art. 55.2 in te voeg:

Art. 55.2

Indien by geleentheid meer as die helfte van 'n ouderlingeraad aangekla is, reël die Voor-sitter met 'n ouderlingeraad binne ringsverband, vir 'n gesamentlike ondersoek met die restant van die ouderlinge, wat handel volgens Art. 55.1.

5.17.1.3 Die Sinode besluit om Bep. 56A te herhaal as Bep. 55A en Bep. 56B as 55B.

5.18 Art. 56

5.18.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om Art. 56 wat soos volg lui:

"In die geval van 'n klag of gerug dat 'n predikant, insluitend emeritus of teologiese dosent hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, kan sy ouderlingeraad hom voorlopig in sy amp stuit indien die erns van die saak dit regverdig. Die ouderlingeraad moet onverwyld aan die ringskommissie kennis gee van die stuiting sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek. Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in die afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes. Die ring behoort 'n naburige ring te raadpleeg. Die Kuratorium het die reg om in die geval van teologiese dosente as klaer op te tree"

te wysig om te lui:

Art. 56.1

In die geval van 'n klagte of gerug dat 'n predikant, insluitend emeritus of teologiese dosent hom aan afdwaling in leer en/of lewe skuldig maak, stel sy ouderlingeraad ondersoek in. Indien die saak substansie het en

- a. die erns van die saak dit regverdig kan sy ouderlingeraad hom voorlopig in sy amp stuit en*
- b. moet onverwyld aan die ringskommissie*

kennis gegee word sodat 'n ring saamgeroep kan word vir 'n gesamentlike ondersoek met die ouderlingeraad.

Indien die erns van die saak dit regverdig, kan sy ouderlingeraad hom voorlopig in sy amp stuit. Die ring beslis oor skuldigbevinding en tugtoepassing in afwesigheid van die betrokke kerkraad se afgevaardigdes.

5.18.2 Motivering

5.18.2.1 Soos Art. 55 en 56 tans geformuleer is, is daar 'n mate van prosedure-onduidelikeheid, wat ten spyte van die prosedure soos in Bep. 56A vasgestel, steeds praktiese probleme gee.

5.18.2.2 Aangesien die prosedure soos nader bepaal in Bep. 56A nie ook onder Art. 55 verskyn nie, blyk dit dat dit as nie geldend vir Art. 55 geag word nie. Kruisverwysings skep blykbaar ook probleme om te volg. Daarom blyk 'n herhaling van Bep. 56A as Bep. 55A onder Art. 55 die beste oplossing te wees.

5.19 Art. 59.3.2

5.19.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Wysig die Art. 59.3.2 wat lui:

"Herstel in die amp na afsetting of bedanking as predikant vind plaas deur die Kuratorium op voorstel van die ring wat hom geskors het of op voorstel van die ouderlingeraad van die gemeente binne wie se ressort hy gedien het tot by sy afsetting of bedanking, en wel op die aanbeveling van die ouderlingeraad onder wie se toesig hy hom bevind, en beroepbaarstelling na Colloquium Doctum. Indien die afsetting of bedanking die gevolg was van 'n ergerlike sonde, dit is 'n sonde wat openbare aanstoot gee, neem die Kuratorium bewustelik die heil van al die kerke in kerkverband in ag"

om soos volg te lui:

"Herstel in die amp as predikant en beroepbaarstelling na Colloquium Doctum ná afsetting of losmaking van die amp volgens Art. 17.1 of gemeenteverlating volgens Art. 17.4, vind plaas deur die Kuratorium, op voorstel van die ring wat hom afgesit het of losmaking van die amp volgens Art. 17.1 goedgekeur het en wel op aanbeveling van die ouderlingeraad in wie se diens hy laaste was en van die ouderlingeraad onder wie se toesig hy hom intussen bevind het en in die geval van gemeenteverlating op voorstel van die ring en op aanbeveling van die ouderlingeraad in wie se diens hy laaste was en van die ouderlingeraad onder wie se toesig hy hom intussen bevind het. Indien die afsetting of gemeenteverlating volgens Art. 17.4 die gevolg was van 'n ergerlike sonde, dit

is 'n sonde wat openbare aanstoot gegee het, neem die Kuratorium bewustelik die heil van al die kerke in kerkverband in ag".

5.19.2 Motivering

Die nuwe redaksie stel die saak vollediger en duidelik.

5.20 Art. 19

5.20.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit dat 'n nuwe redaksie van Art. 19 en bybehorende bepalings verwys word na die TKKS vir voorlegging aan die Sinode met sy eerste verslag.

5.20.2 Motivering

Die redaksie kan nie betyds afgehandel word nie.

5.21 Ordereël 6

Ring van Clanwilliam: Ordereël 6

Die Sinode besluit dat die woorde "of 'n lid" in paragraaf 6 van afdeling 2 (ordereëls vir kerklike vergaderings) onder die opskrif afwesigheid by vergaderings op bl. 44 van die KO. geskrap word en vervang word met "of die sekretaris (watter een van die twee ookal sitting het)".

Die paragraaf het gelees:

"Van 'n lid van 'n vergadering word verwag om die vergadering by te woon. Van 'n kerkraadslid wat onvermydelik afwesig moet wees, word verwag om vooraf, met opgaaf van rede(s), by die Skriba of 'n lid van die vergadering verskoning te maak".

Die voorstel is dus dat die paragraaf nou lees:

"Van 'n lid van 'n vergadering word verwag om die vergadering by te woon. Van 'n kerkraadslid wat onvermydelik afwesig moet wees, word verwag om vooraf, met opgaaf van rede(s), by die Skriba of die Sekretaris (watter een van die twee ookal sitting het) van die vergadering verskoning te maak".

Motivering

In kleiner kerke (gemeentes) met kleiner kerkrade kan dit gebeur dat kerkraadslede verskoning maak by ander lede en dan daag net die lede wat die verskonings saamgebring het by die vergadering op. Dit kan veroorsaak dat 'n kworum nie verkry word en 'n kerkraadsvergadering nie kan plaasvind nie. Sou kerkraadslede by die Skriba of Sekretaris wat by die vergadering optree alleen verskoning maak, kan laasgenoemde reëlings tref om óf die vergadering betyds te kanselleer óf 'n kworum bymekaar te kry.

5.21.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om Ordereël 6 te wysig om te lees: " ... van 'n lid van 'n vergadering word verwag om die vergadering by te woon. Van 'n kerkraadslid wat onvermydelik afwesig moet wees, word verwag om vooraf, met opgaaf van rede(s), by die Skriba of die Voorsitter van die vergadering verskoning te maak."

5.22 Ordereël 8

Ring van Suidkus: Ordereël 8

Die Sinode 1995 besluit dat die numerering van ordereël 8 van die ordereëls vir kerklike vergaderings verander word na 8.1 en dat die volgende ordereël bygevoeg word:

8.2 "Indien lede van 'n kerklike vergadering om veiligheidsredes en met sodanige vooraf kennisgewing, nie in staat is om die vergadering by te woon nie, word hulle vir die doeleindes van 'n kworum buite rekening gelaat".

Motivering

- Dit gebeur in 'n toenemende mate dat kerkraads- en ouderlingeraadsvergaderings vanweë die gebrek aan 'n kworum skipbreuk ly en belangrike sake oorgedra moet word totdat 'n behoorlik gekonstitueerde vergadering gehou kan word.
- Bogenoemde wysiging aan die ordereëls sal hierdie probleem die hoof bied.

5.22.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

5.22.1.1 Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt van die Ring van Suidkus i/s Ordereël 8 nie.

5.22.1.2 Die Sinode besluit om ordereël 8 uit te brei om te lees: "n Volstreckte meerderheid van die lede van 'n vergadering vorm 'n kworum. Die kworum word beïnvloed deur die aanwesige lede en persone wat nie verskoning gemaak het nie en vakatures in ag genome".

5.22.2 Motivering

'n Kworum vir 'n vergadering word met inagneming van vakatures en persone wat verskoning gemaak het gunstiger vir die doeleindes van 'n vergadering gereël.

5.23 Ordereël 24

5.23.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om ordereël 24 te wysig om te lees "Dit staan enige lid vry om skriftelik te laat aanteken dat hy teen 'n bepaalde voorstel of amendement(e) gestem het of afwesig was toe 'n bepaalde besluit geneem is."

5.23.2 Motivering

Indien 'n lid van die vergadering sy teenstem laat aanteken moet hy hom egter neerlê by die besluit. Dit staan die lid egter vry om 'n beswaarskrif of appèl in te dien om die besluit herroep te kry. Die beswaarskrif of appèl sal dan die redes aandui.

5.24 Sinodebesluit 1, afd. 5 van die Kerkordeboek 1994 (bl. 120)

5.24.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die huidige besluit wat lui:

“Die Sinode besluit dat kerkrade wat dringende advies oor kerkregtelike sake benodig, met die Voorsitter of Skriba van die KKS of 'n lid deur die KKS aangewys, in hierdie volgorde, kan skakel. Die kommissielid wat advies gelewer het, moet daarop op die eersvolgende KKS-vergadering verslag lewer” (1989: Agenda, bl. 363; Handeling, bl. 427, pt. 56.4)

word vervang met

1. *Die Sinode besluit dat lidmate, kerkradslede, kerkrade, ouderlengerade, dia-konieë, ringe, ringskommissies en sinodale kommissies wat advies oor kerkregtelike sake benodig met die Voorsitter of Skriba van die KKS of die Dosent in Kerkreg kan skakel.*
2. *Al die adviseurs kom een maal per maand byeen (indien nodig) om adviesversoeke op skrif of persoonlik te hanteer.*
3. *In sake wat na die oordeel van 'n adviseur minder ernstig van aard is, kan die adviseur terstond advies lewer. Slegs in buitengewone en uiters dringende gevalle sal 'n enkele adviseur op eie houtjie oor ernstige sake advies lewer. Indien moontlik raadpleeg die adviseur eers 'n mede-adviseur telefonies.*
4. *Advies wat deur die adviseurs gesamentlik gelewer word, sal op skrif gestel word. Die advies sal twee komponente bevat.*
- 4.1 *die basiese gegewens waarop die advies gegrond is en*
- 4.2 *die advies self.*
5. *Advies moet steeds as advies beskou word, maar tog nie ligtelik genegeer word nie. Slegs 'n sinode kan oor 'n saak finale uitspraak gee.*
6. *Alle adviseurs lewer op die eersvolgende vergadering van die KKS verslag oor hul-le adviese.*
7. *Die volgende persone tree as adviseurs op:*

die Voorsitter en Skriba van die KKS, die dosent in Kerkreg en sodanige ander lede wat die KKS mag aanwys.

8. *Die betrokke wat die advies aanvra wat reiskoste van 'n adviseur meebring, sal die reiskoste van die adviseur dra.*

Motivering

Ervaring van die afgelope 2 jaar noodsaak hierdie ordening.

6. BESKRYWINGSPUNTE (nie reeds behandel in punt 5 nie)

6.1 Ring van Lichtenburg: Gemeentegrense

Die Ring versoek die Sinode om sy versoek aan ringe betreffende die hantering van gemeentegrense, wat strydig met Art. 37.4, gelees met Art. 26.2 van die KO. (1992 uitgawe) gerig was, te rojee, sodat ringe tot welwese van en die goeie orde in plaaslike kerke (1 Kor. 14:40) saam met die kerkrade uitvoering kan gee aan Art. 37.4, wat reeds as 'n ringwerksaamheid deur die Sinode 1987 vasgestel is.

Motivering

- a. Na sewe jaar is daar nie werklik rede vir die hantering van soepelheid ten opsigte van gemeentegrense nie.
- b. Grensloosheid bevorder eiewilligheid, ontduiking van tug en bemoeilik handhawing van die goeie orde.
- c. Dit bring Art. 16 van die KO. in gedrang.

6.2 Ring van Bloemfontein: Gemeentegrense

Die Sinode beveel by kerkrade aan dat daar na die moontlikheid van gemeentegrense gekyk moet word.

Motivering

Verskeie gemeentes ervaar probleme rondom gemeentegrense. Grense word daargestel ter wille van goeie orde. Indien daar geen grense is nie, is lidmate geneig om wanneer hulle aangespreek word te maklik te verskuif na 'n ander gemeente om sodoende die opsig te ontduik. Lidmate wat oor grense heen woon, bemoeilik huisbesoek asook pastorale werk van die leraar.

Probleme word ook ervaar waar die leraar in die grense van 'n ander gemeente woon sonder die nodige toestemming van die plaaslike kerkraad.

6.2.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode versoek kerkrade en ringe om art. 37.4 af te handel en te implementeer.

Motivering

1. Die motivering soos in die beskrywingspunte gegee is absoluut geldig;
2. die sinodale "besluit" was wel 'n versoek aan ringe vir 'n versigtige hantering van die uitvoering kragtens Art. 37.4 van die KO., wat reeds deur die Eerste Sinode 1987 as 'n ringsopdrag vasgestel is;
3. die sinodale "besluit" kan nie sterker as 'n versoek gewees het nie, aangesien gemeentegrense volgens die KO. nie 'n sinodale werksaamheid is nie en 'n Sinode dit volgens Art. 26.2 nie op sakelys kan neem vir behandeling en besluit nie;

die Sinode oordeel, dat ná agt jaar van kerkwees, sy versoek irrelevant geword het en dat ringe hulle opdrag volgens Art. 37.4 van die KO. tot meelewe van die plaaslike kerke uitvoer, soos met die KO. ooreengekom.

6.3 Ring van Lichtenburg: Doop- en lidmaatregister

Die Sinode beveel by Skribas en gemeentes aan om, in geval van verdwene lidmate, in u lidmaat- en doopregister die datum waarop die lidmaat/dooplidmaat verhuis het aan te teken, vermeld ook daarby dat die lidmaat/ dooplidmaat nie meer in u gemeente woon nie. Sulke lidmate/dooplidmate moet by die volgende jaar se statistieke as vertrektes bereken word.

Motivering

Lidmate wat vertrek vra nie hulle attestate aan nie en niemand weet waarheen hulle vertrek nie. Hulle kan nie deel van die statistieke bly nie.

6.3.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om gevolg te gee aan die beskrywingspunt van die Ring van Lichtenburg oor die doop- en lidmaatregister.

6.4 Ring van Middelburg: Samestelling van kommissies

Die Sinode besluit dat geen lid van die Sinode vir langer as twee agtereenvolgende termynen as lid van dieselfde sinodale kommissie verkies mag word nie.

Die besluit tree onmiddellik in werking.

Motivering

- a. Dit gee ruimte en geleentheid vir ander personele van die Sinode om ook op die kommissies, waarop hulle deskundiges is, te mag dien.
- b. Wanneer dieselfde personeel jaar na jaar verkies word, skep dit 'n hiërargie in die kerk

en dat dit naderhand 'n drukgroep word van gelykgesindes wat dodelik ongesond is vir die kerk.

6.4.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt van die Ring van Middelburg oor die samestelling van kommissies nie, maar om te volstaan by die besluit van die Sesde Sinode:

"Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Kommissies op om, met inagneming van die beginsel van kontinuïteit, ook te sorg vir genoegsame wisseling van lede van permanente kommissies wanneer hulle die permanente kommissies indeel vir voorlegging aan die Sinode, met die doel dat daar in die toekoms geen kommissie sal wees wat elke keer uit presies dieselfde predikante of ouderlinge sal bestaan nie."

(Handelinge Sesde Sinode 1993 bl. 258, pt. 130.)

6.4.2 Motivering

Die Sinode het die saak reeds bevredigend gereël.

6.5 Ring van De Aar: Vertroulike organisasies

Die Sinode word versoek om toe te sien dat die volgende besluit wat tydens die sinodale vergadering (1-7 November 1989, te Parys) goedgekeur is, tydens die eersvolgende Sinode (September 1995) afgehandel word: "Die Sinode verwys die lidmaatskap van die AB en die Vrymesselary na die Permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake vir ondersoek" (Pt. 5.2.3 op bl. 466 van die Handelinge van die Sinode).

Motivering

- a. Daar is nou al drie sinodale vergaderings verby (1990, 1991 en 1993) waartydens hierdie besluit uitgevoer kon word.
- b. Dit is belangrik vir kerkrade om riglyne te hê sodat hulle kan weet hoe om kerkregtelik korrek op te tree teen lidmate wat lede is van hierdie organisasies.

6.5.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om gevolg te gee aan die beskrywingspunt van die Ring van De Aar oor vertroulike organisasies.

(Kyk ook Bylae KKS 1, pt. 2.6)

6.6 Ring van Mooiwoi: Verlof van leraars

Die Sinode beveel by kerkrade aan dat hulle leraars se jaarlikse verlof soos volg geneem word:

- Die leraar word verplig om ten minste 30 (dertig) dae per jaar van sy gewone verlof te neem.
- Die oorblywende verlof (maksimum 12 dae), word jaarliks in Desember aan die leraar uitbetaal.
- Verlof wat nie op hierdie wyse jaarliks geneem word nie, kan nie oorgedra word na 'n volgende jaar nie en verval dus.

6.6.1 Motivering

- Gereelde verlof is belangrik vir leraars se gesondheid en volgehoue ywer in die bediening.
- Die uitbetaling van verlof is in beginsel verkeerd, aangesien die bedoeling is dat die leraar die verlof sal benut. Dit moet nie as 'n ekstra inkomste ten koste van die gemeente en die leraar se gesondheid gebruik word nie.
- Opgehoopte verlof by beroepsaanvaarding wat dan teen groot bedrae uitbetaal moet word, veroorsaak slegte gesindhede en plaas gemeentes soms finansieel in 'n moeilike posisie.

6.6.2 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om nie gevolg te gee aan die beskrywingspunt van die Ring van Mooi-nooi oor die verlof van leraars nie.

Motivering

Art. 14 reël die saak bevredigend.

6.7 Ring van Vereeniging: Kennisgewing van handeling van kerklike vergaderings

Die Sinode dra dit aan sy Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake (TKKS) op om duidelike advies aan die Sinode te gee oor amptelike handeling van kerklike vergaderings waarvan so gou moontlik kennis gegee moet word in die AP Kerk se amptelike mondstuk, "Die BoodsAPPER".

Motivering

- Sulke verpligte kennisgewings aan die hele kerkverband in die amptelike mondstuk van die APK, is nie oral in die KO. duidelik uitgespel nie.
- Kerklike vergaderings versuim dikwels om sulke amptelike kennisgewings deur te gee aan die breë kerkverband en berokken daarmee ernstige skade aan die APK se interne kommunikasie.

6.7.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode gee gevolg aan die beskrywings-

punt van die Ring van Vereeniging oor kennisgewings in "Die BoodsAPPER" van handeling van kerklike vergaderings.

6.8 Ring van Vereeniging: Studie deur KKS insake uittrede uit kerkverband

Die Sinode dra dit aan sy permanente Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS) op om die eersvolgende Sinode te dien met advies oor

- die kerkordelike voorwaardes waaraan 'n plaaslike kerk (gemeente) moet voldoen as hy uit die verband van AP Kerke wil tree
- die kerkordelike gevolg van so 'n uittrede.

Motivering

- 'n Plaaslike kerk tree **vrywillig** tot die verbond en daarmee tot die verband van ring en Sinode van AP Kerke toe. 'n Plaaslike kerk kan dus ook **vrywillig** uittree. Die voorwaardes vir so 'n uittrede is tot hede toe egter nog nie in die KO. uiteengesit nie, ewemin die kerkordelike gevolg van so 'n uittrede.
- 'n Plaaslike kerk behoort in die KO. duidelik te kan lees wat die **voorwaardes** en wat die **gevolge** van so 'n uittrede gaan wees.

6.8.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Vereeniging oor advies t.o.v. uittrede van 'n kerk uit die kerkverband.

6.9 FK: Beroeping van leraars

- By verskillende vergaderings van die FK het probleme wat in sommige gemeentes ontstaan in verband met die besoldiging van leraars onder bespreking gekom. Die FK het ook kennis geneem van leraars wat van hulle gemeentes losgemaak is, omdat die gemeente vind dat die leraar nie finansieel bekostig kan word nie. Dit het alreeds baie probleme veroorsaak, vir leraar sowel as kerkraad.
- Die FK oordeel dat by die beroeping van 'n leraar reeds die voorwaardes van besoldiging, huisvesting, ens. baie duidelik gestel moet word, soos dit tewens in die beroepsbrief aangetoon word. Die beroepsbrief is tog die ooreenkoms tussen kerkraad en leraar.
- Die FK is bekommerd oor die baie ongelukhede wat blykbaar deur onvolledige ooreenkomste en onnodige misverstande tussen sommige kerkrade en leraars ontstaan het en wat maklik kan ontstaan.
- Die FK oordeel dat die konsulent en/of die Ringskommissie hierin 'n baie belangrike

rol ter voorkoming van probleme en ongelukkighede kan speel.

5. Die FK versoek dus dat die beginsel van ap-probasie van die ring se kant in die KO. op-geneem word deur die volgende:

OF – Die konsulent moet insae hê in die beroepsbrief voordat dit na die beroepene gestuur word.

OF – Die konsulent moet deel hê aan die vergadering waar 'n leraar beroep word.

OF – Die Ringskommissie moet goedkeuring verleen aan die beroep deurdat die beroepstukke aan 'n lid van die ringskommissie of die Ringskommissie self voorgelê word.

6. Die FK se gevoel is dat goedkeuring deur die Ringskommissie, namens en met verslag aan die ring, die doel die beste sal dien. Dit hoef nie die beroepsproses onnodig uit te rek of ingewikkeld te maak nie, maar sal help dat probleme uitgeskakel kan word. So 'n Art. of Bep. kan by Art. 11 of 12 ingevoeg word.

7. Die FK oordeel ook dat as die ring in ons kerklike werk sy regmatige taak vervul, daar baie minder ongelukkighede sal ontstaan.

6.9.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode verwys die beskrywingspunt van die FK oor beroeping van leraars na die TKKS.

6.10 Ring van Brandfort: Predikante nie werknemers nie

Besluit:

Die Ring van Brandfort beveel aan dat die Sinode besluit dat predikante nie werknemers van die APK is nie.

Motivering

- Jesus Christus is die Hoof van die kerk/gemeente.
- Jesus roep en stuur diensknegte (predikante) uit in sy diens.
- Predikante is nie werknemers van die kerk/gemeente nie, maar staan onder opdrag en gesag van Christus, die Hoof.
- Predikante word nie betaal nie, maar word versorg (traktee) uit die vrywillige liefdegawes van die lidmate aan hul Hoof, Christus.
- Die kerk/gemeente is nie 'n besigheid/maatskappy wat geld verdien nie, maar word in stand gehou deur vrywillige offers van sy lidmate.

- Die predikant staan wel onder toesig van die kerkraad, maar dan volgens norme en beginsels van die Hoof van die kerk/gemeente, naamlik Jesus Christus. Daardie norme kom uit die Woord en word nie vasgelê deur die kerk/gemeente nie.

6.10.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Brandfort oor predikante wat nie werknemers is nie.

Motivering

Die ampsgedagte volgens die Gereformeerde Kerkregeringstelsel soos deur die AP Kerk geïmplementeer, is die beskrywing van die kerk.

6.11 Ring van Middelburg: Die diaken in die kerkraad

Die Sinode besluit:

- Om erkenning te gee aan dit wat usansie is in Suid-Afrika sedert vorige eeue: dat die diaken volwaardig deel is van die kerkraad.
- Tegelykertyd dat die onderskeiding in die ampswerk van die ouderlinge en die diakens, ook in die praktyk meebring dat die ouderlinge opsig en tug behartig terwyl die diakens die diens van barmhartigheid as verantwoordelikheid het. Gesamentlik behartig hulle hierdie onderskeie ampspligte ten beste in een kerkraadsvergadering.
- Dat die status quo soos uitgedruk in Art. 33.1 van die KO. gehandhaaf word.

Motivering

- Die ring besef dat die saak van die Here deur al die jare ten beste gedien is deurdat die diaken deel van die kerkraad was. Hulle lewer steeds 'n waardevolle bydrae.
- Dit is 'n Bybelse beginsel volgens Rm. 12 en 1 Kor. 12 dat hierdie onderskeie ampte mekaar ook aanvul soos die verskillende lede van die liggaam dit doen.
- Met betrekking tot die eerste sewe diakens van wie ons in Handeling lees word dit duidelik aangetoon dat die ampspligte nie waterdig afgebaken was nie. Dit word pertinent genoem van Filippus wat in 'n stad van Samaria gekom en Christus aan hulle verkondig (gepreek) het (Handeling 8:5). Die prediking van Stéfanus is ook goed bekend.
- Art. 30 van die Nederlandse Geloofsbelofte is van die allergrootste belang in hierdie verband.

6.11.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Middelburg oor die dlaken in die kerkraad nie.

6.11.2 Motivering

Die saak in die beskrywingspunt word reeds gedek deur die KKS se versoek aan die Sinode om die studie te kontinueer.

6.12 Ring van Klerksdorp: Toevoeging tot attestaat

A. Die Sinode beveel aan dat die uitreiking van 'n attestaat aan 'n lidmaat vergesel word deur 'n verslag van kerklike meelewing (kyk 6.12.B hieronder).

Motivering

- Die attestaat wat uitgereik word per sé, bevat geen verslag oor die meelewing van die lidmaat in sy vorige gemeente nie.
- Sodanige verslag van meelewing sal die ouderlingeraad help in die geestelike evaluering van en inskakeling van nuwe lidmate in die gemeente.
- Dit sal die kerkraad/ouderlingeraad help om probleemgevalle gouer en meer effektief te identifiseer op grond van inligting in die verslag.
- Dit sal meebring dat 'n nuwe lidmaat se talente en gawes soveel makliker geïdentifiseer word, sodat so 'n lidmaat benader sal kan word in ooreenstemming met daardie gawes wat vooraf aan die kerkraad bekend sal wees.

6.12.B Verslag van kerklike meelewing (Heg by attestaat)

Naam van lidmaat Br/Sr

- Bywoning van eredienste Goed/Gemiddeld/Swak
 - Bring die lidmaat sy/haar kinders gereeld na die verbondsonderrig? Ja/Nee
 - Was die lidmaat betrokke by:

die Basaar	Ja/Nee
Straatverkoping	Ja/Nee
Gemeente-etes	Ja/Nee
 - Het die lidmaat gedien op die kerkraad/vroueaksie-bestuur? Ja/Nee
 - Is enige tughandelinge teen hom/haar geneem tydens sy/haar verblyftydperk in die gemeente? Ja/Nee
- Indien die antwoord "Ja" is meld aard van probleme en tugstappe geneem.

6. Watter natuurlike talent openbaar die lidmaat?

7. Wat is die algemene gesindheid van die lidmaat?

8. Gee die lidmaat gereeld sy/haar dankoffer?
Ja/Nee

9. By watter ander aktiwiteite in die gemeente is die lidmaat betrokke?

10. Woon die lidmaat Bybelstudies en ander geestelike byeenkomste by
Soms/Gereeld/Nooit

11. Toon die kinders van bogenoemde lidmaat meelewing in die verbondsonderrig?
Ja/Nee

6.12.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode gee nie gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Klerksdorp oor 'n toevoeging tot 'n attestaat nie.

6.12.2 Motivering

'n Attestaat is reeds 'n getuienis van gemeentelike meelewing.

6.13 Ring van Graniet: Studie van Presbiteriale Kerkregeringstelsel

Die Sinode versoek die kerkrade en in die besonder die predikante, om 'n grondige studie te maak van die Presbiteriale kerkregeringstelsel.

Motivering

- Daar heers groot onkunde ten opsigte van die kerkregeringstelsel van die AP Kerk.
- Die kerkregeringstelsel van die AP Kerk verskil totaal van die kerkregeringstelsels waarvan baie van ons lidmate/kerkrade en predikante gewoon is.

6.13.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om gevolg te gee aan die beskrywingspunt van die Ring van Graniet oor 'n studie van die Presbiteriale Kerkregeringstelsel.

6.14 Ring van Clanwilliam: Ringsindeling

Die Sinode beveel aan dat die Afrikaanse Protestantse Kerk Namakwaland weer by die Ring van Clanwilliam ingedeel word ten koste van die Ring van Olifantshoek.

Motivering

Die Namakwaland streek hoort geografies, kultureel en andersins aan die Weskus.

Die APK Namakwaland kan meer sinvol ingeskakel word by die Ring van Clanwilliam omdat die afstande baie meer gunstig is.

Die inskakeling in die Ring van Clanwilliam sal die ring ook 'n sinvoller eenheid maak met meer gemeentes as die huidige en ook drie gemeentepredikante.

6.14.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode gee gevolg aan die beskrywingspunt van die Ring van Clanwilliam oor die ringsindeling.

6.15 Ring van Dendron: Naamwysiging van die Kerk (Kyk ook 5.1)

Die Sinode ondersoek dringend die moontlikheid om die naam van die Kerk te verander, sodat die Gereformeerde karakter baie duidelik in die naam weergegee word sonder enige onderskrif. As moontlikheid word genoem: Afrikaanse Protestants-Gereformeerde Kerk.

Motivering

- a. Die huidige naam bring nie die Gereformeerde karakter van die Kerk na vore sonder die onderskrif nie.
- b. In die gewone omgangstaal word die onderskrif nooit gebruik nie.
- c. Blykbaar gee die woord "Protestantse" aanleiding dat die Kerk aangesien word vir 'n Pinksterkerk. (Dit het pas by die opening van 'n kollege gebeur dat die AP Kerk se lidmate ingedeel is by die Pinkstergroepe. Dit het groot verleentheid en verwarring by lidmate meegebring).
- d. Terwyl die Sinode een of ander verandering moet oorweeg (volgens die voorskrif van die Grondwet), kan 'n verandering wat verwarring uitskakel nou tot almal se voordeel wees.
- e. Die naam "Afrikaanse Protestants-Gereformeerde Kerk" sluit baie nou aan by die huidige naam, maar bring ook die gereformeerde karakter sterk na vore. Geen onderskrif is dan verder nodig nie.
- f. Die moontlikheid kan verder ondersoek word dat registrasies onder die huidige naam moontlik nie eers verander hoef te word nie, aangesien die twee name byna dieselfde is.

6.15.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode verwys die beskrywingspunt na die TKKS.

6.16 Ring van Germiston

Op die derde Mei om 15:00 word vier beskrywingspunte per faks ontvang. Dit is die dag waarop die KKS sy verslag voorberei en goedgekeur het vir die Sinode.

6.16.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om die vier beskrywingspunte te verwys na die PKKS vir studie en aanbevelings aan die opvolgende Sinode.

7. APPELLE**7.1 Ds. JD Jansen van Rensburg**

Kennisgewing van appèl teen 'n ringsbesluit van die Ring van Suidkus op 12 April 1995.

7.2 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om die appèl van ds JDJ van Rensburg in behandeling te neem aangesien aan alle KO-vereistes voldoen is.

8. BESWAARSKRIFTE**8.1 Ds. Stephen Botes****8.1.1 Beswaarskrif oor 'n besluit geneem op die Sinode van 1993 oor: "Die vrou in die amp".**

Ondergetekende teken hiermee beswaar aan teen die besluit van die 1993 Sinode wat lui:

"Die Sinode besluit om te volstaan by die besluit van die Sinode van 1990 oor die vrou in die amp as diaken naamlik 'Die Sinode besluit om nie die vrou toe te laat tot die amp van die diaken nie'" (Handelinge 1990, bl. 494)

Motivering

- a. Die Sinode het in stryd met sy eie KO. (1992: Bep. 31A, bl. 27) die beswaarskrif nie in die sakelys opgeneem nie. Die betrokke kommissie verwys slegs daarna in sy Verslag en Bylae KEN-5 (Sakelys 1993, bl. 89, 98).
- b. Die Sinode het in stryd met die ordereëls van die KO. (1992: pt. 13, bl. 50) die voorsteller van die beswaarskrif nie geleentheid tot repliek gegee nie.
- c. Die Sinode van 1993, wat afgevaardigdes insluit wat nie op die vorige Sinode gedien het nie, het dus oor 'n gravamen besluit wat hulle nooit gesien het nie!

8.1.2 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit om die beswaarskrif wat in

die 1991 Sakelys opgeneem is te laat dien voor die Sinode van 1995 en die beswaarskrif as 'n Bylae in die Sakelys op te neem. (Gemerkt: 8.1.5 Bylae tot die Beswaarskrif [die vrou in die amp]).

8.1.3 Motivering

1. Motivering a en c van die indiener van die beswaarskrif word gehandhaaf.
2. Die motivering in punt b vermeld, word verworp. Die indiener van 'n beswaarskrif het nie reg op repliek nie.

8.1.4 Kommentaar

In die aanleiding van 'n nuwe beswaarskrif word gestel "Ten behoeve van die (waarskynlik) vele nuwe afgevaardigdes, word die beswaarskrif *dé novo* en vollediger uitgewerk aangebied". Dit is egter nie ontvanklik nie. Slegs die beswaarskrif wat kragtens motivering a en c van die indiener nie in die sakelys opgeneem was nie, kan behandel word.

8.1.5 BYLAE TOT DIE BESWAARSKRIF: "DIE VROU IN DIE AMP"

(Beswaarskrif – AP Kerk Stellenbosch)

Eerwaarde Voorsitter en Broeders

Ondergetekende wil hiermee 'n gravamen indien teen die besluit van die vorige Sinode oor die vrou in die amp, wat so lui: "Die Sinode besluit om nie die vrou toe te laat tot die amp van diaken nie." (Handelinge, Vierde Sinode 1990, 3.3.1.1, p. 494),

OMDAT –

Motivering

Prinsipieel:

1. Die ordemosie deur géén Skrifbewyse gesteun word nie.
2. Dit die vrou in stryd met Gn. 1:27 waar sy net soos die man na die Beeld van God geskape is en nié sy mindere is of minderwaardig is nie, en Gl. 3:28 waar sy die geestelike gelyke van die man is, degradeer tot 'n 2de klas mens, 'n 2de klas Christen en 'n 2de klas lidmaat van die APK.
3. Dit die feit ignoreer dat die vroeë Christelike kerk op grond van die Skrif diakonesse en die amp van die weduwee erken het (vgl. H Bavinck, Geref. Dogm. IV, Kampen 1930, bl. 329, 410; WG Kümmel, Introduction to the NT, London 1966, bl. 259; H Ridderbos, Paulus, Kampen 1973, bl. 514-516: en in besonder: C Gerlinge, De Vrouw in het Oud-Christelijke Gemeenteleven, Amsterdam 1913, bl. 174, 176; NJ Hommes, De Vrouw

in de Kerk, Franeker 1951, bl. 143v.; Gerh. Huls, De Dienst der Vrouw in de Kerk, Wafeningen 1951, bl. 51, 53).

4. Dit die swyggebod van 1 Kor. 14:34 ener syds foutiewelik interpreteer as van toepassing op alle vrouens terwyl dit slegs die getroude vrou geld (vgl. die uitdruklike opdragte waar die getroude vrou haar eie man onderdanig moet wees ook in Ef. 5:22,24; Kol. 3:18; Tt. 2:5; en 1 Pt. 3:1), en andersyds by implikasie suggereer dat veelwywery toelaatbaar is as alle mans onderdanig moet wees, en die konsekwensie inhou dat geen dame verbondsonderrig mag gee nie, want sy mag mos nie 'n lerende funksie in die gemeente uitoefen nie!

Prakties

Dit die geestelik-volwasse vrou nie herstel in haar status en regte as volwaardige lidmaat van Christus se gemeente nie, waarin haar voorregte as lid van sy liggaam in beginsel deur Hom gewaarborg is nie.

Dit die leemtes en vakatures op die kerkraad, waar mans vanweë werksomstandighede en die stygende lewenskoste verplig is om langer en selfs Sondae te werk en daarom nie in die amp kan dien nie, nie aanvul nie.

Dit die stryd om die bestaansreg en funksie van alle vroueaksies nie ondervang en oplos nie, terwyl alle sodanige aksies en barmhartigheidsdienste direk onder die toesig en leiding van die diakonie van die kerkraad kon ressorteer, en alle oororganisering van die gemeente uitgeskakel kon word.

8.2 Beswaarskrif: DJP Keyser, Viljoenskroon

8.2.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit dat die beswaarskrif van mnr DJP Keyser nie ontvanklik is nie en daarom nie in die Sakelys opgeneem word nie.

8.2.2 Motivering

'n Beswaarskrif word ingedien teen 'n besluit by dieselfde vergadering waar die besluit geneem is.

8.3 Beswaarskrif: Kerkraad APK Derby

8.3.1 AANBEVELING VAN DIE KKS

Die Sinode besluit dat die beswaarskrif van APK Derby nie ontvanklik is nie en daarom nie in die Sakelys opgeneem word nie.

8.3.2 Motivering

'n Beswaarskrif kan alleen ingedien word by 'n kerklike vergadering waarop 'n besluit geneem is. Dit is nie van toepassing op werk van kommissies nie.

Vertrouende dat u Kommissie hiermee uitvoering aan sy opdragte gegee het en kragtens die lasgewing sy taak volvoer het.

Die ryke seën van die Here word die vergadering toegebid op al u werksaamhede.

wg. JA DU PLESSIS
SKRIBA: KKS

Verslag van die Kommissie vir Kerksang en -musiek (KKM) aan die Sewende Sinode

1. PERSONEEL

1.1 Primarii

Di. GG le Roux (Sameroeper), JD van der Merwe, JH Theron, JJ (Kosie) Venter, JG van Staden en DJ (Danie) Malan.

1.2 Sekundi

Di. CJS Botha, RW Louw, prof dr. JC Lombard.

1.3 Gekoöpteerde lede

Mevv. PJ (Rona) Cloete en AH Boshoff.

1.4 Aanvanklike konstituering

Di. JD van der Merwe (Voorsitter), GG le Roux (Ondervoorsitter), DJ Malan (Skriba).

1.5 Personeelwysigings

Ds JJ (Kosie) Venter het bedank en ds CJS Botha is in sy plek opgeroep. Ds Gerhardt Venter is vanweë sy kundigheid (onder meer t.o.v. rekenaarmusiek/programme) later gekoöpteer.

2. VERGADERINGS

Die Kommissie het 6 keer vergader en wel op die volgende datums: 13/8/1993, 24-25/5/1994, 13-14/9/1994, 1-2/11/1994, 31/1/1995 en 8-9/5/1995.

3. OPDRAGTE VAN SESDE SINODE

(Sien Sakelys 1993 bl. 86 vv en Handeling bl. 256 e.v.)

3.1 Hersiening van Psalms (Handeling bl. 256)

“Die Sinode gee opdrag aan die Kommissie vir Kerksang en -musiek om voort te gaan met die hersiening van die Psalms en aan die volgende Sinode te rapporteer.”

3.1.1 Verslag

Dit het onmoontlik geblyk te wees om aan hierdie opdrag gevolg te gee a.g.v.

- die bedanking van ds Kosie Venter as kommissielid wat reeds op sy eie aan die hersiening van die Psalms gewerk het;
- kopiereg-probleme met die “Totius”-Psalmberymings;
- die ander drie Afrikaanse kerke van Gereformeerde belydenis het via die SKK aan die

Afrikaanse Protestantse Kerk ’n hand gereik om hulle deur die KKM te nader vir samewerking aan die hersiening van die Psalms. So ’n versoek is wel skriftelik deur die KKM tot hulle gerig, maar tot op hede het van sodanige samewerking nog niks tereg gekom nie.

3.2 Voorbereiding van volledige Proefsangbun- del (sien Handeling bl. 256 punt 4.2)

“Die Sinode herhaal sy opdrag aan die Kommissie vir Kerksang en -musiek om voort te gaan om genoemde regte (nl. musiekregte en kopiereg) te bekom en ’n proefbundel die lig te laat sien. Intussen word besluit dat slegs die bestaande Afrikaanse Psalm- en Gesangeboek steeds in ons eredienste gebruik sal word.”

“Die Sinode besluit dat:

- in die lig van die baie resente uitspraak van die NG Kerk insake die kopiereg van al die Gesange in die huidige Psalm en Gesangeboek en die liedere in die Jeugsangbun-
del die Sinode sy Kommissie vir Kerksang en -musiek opdrag gee om ’n sangbun-
del saam te stel wat, na goedkeuring deur ’n sinode, naas die huidige Gesangeboek in die erediens gebruik sal word;
- hierdie bundel sal bestaan uit 150 liedere, bv. saamgestel uit verwerkte hallelujalie-
dere wat reeds opgeneem is in ’n proef-
bundel wat voor die sinode gedien het; ’n
verskeidenheid kinder- en jeugliedere; eie
skepping waaronder ’n 40-tal Psalmlied-
ere wat selfstandig geskryf is en leengoed uit
ander Protestantse en Gereformeerde ker-
ke waarvan kopiereg verkry kan word;
- die volgende riglyne aanvaar word:
 - musiektoonsetting word gedruk – weers-
kante van die bewoordinge – sodat die lie-
dere maklik in stemme gesing kan word;
 - by elke lied kom ’n kort paragrafie wat die
geskiedenis van beide liriek en musiek
vertel;
 - die bundel sal finaal geredigeer word deur
die Publikasiekommissie van die Sinode;
 - die Kommissie vir Kerksang en -musiek
hom sal beywer om hierdie bundel te laat

verskyn voor die volgende Sinode.” (Die bedoeling is 1995.)

3.2.1 Verslag

3.2.1.1 Aan die bogemelde opdrag is na die beste van ons vermoë gevolg gegee. Omdat die skryf van 'n geskikte kerklied 'n uiters tydsame proses is, en mede as gevolg van die probleme rondom musiek- en kopiëreg, kon die ideaal van plus-minus 150 liedere nie bereik word nie. Die Kommissie het egter daarin geslaag om uit letterlik honderde kerkliedere 'n selfstandige proefbundel met 104 liedere saam te stel (volgens opdrag en vereistes van die 1993-sinode). Dié bundel is ook aan die Publikasiekommissie voorgelê en met hulle bespreek en voorlopig gesif en geredigeer. As deel van ons verslag word 'n konsep proefsangbundel (Psb) aan die sinodegangers beskikbaar gestel wat uit DRIE dele bestaan:

DEEL I bevat gekeurde liedere waarvoor die Sinode se goedkeuring gevra word om in gemeentes as Proefsangbundel buite die erediens gebruik te word.

DEEL II bevat liedere waaraan die KKM nog besig is om te werk en te skaaf en

DEEL III bevat Gesangmelodieë waarvoor kopiëreg nie verkry kon word nie en wat verwerk en herskryf is.

3.2.1.2 Die KKM het teen die musiektoonsetting “sodat die liedere maklik in stemme gesing kan word” besluit om praktiese redes en omdat die KKM buitendien 'n begeleiersboek of “Koraalboek” in die vooruitsig stel.

3.2.1.3 Aan die “geskiedenis van beide liriek en musiek” het die Kommissie nog nie aandag gegee nie a.g.v. 'n gebrek aan voldoende tyd. Ons sal egter mettertyd daaraan aandag skenk en dit in die voltooide sangbundel laat verskyn.

3.2.1.4 Vir 'n volledige weergawe van die samestelling van die Proefsangbundel (Psb) word die sinodegangers verwys na die VOORWOORD daarin vervat.

3.3 Koorbundel vir die Afrikaanse Protestantse kerk (sien Sakelys 1993-Sinode bl. 87 en Handeling bl. 256 en lasgewing K. 8 bl. 113 Kerkorde 1994-uitgawe)

3.3.1 Verslag

3.3.1.1 Daar is voorkeur verleen aan die opstel van die Proefsangbundel (Psb) wat uiteraard baie tydrowend is. Gevolglik is nie na wense vordering gemaak met die samestelling van 'n goeie koorbundel nie.

3.3.1.2 Intussen is reeds etlike liedere geïdentifiseer as moontlike koorstukke waaraan gewerk word.

3.3.1.3 Sodra die struikelblokke (o.m. kopiëreg) uit die weg geruim is, sal verder volledig aandag geskenk word aan die samestelling van sodanige koorbundel.

3.3.1.4 Tydens die opleidingskursus vir orreliste is 'n orrelistevereniging gestig wat die Kommissie verder sal sterk in die verwesenliking van die doel om 'n goeie koorbundel die lig te laat sien.

3.4 Begeleierskursus (Sakelys 1993-Sinode bl. 87 en Handeling bl. 256 en lasgewing K.7, bl. 113 Kerkorde 1994-uitgawe)

3.4.1 Verslag

3.4.1.1 'n Uiters geslaagde en geseënde kursus is vir orreliste en begeleiers op 27 April 1995 in die gerieflike kerkgebou van die APK Pretoria-Oos gehou. Dit is deur 42 persone van oor die hele land bygewoon en 'n 4-uur-lange video-opname is van dié luisterryke gebeurtenis gemaak. Videobande sal DV tydens die sinodesitting beskikbaar wees.

Gemeentes kan dit gerus aankoop en op ringsvlak opleidingsgeleenthede reël in samewerking met 'n lid van die KKM.

3.4.1.2 Tydens die opleidingskursus is 'n orrelistevereniging gestig met die volgende bestuurslede: Mev. PJ (Rona) Cloete (Voorsitter), AH Boshoff, C Bester (Groter-Durban).

4. ANDER WERKSAMHEDE

4.1 Artikelreeks oor Kerklied

Op versoek van die Redaksie van “die Boodskapper” is 'n artikelreeks oor die kerklied in die Afrikaanse Protestantse Kerk opgestel en tydens werkvergaderings geredigeer en aan die redaksie deurgestuurd vir publikasie.

4.2 Besinning oor lasgewing

Die Kommissie het oor die bewoording van die lasgewing, soos vervat op bl. 113 van die Kerkordeboekie 1994-uitgawe, besin (sien aanbeveling hieronder).

4.3 Korrespondensie

4.3.1 Ontvang van

4.3.1.1 'n Bekommerde lidmaat (mnr FN Kriel) uit Groot-Marico oor 'n plaaslike sangbundel wat nie voldoen aan die vereistes nie. Die Kommissie skenk aandag daaraan en antwoord hom volledig.

4.3.1.2 'n Suster (mev Ina van Rensburg) wat namens 'n aantal susters beswaar aangeteken het teen die beoogde sangbundel. Dit is hanteer en 'n volledige antwoord is aan haar verskaf.

4.3.1.3 Voorsitter Publikasiekommissie (Pk) met kommentaar op die Proefsangbundel waarop die KKM gereageer het deur 'n ontmoetingsgesprek met die Pk op 9 Mei 1995.

4.3.2 Gerig aan

4.3.2.1 Prof. J van der Elst (Gereformeerde Kerk) en dr PJ de Beer (Skriba Gesamentlike Hersieningskommissie van die Afrikaanse Kerke) insake samewerking t.o.v. die hersiening van die bestaande Psalm- en Gesangebundel. Prof. Van der Elst het ontvangs van ons skrywe erken en beloof om mettertyd weer kontak te maak. Geen reaksie is egter tot dusver van dr De Beer ontvang nie.

5. AANBEVELINGS

5.1 Die Sinode neem kennis van die verslag en werksaamhede van die KKM en keur die Kommissie se handelwyse tot dusver goed.

5.2 Die Sinode wysig die lasgewing van die KKM in punt 2 en 7 om soos volg te lui:

5.2.1 Punt 2: (nuwe redaksie): "... werk intussen met die ander drie Afrikaanse Kerke van Gereformeerde belydenis saam aan die hersiening van die Psalms en Gesange vir sover dit moontlik is."

5.2.2 Punt 7: "... bied leiding aan orreliste in die plaaslike kerke" (m.a.w. skrap die woorde "via sinodes" omdat dit nie sin maak in ons Kerkverband wat slegs een sinode het nie).

5.3 Die Sinode keur Deel I van die Psb (reeds gekeurde liedere) goed en beveel by gemeentes aan om dit as proefsangbundel buite die erediens te gebruik en krities te evalueer.

5.4 Die Sinode versoek kerkrade om voor 30 November 1996 terugvoering te gee en kommentaar te lewer op die Psb en/of wysigings aan die KKM voor te lê.

5.5 Die Sinode neem kennis van Deel II en Deel III van die Psb (liedere waaraan nog geskaaf en gewerk word) en keur dit goed dat die KKM die liedere daaruit verder verwerk en keur en van tyd tot tyd aan gemeentes voorlê vir toetsing en kommentaar aan die Kommissie. (Lasgewing K. 4 bl. 113, KO 1994.)

5.6 Die Sinode dra dit aan die KKM op om

5.6.1 so spoedig moontlik 'n goeie koorbundel

vir gebruik in die Afrikaanse Protestantse Kerk die lig te laat sien;

5.6.2 'n begeleiersboek saam te stel;

5.6.3 daadwerklike pogings aan te wend om die Psalms te hersien en aan die volgende sinode te rapporteer.

5.7 Die Sinode keur die konsepgrondwet van die orrelistevereniging goed (Bylae KKM 1).

5.8 Die Sinode maan AP kerke om nie mee-gesleur te word deur sommige, selfs Gereformeerde Kerke, wat die gebruik ontwikkel het om charismatiese jeugdienste te hou nie. Hierdie praktyk bedreig die Gereformeerde kerklied en bring sy voortbestaan in gedrang.

5.9 Die Sinode staan 10 minute per dag af aan samesang – ook uit die Psb. – en dra dit aan die KKM op om dit te reël ook vir toekomstige sinodes.

5.10 Die Sinode keur die Begroting vir 1996 goed:

Reiskoste vir 5 vergaderings	R27 500,00
Proefsangbundel	R3 000,00
Opleidingskursus vir orreliste en begeleiers	R2 000,00
TOTAAL	R32 500,00

5.11 Die Sinode betuig sy dank teenoor:

5.11.1 predikante, sangleiers, begeleiers, orreliste en kerkrade vir hulle aandeel in die bewaring en instandhouding van die Gereformeerde Kerklied en die aanmoediging van gemeentelêde om hulle te verlustig in die gemeentesang;

5.11.2 die KKM-lêde vir hulle lojale en harde werk gedurende die tydperk tussen die Sesde en Sewende Sinode.

5.11.3 God Drie-enig wat aan ons die Gereformeerde Kerklied as erfenis gegee het om Hom daarmee te loof.

6. SLOT

Die KKM vertrou dat hy hiermee sy opdrag na behore uitgevoer het en bid die seën van die Here af op die Sinode en sy werksaamhede.

SOLI DEO GLORIA!

wg. DS JD VAN DER MERWE
Voorsitter

DS DJ MALAN
Skriba

Konsepgrondwet van Orrelistevereniging

1. NAAM

Afrikaanse Protestantse Kerk – Orrelistevereniging (APKOV).

2. LIDMAATSKAP

2.1 Alle orreliste en begeleiers van die AP Kerk.

2.2 Leraars, kerkrade en AP Kerk-lidmate.

3. BESTUUR

3.1 Die vereniging verkies sy bestuur uit orreliste en begeleiers.

3.2 Die dagbestuur bestaan uit drie lede, verkies op die jaarlikse vergadering.

4. LIDMAATSKAPFOOIE:

R25-00 per lid per jaar.

5. DOELSTELLINGS

5.1 Bevordering van die Gereformeerde Kerklied in gemeente- en koorsang.

5.2 Bevordering van Gereformeerde Kerkmusiek.

5.3 APKOV skakel tussen KKM en gemeentes.

5.4 Bied praktiese toerusting aan orreliste en begeleiers in gemeentes.

5.5 Bied geleentheid vir orreliste en begeleiers om koorstukke en tegnieke uit te ruil.

6. VERGADERINGS EN KURSUSSE

6.1 Jaarliks sal minstens een opfrissingskursus vir orreliste en begeleiers aangebied word in samewerking met en onder toesig van die KKM.

6.2 Op rings- en streeksvlak vergader orreliste en begeleiers o.l.v. die KKM om APKOV se doelstellings te bevorder.

Verslag van die Publikasiekommissie oor die tydperk 14 Augustus 1993 tot 15 Mei 1995

1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIE-KOMMISSIE (PK)

Die Sinode het die volgende lede op die Pk. aangewys: Dr. WJG Lubbe (Sameroeper), di. AJ van Niekerk, AS van Staden, AP Viljoen en prof. R Marè. Op sy konstitueringsvergadering het die Pk. die volgende ampsdraers verkies: Dr. WJG Lubbe (Voorsitter), prof. R Marè (Ondervoorsitter), ds. AP Viljoen (Skriba). Hierdie drie word ook as Dagbestuur (Db.) aangewys. Die twee ander lede het as sekundi gedien. Ook word die Direkteur vir Kerkadministrasie, ds. MC Adendorff, op die Pk. en sy Dagbestuur gekoöpteer. Op 15 Februarie 1995 bedank ds. Viljoen (wat oorsee sou vertrek) as Pk.-lid en op 22 Februarie 1995 word prof. JJ Pienaar in sy plek met volle stem gekoöpteer. Op 29 Maart 1995 kies die Pk. hom ook as Dagbestuurslid.

AANBEVELING 1.1

Die Sinode besluit om, met handhawing van die beginsel van kontinuïteit, die Pk. se huidige vyf lede tot sewe te vermeerder en drie sekundi aan te wys.

Motivering

Die verskeidenheid en die volume van stof wat die Pk. se aandag vra, word steeds groter. Bygevolg word die las wat op elke kommissielid gelê word, al swaarder. Dit werk vertragend op die publiseringsproses in. Sulke vertraging maak skrywers ongeduldig en is skadelik vir die omset.

2. LASGEWING

Die Pk. het die lasgewing soos deur die Sinode neergelê (Algemeen en Spesifiek) steeds voor oë gehou en doen daarvolgens verslag aan die Sinode.

AANBEVELING 2.1

Die Sinode besluit

2.1.1 om lasgewing 1.3 van die Pk. soos volg uit te brei (die huidige 1.3 word onderstreep):

die publisering en bemarking van alle publikasies waarop 'n sinode besluit. Alvorens enige publikasie wat in opdrag van 'n sinode moet verskyn, maar wat hy nie self in finale vorm goedgekeur het nie, gepubliseer word, lê die Pk. die toets van Algemene Bepaling 4 (KO

1994, bl. 105) aan en beoordeel of sodanige publikasie die APK skade kan aandoen. Aangesien die Pk. die verantwoordelikheid vir publikasie het, moet alle publikasies wat deur wie ook al via die Pk. moet verskyn, bogenoemde toets kan deurstaan;

2.1.2 dat hierdie besluit as 'n sinodebesluit van krag word by die publisering van die Hande-linge van die Sinode.

AANBEVELING 2.2

Die Sinode besluit om punt 1.5 (insake Bybelverklaring en Bybelkommentare) van die Pk. se lasgewing (KO 1994, bl. 115) te skrap aangesien die wese van dié lasgewing reeds vervat is in die voorafgaande punt 1.4.

Motivering

Kyk BYLAE PK2 : Verslag van die Subkommis-sie vir Bybelverklaring.

3. PERSONEEL

Mev. SC Marè het as Uitgewersassistent van die Publikasiekommissie en waarnemende Boekwinkelbestuurder (sedert Maart 1994) opgetree tot aan die einde van 1994 toe sy tot Sekretaresse vir die Administrateur bevorder is. Mev. JP van Lille is vanaf 1 Januarie 1995 in die pos van Uitgewersassistent en waarnemende Boekwinkelbestuurder aangestel. (Kyk Aanbeveling 2.2 in BYLAE PK1.)

Mnr. E van Zyl was tot by sy diensopsegging (Maart 1994) as Boekwinkelbestuurder gemoeid met die bemarking van APK-publikasies en mnr. BA Coetzee (Versendingsklerk) en mev. JC Erasmus (Rekenaaroperatrise) is steeds werksaam in die Boekwinkel.

AANBEVELING 3.1

Die Sinode neem met waardering kennis van die belangrike werk wat mev. Judith Erasmus as Rekenaaroperatrise, en mnr. Braam Coetzee as Versendingsklerk in die APK se Boekwinkel verrig. Omdat die Boekwinkel een van die hooftreke van die Sentrale Kerkkantoor se kommunikasie met ons lidmate is, heg die Sinode hoë waarde aan hulpvaardigheid en hoflikheid by sy Boekwinkelpersoneel.

Mev. A Britz bekleed sedert 1 Februarie 1994 die pos (deur die 1993-Sinode geskep) as Sekretaresse/tikster vir Publikasies.

AANBEVELING 3.2

Die Sinode neem met waardering kennis dat mev. Alta Britz, sedert haar diensaanvaarding op 1 Februarie 1994 as Sekretaris vir Publikasies, met haar ervaring, kundigheid en toewyding, waardevolle diens aan die Pk. gelewer het.

4. BEMARKINGSKOMITEE (BK)

Die Pk. het 'n Bemarkingskomitee in die lewe geroep ten einde spesifiek bemarking te bevorder. Die Db. is aangewys om ook as Bk. te dien. Bogenoemde personeellede is gereeld tot vergaderings van die Pk., Db. en Bk. opgeroep so dikwels as hul kennis en diens benodig was.

5. VERGADERINGS

Gedurende die verslagtydperk het die Pk. vyftien, die Db. vyftien en die Bk. vier vergaderings gehou.

6. RIGTINGWYSERS VIR GEBRUIK

Die Pk. het aan die begin van sy dienstermyn die volgende rigtingwysers vir gebruik in sy werksaamhede opgestel en waar nodig van tyd tot tyd hersien:

6.1 Die Publikasiekommissie, sy beleid en riglyne vir sy hantering van publikasies.

6.2 Riglyne vir voornemende skrywers wat manuskripte aan die Publikasiekommissie wil voorlê.

6.3 Riglyne wat 'n predikant by die skryf van 'n preekbundel vir leesdienste in gedagte moet hou.

6.4 Riglyne vir manuskriphantering.

6.5 Riglyne vir voorlopige beoordeling.

6.6 Riglyne vir keuring van voorgestelde manuskripte.

6.7 Riglyne vir die skryf van 'n resensie.

6.8 Lys van Bybelboekafkortings gebaseer op die afkortings van Ou en Nuwe Testamentiese werkgemeenskappe.

6.9 Paneel van keurders.

6.10 Ooreenkoms wat aangegaan word tussen 'n skrywer en die RKA.

Hierdie stukke is nie in die verslag opgeneem nie, maar is ter insae vir afgevaardigdes.

7. BEGROTING

Die Pk. het na die 1993-Sinode met die SKK oorleg gepleeg oor verdeling van begrotingsgeld (vir 1993 en 1994) en sy begrotings vir 1995 en 1996 onderskeidelik in oorleg met die FK voorgelê. Die Pk.-begroting vir 1996 is vervat in die FK-verslag voor hierdie Sinode.

AANBEVELING 7.1

Die Sinode keur die begroting van die Pk. goed.

8. VERSLAG VAN DIE SUBKOMMISSIE VIR BYBELVERKLARING

Hierdie verslag word aangebied in BYLAE PK2.

9. SINODALE PUBLIKASIES

9.1 *Die Boodskapper* en sy byvoegsel, *Die Jeugboodskapper*.

Die verslag hieroor is vervat in BYLAE PK1.

9.2 Oorsig van gepubliseerde sinodale publikasies

Gedurende die verslagtydperk van 14 Augustus 1993 tot 30 April 1995 het ses sinodale publikasies (kyk 9.2.1 tot 9.2.5) verskyn waarvan twee herdrukke was, nl. *Skriflig op Kerk en Volk* en *'n Volwasse Man*. Daar word afsonderlik verslag gedoen oor die Verbondsonderlig-publikasies.

Die publikasiekoste van genoemde ses sinodale publikasies (uitgesonderd die koste verbonde aan die personeel en reiskoste van kommissielede) het R155 655-17 beloop. Van hierdie publikasies is in totaal 581 eksemplare komplimentêr versprei weens pliglewering of skenkings. Die waarde van die 8 646 eksemplare wat tot op 30 April 1995 verkoop is, beloop R200 713-50. Die Publikasiekommissie het die verkoopprijs van die *Kerkorde* en *'n Volwasse Man* gesubsidieer om dit vir elke gemeente en lidmaat meer bekostigbaar te maak.

9.2.1 Handeling van die Sesde Sinode 1993

'n Oplaag van 810 is op 16 November 1993 ontvang; 373 eksemplare is komplimentêr versprei, onder andere aan elke gemeente, predikant en dosent. Slegs 10 eksemplare is teen 'n totale bedrag van R500-00 verkoop. Die publiseringskoste het R19 702-00 beloop. (Die koste verbonde aan personeel en reiskoste van kommissielede word buite rekening gelaat.)

9.2.2 Kerkjaarboek 1994 en Kerkjaarboek 1995

Beide uitgawes van die *Kerkjaarboek* wat in die verslagtydperk verskyn het (1994 en 1995), is vroeg in November van die vorige jaar van die

pers af ontvang sodat dit voor die sluiting van die skole in Desember aan gemeentes versend kon word.

'n Oplaag van 4 500 eksemplare van die *Kerkjaarboek 1994* is ontvang; 3 486 is verkoop en 50 eksemplare was diverse skenkings. Die totale koste (uitgesonderd die koste verbonde aan personeel en reiskoste van kommissielede) vir die publiserings van hierdie boek was R56 994-40 en 'n bedrag van R6 100-00 is deur middel van advertensiekoste verhaal. Die waarde van die eksemplare wat verkoop is, beloop R87 150-00.

'n Oplaag van 4 120 eksemplare van die *Kerkjaarboek 1995* is ontvang en tot op 30 April 1995 is 3 235 eksemplare verkoop. Die totale koste (uitgesonderd die koste verbonde aan personeel en reiskoste van kommissielede) vir die publiserings van hierdie boek was R56 509-77 terwyl advertensies ter waarde van R6 800-00 geplaas is. Die waarde van die eksemplare wat verkoop is, beloop R88 962-50.

9.2.3 Kerkorde 1994

Daar was 'n aansienlike vertraging met die finalisering van die manuskrip en 'n oplaag van 3 800 is op 8 November 1994 ontvang teen 'n totale publiseringskoste van R24 012-00 (koste verbonde aan personeel en reiskoste van kommissielede uitgesonderd). Tot op 30 April 1995 is 1 598 eksemplare verkoop ter waarde van R19 176-00. Daar is 57 eksemplare deur middel van pliglewering en skenkings versprei.

9.2.4 Skriflig op Kerk en Volk

'n Oplaag van 500 eksemplare is aan die begin van 1994 herdruk. Die Pk. skenk tans oorweging daaraan om hierdie publikasie weer onveranderd te laat herdruk of moontlik 'n konsep-hersiene uitgawe aan die Sinode voor te lê.

9.2.5 'n Volwasse Man

Daar word tans aandag gegee aan die hersiening van hierdie publikasie, maar as gevolg van die groot behoefte wat daar aan hierdie publikasie by gemeentes ontstaan het, is 'n oplaag intussen onveranderd herdruk.

9.3 Sinodale publikasies ter perse

Daar is twee sinodale publikasies wat reeds geset of gedruk word:

9.3.1 Sakelys van Sinode September 1995

Die Sakelys is van die SKK ontvang, in oorleg met die SKK deur die setters voorberei, en word daarna, volgens beplanning, teen 17 Julie 1995 aan gemeentes versend.

9.3.2 Teologiese Tydskrif

Die *Teologiese Tydskrif* (No. 2) is tans ter perse en behoort voor die Sinode 1995 te verskyn.

Die Sinode het in sy lasgewing (KO 1994, bl. 114, punt 3) die Kuratorium verantwoordelik gestel vir die Teologiese Tydskrif. Vir finale uitvoering van dié opdrag het die Sinode die dosente van die Teologiese Skool tot kernredaksie aangewys.

In sy kommunikasie oor die publiserings van *Teologiese Tydskrif No. 2*, wou die Pk. van die Eindredakteur van die Teologiese blad weet of "die hele kernredaksie inderdaad behoorlik ge-ken is by die vasstelling van die blad se inhoud" (brief 18/1/1995). Die Eindredakteur se antwoord (6/2/1995) kom daarop neer dat die kernredaksie by geleentheid gereduseer kan word tot EEN. Die Kuratorium het hom met dié antwoord vereenselwig.

AANBEVELING 9.3.2.1

Die Sinode gee uitspraak oor die vraag of die kernredaksie (van vier teologiese dosente) by geleentheid uit net een dosent kan bestaan.

9.4 Sinodale publikasies in proses

Daar is twee sinodale publikasies wat tans in proses is:

9.4.1 Kerkjaarboek 1996

Soos gebruikelik is twaalf APK-predikante genader om die *Dagstukkies vir die Kerkjaarboek 1996* te skryf. Die Pk. skenk oorweging aan 'n nuwe titel, nl. *Kerkjaarboek 1996 en Bybelse Dagboek*. Die gemeente-gegewens soos op 31 Julie 1995 sal ná hierdie datum bygewerk word en na verwagting sal die publikasie teen die begin van November 1995 beskikbaar wees vir versending na gemeentes.

AANBEVELING 9.4.1.1

Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om lidmate se aandag herhaaldelik te vestig op die waarde van die Kerkjaarboek: op sy rykdom aan inligting oor ons kerkverband en ons kerke, maar veral op sy waardevolle Bybelse Dagstukkies. Dagstukkies waarin die Woord van die Here elke maand uit 'n ander Bybelboek spreek. Dagstukkies wat elke siel se omgang met die Here sal verryk.

9.4.2 Proefsangbundel

Die Pk. het by meerdere geleenthede en op verskeie maniere met die Kommissie vir Kersang en -musiek (KKM) gekommunikeer oor die publiserings van die KKM se voorgenome proefsangbundel. Sodra die Pk. finaal verneem wat die KKM se voornemens is, sal die Pk. kragtens sy lasgewing behulpzaam wees.

9.5 Verbondsonderrig- en diverse publikasies

Die Pk. het hom deurentyd beywer om genoeg leerboeke vir elke jaargroep teen weinig meer as kosprys te voorsien. As gevolg van die stygende drukkoste, was die Pk. egter genoodsaak om die verkoopprijs vanaf 1 Maart 1995 te verhoog na R13-50 per eksemplaar. Vir elke jaargroep word 'n *lesgidse* (vir die voorganger) verskaf of beoog. Gedurende die verslagtydperk is 18 512 eksemplare (leerboeke en lesgidse) ter waarde van R231 297-60 verkoop.

Toe dit blyk dat die eerste oplaag uitverkoop raak, het die Pk. in Oktober 1993 besluit om alle leerboeke (uitgesonderd st. 9) oor te set en te laat herdruk.

9.5.1 Leerboeke

Elf leerboeke, met 'n totale oplaag van 43 700 is teen 'n produksiekoste van R204 622-39 oorgeset en herdruk. *Leer en Bely* (st. 9) het in Oktober 1993 in druk verskyn, teen 'n produksiekoste van R27 585-44.

Daar word aandag gegee aan die opstel en publiserings van die *Werkboek vir Voorskoolse Kinders Deel 1*.

9.5.2 Lesgidse

In die verslagtydperk het die *Lesgidse: Leer en Lewe 1* (st. 5) verskyn en die lesgidse vir Gr. 1 en meegaande prente-hulpmiddels is herdruk. Hierdie twee lesgidse se produksiekoste het R16 473-71 beloop. Daar is tans drie lesgidse (Voorskool 2, Gr. 2 en st. 1) wat herdruk word, ter perse.

Goedgekeurde skrywers is besig met die opstel van die lesgidse vir st. 2, 3, 4, 6, 7, 8 en 9. Die Pk. het besluit om die lesgidse vir st. 6, 7 en 8 vanjaar net in fotostaatvorm uit te gee terwyl die teks gefinaliseer sal word na aanleiding van kommentaar wat van gemeentes ontvang word. Dit sal volgens beplanning in Desember 1995 gepubliseer wees. 'n Voorlopige antwoordstel vir *Leer en Bely* (st. 9) word op fotokopieë aan gemeentes beskikbaar gestel.

Die Pk. gee ook aandag aan die publiserings van 'n boek: *Onderrigmetodes vir Verbondsonderrig*.

9.5.3 Geskenkreeks

'n Geskenkreeks van twaalf boekies, een vir elke Verbondsonderrigklas, is in die proses van opstel en keuring. Hierdie kleurvolle reeks sal na verwagting teen die begin van Oktober van die pers af ontvang word en sal veral geskik wees om as geskenke vir kinders en as ge-

skenke tydens die Verbondsonderrig-afsluiting uitgedeel te word.

9.5.4 Sertifikate, kaarte en seëls

Die Pk. het sorg gedra dat die volgende herdruk word: diplomas vir getrouheid, seëls vir die voorskoolse klas, senior registerkaarte, voorskoolse sertifikate en die aandenkingskaart by belydenisaflegging (blommotief).

Die aandenkingskaart by belydenisaflegging (kerkmotief), die diensleweringssertifikate vir Verbondsonderrig-voorgangers en 'n Verbondsonderrig-besoekkaart is tans ter perse. Die Pk. beoog ook om 'n aanmoedigingseël beskikbaar te stel vir uitdeling by die Verbondsonderrig-afsluiting.

10. ANDER PUBLIKASIES

Daar is gedurende die verslagtydperk 36 manuskripte (uitgesonderd die sinodale publikasies en die geskenkreeks) aan die Pk. voorgeleë vir moontlike publiserings. 'n Totaal van 18 manuskripte is reeds gekeur en in proses van finale afronding of ter perse; vier manuskripte is na die outeurs terugverwys met die voorstel dat dit in 'n bepaalde vorm verwerk moet word en 9 manuskripte is tans in proses van keuring.

In hierdie verslag word die publikasiekoste en verkope van publikasies wat voor Augustus 1993 verskyn het, nie in berekening gebring nie.

10.1 Oorsig van gepubliseerde publikasies

Daar het twaalf publikasies van nege outeurs verskyn waarvan *Ek, Christenvrou* 'n herdruk en *Bybelstudie uit Kolossense* 'n hersiene uitgawe was. Die totale publikasiekoste het R56 585-84 beloop. Van hierdie publikasies is in totaal 323 eksemplare komplimentêr versprei weens pliglewering of skenkings. 'n Totaal van 2 910 eksemplare ter waarde van R46 452-00 is tot op 30 April 1995 verkoop.

Die Pk. het die verkoopprijs van drie van hierdie publikasies gesubsidieer om hulle meer beskikbaar te maak. Verder het die Pk. dit goedgekeur dat 'n afslag van 33,33% toegestaan word aan gemeentes en/of individue wat vyf of meer eksemplare van publikasies (uitgesonderd sinodale publikasies) deur die Pk. uitgegee, koop. Boekhandelaars kwalifiseer ook vir 33,33% afslag. Terwyl individue kontant moet betaal, word aan kerkrade en boekhandelaars 30 dae gegun om te betaal.

10.2 Tantième

Tydens die verslagtydperk is 'n bedrag van

R4 540-68 aan tantième op bogenoemde 12 publikasies uitbetaal, terwyl R7 037-00 aan tantième op 37 van die publikasies wat voor Augustus 1993 gepubliseer is, aan 13 outeurs uitbetaal is. Tantième op die bemoedigingskaartjies het R136-80 beloop.

10.3 Oorsig oor publikasies wat ter perse is

Tans is daar elf ander publikasies ter perse waarvan almal moontlik voor die Sinode 1995 sal verskyn. Een van hierdie publikasies, *Gebedeboekie*, is 'n herdruk.

10.4 Oorsig oor publikasies wat tans in proses is

Daar is 9 publikasies (uitgesonderd die geskenkreeks) wat in proses is en die Pk. skenk oorweging aan die herdruk van een publikasie.

11. DIVERSE PUBLIKASIES

Die Pk. was ook onder meer verantwoordelik vir die uitgee van bemoedigingskaarte, lidmaat-verwelkomingskaarte, met-komplimente-kaartjies, kerkembleemplakkers en twee verjaarsdagkaarte waarvan een geskik is vir seuns en een vir dogters.

Voorts het die Pk. in 1993 die lidmaatregister-vorm gepubliseer asook die huweliksregister-vorm in 1994. Aan die einde van 1994 is die registervorm en -omslae vir belydende lidmate heeltemal hersien en in 1995 in 'n nuwe formaat gepubliseer.

Die Sustersaksie-kaarte, huisbesoek-register-kaarte, kaart om te laat as iemand nie tuis gevind word nie en 'n reeks traktaatjies vir siekebesoek is tans ter perse en sal na beplanning vóór die Sinode 1995 verskyn.

12. AANKOPE VAN NIE-APK PUBLIKASIES VIR HERVERKOPE DEUR DIE APK-BOEKWINKEL

Die Pk. was of is ook gemoeid met die keuring van 21 nie-APK publikasies waarvan 13 goedgekeur is vir aankope en/of plasing van 'n resensie in *Die Boodskapper*.

Die nie-APK publikasies wat vir aankope en herverkope deur die APK-Boekwinkel goedgekeur is, word gewoonlik teen 'n afslag van 20% tot 33,33% aangekoop en teen die normale markprys verkoop.

Tans word daar ook 'n verskeidenheid van agt soorte Bybels vanaf die Bybelgenootskap en 'n bepaalde uitgawe van die Psalm- en Gesangeboek aangekoop vir herverkope.

Handgeverfde geleentheidskaartjies en knip-kuns-kaartjies word ook aangekoop vir herverkope.

13. BEMARKING VAN PUBLIKASIES

Die Pk. beywer hom om alle bemarkingsgeleenthede ten opsigte van sy eie publikasies op 'n koste-effektiewe wyse te benut. Verskeie boekuitstallings word op die Pk. se koste by nabygeleë gemeentes gehou en sover moontlik word reisende predikante na verafgeleë gemeentes betrek om ook daar uitstallings te hou.

Resensies van publikasies word ook opgestel en aan alle leraars gestuur met die versoek dat dit van die kansel af bekend gemaak moet word.

Elke kerkraad is uitgenooi om 'n kolporteur aan te stel wat die boeke dan teen 20% afslag kan aankoop. So 'n kolporteur kan lidmate prikkel om meer boeke aan te koop en te lees. Hierdie metode kan veral ook daartoe bydra dat daar in die verafgeleë gemeentes gereeld boekuitstallings gehou kan word. Daar is tans 21 kerkraad-kolporteurs aangestel.

Daar is ook in 1994 'n begin gemaak met die eksterne bemarking van uitgesoekte eie-publikasies. Tans is daar 25 boekwinkels wat reeds boeke by ons aankoop, al is dit op beperkte skaal.

Die Pk. wend verder daadwerklike pogings aan om die publikasies wat voor die 1993-Sinode verskyn het, steeds te bemark. Drie blitsverkopings en twee pakket-aanbiedinge het daartoe bygedra om hierdie boeke weer onder die aandag van lidmate te bring.

14. ONDERSOEK NA DIE STIGTING VAN 'N SELFSTANDIGE UITGEWERSMAATSKAPPY

Die Pk. is sedert 1994 besig met 'n ondersoek na die moontlikheid om 'n selfstandige uitgewersmaatskappy te stig omdat ervaring geleer het dat aan die huidige bestel, wat so volkome aan die APK gekoppel is, sekere risiko's verbonde is. Een van die risiko's is dat regs-gedinge teen die kerklike uitgewer aanhangig gemaak kan word. Dan raak die APK by name betrokke en dit bring nie selde nie ongunstige publisiteit mee. Daarom word onder meer die wenslikheid van 'n neutrale uitgewersnaam ondersoek.

Die Pk. se ondersoek is nog nie afgehandel nie. Sodra dit afgehandel is, sal die resultaat van

die ondersoek aan die KKS en die BRKA voorgelê word vir advies. Uiteindelik mag die resultaat dalk aan 'n sinode voorgelê word as dit wenslik blyk.

AANBEVELING 14.1

Tot tyd en wyl genoemde ondersoek afgehandel is en 'n toekomstige sinode 'n finale besluit daaroor geneem het, besluit die Sinode dat publikasies voortaan nie meer onder "Die Publikasiekommissie, Afrikaanse Protestantse Kerk" uitgegee sal word nie, maar wel onder 'n naam waarop hierdie Sinode besluit.

(Die volgende voorstelle is reeds by die Pk. ingedien:

Photismos – Lig (2 Kor 4:6)

Lux in tenebris – Lig in duisternis

Placere Deo – God behaag

Placui Deo – Ek het God behaag

Praedica Verbum – verkondig die Woord (2 Tm. 4:2)

Verbum Passim – die Woord orals

Verbum omnibus – die Woord vir almal

Vigilate – Wees waaksaam

Verbi Veritas – Die waarheid van die Woord

Ad Dei gloriam – Tot heerlijkheid van God

Pro Basilea – Vir die Koninkryk.)

15. DIE BRKA EN DIE INWIN VAN REGSADVIES OOR SAKE OP DIE PK SE TERREIN

Die Pk. was besig om regsadvies in te win oor die implikasies wat sy publiseringsaktiwiteite vir die AP-Kerkverband kan hê. Die uitgesproke bedoeling was om, wanneer die betrokke regsadvies ingewin is, met die KKS en die BRKA oorleg te pleeg. Vóór oorlegpleging kon plaasvind, het die Pk. 'n brief (gerig aan alle sinodale kommissies) van die BRKA ontvang. Hierdie brief het ernstige vrae laat ontstaan oor, enersyds, grensoorskryding deur die BRKA, en, andersyds, aantasting van ander sinodale kommissies (waaronder die Pk.) se selfstandigheid. Die Pk. het advies hieroor van die KKS aangevra, maar die advies van die KKS ontvang, was onbevredigend en het 'n verdere vraag laat ontstaan: of die Kerkorde vir die BRKA geld?

AANBEVELING 15.1

Die Sinode wys 'n onpartydige ad hoc-kommissie van vyf lede met 'n sameroeper aan om die Sinode binne drie dae met advies te dien en 'n konsepbeleid ten opsigte van die gebruik van regsadviseurs deur enige sinodale kommissie met die oog op die toekoms voor te lê. Die ad hoc-kommissie kan alle tersaaklike

stukke opvra en met kommissielede in dié verband gesprek voer.

16. WEGLATING VAN DIE ONDERSKRIF BY DIE NAAM VAN DIE APK

Na die regeringsverandering wat meegebring is deur die Algemene Verkiesing van 27 April 1994, het die Pk. ernstig besin oor ongunstige implikasies wat behoud van die onderskrif by die APK se naam, en besonderlik behoud op publikasies van die APK (soos byvoorbeeld *Die Boodskapper*) kan hê. Na ernstige oorweging het die Pk., na analogie van die vorige Sinode se besluit insake die AP Kerke in Suidwes-Afrika (Namibië), besluit om die onderskrif (*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*) voorlopig weg te laat totdat die Sinode finaal daaroor besluit. Van die BRKA is verneem dat dieselfde weglating gedoen is op byvoorbeeld briefhoofde en stukke wat vir die openbare oog buite die APK bedoel is. Die Pk. het sy besluit as inligting aan alle sinodale kommissies deurgestuur.

Die Pk. het ook die SKK gevra om dit te oorweeg om alle sinodale kommissies ('n Sinode in die klein) vir 'n dringende beraad oor die aangeleentheid byeen te roep. Die SKK het dit egter nie nodig geag nie. Na genoemde weglating van die onderskrif het die Pk. beswaar oor die weglating van etlike lidmate asook van 'n kerkraad ontvang. Beswaar is ook geopper in korrespondensie aan *Die Boodskapper*.

AANBEVELING 16.1

Die Sinode spreek hom uit oor die weglating of wysiging al dan nie, van die onderskrif by die APK se naam en wel na oorweging van onder meer die volgende:

- die noodsaaklikheid van so 'n weglating of wysiging uit regsoogpunt;***
- die wenslikheid van so 'n weglating of wysiging ten einde konfrontasie te vermy en die deur vir die Evangelie van Christus oop te hou;***
- die moontlike verlies wat so 'n weglating of wysiging vir die APK se identiteit kan inhou; en***
- die implikasie wat sodanige moontlike weglating of wysiging vir Art. 3 van die Kerkorde mag hê.***

17. DIENSOOREENKOMS MET DIE EINDREDAKTEUR VAN DIE BOODSKAPPER

Die Pk. het hierdie Diensooreenkoms gefinaliseer en dit deurgestuur na die KKS. Laasgenoemde het die Pk. skriftelik in kennis gestel

dat die Diensooreenkoms ongewysig deurge-
stuur is na die BRKA.

18. BESKRYWINGSPUNTE

18.1 Meer preekbundels gevra – B.1

Ring van Suidkus

Die Sinode doen weer eens 'n beroep op APK-
predikante om nog preekbundels vir gebruik
by leesdienste te skryf.

Motivering

1. Die preke in 'n beperkte getal preekbundels
is reeds uitgeput.
2. Daar bestaan 'n dringende behoefte aan
meer preekbundels.

AANBEVELING VAN DIE PK

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

18.2 Beskikbaarstelling van Christelike lees- stof vir gemeentes – B.2

Ring van Suidkus

Die Sinode besluit dat Christelike leesstof be-
skikbaar gestel word aan gemeentes vir uitstal-
ling met die oog daarop om sulke leesstof te
verkoop. Sulke leesstof kan uitgedebiteer word
aan gemeentes en as gemeentes boeke wat nie
verkoop is nie terugstuur, hulle dan gekredi-
teer moet word, mits dit binne 'n tydperk van
drie maande geskied en die boeke nog in 'n
aanvaarbare toestand vir verkope terugontvang
is.

Motivering

Die verkoop van publikasies van die APK sal
hierdeur bevorder word.

AANBEVELING VAN DIE PK

***Die Sinode neem kennis van die beskry-
wingspunt.***

Motivering

Die Pk. stel reeds op verskeie maniere, onder
meer deur versoeke aan kerkrade om kolpor-
teurs aan te stel, Christelike leesstof tot be-
skikking van gemeentes. Slegs sowat tien per-
sent van kerkrade het sover op sulke pogings
van die Pk. gereageer.

18.3 Beroep op predikante van die APK om prekbundels voor te berei – B.3

Ring van Suidkus

Die Sinode besluit om weer eens 'n beroep op
predikante van die APK te doen om preekbun-
dels voor te berei.

AANBEVELING VAN DIE PK

***Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie
ontvanklik nie.***

Motivering

Dit is 'n herhaling van beskrywingspunt onder
18.1

18.4 Uitnodiging aan leraars om preke by te dra tot 'n nuwe APK-preekbundel – B.4

Ring van Suidkus

Die Sinode rig 'n uitnodiging aan die leraars
van die APK en ook aan die ouderlengerade om
een of meer van die beste preke van die leraar
na die Pk. te stuur vir die samestelling van 'n
prekbundel wat die hele Christelike kerkjaar
sal dek.

Motivering

Daar bestaan 'n dringende behoefte aan so 'n
prekbundel.

AANBEVELING VAN DIE PK

Die Sinode keur die beskrywingspunt goed.

18.5 Erkenning van die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans – B.5

Ring van Dendron

Die Sinode besluit om die 1983-vertaling van
die Bybel in Afrikaans naas die 1953-vertaling
te erken vir gebruik in eredienste en ander sa-
mekomste van die AP Kerk.

Motivering

1. Die Sinode van 1991 het, na ernstige onder-
soek en navorsing van sy Kommissie vir
Bybelvertaling, besluit dat betroubare He-
breeuse en Griekse tekste gebruik is vir die
jongste Afrikaanse vertaling.
2. Dit is 'n geweldige positiewe saak om meer
as een vertaling in Afrikaans te kan gebruik.
Dit open 'n groter perspektief op die bood-
skap van die Woord.
3. Aangesien die twee Afrikaanse vertalings
van verskillende vertalingsmetodes gebruik
maak, gee dit aan die leser baie groter ge-
leentheid om die boodskap van die Woord
beter te verstaan.
4. Aangesien die 1983-vertaling 50 jaar ná die
1933-vertaling gedoen is, moet ons erken
dat die vertaling baie meer volgens heersen-
de, beter-verstaanbare taalgebruik gedoen
is.
5. Indien albei vertalings vir gebruik erken
word, open dit die weg verder dat die pre-
diker juis kan aantoon waar moontlike ver-

keerde gedagtes in vertalings kan voorkom. Die suiwer Bybelse boodskap kan dus baie treffender aan die gelowige gebring word. Om beide vertalings amptelik te gebruik, kan alleen net verrykend wees vir die kerk van die Here.

6. As die twee vertalings naas mekaar gelees word, word die leser baie gou bewus dat daar sommige dele van die 1933-vertaling ('n letterlike vertaling) is wat baie moeilik verstaanbaar is in die vertaalde vorm; maar wat in die meer beskrywende vertaling die boodskap van 'n bepaalde deel beter na vore bring (soos die 1983-vertaling, asook *Good News for Modern Man*).

7. Talle voorbeelde kan aangehaal word waar die boodskap wat die Woord wil bring, in die 1983-vertaling beter verstaanbaar is, veral vir kinders. Slegs 'n paar word hier aangegee:

Ex. 20:5 "Ek is 'n jaloerse God" teenoor "Ek eis onverdeelde trou".

Ex. 20:6 "Ek bewys barmhartigheid aan dui-sende" teenoor "Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag ...".

In die Profete is daar talle en talle voorbeelde waar die beeldspraak beter na vore kom in die meer beskrywende vertaling.

Rm. 3:21-24 Die hele boodskap van die geloof in Jesus Christus word in die korter sinne van die 1983-vertaling beter na vore gebring.

Rm. 5:12-13 In die 1933-vertaling hang die sin as 't ware in die lug; die hoofsin wat met "daarom" begin, word eintlik nooit verder voltooi nie. Die twee afsonderlike sinne in die 1983-vertaling stel die sondeval deur die een mens baie sterk.

Daar kan nog baie ander voorbeelde in die Romeine-brief aangehaal word.

Gl. 5:16-17 "Wandel deur die Gees" word duideliker vertaal met "Laat julle lewe deur die Gees van God beheers word".

Ef. 1:3-6, 7-14, 15-21 is elkeen een lang sin in Grieks. In Afrikaans lees dit baie moeilik (1933-vertaling), omdat ons nie sulke lang sinne gebruik nie. Die boodskap wat moet deurkom, raak byna verlore. In die korter sinne van die 1983-vertaling word elke waarheid telkens beklemtoon.

Flp. 2:6 Die 1933-vertaling: "Hy het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie; teenoor 1983-vertaling: "Hy ... het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as

iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie". Hier gee dit aan die prediker die geleentheid om te verduidelik hoe een woord op verskillende maniere vertaal kan word om juis die Godheid van Jesus te beklemtoon.

Kol. 2:11-12 Die oorgang van die teken van die verbond (besnydenis na doop) word duideliker gestel in die uitdrukking "dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens" (1983-vertaling).

Gl. 3:28 "Daar is nie meer Jood, Griek ...; want julle is almal een in Christus Jesus" en Kol 3:11 "waar daar nie Griek en Jood ... is nie, maar Christus is alles en in almal". Hier staan letterlik dat daar voor God geen afsonderlike volke, ens. is nie. In die 1983-vertaling lees Gl. 3:28 "Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, ... is nie: in Christus Jesus is julle almal een" (dit wil sê: die geestelike eenheid in Christus). Kol. 3:11 "Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie ... Hier is Christus alles en in almal".

Indien die Sinode die beskrywingspunt nie aanvaar nie, versoek die Kerkraad van Tzaneen die Sinode verder vriendelik om die redes te verstrek waarom die 1983-vertaling nie vir amptelike gebruik goedgekeur kan word nie.

AANBEVELING VAN DIE PK

Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt nie ontvanklik is nie.

Motivering

Die beskrywingspunt is nie deur ampsdraers deur die Ring benoem, onderteken nie.

19. DANKBETUIGING

1. Die Pk. het van alle kante waardering, prikkelende navrae, wenke en kritiek ontvang ten opsigte van sy publiseringsaktiwiteite. Die Pk. het dit steeds as tekens van belangstelling beskou, en daarop gereageer na die beste van sy vermoë. Vir sulke tekens van belangstelling in sy werksaamhede betuig die Pk. sy dank.
2. Die Pk. betuig sy dank vir die sinodale opdrag waarmee hy vereer is.
3. Bowe-al betuig die Pk. sy dank aan die Drie-enige God vir die voorreg om 'n kerk van Christus en daarmee die koninkryk van God op hierdie kerklike akker van publikasies te kon dien.

w.g. WJG LUBBE (VOORSITTER)
R MARÉ (ONDERVOORSITTER)

Verslag aan die Sinode (September 1995) in verband met “Die Boodskapper” en “Die Jeugboodskapper” Augustus 1993–30 April 1995

1. REDAKSIE: “DIE BOODSKAPPER” EN “DIE JEUGBOODSKAPPER”

1.1 Redaksie, eindredakteur en medewerkers

Die Pk. het na die Sesde Sinodesitting (9–14 Augustus 1993) die volgende redaksie vir “Die Boodskapper” (“DB”) aangewys: By die eindredakteur, wat reeds die pos bekleed het, is die volgende redaksielede aangewys: Ds. AP Viljoen, mev. MAE Bosman, mnr. CC du Preez, prof. JJ Pienaar, mev. EH Viljoen, mev. PJ Cloete en ds. RMJ Britz. Ds. Viljoen (sekretaris), ds. Britz en die eindredakteur is as die kernredaksie aangewys.

As medewerkers is aangewys: Ds. JJ (Jurie) Venter, dr. MFM Pretorius, ds. AS van Staden, ds. CJJ van Rensburg, ds. AJ van Niekerk, ds. OD Scheuer, ds. JH Theron, dr. GJJ Labuschagne, ds. PR Jonker en ds. DR Schwartz. Na ds. Schwartz se vertrek na Warren in Australië, is dr. JH Ellis deur die Pk. in sy plek aangewys.

Mev. SC Maré (uitgewersassistent) het as sekretaresse van “DB” opgetree vanaf 1 Junie 1993 tot 31 Desember 1994, waarna mev. JP van Lille op 1 Januarie 1995 by haar oorgeneem het.

1.2 Redaksielede van “Die Jeugboodskapper”

Ds. AP Viljoen het as sub-redakteur van “Die Jeugboodskapper” (“DJB”) opgetree en die volgende medewerkers het hom bygestaan: mevv. A du Toit, R Enslin, H Müller en H Schoeman (medewerkers: juniors) en ds. A Boshoff, dr. JH Ellis, ds. P Müller en ds. D Pretorius (medewerkers: seniors).

2. DANKBETUIGING

AANBEVELING 2.1

Die Sinode boekstaaf sy hoë waardering vir die betekenisvolle en kundige diens wat die Redaksie en Medewerkers van “Die Boodskapper” (“DB”) en “Die Jeugboodskapper” (“DJB”) so onbaatsugtig aan ons hele AP Kerk gelewer het sedert die vorige Sinode (1993).

AANBEVELING 2.2

Die Sinode betuig sy waardering vir die bekwaame en toegewyde arbeid wat eers mev. Susan Maré (1 Junie 1993 – 31 Desember 1994) en later mev. Tissa van Lille (sedert 1 Januarie 1995), elk op eie wyse, as sekretaresse vir “DB” en “DJB” gelewer het.

3. AANTAL VERGADERINGS

Altesaam 17 redaksievergaderings is gedurende hierdie tydperk gehou, gewoonlik maandeliks, behalwe in Desember.

4. GETAL UITGAWES VERSKYN EN VERSPREIDING

“DB” is gewoonlik maandeliks uitgegee vir 11 maande van die jaar. (Die omvang van hierdie uitgawes is gewoonlik 16 bladsye.) Vir November/Desember het slegs een uitgawe verskyn. Altesaam het daar 17 “DB” verskyn en 14 “DJB”. Laasgenoemde het nie in Desember en Julie verskyn nie.

“DB” en “DJB” word soos volg versprei:

Per intekening: Aan gemeentes en individue.

Per komplimentêr: Aan CVO-skole; Amptelike verteenwoordigers van kerke; Personeel (Sentrale kerkkantoor en Teologiese Skool); Argief; Boekwinkel; Portaal (Sentrale Kerkkantoor); Eindredakteur; Sub-redakteur (“DJB”); Adverteerders (by eerste verskyning van advertensie); Aksie Morele Standaarde; Bybelgenootskap; Redakteurs van Kerkblaai en uitgesoekte nuusblaai; Deputate van Gereformeerde Kerk; soos die Pk. van tyd tot tyd besluit.

Per pliglewering: Aan pligleweringbiblioteke (5).

AANBEVELING 4.1

Die Sinode besluit dat “DB” en “DJB” 10 keer per jaar verskyn, nl. al die maande van die jaar, behalwe Julie- en Desembermaand.

AANBEVELING 4.2

Die Sinode besluit dat “DB” gemiddeld 20 bladsye beslaan en dat “DJB” steeds vier bladsye beslaan.

5. OPLAAG

Aan die begin van die verslagtydperk was die oplaag vir "DB" 16 200 eksemplare en die oplaag vir "DJB" was 10 500. In April 1995 is 16 700 eksemplare van "DB" en 10 200 eksemplare van "DJB" bestel.

6. KOSTES

6.1 Die totale drukkoste vir "DB" het die bedrag van R343 213-51 beloop en dié van "DJB" die bedrag van R48 611-43. Die totaal is R391 824-94 ("DB" en "DJB") of gemiddeld R23 048-53 per uitgawe.

6.2 Die posgeld van "DB" en "DJB" het gedurende die gemelde tydperk die bedrag van R25 076-09 beloop of R1 475-06 per uitgawe.

7. INTEKENING OP "DB" GEDURENDE 1993, 1994, 1995

7.1 'n Totale bedrag van R196 415-37 is gedurende hierdie tydperk t.o.v. intekengeld vir "DB" geïen.

7.2 Individuele intekenare het in totaal gedurende hierdie tydperk die bedrag van R15 575-39 opgelewer.

7.3 Gemeentes het altesaam R180 839-98 bygedra tot "DB" se intekengeld.

AANBEVELING 7.3.1

Die Sinode heg groot waarde aan "DB" en "DJB" as amptelike en nie-amptelike kommunikasiemiddele in ons kerklike geledere.

AANBEVELING 7.3.2

Die Sinode herhaal derhalwe oproepe van vorige sinodes op elke kerkraad om "DB" elke besoekpunt in sy gemeente te laat bereik. Daarby versoek die Sinode kerkrade om toe te sien dat een eksemplaar van "DJB" binne bereik van elke Verbondskind gebring word. Kerkrade word nog eens versoek om addisionele eksemplare (gratis) te bestel vir bekendstelling van die APK aan belangstellendes.

AANBEVELING 7.3.3

Die Sinode versoek elke kerkraad weer eens om sy intekengeld op "DB" (wat reeds deur die Sinode gesubsidieer word), getrou te betaal. Waar 'n kerkraad die verskuldigde intekengeld nie kan bybring nie, bied die Sinode hom weer, soos in die verlede, die geleentheid om 'n geldelike bydrae na die beste van sy vermoë (i.p.v. die verskuldigde intekengeld) tot "DB" te maak.

7.4 Gemeentes wat geen intekengeld of geldelike bydraes gelewer het nie, ondanks herhaalde herinneringe, is die volgende (slegs 1994): Alberton, Amajuba, Bloemfontein, Bloemfontein-Noord, Boksburg, Calvinia, Christiana, Danielskuil, Dundee, Elliot, Fochville, Johannesburg, Kathu, Kimberley, Koe-doesrand, Olifantshoek, Richmond, Somerset-Oos, Witbank en Witrivier.

AANBEVELING 7.4.1

Die Sinode neem met teleurstelling kennis van gemeentes wat agterstallig is met hul intekengeld of geldelike bydraes tot "DB, ondanks herhaalde herinneringe. Die Sinode versoek die betrokke Ringe om dringende aandag aan hierdie saak te skenk. (Aanbeveling 7.3.1 – 7.3.3 en 7.4.1 moet in die Herderlike brief en die brief aan Kerkrade opgeneem word.)

8. ADVERTENSIES

8.1 Advertensies word so ver moontlik streng gekeur, sodat ons blad en ons Kerk nie in verleentheid gebring word nie.

8.2 Die gemiddelde getal advertensies wat per maand oor die genoemde tydperk in "DB" verskyn het, is 24.

8.3 'n Bedrag van R21 113-75 is gedurende hierdie tydperk d.m.v. advertensies geïen.

8.4 Die Pk. het advertensietariëwe vanaf 1 Julie 1995 weens stygende koste van papier, drukwerk en posgeld verhoog.

9. TOESIG VAN PK OOR "DB" EN "DJB"

Daar word maandeliks 'n verslag rakende versendingsyfers, intekengeld en advertensies t.o.v. "DB" en "DJB" aan die Pk. voorgelê.

Origens hou die Pk. toesig oor die inhoud en die gehalte van die blad.

10. VERGOEDING VIR BYDRAES BY WYSE VAN GESKRIF OF FOTO

Die Sinode besluit:

AANBEVELING 10.1

'n Bydraer word vergoed op die basis van R100 (eenhonderd rand) per gepubliseerde bladsy en pro rata vir 'n gedeelte van 'n bladsy. Vir 'n foto wat dieselfde ruimte in beslag neem as 'n skriftelike bydrae word dubbeld soveel vergoed.

AANBEVELING 10.2

Nie meer as R1 900-00 gemiddeld per uitgawe

word aan vergoeding vir bydraers (by wyse van geskrif of foto) bestee nie.

AANBEVELING 10.3

Uitgawes aan vergoeding (kyk Aanbeveling 10.1 en 10.2) mag nie meer as R19 000-00 per jaar beloop nie. (Na verwagting sal dié bedrag vir ongeveer 80% deur advertensie-inkomste gedek word.)

AANBEVELING 10.4

Hierdie basis van vergoeding tree in werking vanaf die eerste uitgawe van "DB" en "DJB" wat verskyn ná die huidige sinodesitting. Dit sal na verwagting die uitgawe van Oktober 1995 wees.

Motivering

1. Aangesien "DB" en "DJB" inkomste verkry by wyse van advertensies, intekening op die blad en geldelike bydraes tot die blad, is dit net billik dat diegene wat by wyse van ge-

skrif en/of foto tot die blad bydra, geldelik daarvoor vergoed word.

2. Vir foto's op versoek van die Redaksie geneem, word reeds geruime tyd betaal, asook vir bydraes van uitsonderlike omvang, byvoorbeeld vir TIEN Pinksteroordenkings.
3. Ook vir Dagstukkies van die *Kerkjaarboek* word reeds vir etlike jare betaal.
4. Dit is gebruikelik by alle publikasies dat daar vergoeding gegee word vir skriftelike bydraes wat gepubliseer word.

11. ONDERSKRIF BY AMPTELIKE NAAM VAN KERK

Vanaf die Mei/Junie 1994-uitgawe van "DB" is die onderskrif (*'n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners*) by die amptelike kerknaam uitgelaat. Kyk verslag van die Publikasiekommissie hieroor.

BYLAE PK2

Verslag van die Subkommissie vir Bybelverklaring (BVK)

1. PERSONEEL

Drs. S Botes (Voorsitter)
 Prof. HS Theron (Ondervoorsitter)
 Dr. EM Viljoen (Skriba)
 Ds. JH van der Walt (Hulpskriba)
 Prof. HCG Robbertze
 Prof. R Maré
 Dr. E Friis
 Ds. A Boshoff (sr.)

2. VERGADERINGS

Twee vergaderings is gehou: op 25 Maart 1994 en 3 Mei 1995.

3. OPDRAGTE VAN DIE SINODE

3.1 Om die nodige gids vir Bybelstudie rondom die Formuliere van Eenheid so spoedig moontlik op te stel (Handelinge, 1993, bl. 245);

3.2 Om die APK van Skrifgetroue materiaal wat gebruik kan word by Bybelstudie te voorsien (aldaar);

3.3 Om waar moontlik kommentare te publiseer (aldaar);

3.4 Om die publikasie (*Herformulerings*), uitgegee deur die Bybelgenootskap van SA, deeglik te bestudeer met verslag aan die Kommissie vir Publikasies sodat daarmee vasgestel kan word of hierdie nuwe uitgawe (11de druk) nog met vrymoedigheid aanbeveel kan word as vertaling "ter toeligting" (Handelinge 1993, bl. 248).

4. UITVOERING

4.1 'n *Leesgids by Openbaring Deel 1* het uit die pen van dr. EM Viljoen verskyn.

4.2 Twee Kategismusbundels deur dr. EM Viljoen is op die pers.

4.3 'n Kommentaar van drs. S Botes op Filémon is in proses van publiserings by die Pk.

4.4 'n Studiestuk van ds. BR Torlage oor die NAV (*Herformulerings*) word nog bestudeer en gekontroleer, en die indruk sover is dat dié uitgawe wel nog ter toeligting in die APK gebruik kan word; 'n tweede studiestuk oor die NT word van dieselfde medewerker ingewag, en beide gedeeltes sal aan die Bybelgenootskap vir kommentaar deurgestuur word.

4.5 Interne keuring van publikasies

As paneel is aangewys:

4.5.1 Vir OT : prof. HCG Robbertze; dr. E Friis; ds. JH van der Walt.

4.5.2 Vir NT : proff. HS Theron; WJG Lubbe; dr. EM Viljoen.

4.5.3 Vir geskifte oor dogma : proff. R Maré; FAH van Staden; dr. EM Viljoen.

5. AANBEVELINGS VAN DIE SUBKOMMISSIE

Die Sinode keur goed

5.1 dat die Subkommissie vir Bybelverklaring 'n selfstandige sinodale kommissie (nie 'n subkommissie van die Pk. nie) sal wees.

Motivering

5.1.1 Die *potestas docendi*, die reg en plig van die kerk om die Woord van God te bewaar, te vertaal, te verklaar en te verdedig, lê tog primêr ten laste van die BVK van die sinode.

5.1.2 Die BVK voer hierdie opdrag in die huidige opset as subkommissie van die Pk. nie meer uit nie, omdat dit in die praktyk hoofsaaklik deur die Pk. hanteer word.

5.1.3 Die BVK het as deskundiges deur die

sinode aangewys, ook in die finale keuring van manuskripte geen sê nie.

5.1.4 Die BVK moet opdragte van die sinode uitvoer en moet minstens een keer per jaar byeenkom, maar beskik as subkommissie van die Pk. oor geen fondse vir die uitvoering van sy werk nie.

5.2 dat die Pk. die lasgewing van die BVK as selfstandige kommissie van die sinode aan hierdie Sinode voorlê.

(Maar kyk Pk. se aanbeveling onder punt 6.)

5.3 dat die Subkommissie vir Bybelverklaring se begroting (soos deurgestuurd na die FK) saam met die FK se begroting behandel en soos die Sinode besluit, goedgekeur word.

Namens die Subkommissie vir Bybelverklaring w.g. S BOTES (VOORSITTER)

6. OPMERKING EN AANBEVELING VAN DIE PK

6.1 Die Pk. steun Aanbeveling 5.1 al stem hy nie saam met die motivering nie.

6.2 Die Sinode keur goed dat die uittredende Subkommissie vir Bybelverklaring sy konsep-lasgewing vir 'n selfstandige Kommissie vir Bybelverklaring, ná advies deur die Tydelike Kommissie vir Kerkregtelike Sake, aan die huidige Sinode vir goedkeuring voorlê.

Verslag: Finansiële Kommissie

Geagte Voorsitter en lede van die Sinode

Die Finansiële Kommissie gee met graagte die volgende verslag oor sy werksaamhede gedurende die tydperk September 1993 tot Mei 1995.

1. PERSONEEL

Die Kommissie het uit die volgende lede bestaan:

Ds. CF Swart (Voorsitter), oudl. BJM Rossouw (Ondervoorsitter), ds. JH Engelbrecht, oudle. JS Campher, CJ de la Rey, WP Murray, PC Wentzel, ds. LD Pienaar (Skriba).

Die Kommissie het brs. CC du Preez en LJ Korkie (Rekenmeester) gekoöpteer.

2. LASGEWING

Die Kommissie het sy lasgewing (bl. 108, Kerkordeboek) soos volg uitgevoer:

2.1 Begrotingsbeheer: Die Kommissie het minstens driemaandeliks vergader om die finansiële state te behandel en het aan kommissies en die BRKA oor die stand van die finansies gerapporteer.

2.2 Inbetalings van gemeentes: By die gewone vergaderings is hiervan kennis geneem.

2.3 Begroting: Oor die begroting van 1995 en 1996 sal apart verslag gegee word. (Kyk pte. 4, 5, 6)

2.4 Advies aan kommissies: Dit is gereeld gedoen.

2.5 Advies aan kerkrade en ringe: Dit is gedoen wanneer nodig.

2.6 Verslag van geouditeerde state: Dit is gedoen.

2.7 Besteding van kommissies: Dit is gereeld gedoen. Oorbesteding sal onder aparte hoof by die begrotings uitgewys word. (Kyk pte. 4 en 6.)

2.8 Advies aan kommissies: Dit is gedoen.

2.9 Dokumentasie: Die Rekenmeester het gereeld hieroor aan die Kommissie verslag gedoen.

2.10 Riglyne vir begrotings: Dit sal by die begroting behandel word.

2.11 Traktementskaal vir predikante: Die her-

siening van die traktementskaal is jaarliks gedoen. Vollediger gegewens volg onder 'n aparte hoof. (Kyk pt. 7.)

2.12 Reiskostetariewe: Aanpassings is gereeld gedoen na aanleiding van die erkende tabelle van die AA. Die huidige tarief is R1-00 per km. Dit sal ook onder 'n aparte hoof verder behandel word.

3. OPDRAGTE VAN VORIGE SINODE

3.1 Vyfde Dosent

3.1.1 Die volgende is aan die FK opgedra, Handeling bl. 261:

“Die Sinode dra dit aan die FK op om vir die pos te begroot. Indien dit om finansiële redes nie moontlik is om uitvoering aan die opdrag in pt. 3 (vulling van die pos vanaf 1/1/94) te gee nie, word dit aan die Kuratorium opgedra om in oorleg met die FK en die BRKA wel so spoedig moontlik uitvoering aan die opdrag te gee.”

3.1.2 Tot dusver het die finansies nog nie toegelaat dat die FK die instelling van hierdie pos kon aanbeveel nie.

3.2 Willie Lubbe Studiefonds

3.2.1 Die Sinode het besluit, Handeling bl. 260: “Die Sinode besluit om dit aan die FK en BRKA op te dra om in geval van nood die Willie Lubbe Studiefonds te ondersteun in die uitvoering van sy taak om studente te ondersteun ten einde hulle studies te voltooi.”

3.2.2 Die Kuratorium het wel aan die begin van 1995 om hulp aangeklop. Die FK het besluit om die nodige fondse te voorsien uit die begrote oorskot van 1995.

3.3 APK Trustfonds, Handeling bl. 250

3.3.1 Opdrag: “Aan die FK word opgedra om jaarliks 'n evaluasie van die APK Trustfonds te maak, met gereelde verslag aan die sinode.”

3.3.2 Aan die einde van November 1993 is die eerste belegging uitbetaal, nl. R346 723.

3.3.3 Die eerste uitbetalings uit die APK Trustfonds is reeds vanaf September 1993 gedoen. Soos reeds besluit, is 'n uitbetaling van R1 500 per maand vanaf 1 September 1993 gedoen, d.w.s. die verskil tussen die bedrag deur die Pensioenfonds uitbetaal en R1 500 word uit die APK Trustfonds voorsien.

3.3.4 Die maandelikse uitbetaling is op 1 Maart

1994 met 4% aangepas en op 1 Maart 1995 met 5%, sodat die totale maandelikse pensioenuitbetaling tans op R1 638 te staan kom.

3.3.5 Die FK het besluit om die nuwe belegging vanaf November 1993 te verhoog na R5 000 per maand, gesien die groei in die aantal gemeentes en lidmatetal. Die werklike beleggingsbedrag moes eintlik, volgens die oorspronklike berekening van die FK, R7 000 per maand wees om aan die mikpunt wat gestel is, te voldoen. Aan br. C du Preez is opdrag gegee om voorstelle uit te werk, sodat die pensioenuitbetaling verhoog kan word. Dit sal by die begrotingsaanbevelings verskaf word.

3.3.6 Die maandelikse tekort van inbetalings uit gemeentes is vanaf November 1993 aangevul uit die beleggingsbedrag, sodat dit nie meer op die begroting verskyn nie.

3.3.7 'n Uittreksel uit die balansstaat soos op 31 Desember 1994 toon die volgende:

APK TRUSTFONDS	1994	1993
Saldo aan begin van die tydperk	350 912	—
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	70 901	390 972
Plus: Rente ontvang	50 786	8 235
	472 599	399 206
	88 418	48 294
<i>Min:</i> Premies betaal	60 000	46 000
Toelaes betaal	28 418	2 294
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	384 181	350 912

3.4 Kommissies

3.4.1 Besluit van die Sinode, Handeling bl. 261:

“**5.3.4** Die Sinode verwys die aanpassing van die begroting van uitgawes vir kommissies na die FK om met die kommissies wat deur die rasionalisasie van kommissies geraak is, te onderhandel i.v.m. hulle begrotings.”

3.4.2 Die besluit is by wyse van briefwisseling en verdere onderhandelings uitgevoer.

3.5 Besparing

3.5.1 Die Sinode het besluit, Handeling bl. 262:

“**6.1** Alle kommissies van die Sinode en die RKA word dringend versoek om waar moontlik, besparings toe te pas, selfs in die goedgekeurde begroting.”

Handeling bl. 251, 114:

“Die Sinode besluit dat die kommissies en komitees van die Sinode die saak ernstig sal ondersoek om onkoste op reis en verblyf te bespaar deur ondersoek in te stel na Telkom se telefoon-konferensiediens. Indien dit goedkoper is, moet daarvan gebruik gemaak word.”

3.5.2 Die FK het hierdie besluite dadelik aan alle kommissies deurgegee en ook daarop gewys dat die FK reeds in 1989 by kommissies aanbeveel het om vir kleiner sake van die telefoon-konferensiediens gebruik te maak.

3.6 Interne ouditeur

3.6.1 Sinodebesluit, bl. 250:

“**6.4.2** Die aanbeveling van die FK word nie aanvaar nie, maar die beskrywingspunt word terugverwys na die FK vir herooring van die aanstelling van 'n interne ouditeur vir die APK.”

3.6.2 Na verdere besinning het die FK besluit om by sy vorige aanbevelings te bly, nl. dat so 'n aanstelling nie prakties uitvoerbaar sal wees nie (verslag aan Sinode 1993) met die verdere motivering:

1. So 'n pos sal 'n baie hoog besoldigde persoon vereis wat die kerkverband se begroting nie kan dra nie.
2. Een persoon kan nie al die kerkrade se boeke doen tussen die afsluiting van die boekjaar en die ringsittings nie.

(Die saak word ook by die beskrywingspunte behandel en kan daar afgehandel word – pt. 11.14 van hierdie verslag.)

3.7 Gegewens oor pensioenuitbetalings

3.7.1 Opdrag van Sinode, Handeling bl. 251: “Die FK word versoek om volle gegewens i.v.m. pensioenuitbetalings aan gemeentes deur te gee.”

3.7.2 Die FK het dit by wyse van 'n omsendbrief aan kerkrade verstrek. Die volgende uit hierdie gegewens is baie belangrik:

- Die pensioen word bereken op die gemiddelde werklike traktement van die hoogste drie volle jare diens.
- Waar 'n leraar nie volgens die aanbevole skaal vergoed word nie, verloor hy dus aan pensioen.
- Daar kan nie 'n addisionele verhoogde inbetaling gemaak word nie.
- By aftrede moet 'n sertifikaat van verdienste aan die Ontvanger van Inkomste voorsien word.

3.8 Mediese Skema

3.8.1 Na aanleiding van 'n beskrywingspunt voor die Sinode 1993, Handelinge bl. 251, is besluit: Die RKA dra dit aan die FK op om die beskrywingspunt indringend te ondersoek, met raadpleging van kundige persone en aan die BRKA verslag te doen.

3.8.2 Die FK het besluit: 'n Eie mediese skema is hoegenaamd nie haalbaar nie.

Redes:

- dit sal groot finansiële en administratiewe vereistes stel en vele probleme skep;
- die Wet op Mediese Skemas vereis 'n hoë ledetal en 'n hoë gewaarborgde reserwefonds.

3.8.3 Br. BJM Rossouw het verder 'n baie volledige ondersoek na ander skemas gedoen en die FK het aan die BRKA aanbeveel dat Visimed wel oorweeg kan word.

3.8.4 Uiteindelik het die BRKA besluit om wel by die Kaapse Mediese Plan te bly.

3.8.5 Na hierdie ondersoek en verdere bespreking wil die FK die volgende belangrike gegewens aan die Sinode en lede van die KMP oordra:

1. Die premies van enige mediese skema hang ten nouste saam met die voordele.
2. Die lede van die skema in die APK val in 'n hoër premiekerf.
3. Die verskillende kerwe word vasgestel op grond van die eise ingedien.
4. Die mediese skema is 'n groepskema wat reeds laer premies teweeg bring.
5. Dit moet steeds onthou word dat mediese koste absoluut die hoogte ingeskiet het; premies van mediese skemas sal dus hoog bly.
6. Aan lede van die KMP is ook aanbeveel om te beding waar mediese uitgawes aangegaan moet word, soos bv. doktersgelde en hospitaaltariewe.

(Vgl. ook pt. 11.12 van hierdie verslag.)

3.9 Dekking vir plaaslike kerke in geval van afsterwe van leraar (Handelinge, bl. 222, pt. 7.1)

Die FK het op 20 September 1993 by die BRKA aanbeveel:

1. 'n Groepversekering vir alle leraars word ingestel om die moontlike uitbetalings aan die weduwee van 'n leraar wat in diens te sterwe kom, te dek.
2. Die volle bedrag van die gesamentlike premie word uit die sinodale begroting gedra.
3. As 'n groot uitsondering word die bedrag

(omtrent R40 000) reeds uit die 1994-begroting verhaal.

4. Die skema tree op 1 Januarie 1994 in werking.

(As motivering van hierdie aanbeveling is aan-gegee:

- By die Sinode is sterk gedagtes uitgespreek dat sover moontlik alle uitgawes ingesluit moet word by die 15% bydrae; dit gee nie ekstra uitgawes aan 'n kerkraad nie.
- Die administrasie van so 'n skema sal op hierdie manier baie vergemaklik word.)

3.10 Beleggings by BRKA

3.10.1 Opdrag (Handelinge bl. 268, pt. 141):

“Die Sinode keur dit goed dat gemeentes in kerkverband wat beleggings by finansiële instellings het, dit op dieselfde voorwaardes by die BRKA kan belê.”

3.10.2 Op 20 September 1993 het die FK besluit om by die BRKA aan te beveel:

1. As sulke beleggings nie goed hanteer word nie, kan dit baie administratiewe probleme skep.
2. Die FK oordeel dat 'n enkele belegging 'n minimum bedrag van R50 000 moet beloop.
3. Die FK beveel aan dat die rentekoers van so 'n belegging primakoers minus 3% moet wees.
4. Die tydperk van die belegging moet bereken word op die basis van 32 dae kennisgewing wedersyds.
5. Gemeentes moet gevra word om, voordat hulle 'n belegging wil maak, eers met die Direkteur te skakel.
6. Die FK oordeel dat sulke beleggings slegs tot werklike hulp kan wees terwyl die BRKA met 'n bankoortrekking werk.

3.10.3 AANBEVELING

Aangesien die BRKA nie meer afhanklik is van 'n bankoortrekking nie, het die behoefte aan beleggings uit gemeentes verval.

4. GEOUDITEERDE STATE VAN 1993 EN 1994

Die geouditeerde finansiële state van 1994 word hiermee verstrek.

FINANSIËLE JAARSTATE – 1994

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord van die Voorsitter van die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie
Bekragting van die finansiële jaarstate
Verslag van die ouditeur

Inkomstestaat
Balansstaat
Aantekeninge by die finansiële jaarstate
Kontantvloeistaat

4.1 VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE (BRKA)

Die Rekenmeester het ingeslote finansiële jaarstate aan die Finansiële Kommissie (FK) van die Sinode voorgelê. Die FK het die state deeglik nagegaan en dit is aanbeveel vir aandag by die BRKA wat dit goedgekeur het. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state blyk duidelik hoe die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël word. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met die geseënde werk voort te gaan.

Aan die Rekenmeester, Rekenkundige Beamp-te, Rekenaaroperatrise/Klerk en ander personeel betrokke, ons hartlike waardering vir baie harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, onderstreep.

Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk.

Ds. NJ (Nico) Rautenbach
(Voorsitter, BRKA)

BEKRAGTIGING VAN FINANSIËLE JAARSTATE

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 4–10 is op 29 Maart 1995 deur die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie goedgekeur.

Geteken namens die Bestuur van die Raad vir Kerkadministrasie

DS NJ RAUTENBACH
(Voorsitter, BRKA)

MNR LJ KORKIE
(Rekenmeester)

4.2 OUDITEURSVERSLAG AAN DIE LEDE VAN DIE BESTUUR VAN DIE RAAD VIR KERKADMINISTRASIE

Ons het die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsye 4–10 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die BRKA. Dit is ons verantwoordelikheid om oor hierdie finansiële state verslag te doen.

Ons het ons audit ooreenkomstig algemene aanvaarde auditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaarde vereis dat ons die audit beplan en onderneem om redelike versekering te verkry dat, in alle wesenlike aspekte, billike aanbieding in die finansiële state bereik is. 'n Audit behels 'n evaluering van die geskiktheid van die rekeningkundige beleid, 'n ondersoek op toetsgrondslag, van bewyse wat die bedrae en openbaarmaking wat in die finansiële state ingesluit is, steun, 'n beoordeling van die redelikheid van beduidende ramings en 'n oorweging van die geskiktheid van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons auditprosedures in die omstandighede geskik was om ons mening, wat hieronder aangebied word, uit te spreek.

Na ons mening verstrek hierdie finansiële state 'n redelik weergawe van die finansiële toestand van die BRKA op 31 Desember 1994 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei-inligting vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemene aanvaarde rekeningkundige praktyk.

MA Faul

30 Maart 1995

Geektrooieerde Rekenmeester (SA)
Benoni

4.3 INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1994

	Aantekening	1994 R	1993 R
INKOMSTE		3 818 775	2 988 743
Gemeentebydraes (15%)		3 810 738	2 948 640
Rente ontvang		5 438	13 200
Rente ontvang – APK Jeugtuiste	2	—	25 956
Skenkings ontvang		2 599	947
UITGAWES		2 421 032	2 548 623
Advertensies		433	377
APK Jeugtuiste – verlies	2	66 833	—
Bankkoste		559	692
Bedieningswerk		264 631	366 912
Boodskapper		—	250 987
Dosentevergoeding		477 413	464 297
Groepversekering		40 909	—
Huur van toerusting		18 359	17 007
Instandhouding – geboue/terrein/meubels		141 425	52 614
Kommissiewerk		137 348	170 823
Ledegeld		—	100
Munisipale koste		48 410	43 668
Ouditgelde		3 600	3 000
Posgeld		10 394	8 062
Regskoste		2 062	2 017
Reiskoste – administratief		20 929	23 059
Rente betaal		72 810	—
Salarisse – administratief		953 432	936 172
Sinodekoste		8 228	54 097
Skryfbehoeftes		35 867	53 729
Spaarplan – leraars		13 902	11 462
Spyseniering en verversings		5 624	7 134
Telefoon en faks		26 185	31 685
Versekering		7 302	7 185
Waardevermindering		64 341	43 544
SURPLUS INKOMSTE VIR DIE JAAR		1 397 743	440 120
Plus: OPGEHOOPTE FONDS AAN BEGIN VAN TYDPERK		2 339 929	2 351 875
		3 737 672	2 791 995
Min: Oorplasing na Motorvervangingsfonds		14 071	6 729
Min: Oorplasing na Biblioteekfonds		36 754	21 025
Min: Oorplasing na Studiefonds – leraars		100 000	150 000
Min: Oorplasing na Reserwefonds		1 146 918	245 000
Min: Oorplasing na Willie Lubbe Studiefonds		100 000	30 000
Plus: Oorplasing vanaf Geboueverbeteringsfonds		—	(688)
OPGEHOOPTE FONDS AAN EINDE VAN TYDPERK		2 339 929	2 339 929

4.4 BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 1994

	Aantekening	1994 R	1993 R
FONDSE BESKIKBAAR			
Opgehoopte fonds		2 339 929	2 339 929
Reserwefonds		2 263 918	1 117 000
Spesifieke fondse		1 831 493	1 567 067
Alimentasiefonds	3	58 820	57 970
APK trustfonds	4	384 181	350 912
APK Weeshuisfonds		1 000	1 000
Biblioteekfonds		67 440	30 531
Bybelverspreidingsfonds		19 531	11 512
Gebeurlikheidsfonds		23 358	17 066
Motorvervangingsfonds		36 134	22 064
Ouetehuisfonds		500	500
Publikasiefonds	5	273 844	420 954
Studiefonds: Boshoff kinders		6 100	—
Studiefonds – leraars	6	300 000	200 000
Studiefonds: Dr. Hanna Pienaar		10 000	—
Vroue-aksiefonds		17 643	21 089
Willie Lubbe Studiefonds	7	632 942	433 469
		6 435 340	5 023 996
AANWENDING VAN FONDSE			
Vaste bates	8	4 483 759	4 186 804
Studielenings – leraars		165 975	53 810
Studielenings – studente		608 391	422 752
Biblioteek		90 920	87 674
Netto korttermynbates		1 086 295	272 956
Kontant in die bank		—	—
Kontant voorhande		1 953	1 996
Spesiale deposito		250 000	—
Gemeentebydraes verskuldig		159 442	163 117
Publikasievoorraad		367 150	238 530
Diverse debiteure		548 898	503 207
Deposito munisipaliteit		570	570
Oortrokke bankrekening		(74 714)	(389 540)
Diverse krediteure		(167 004)	(244 924)
		6 435 340	5 023 996

4.5 OPMERKING OOR BALANSSTAAT

Om die aankoop van en verbeteringe aan die geboue te finansier, is die eie spesifieke fondse wat die BRKA beheer, gebruik as 'n interne lening.

Die bedrag wat verskuldig is aan hierdie fondse word soos volg saamgestel:

Totaal van fondse	R3 279 248
Kontant beskikbaar	250 000
	<u>3 029 248</u>
Bankoortrekking 31/12/94	74 714
Bedrag verskuldig	<u>3 103 962</u>

4.6 AANTEKENINGE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1994

4.6.1 REKENINGKUNDIGE BELEID

Die hoof rekeningkundige beleidspunte van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos hieronder uiteengesit, is in alle wesenlike opsigte konsekwent nagekom, behalwe waar anders vermeld.

4.6.1.1 Rekeningkundige grondslag

Die finansiële jaarstate is volgens die historiese kostegronslag opgestel.

4.6.1.2 Vaste bates en waardevermindering

Grond en geboue word teen kosprys gehou en

geen waardevermindering word daarop voorsien nie.

Waardevermindering word soos volg voorsien:

- Op meubels en toerusting teen 10% per jaar op kosprys
- Op motorvoertuie teen 20% per jaar op kosprys

4.6.1.3 Publikasievoorraad

Die publikasievoorraad is teen die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde gewaardeer.

4.6.2 APK JEUGTUISTE

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1994

	1994 R	1993 R
INKOMSTE	82 593	50 130
Huur ontvang	–	2 250
Etegeld	–	–
Losies	81 128	47 110
Skenkings	1 465	770
UITGAWES	149 426	24 174
Etegeld – tekort	16 253	3 893
Instandhouding – Geboue, terrein & meubels	98 041	152
– Skoonmaakmiddels	2 341	55
Munisipale koste	22 957	18 620
Reiskoste	2 246	212
Telefoon	7 588	1 242
RENTE AAN BRKA/(VERLIES NA BRKA)	(66 833)	25 956
*Etes:		
Etegeld ontvang	51 591	
Min: Eetware	(44 117)	
Salaris: Spysenier	(23 727)	
Netto etegeld ontvang/(tekort)	(16 253)	

4.6.3 ALIMENTASIEFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	57 970	68 375
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	2 940	5 578
	60 910	73 953
Min: Bedrag aangewend gedurende die tydperk	2 090	15 983
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	58 820	57 970

4.6.4 APK TRUSTFONDS

Saldo aan begin van die tydperk	350 912	–
Plus: Bydraes ontvang gedurende die tydperk	70 901	390 972
Plus: Rente ontvang	50 786	8 235
	472 599	399 206
	88 418	48 294
Min: Premies betaal	60 000	46 000
Toelaes betaal	28 418	2 294
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	384 181	350 912

4.6.5 PUBLIKASIEFONDS

	1994 R	1993 R
INKOMSTE	624 527	620 236
Verkope – Publikasies	440 734	487 214
Verkope – Boodskapper	165 014	128 057
Advertensies – Publikasies	3 550	2 000
Advertensies – Boodskapper	15 229	2 965
UITGAWES	771 637	753 504
Aankope en drukkoste – Publikasies	212 309	312 117
Advertensies	300	–
Beoordeling – boeke	1 467	2 508
Drukkoste – Boodskapper	230 692	255 997
Intekengeld	258	–
Ledegeld	550	–
Pliglewering	11 912	39 900
Posgeld – Publikasies	13 950	12 500
Posgeld – Boodskapper	21 395	17 500
Promosies	2 416	–
Regskoste	12 755	–
Reiskoste – Publikasies	101	84
Reiskoste – Boodskapper	345	1 429
Salarisse – admin. & versending	147 646	–
Salaris – Redakteur	102 675	99 170
Tantième	7 315	2 386
Telefoon	–	50
Tydlike hulp	1 203	1 162
Tydskrifte	–	201
Verpakking – publikasies	1 182	2 000
Verpakking – Boodskapper	3 166	6 500
NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK	(147 110)	(133 268)
SALDO AAN BEGIN VAN DIE TYDPERK	420 954	303 235
SALDO AAN EINDE VAN TYDPERK	273 844	169 967

4.6.6 STUDIEFONDS LERAARS

	1994 R	1993 R
Saldo aan begin van tydperk	200 000	50 000
Plus: Oordrag vanaf ander fondse	100 000	150 000
Saldo aan einde van tydperk	300 000	200 000
Ontleding		
Studielenings toegestaan	208 229	
– 1990 tot 1993	83 492	
– 1994	124 737	
Studielenings terugontvang	42 254	
– 1991 tot 1993	29 682	
– 1994	12 572	
	165 975	
	134 025	
	300 000	
Bedrag onaangewend op 31/12/1994		

4.6.7 WILLIE LUBBE STUDIEFONDS

	1994 R	1993 R
Saldo aan begin van tydperk	433 469	333 834
Plus: Kontant ontvang gedurende die tydperk	99 473	69 635
Plus: Oordrag vanaf ander fondse	100 000	30 000
Saldo aan einde van tydperk	632 942	433 469
Ontleding		
Studieleninge toegestaan	699 381	
– 1988 tot 1993	461 743	
– 1994	237 638	
Studieleninge terugontvang	90 990	
– 1989 tot 1993	38 992	
– 1994	51 998	
	608 391	
Bedrag beskikbaar op 31/12/1994	24 551	
	632 942	

4.6.8 VASTE BATES

Grond en geboue	3 883 438	3 693 125
– Erf RE 1339, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 1912 m2	413 853	389 142
Kosprys 24 Oktober 1988	227 083	227 083
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	186 770	162 059
– Restant Erf 820, Sunnyside met verbeterings daarop, grootte 2052 m2	716 055	681 265
Kosprys	432 117	432 117
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	283 938	249 148
– Erf 850, Brooklyn met verbeteringe daarop, grootte 5104 m2	2 739 530	2 608 718
Kosprys	1 528 466	1 528 466
Verbeteringe teen kosprys sedert aankoopdatum	1 211 064	1 080 252
– Onderverdeling 3 van plaas Tweespruit 198, Parys, grootte 20 ha	14 000	14 000
Die eiendom is onbeswaar.		
Meubels en toerusting	506 311	472 895
Kosprys	639 021	546 686
Opgehoopte waardevermindering	132 710	73 791
Motorvoertuie	94 010	20 784
Kosprys	131 228	52 580
Opgehoopte waardevermindering	37 218	31 796
	4 483 759	4 186 804

4.7 KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1994

	1994 R	1993 R
KONTANT BEHOU UIT BEDRYWIGHED	1 213 528	483 134
Kontant gegenereer deur bedrywigheide (Aantekening 1)	1 208 090	443 978
Beleggingsinkomste (rente ontvang)	5 438	39 156
KONTANT AANGEWEND IN BELEGGINGSAKTIWITEITE	662 346	1 605 362
Verbetering aan eiendomme	190 313	1 027 114
Aankoop van meubels en toerusting	92 335	383 955
Aankoop van voertuie	78 648	—
Toename in studielenings – leraars	112 165	6 786
Toename in studielenings – studente	185 639	168 532
Biblioteek aankope	3 246	18 975
KONTANT VERKRY UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE	13 601	529 569
Toename in spesifieke fondse	264 426	736 635
Trek af: interne oorplasings	250 825	207 066
TOENAME/(AFNAME) IN KONTANTFONDSE	564 783	(592 659)
AANTEKENING 1: KONTANT GEGENEREER DEUR BEDRYWIGHED		
Netto inkomste per inkomstestaat	1 397 743	440 120
Trek af: Rente ontvang	5 438	39 156
	1 392 305	400 964
Tel by: Waardevermindering	64 341	43 544
	1 456 646	444 508
Min: Aansuiwering vir toename in netto bedryfsbates (uitgesonderd kontantfondse)	248 556	530
Toename/(afname) in gemeentebydraes verskuldig	(3 675)	70 580
Toename in publikasievoorraad	128 620	21 591
Toename in diverse debiteure	45 691	49 005
(Toename)/afname in krediteure	77 920	(140 646)
	1 208 090	443 978

4.8 METING VAN WERKLIKE BEDRAE TEEN DIE BEGROTING VAN DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1994

Gemeentebydraes (15%)

ONTVANG R	BEGROOT R	SURPLUS R
3 810 738	3 221 290	589 448
3 810 738	3 221 290	589 448
BESTEE R	BEGROOT R	BESKIKBAAR R
3 019 038	3 221 290	202 252
APK Trustfonds	—	8 000
APK Jeugtuiste	66 833	—
Bankkoste	559	5 000
Bedieningswerk	343 279	350 000
Biblioteek	3 246	20 000
Diverse	433	5 000
Dosentevergoeding & reiskoste	477 413	512 640
Groepversekering	40 909	—
Huur van toerusting	18 359	30 000
Instandhouding – geboue/toerusting	141 425	40 000
Kommissiewerk	137 384	220 000
Meubels en toerusting	92 335	50 000
Munisipale koste	48 410	45 000
Ouditgelde	3 600	2 650
Posgeld	10 394	15 000
Regskoste	2 062	5 000
Reiskoste – administratief	20 929	35 000
Rente	72 810	—
Salarisse – administratief	953 432	1 256 000
Sinodekoste	8 228	40 000
Skryfbehoeftes	35 867	40 000
Spaarplan – leraars	13 902	12 000
Spyseniering en verversings	5 624	25 000
Studiefonds – leraars	112 165	100 000
Telefoon	26 185	40 000
Verbeterings – geboue	190 313	250 000
Versekering	7 302	15 000
Willie Lubbe studiefonds	185 640	100 000
791 700	—	791 700

Verduideliking:

1 Bedieningswerk

Die bedrag in die inkomstestaat is R78 648 minder as dié in die begrotingsvergelyking aangesien die 2 Nissan-bakkies wat uit die bedieningsfonds aangekoop is, in die finansiële state as 'n bate getoon word.

4.9 KOMMISSIEWERK 1 JANUARIE 1994 – 31 DESEMBER 1994

	WERKLIK	TOTALE BEGROTING	NOG BE- SIKBAAR	% BESKIK- BAAR
	R	R	R	%
Argief	85	2 000	1 915	96
Barmhartigheidsdiens	64	6 000	5 936	99
BRKA	21 951	40 000	18 049	45
Bybelvertaling	2 975	9 000	6 025	67
Finansies	14 354	10 000	(4 354)	(44)
Gemeentelike Bediening	—	4 000	4 000	100
Jeug en Verbondsonderrig	7 614	9 000	1 386	15
Kerkleer en Christelike Etiek	550	10 000	9 450	94
Kerksang en -musiek	10 693	10 000	(693)	(7)
Kerkregtelike Sake	21 988	20 000	(1 988)	(10)
Kuratorium	20 275	35 000	14 725	42
Liturgie en Formuliere	—	2 000	2 000	100
Onderwys en Opvoeding	4 630	10 000	5 370	54
Publikasies	10 132	18 000	7 868	44
SKK	22 072	35 000	12 928	37
	137 384	220 000	82 616	38

4.10 AANBEVELING

Die Sinode/RKA neem kennis van die geouditeerde finansiële state van 1993 en 1994.

4.11 Gemeentes waarvan bydraes laat inbetaal word.

- 1 Die FK moes telkemale kennis neem dat die Afdeling Finansies met hierdie probleem worstel, veral waar met 'n oortrokke bankrekening gewerk word.
- 2 Die premies vir die Pensioenfonds en die Kaapse Mediese Plan moet voor die 7e van elke maand oorbetaal word.
- 3 Indien die kerkrade se inbetalings nie voor hierdie dae by die Kerkkantoor ontvang word nie, beteken dit dat onnodige rente aan die bank betaal moet word.
- 4 Baie tyd en koste word in die Afdeling Finansies spandeer om uitstaande gelde (sommige selfs meer as 12 maande) van gemeentes te verhaal. As elke kerkraad onderneem om hulle verpligtinge stiptelik na te kom, kan dit al 'n besparing teweegbring. Daar is R300 000 tot R400 000 uitstaande. Gereken teen 'n rentekoers van 17.5% kan R4 250 tot R5 670 bespaar word.

4.12 AANBEVELING

Die Sinode versoek elke kerkraad dringend om hulle bydraes aan die BRKA betyds by die Sentrale Kerkkantoor in te betaal.

5 BEGROTING 1995

5.1 Opdrag

Die opdrag van die sinode is in die besluit van 1993 saamgevat: "Die Sinode dra dit aan die FK op om jaarliks 'n verantwoordelike begroting op te stel in oorleg met alle kommissies van die Sinode en BRKA."

5.2 Begroting

Die begroting is in November 1994 soos volg opgestel.

5.2.1 Ontvangste – 15% bydrae vanaf gemeentes

Die ontvangste van Januarie tot September 1994 beloop R2 791 846. Op grond daarvan word dus bereken dat daar begroot kan word vir 'n inkomste van R3 600 000.

5.2.2 Uitgawes

5.2.2.1 BRKA

	WERKLIK 1993 R	BEGROOT 1994 R	BEGROOT 1995 R
UITGAWES	1 216 811	1 618 650	1 347 500
APK Trustfonds	—	8 000	—
Bankkoste	692	5 000	1 000
Diverse	—	5 000	5 000
Groepversekering	—	—	50 000
Huur van toerusting	17 007	30 000	22 000
Instandhouding: geboue, terrein, meubels	52 614	40 000	40 000
Munisipale koste	43 668	45 000	45 000
Ouditgelde	3 000	2 650	3 000
Posgeld	8 062	15 000	10 000
Regskoste	2 017	5 000	10 000
Reiskoste – administratief	23 059	35 000	29 000
Reiskoste – vergaderings	19 325	40 000	35 000
Salarisse – administratief	936 172	1 256 000	996 000
Skryfbehoeftes	53 729	40 000	40 000
Spaarplan – leraars	11 462	12 000	11 500
Spyseniering en verversings	7 134	25 000	16 000
Telefoon	31 685	40 000	20 000
Versekering	7 185	15 000	14 000
KAPITAALITEMS	1 411 069	300 000	310 000
Meubels en toerusting	383 955	50 000	100 000
Verbeterings geboue	1 027 114	250 000	210 000
TOTAAL VIR DIE JAAR	2 627 880	1 918 650	1 657 500

Opmerkings:

1. Sommige bedrae verminder drasties as gevolg van die afwentel na ander kommissies.
2. **Die salarisse:** administratief is met 15% aangepas.
3. **Skryfbehoeftes:** Die Finansiële Kommissie besluit om die bedrag op R40 000 te stel,

aangesien die Kerkkantoor kennis gekry het van verandering van telefoonnommers. Dit sal ekstra uitgawe meebring aan drukkoste van briefhoofde, ens.

5.2.2.2 Kuratorium

Die begroting word soos volg vasgestel:

ITEM	BEGROOT 1993 R	BEGROOT 1994 R	AANVRAAG 1995 R	BEGROOT 1995 R
Dosentevergoeding	445 950	483 840	502 000	502 000
Reiskoste: dosente	28 800	28 800	28 800	28 800
Reiskoste:vergaderings	30 000	35 000	30 000	30 000
Biblioteekfonds	20 000	20 000	—	—
Willie Lubbe Studiefonds	30 000	100 000	150 000	150 000
	A 564 750	667 640	710 800	710 800
ADDISIONELE DOSENT				
Dosentevergoeding	118 909	126 346	131 000	—
Reiskoste: dosent	7 200	7 200	7 200	—
	B 126 109	133 546	138 200	—
TOTAAL A + B	690 859	801 186	849 000	—
ANDER UITGAWES				
Huur van toerusting	—	—	3 000	3 000
Instandhouding: Geboue en terrein	—	—	10 000	10 000
Instandhouding: Meubels en toerusting	—	—	1 000	1 000
Munisipale koste	—	—	10 000	10 000
Salarisse:Administratief	—	—	110 000	110 000
Skryfbehoeftes	—	—	10 000	10 000
Telefoon	—	—	10 000	10 000
Versekering: Meubels en toerusting	—	—	1 000	1 000
Verversings	—	—	1 000	1 000
TOTALE UITGAWES	690 859	801 186	1 005 000	8 668 000
Kapitaalitems				40 000

Opmerkings

1. Dosentevergoeding se bedrag is met 15% aangepas.
2. Die aanvraag vir verhoging by die Willie Lubbe Studiefonds word goedgekeur, gesien die nodigheid van hulp vir studente.
3. Die uitgawe vir 'n addisionele dosent kan nie nou goedgekeur word nie om die volgende redes en sal so aan die Kuratorium oorgedra word:
 - 3.1 Die Finansiële Kommissie kan nie nou die aanvraag vir die addisionele dosent uit finansiële oorwegings goedkeur nie, aangesien die fondse dit nog nie toelaat nie. Daar word wel vir 'n oorskot begroot, maar volgens die balansstaat is al die trustfondse van die BRKA uitgeput as gevolg van die interne lenings wat gebruik is om rente te bespaar. Die bankoortrekking is nog nie gedelt nie en die Finansiële Kommissie oordeel dat die finansies eers weer op 'n goeie basis moet stabiliseer voordat nuwe poste geskep kan word; dit wil sê die

bankoortrekking moet gedelt wees en die trustfonds van die BRKA moet weer behoorlik aangevul wees.

- 3.2 Die Finansiële Kommissie het simpatie met die Kuratorium se behoefte aan 'n dosent, maar oordeel verder dat daar tans gemeentes is wat finansiële swaar kry om hulle bearbeiding te hanteer as gevolg van werkloosheid en droogtetoestande en daar moet ook hulp verleen word.

- 3.3 Die Kuratorium is sekerlik bewus daarvan dat daar geweldig druk uitgeoefen word om die 15%-bydrae van kerkrade te verlaag. Die Finansiële Kommissie sal graag so gou moontlik daaraan wil voldoen, sonder dat noodsaaklike werksaamhede skade lei.

4. "Kapitaalitems" is die veranderings wat aan die gebou aangebring is en wat oor 'n tydperk per begroting gedelt word.

5.2.2.3 SKK

Die aangevraagde begroting word goedgekeur.

ITEM	BEGROOT	BEGROOT	BEGROOT
	1993	1994	1995
	R	R	R
Sinode-uitgawes	50 000	40 000	40 000
Bedieningsuitgawes	350 000	350 000	450 000
Reiskoste: vergaderings	40 000	35 000	35 000
Ander Kommissiewerk	—	—	15 000
	440 000	425 000	540 000
Studiefonds – leraars	150 000	100 000	50 000
	590 000	525 000	590 000

Opmerking

Die verhoging by Bedieningswerk is reeds in Januarie met die SKK bespreek.

5.2.2.4 Publikasiekommissie

Hierdie is 'n nuwe item wat volgens die vorige besluite hanteer word. Prof. Lubbe, die

Voorsitter van die Publikasiekommissie, het by die vergadering aangesluit en sekere veranderinge in die inskrywings is bespreek. Die Finansiële Kommissie keur die aanvraag goed dat R200 000 as saldo in hierdie rekening bly vir 1995. Die begroting is dus soos volg goedgekeur:

	BERAMING	BEGROTING
	1994	1995
INKOMSTE	496 116	570 500
Verkope: Publikasies	288 527	331 800
Boodskapper	184 809	212 500
Advertensies: Publikasies	6 800	7 800
Boodskapper	15 980	18 400
UITGAWES	714 997	924 573
Publikasies: Beginvoorraad	238 530	370 530
Publikasies: Aankope & drukkoste	277 000	290 000
Publikasies: Eindvoorraad	(370 530)	(493 357)
Publikasies: Koste van verkope	145 000	167 173
Drukkoste: Boodskapper	219 313	252 200
Advertensies	400	500
Beoordeling – boeke	1 165	1 300
Instandhouding: meubels & toerusting	400	500
Intekengeld	156	200
Pliglewering	5 783	6 700
Posgeld	32 381	37 200
Promosies	1 927	2 200
Regskoste	12 000	2 000
Reiskoste: Administratief	800	6 000
Reiskoste: Vergaderings	10 000	12 000
Salaris: Redakteur	95 357	114 000
Publikasies	152 260	274 000
Skryfbehoeftes	10 000	15 000
Spyseniering & verversings	1 500	2 000
Tantieme	13 000	15 000
Telefoon	8 000	10 000
Tydlike hulp	708	1 000
Verpakking	4 847	5 600
NETTO INKOMSTE/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK	(218 881)	(354 073)
SALDO VAN PUBLIKASIEFONDS 31/12/1993	420 954	402 073
BEGROOT VIR PUBLIKASIES	200 000	152 000
SALDO VAN PUBLIKASIEFONDS 31/12/95	402 073	200 000

Na aanleiding van die bespreking besluit die Finansiële Kommissie om aan die Afdeling Finansies opdrag te gee om die koste-implikasie te bereken dat "Die BoodsAPPER" tweeweekliks kan verskyn, sodat dit by die volgende vergadering bespreek kan word.

5.2.2.5 Kommissiewerk

Die aanvrae van die ander kommissies word behandel en soos volg goedgekeur (die goedgekeurde bedrag in die laaste kolom):

Argief
Barmhartigheidsdiens
Bybelverklaring
Finansies
Jeug, ens.
Kerkleer en Christelike Etiek
Kerkmusiek en -sang
Kerkregtelike Sake
Liturgie en Formuliere

BEGROOT	AANVRAAG	BEGROOT
1994	1995	1995
R	R	R
2 000	42 600	42 600
6 000	12 000	6 000
9 000	—	6 000
10 000	15 000	15 000
19 000	18 000	18 000
10 000	10 000	10 000
10 000	22 000	22 000
20 000	20 000	20 000
2 000	2 500	2 500
88 000	142 100	142 100

Opmerkings

1. Argief se bedrag verhoog, aangesien alle uitgawes, ook die besoldiging van die argivaris, hier inberekend is.
2. Barmhartigheidsdiens: die R6 000 wat vir gevangeniswerk aangevra word, kan die Kommissie weer by die BRKA aanvra, soos in die verlede. Dit kan dan uit ander fondse, soos die Alimentasiefonds, bekostig word.
3. Bybelverklaring: geen begroting is ontvang nie. Die Finansiële Kommissie besluit egter om R6 000 toe te staan, aangesien die Kommissie slegs 'n deel van die 1994-bedrag gebruik het.
4. Finansies se bedrag word verhoog om in te staan vir die oorskryding in 1994.

5.2.2.6 Opsomming

Die totale begroting van uitgawes vir 1995 is dus:

BRKA	1 347 500
Kuratorium	866 800
SKK	590 000
Publikasiekommissie	152 000
Kommissies	142 100
Kapitaalitems	350 000
	<u>R3 448 400</u>

Opmerkings

1. Daar word dus begroot vir 'n oorskot van R151 600 van ontvangste bo uitgawes.

2. Die Finansiële Kommissie besluit: Alle moontlike oorskotte moet dadelik aangewend word om die lenings uit eie fondse, wat min of meer R2 200 000 beloop, terug te betaal.

3. Die Finansiële Kommissie besluit:

- Daar is 'n morele verpligting om steeds die finansiële omstandighede van gemeentes in gedagte te hou.
- Die Finansiële Kommissie hou in gedagte dat die Sinode 1993 besluit het dat die 15%-bydraes vir twee jaar vasgestel word.
- Die persentasie van bydraes (15%) moet so gou moontlik verminder word.
- Indien die basis van bydraes nie in 1991 verander is nie, sou die persentasie reeds aansienlik verminder kon word.

5.2.2.7 Jeugtuiste

Die Administrateur meld dat die Beheerraad nog nie 'n volledige begroting skriftelik kon voorlê nie, as gevolg van interne probleme met die boekhouding. Die probleme word egter uitgestryk.

Die Finansiële Kommissie neem van die volgende inligting kennis: Daar is reeds 'n volle besetting van 22 mansstudente vir 1995. Die lo-sies vir 1995 is vasgestel op R580 per maand (R6 960 per jaar). Daar word bereken dat in 1995 'n bedrag wat 5% op die kapitaal verteenwoordig, aan die BRKA betaal sal kan word.

5.3 AANBEVELING

Die Sinode keur die begroting vir 1995, soos deur die Finansiële Kommissie opgestel, goed.

6. BEGROTING 1996

Ontvangste 1995. Die tendens van ontvangste het in 1994 en tot sover in 1995 aansienlik verander teenoor 1992 en 1993. Aangesien dit nie billik is om 'n begroting te grond op slegs 3 maande se syfers nie, het die FK die SKK versoek om die begroting vir 1996 as 'n laat stuk te laat dien. Wat wel verontrustend is by die opstel van die verslag, is die feit dat die inbetalings van die drie maande Januarie tot Maart 1995 'n aansienlike daling toon teenoor 1994.

7. TRAKTEMENTSKALE

7.1 1994. In 1994 het die FK geoordeel dat die landsomstandighede teen 1 Maart baie onstabiel was. Kerkrade is verwittig dat die FK na die verkiesing van April die toestand sal evalueer en aanbevelings i.v.m. aanpassing van die traktement sal doen. Kerkrade is geadviseer om wel die normale kerfverhogings toe te pas. In Junie is 'n aanpassing van gemiddeld 4% by kerkrade aanbeveel, terugwerkend tot 1 Maart 1994.

7.2 1995. In Maart 1995 is 'n aanpassing van gemiddeld 5% in traktementskale by kerkrade aanbeveel, om in werking te tree op 1 Maart 1995.

7.3 Gegewens aan kerkrade. Op 11 November 1993 het die FK besluit om die volgende gegewens aan kerkrade deur te stuur:

1. Kerkrade word versoek om te hou by die aanbevole skale as minimum vir die betrokke kerwe.
2. Indien 'n kerkraad onvermydelik die leraar 'n laer traktement moet betaal, word sodanige kerkraad versoek om te hou by die bedrae (syfers) van die betrokke kerwe en nie fiktiewe bedrae te gebruik nie.
3. Kerkrade word daarop gewys dat, wanneer die traktement verlaag en toelaes in die plek daarvan verhoog word, dit die leraar se pensioen uiteindelik nadelig beïnvloed.
4. Die pensioengewende traktement bepaal die leraar se uiteindelijke pensioen.
5. Indien hiervan afgewyk word, kan dit groot probleme meebring by aftrede, onder andere vanaf die kant van die Ontvanger van Inkomste.
6. Alle toelaes (soos reis-, huistoelaes, ens.) moet apart van die traktement bereken en betaal word.

7.4 Betaling vanuit Kerkkantoor. By die vergadering van 4 Mei 1995 is 'n versoek van die SKK behandel dat ondersoek ingestel moet word na die moontlikheid dat leraars vanuit die Sentrale Kerkkantoor betaal moet word. Die FK oordeel dat dit so 'n groot en omvattende onderwerp is dat dit nie met 'n enkele aanbeveling afgehandel kan word nie. Derhalwe word aanbeveel dat die saak grondig ondersoek moet word. Die FK het ook kennis geneem van 'n memorandum wat deur die skriba voorgelê is i.v.m. die verpligte toepassing van die traktementskaal en oordeel dat dit by die ondersoek ingesluit moet word.

7.5 AANBEVELING

Die Sinode dra dit aan die FK op om in samewerking met die KKS die hele onderwerp van vergoeding van leraars grondig te ondersoek, met verslag aan die volgende Sinode. Die memorandum van die skriba van die FK wat voor die FK gedien het, moet ook hierin aandag geniet.

8. AANDEEL VAN RINGE

8.1 Probleme in gemeentes.

Die FK het etlike male kennis geneem van probleme wat in gemeentes ontstaan oor onder andere traktement van leraars, onoordeelkundige hantering van finansies en ander sake.

8.2 Rol van die ring.

Die FK oordeel dat die ring 'n baie belangrike rol speel om probleme te voorkom of, waar nodig, uit te wys.

8.3 Versoek aan ringe.

Daarom het die FK ringe versoek om in hulle visitasie veral aan die volgende sake aandag te gee:

- die ouditeur se verslag;
- die ontvangste teenoor uitgawes;
- vergelyking van syfers met vorige jare;
- vergelyking van tendense van ontvangste en uitgawes: styging of daling;
- begroting moet opgestel en toegepas word;
- word die handleiding wat die Rekenmeester beskikbaar gestel het, gebruik;
- indien nodig, kan hulp en advies by die FK en/of Sentrale Kerkkantoor gevra word.

8.4 Uitstaande sinodale bydraes van gemeentes.

Die FK het ook by die BRKA aanbeveel dat waar gemeentes se sinodale bydrae uitstaande is, die betrokke ring daarvan in kennis gestel moet word met die versoek dat die BRKA in kennis gestel word van metodes om

die probleem op te los. Dit het later geblyk dat daar by sommige gemeentes nie reaksie is op versoeke van die BRKA nie. Derhalwe het die FK besluit om die volgende aanbeveling aan die Sinode voor te lê.

8.4.1 AANBEVELING

Indien 'n gemeente se bydrae aan die BRKA langer as 12 maande uitstaande is, verbeur hy sy sittingsreg by die Sinode en RKA. (Dit kan die uitwerking hê dat so 'n gemeente nie deel van die kerkverband sal wees nie.)

(Kyk ook BRKA-verslag, pt. 5, bl. 52).

8.5 Aandeel van ringskommissie by beroeping van 'n leraar.

Na aanleiding van gevalle waar probleme ontwikkel het met traktement van 'n leraar of probleme om hulle leraar finansiëel te onderhou, het die FK geoordeel dat sulke probleme heel moontlik voorkom kan word as die ring/ringskommissie 'n groter aandeel in advies en/of toesighouding kan uitoefen by die beroep van 'n leraar. Die FK het besluit om by wyse van 'n beskrywingspunt die saak aan die KKS voor te lê.

8.5.1 AANBEVELING

Die Sinode versoek die TKKS om die beginsel van approbasie van die ring se kant in die Kerkorde op te neem deur een van die volgende bepalings:

- OF** – *Die konsulent moet insae hê in die beroepsbrief voordat dit na die beroepene gestuur word.*
- OF** – *Die konsulent moet deel hê aan die vergadering waar 'n leraar beroep word.*
- OF** – *Die ringskommissie moet goedkeuring verleen aan die beroep deurdat die beroepstukke aan 'n lid van die ringskommissie of die ringskommissie self voorgelê word.*

8.6 Lasgewing van ringskommissie.

Die FK oordeel ook dat in die lig van bogenoemde probleme wat voorkom, die Sinode die lasgewing van die ringskommissie duidelik behoort te omskryf.

8.7 AANBEVELING

Die Sinode besluit dat die lasgewing aan die ringskommissie in die Kerkordeboek opgeneem word.

9. PREMIES VAN AFGETREDENES AAN MEDIESE FONDS

9.1 Agtergrondinligting.

Uit navrae wat br. C du Preez gerig het, het

geblyk dat die AP Kerk nie in lyn is met ander instansies in verband met die betaling van premies aan die Kaapse Mediese Plan deur afgetredenes nie.

Na deeglike ondersoek het die FK besluit dat 50% van die premies wat 'n afgetredene moet betaal, deur die BRKA gedra moet word vanuit die begroting. Dit word gedoen om die afgetredenes te help asook om in lyn te wees met die reëlings van die KMP. By die BRKA is aanbeveel dat dit wel op 1 Maart 1995 in werking tree en verhaal word uit die begrote oorskot in die begroting van 1995.

9.2 AANBEVELING

Die Sinode besluit:

- 1.** *50% van die bedrag waarvoor 'n afgetredene verantwoordelik is as premie aan die Kaapse Mediese Plan word uit die begroting van die BRKA betaal.*
- 2.** *Die reëling tree op 1 Maart 1995 in werking.*
- 3.** *By elke sinode word die bogenoemde subsidie heroerweeg.*

10 BEHUISINGTOELAE

10.1 Uit navrae wat die Rekenmeester en die Administrateur ontvang, het dit geblyk dat daar baie onsekerhede is by die vasstelling van 'n behuisingtoelae of subsidie vir 'n leraar wat sy eie huis bewoon. Die FK het derhalwe besluit om 'n gewysigde formule by kerkrade aan te beveel wat, glo die FK, met groter duidelikheid toegepas kan word.

10.2 AANBEVELING

Die Sinode beveel aan:

- 1.** *Die huistoelae van 'n leraar word gebaseer op die munisipale waardasie van die leraar se eiendom en word aangepas wanneer 'n nuwe munisipale waardasie in werking tree.*
- 2.** *Die volgende formule vir berekening van die huistoelae word aanbeveel: Die toelae word bereken as 75% van die rentekoers op huislenings wat gehê word deur die finansiële instelling waarby die leraar 'n verband het, bereken op die munisipale waardasie van die eiendom.*
- 3.** *Indien die munisipale waardasie in 'n bepaalde dorp of stad besonder laag is in verhouding tot die markwaarde, moontlik omdat die munisipale waardasie vir 'n geruime tyd onveranderd gebly het, kan die persentasie van 75% verhoog word na 80% of selfs meer.*

4. *Om verleentheid vir die leraar of die kerkraad te voorkom, is dit belangrik dat uitdruklik ooreengekom word dat die leraar die kerkraad vooraf sal raadpleeg voordat die leraar 'n huis aankoop of verbeter om vas te stel of die kerkraad bereid is of in staat sal wees om die huistoelae of verhoogde huistoelae te betaal.*
5. *Die huistoelae, soos hierbo bereken, sluit nie die toelae vir munisipale koste in nie.*

11 BESKRYWINGSPUNTE

Die volgende beskrywingspunte is ontvang en behandel. Sommige beskrywingspunte handel oor dieselfde onderwerp en word dus saam behandel.

11.1 Ring van Clanwilliam: 15% bydraes – wysiging van persentasiestelsel

Die Sinode besluit dat die 15% heffing wat deur kerke (gemeentes) op hul totale inkomste betaalbaar is, verval en dat die heffing voortaan soos volg bereken word:

1. Die FK se begroting word aan die volle Sinodesitting voorgelê vir goedkeuring.
2. Die goedgekeurde begrote bedrag word gedeel deur die aantal belydende lidmate in die kerke in kerkverband.
3. Sodanige bedrag soos wat die som in (2) gee, word as die heffingsbedrag deur die Sinode goedgekeur.
4. Elke kerk(gemeente) word belas met die heffingsbedrag vermenigvuldig met die aantal belydende lidmate wat in die kerk (gemeente) is toe die FK-begroting goedgekeur is en wat kontroleerbaar is uit die F1-vorms wat maandeliks deur kerke (gemeentes) ingedien moet word.
5. Die begrote bedrag deur die FK voorgelê, kan in die jaar waarin daar nie 'n sinodesitting is nie op dieselfde skaal as die aanbevole traktementskale verhoog word.

Motivering

- a Hierdie stelsel is 'n reeds beproefde stelsel in kerkadministrasie (Ned. Herv. Kerk) en werk met groot sukses.
- b SKK of dan die FK kan met 'n groter mate van sekerheid reken op 'n stabiele en meer betroubare begrote inkomste, aangesien 'n persentasie berekende inkomstebegroting – soos tans die geval is, tog 'n abstrakte en potensieel wisselvallige inkomstebegroting is.
- c Lidmateregisters sal op datum gehou word deur kerke (gemeentes) soos deur die Kerk-

orde voorgeskryf om hulself nie onnodig te belas nie.

- d Ringskommissie visitasievergaderings kan die gegewens kontroleer.
- e Dit sal meebring dat kleiner kerke (gemeentes) meer regverdig belas word as in die verlede want pro rata dra elke lidmaat dieselfde by.
- f Kleiner kerke (gemeentes) in die platteland, waar die lidmate tradisioneel meer offervaardig is, maar dikwels dieselfde uitgawebegroting as 'n gemiddelde kerk (gemeente) in die stad het aangesien leraars gewoonlik op aanbevole skale getrakteer word, kan nou fondse beskikbaar stel vir Evangelieverkondiging en moontlik ook bouprojekte sonder om groter gemeentes te finansier want hulle word nou pro rata dieselfde belas.

11.1.1 AANBEVELING VAN DIE FK

Die Sinode aanvaar nie die beskrywingspunt om die 15% heffing te laat verval nie, maar bevestig die besluit van 1993: Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeentes se totale kontantontvangstes (Handelinge bl. 253, pt. 6.2.1)

Motivering van die aanbeveling

1. Hier word twee beginsels teenoor mekaar gestel, nl. 'n gemeente dra 'n sekere persentasie van sy ontvangstes by of die bydrae word bereken op grond van die aantal belydende lidmate.
2. Die FK oordeel nog steeds dat 'n persentasie-bydrae meer regverdig is as 'n bydrae gegrond op lidmatetal.

(Voorbeeld: Gemeente A het 100 lidmate en 'n maandeliks ontvangste van R1000.

10% bydrae beteken R100

Gemeente B het 100 lidmate en 'n maandelikste ontvangste van R500.

10% bydrae beteken R50.

Totale bydrae van 2 gemeentes is R150. Die R150 bereken op lidmatetal, beteken: Elke gemeente dra R75 by. Die finansiële swakker gemeente B verloor dus hier.)

3. Selfs as die getal belydende lidmate bereken word, kan daar ongerymdhede insluip.
4. Die huidige manier van begroting word gegrond op die werklike syfers en omstandighede en is nie 'n "abstrakte en potensieel wisselvallige" saak soos motivering b van die beskrywingspunt beweer nie.

5. Die FK hou nog steeds by die beginsel wat by die eerste Sinode as basis gestel is, nl. dat uitgawes by die ontvangste moet aanpas en nie anders om nie.
6. Motivering 2 hierbo toon dat daar nie noodwendig 'n gelyke verhouding is tussen lidmatetal en ontvangste nie. Die finansiële swakker gemeente word positief behandel by 'n persentasie-bydrae.

11.2 Ring van Suidkus: 15% bydraes – gedeeltelike vrystelling

Die Sinode: 1995 besluit dat AP Kerke met 'n inkomste van minder as R10 000 per maand, wat 'n leraar onderhou, tot en met 'n bedrag van R5 000 vrygestel word van die 15% heffing.

Motivering:

- a. Dit kos 'n gemeente tussen R8 000 en R10 000 per maand om 'n leraar te onderhou.
- b. Met 'n bedieningsooreenkoms met 'n ander kerk kos dit dan die helfte van bogenoemde plus nog reiskoste wat outomaties styg, namate die leraar verder moet ry.
- c. Vir 'n kerk wat in die koers van 25 kollektiepunte het, is dit 'n hoë bedrag om maandeliks by te dra. Dit verg ook nog baie ekstra insamelingsaksies om die volle verpligting by te bring.
- d. Met 'n verdere verpligting van 15% op R8 000 (R1 200) word dit dan bykans onmoontlik vir 'n kerk om 'n leraar te beroep en te onderhou.
- e. Die vergunning van vrystelling van 15% op R5 000 (R750) sal dan meebring dat meer kerke die bediening van 'n leraar kan geniet en gevolglik beter groei binne die APK.

11.3 Ring van Petrusburg: 15% bydraes – verskillende persentasies

Die Sinode besluit dat gemeentes met 'n lidmatetal minder as 100 (een honderd) 10% heffing betaal in plaas van 15%.

Motivering

Vir 'n gemeente wat minder as 100 lidmate het, is dit onmoontlik om 'n leraar te onderhou en ook alle ander verpligtinge na te kom.

'n Leraar op die laagste kerf (wat skaars is by die Afrikaanse Protestantse Kerk) se koste vir die gemeente beloop ongeveer R5 000 (vyfduisend Rand) per maand. Vir 'n gemeente met minder as 30 gesinne beloop die koste R166-00 per gesin per maand net om die leraar te onderhou. As die ander kostes bykom, word die

bydrae per gesin opgeskuif na R250-00 per gesin.

Die meeste van die klein gemeentes is afhanklik van die boeregemeenskap. In die huidige droogte-omstandighede kan die boere ook nie die fondse voorsien wat benodig word nie, aangesien hulle geen inkomste het nie.

11.4 Ring van Graniet: 15% bydraes – verskillende persentasies volgens 'n glyskaal

Die Sinode besluit om sy metode van befondsing so te wysig dat finansiële sterker gemeentes pro rata volgens 'n glyskaal teen 'n hoër persentasie aangeslaan word as gemeentes wat finansiële swakker is.

Motivering

- a. In die ring is byvoorbeeld 'n jong plattelandse gemeente, Wesselsbron, wat in kombinasie met Bothaville is. Die gemeentelêde val oor die algemeen in die laer inkomstegroep. Indien een gemeente sou afstig soos beplan word, het die oorgeblewe gemeente nie genoeg fondse om 'n leraar te bekostig nie.
- b. In die geval van Wesselsbron verteenwoordig die SKK-oorbetaling ongeveer 19% van die totale kostestruktuur indien dit as koste bereken word.
- c. Die finansiële druk op ons lidmate is reeds hoog. Meer nog omdat die meeste van ons lidmate in die laer inkomstegroepe ressorteer en die minimum lewenskoste vir alle mense gemiddeld dieselfde is.
- d. Dit is die oorwoë gevoel dat eers vir die welwese van die gemeente gesorg moet word en daarna 'n bydrae buite die gemeentegrense gemaak kan word.
- e. Die ring verstaan en ondersteun die beginsel van bydraes aan die SKK maar is van mening dat dit te hoog is vir klein en finansiële swak gemeentes.

Die huidige 15% gaan sodanige gemeentes in die toekoms voor 'n keerpunt stel naamlik: kan hulle nog 'n leraar bekostig of moet hulle herderloos voortgaan en selfs agteruitgaan.

11.4.1 AANBEVELING VAN DIE FK

Die Sinode aanvaar nie die beskrywingspunte (11.2–11.4) oor 'n gedifferensieerde persentasiesstelsel nie, maar hou by die eenvormige stelsel, nl. dat alle gemeentes dieselfde persentasie van hulle ontvangste bydra.

Motivering

1. Die persentasie-bydrae is steeds die billikste

manier van berekening vir die bydrae van gemeentes. Die FK beskou dit as die regverdige manier van bydrae, aangesien elke gemeente na sy vermoë bydra. (Die voorbeeld onder pt. 11.1.1.2 geld ook hier.)

2. Enige uitsondering op 'n skema waarop besluit word, bring net verdere skuiwergate en probleme, soos die FK en BRKA reeds in die verlede ondervind het.
3. Kleiner gemeentes wat probleme ondervind, soos in die motivering van die beskrywingspunte gemeld, kan by die SKK aanklop om hulp uit die Bedieningsfonds.
4. Daar is reeds in 1993 breedvoerige samesprekings met die SKK gevoer oor die uitbreiding en uitbouing van die Bedieningsfonds. Beide kommissies het geoordeel dat die Bedieningsfonds vergroot moet word om kleiner gemeentes, wat werklik probleme ondervind, te hulp te kom.
5. Die FK sal graag by die Ring van Graniet verneem hoe een gemeente 19% van sy ontvangste oorbetal (kyk 11.4.b).
6. Opmerking: Kerkrade en ringe moet daarop let dat die BRKA die liggaam is wat die administrasie hanteer, nie die SKK nie.

11.5 Ring van Mooinooi: 15% bydraes – vermindering na 10%

Hiermee versoek die Ring van Mooinooi die Sinode van 1995 om die bydraes van gemeentes te verminder van 15% na 10%.

Motivering

Die tabakbedryf in die Brits omgewing het grootliks in duie gestort. Dit beïnvloed die bydraes van boere wat deur middel van sessies bygedra het negatief. Verder gaan lidmate gebuk onder werkloosheid en gebrek aan normale jaarlikse verhogings.

11.6 Ring van Benoni: 15% bydraes – vermindering na 10%

Die Sinode verlaag die heffing van 15% na 10%.

Motivering

In die huidige ekonomiese klimaat plaas die 15% heffing 'n te swaar las op die gemeentes en vind hulle dit al moeiliker om hulle verpligting na te kom.

11.7 Kerkraad van Groot-Marico: 15% bydraes – vermindering na 10%

(Opmerking deur Skriba van SKK: Die beskrywingspunt is nie volgens riglyne vir beskrywingspunte geformuleer en onderteken nie,

maar word wel in die notule van die Ring van Derby vermeld as aanvaar deur die Ring. Vgl. 1 Kor. 14:33)

Die kerkraad van die APK Groot-Marico beveel aan dat die Ring as volg besluit en dit ook as 'n beskrywingspunt sal deurgee aan die Sinode:

Dat die Sinode onmiddellik sal afstand doen van die oorbetalings van 15% op alle bruto inkomste en dit terstond na 10% sal verminder, aangesien dit onbybels is om meer te verhaal as wat die Here Self van sy lidmate vra.

Motivering

Nêrens in die Heilige Skrif lees ons dat die Here ooit meer as 'n tiende van alles van sy dienaars gevra het nie. In die Ou Testament was dit bedoel om die Leviëte wat in die tempeldiens gestaan het te onderhou, aangesien hulle geen grondgebied soos die ander stamme gehad het nie. Veral in die profetiese geskrif van Maleagi kom dié saak rakende die tiendes sterk na vore (Mal. 3:10): "Bring die hele tiende na die skathuis sodat daar spys in my huis kan wees ..." Vir die Here is 10% genoeg om die werk in sy huis in stand te hou. Jesus verwys self ook na hierdie saak as Hy op 'n vraag die volgende antwoord: "Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom" (Mt.22:21). Baie duidelik verwys Jesus hier na die tiende wat na die huis van die Here gebring moet word. Wat die Seun van God self hier sê, is dat 10% God toekom – nie 15% of watter ander persentasie ook al nie. Die wese van 'n Gereformeerde kerk is dat daar gedurigdeur hervorming sal plaasvind – hervorming terug na die Skrif as Gods Heilige Woord. Daarom moet ons eerder aan die Woord van die Here onderdanig wees as aan 'n instelling van mense.

Dit is ook wat die ware kerk inderdaad onderskei van die valse kerk. So staan dit ook geskrywe in artikel 29 van die Nederlandse Geboortsbelydenis: "Wat die valse kerk betref, dit skryf aan homself en aan sy verordeninge meer gesag toe as aan die Woord van God en wil hom aan die juk van Christus nie onderwerp nie..." Die kerk van Jesus Christus kan nie bekostig om op sulke dun ys te loop nie en sal daarom onmiddellik aan die Woord van die Here gehoor moet gee.

11.8 Ring van Bloemfontein: 15% bydraes – vermindering na 10%

Die Sinode beveel by kerkrade aan dat die 15% oorbetalings aan die BRKA in die komende finansiële jaar verlaag word na 10%.

Motivering

Verskeie gemeentes ervaar die 15%-oorbetaling as 'n finansiële las. Verskeie gemeentes is besig om 'n eie plek van aanbidding te bekom – of wil graag. As gevolg van die 15%-oorbetaling kan gemeentes gedwing word om langs ander weë die sinode se 15% te sistap.

11.8.1 AANBEVELING VAN DIE FK

Die moontlikheid van vermindering van gemeentes se bydraes sal behandel word by die voorlegging van die begroting.

11.9 Ring van Olifantshoek: 15% bydraes – vermindering en beperking van kapitaaluitgawes

Die Sinode besluit om die 15% op alle kerklike inkomste te verminder en om nie onnodige verder kapitaaluitgawes aan te gaan nie.

Motivering

Die huidige ekonomiese toestand in ons land as gevolg van boikotte, regstellende aksies, droogtes en CVO-skole ens. knel die lidmate onhoudbaar.

11.9.1 Beoordeling deur FK

11.9.1.1 Die eerste deel van die beskrywingspunt sal by die begroting behandel word soos aanbeveel by 11.8.1.

11.9.1.2 Die beginsel in die tweede deel van die beskrywingspunt kan gehandhaaf word.

11.9.2 AANBEVELING VAN FK

Die Sinode besluit om alleen kapitaaluitgawes aan te gaan wat absoluut noodsaaklik is.

11.9.3 Die FK maak graag die volgende opmerkings oor die kapitale uitgawes:

1. Die kerkrade en gemeentes het by die Sinode van 1993 geleentheid gehad om kommentaar te lewer oor die kapitale uitgawes wat aangegaan is. Die volle verslag het voor die Sinode gediën.
2. Die waarde van Brookshuis het deur die restourasie geweldig gestyg.
3. Die FK het nog altyd 'n beleid gevolg van groot versigtigheid om besparings te bewerk waar enigsins moontlik.
4. Op aanbeveling van die FK het die Sinode in 1993 besluit dat die koste van die restourasie en verbeterings wat uit interne lenings gefinansier is, teen 'n bedrag van R250 000 per jaar op die begroting afgewerk word.
5. Dit het beteken dat vir die kapitale werke geen rente aan buite instansies betaal is nie.

6. Die kapitale uitgawes moet opgeweeg word teen die koste wat die huur van kantore, ens. vir die BRKA sou inhou. (Vergelyk die verslag oor die werk van die eiendomskomitee in die verslag van die BRKA.)

7. Daar is sekere kapitale uitgawes wat van tyd tot tyd aangegaan moet word, soos bv. die aanpassing van rekenaars om die werk van die administrasie te vergemaklik.

8. Die koste aan posgeld en telefoon gee 'n aanduiding van die omvang van die administrasie van die kerkverband. Hierby kan ook gemeld word dat daar soms baie koste aangegaan moet word as gevolg van kerkrade en/of skribas wat nie reageer op versoeke wat deur die Sentrale Kerkkantoor gerig word nie.

9. Daar is ander Gereformeerde kerke waarvan die FK bewus is dat hulle bydrae selfs tot 28% van die gemeentelike ontvangste be-loop. Daarteen wil die FK steeds waak!

11.10 Ring van Lichtenburg: vermindering van 15% bydraes, besnoeiing van uitgawes, verhoging van bydraes tot Bedieningsfonds

1. Die Sinode skenk ernstig aandag daaraan om die persentasie-bydrae van plaaslike kerke te verminder.

2. Die Sinode doen 'n ernstige beroep op die Kerkadministrasie om op die uitgawes te besnoei.

3. Die Sinode versoek die FK om die persentasie-bydrae tot die gemeentelike Bedieningsfonds te vergroot.

Motivering

a. Ons kerke in kerkverband bestaan grootliks uit plattelandse gemeentes. Ons plattelandse gemeenskappe beleef benouende omstandighede en ernstige geldnood.

b. Gemeentes met wie dit deur die genade van die Here, nog goed gaan, is nie onwillig om 'n bydrae vir die kerke in die breë te maak nie.

c. Plaaslike kerke sou graag mekaar direk wou ondersteun, dog die praktyk leer dat ons nie altyd weet waar die nood die grootste is nie. Daarom pleit ons dat die Bedieningsfonds versterk moet word.

11.10.1 Pt. 1 van die beskrywingspunt sal by die begroting behandel word.**11.10.2 AANBEVELING VAN DIE FK**

Die Sinode bedank die personeel van die Sentrale Kerkkantoor vir die besparings wat reeds toegepas is en versoek die personeel om daar-

mee voort te gaan, sodat daar nie swaarder laste op gemeentes geplaas word nie.

Motivering

1. As voorbeeld van besparing word die volgende gegewens verstrekk: vir 1994 is R1 256 000 vir salarisse, administratief begroot, terwyl R953 432 bestee is. Vir 1993 is R1 020 000 begroot, terwyl R936 172 bestee is.
2. Die getal personele wat die administrasie behartig, kan in die verslag van die BRKA gevind word.
3. Die volgende gegewens in verband met oortyd wat deur personeel gewerk word, gee 'n idee van die omvang van die werk: Vanaf 1 September 1993 tot 30 April 1995 moes die personeel 762 ure (101 dae) oortyd werk en kon ten spyte daarvan nog nie op datum bly nie. (Alle oortyd word nie aangeteken nie en oortyd wat by personeel se huise gewerk word, is glad nie aangeteken nie. Oortyd deur die Direkteur en Administrateur gewerk, is nie in berekening gebring nie.)
4. Die FK wil hier daarop wys dat daar slegs amptenare wat die administrasie behartig, in die Kerkkantoor werksaam is. Hier word nie 'n beleid gevolg van leraars wat in sinodale diens is nie.

11.10.3 AANBEVELING VAN DIE FK

Die Sinode dra dit aan die FK op om in oorleg met die SKK die Bedieningsfonds uit te brei sodat as hoë prioriteit alle gemeentes behoorlik pastoraal versorg kan word.

11.10.4 Opmerkings

1. Die FK en die SKK het reeds in Januarie 1993 'n gesamentlike vergadering gehou waar besluit is dat die begrote bedrag vir bedieningswerk sterk uitgebrei moet word.
2. Die FK sal by die behandeling van die begroting vir 1996 aanbeveel dat dit in 'n Fonds omskep word sodat die moontlike oorskotte oorgedra word van jaar tot jaar.
3. Die FK wil hiermee 'n praktiese voorbeeld gee van hulp wat aan 'n gemeente gegee word vanaf 1 September 1993 tot 30 April 1995:

Getal lidmate	119
Inkomste	R135 500
15% betaalbaar aan BRKA	R20 325
15% werklik betaal aan BRKA	R7 869
Hulp vanaf SKK ontvang	R34 056

Van laasgenoemde bedrag het die SKK R12 563 t.o.v. die gemeente se agterstallige

mediese bydraes, en R2 493 t.o.v. agterstallige Pensioenfondsbydraes direk aan die BRKA oorbetal, m.a.w. nie aan die gemeente nie.

11.11 Ring van Petrusburg: Jaarlikse verslag aan gemeentes oor RKA-finansies

Die Sinode besluit dat die BRKA verslag doen aan gemeentes oor die finansies van die Raad op 'n jaarlikse basis.

Motivering

Die gemeentes in die Afrikaanse Protestantse kerkverband betaal groot bedrae aan die BRKA oor, maar verslag word net gegee as daar 'n sinodesitting plaasvind. Die gemeentes behoort meer ingelig te word oor die finansies aangesien hulle die fondse voorsien.

11.11.1 AANBEVELING VAN FK

Die Sinode besluit om by die huidige gebruik te bly dat die finansiële verslae aan die sinode gegee word.

Motivering

1. Om jaarliks aan elke gemeente die finansiële verslae te voorsien, sal weer groter uitgawes meebring, waarteen almal graag wil waak.
2. Volgens besluit van vorige sinodes word daar by elke sinode volledig verslag gedoen.
3. Die geouditeerde finansiële state is in elk geval by die Sentrale Kerkkantoor vir alle gemeentes en lidmate ter insae beskikbaar.

11.12 Ring van Olifantshoek: Goedkoper Mediese Skema

Die Sinode besluit om 'n goedkoper mediese skema vir predikante goed te keur.

- a. Terugbetaling van gelde aan lede wat lae eise het, soos sommige ander Mediese Skemas wel doen.
- b. Dat lede van die Mediese Fonds jaarliks 'n bedrag Mediese bydraes by Aptekers kan eis, sonder 'n voorskrif van 'n dokter om so-doende onnodige hoë konsultasiekostes uit te skakel.
- c. Dat die Finansiële Kommissie weereens indringend moet kyk na die tarief van die Kaapse Mediese Plan en ook moontlik ander kwotasies by ander Maatskappye sal verkry ten einde moontlik te beding vir laer tariewe.
- d. Die moontlikheid moet ondersoek word van 'n eie Mediese Plan binne die AP Kerk.

Motivering

Die Kaapse Mediese Plan word nou buitensporig duur terwyl daar moontlik goedkoper alternatiewe is.

11.12.1 AANBEVELING VAN FK

11.12.1.1 Die Sinode neem kennis dat grondige ondersoeke steeds gedoen word om die bydrae tot 'n mediese skema so billik moontlik te hou in verhouding tot die mediese voordele.

11.12.1.2 Die Sinode dra dit aan die BRKA en FK op om die beste moontlikhede vir mediese voordele vir predikante en die personeel van die Sentrale Kerkkantoor te benut.

Motivering

1. Die FK verwys na pt. 3.8 van hierdie verslag.
2. Die FK beklemtoon weereens dat 'n eie skema nie uitvoerbaar is nie.
3. Die FK en BRKA is op die oomblik met 'n grondige ondersoek oor mediese skemas besig.
4. Die FK en BRKA is voortdurend, veral deur bemiddeling van br. CC du Preez, in onderhandeling met die KMP om die beste voordele te beding. (Die mediese skema is 'n vaste item op die FK se sakelys.)
5. Verdere besonderhede sal in die verslag oor die begroting ingesluit word.

11.13 Ring van Vereeniging: Voorsorgfonds

Die Sinode/RKA besluit op 'n Voorsorgfonds vir die predikante en amptenare van die kerke in kerkverband.

Tweërlei moontlike keuses kan uitgeoefen word:

1. Groepvoorsorgfonds.
2. Individuele voorsorgfonds

Afhangende waarop besluit word, word dit aan die BRKA opgedra om dit te implementeer. In geval van die individuele voorsorgfonds word dit sterk aanbeveel vir die BRKA en kerkrade om hieraan deel te hê.

Motivering

Predikante en personeel kan in hierdie onsekere finansiële klimaat in 'n ernstige finansiële krisis gedompel word by aftrede terwyl die Pensioenfonds nie die nodige bystand kan verleen nie.

11.13.1 AANBEVELING VAN DIE FK

Die Sinode volstaan met die huidige Pensioenfonds.

11.13.2 Opmerkings en motivering

1. Dit is vir die FK nie duidelik of die beskrywingspunt 'n addisionele voorsiening by wyse van 'n voorsorgfonds beoog nie. Indien dit die geval is, kan 'n persoon self addisionele voorsiening maak by wyse van polisse, ens.
2. Indien die beskrywingspunt 'n vervanging van die Pensioenfonds beoog, oordeel die FK dat die Pensioenfonds sekere voordele het, o.a.
 - 2.1 dat die bydrae tot die Pensioenfonds aftrekbaar is vir berekening van belasting;
 - 2.2 die uitbetaling van pensioen is vir die deelhêbber veiliger en voordeliger.
3. Die FK versoek Sanlam om 'n volledige verslag te voorsien waarin die uitwerking van 'n pensioenfonds teenoor 'n voorsorgfonds teen mekaar opgeweeg word. (Indien dit nie betyds ontvang word nie, sal dit in die verslag oor die begroting ingesluit word.)

11.14 Ring van Suidkus: Oudit van gemeentelike finansiële state

Die Sinode 1995 besluit dat aan die permanente Kommissie vir Finansies opdrag gegee word om die huidige riglyne ten opsigte van die ouditering van gemeentes se finansiële state te hersien met die oog daarop om 'n goedkoper beheermaatreël daar te stel.

Motivering

In die huidige ekonomiese klimaat is die koste verbonde aan die ouditering van gemeentes se finansiële rekords baie hoog. In baie gevalle moet daar van oortrokke fasiliteite gebruik gemaak word om geëtrooieerde rekenmeesters te betaal.

11.14.1 AANBEVELING VAN DIE FK

Die Sinode handhaaf die besluite van vorige sinodes oor ouditering van kerkrade se finansiële state.

Motivering

1. Die besluit van die vorige sinodes lui dat die finansiële boeke nagesien moet word deur 'n geëtrooieerde rekenmeester of deur 'n finansiële en kommersiële rekenmeester.
2. Bogenoemde reëling is juis ingestel om kerkrade te help om goedkoper diens te bekom.
3. Die FK wys daarop dat behoorlike ouditering die enigste veilige manier van kontrole is waar met openbare gelde gewerk word.

4. Die FK verwys ook na pt. 3.6 van hierdie verslag in verband met 'n interne ouditeur.
5. Die FK poog juis om uitgawes van die kerklike administrasie so laag moontlik te hou.

11.15 Ring van Suidkus: Vrystelling van 15% bydraes t.o.v. rente op beleggings

Die Sinode 1995 besluit dat die rente op beleggings van 15% heffing vrygestel word.

Motivering

- a. Alle gelde wat deur die gemeente belê word, is reeds as kontantontvangste onderhewig aan die 15% heffing.
- b. In sekere gevalle word rente-opbrengste as bedryfskapitaal aangewend.

11.15.1 AANBEVELING VAN FK

Die Sinode handhaaf die besluit van die Sinode van 1993:

1. *Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie van die gemeente se totale kontantontvangste.*
 2. *Totale kontantontvangste sluit onder meer in:*
 - *insamelings van susters, jeug, diakonie, ens.*
 - *rente ontvang op beleggings van die kerkraad.*
- (Handelinge bl. 253, pt. 6.2.1)*

Motivering

Rente op 'n belegging is geld wat ontvang word net soos bydraes, ens.

11.16 Algemene opmerking

Die FK wys die Sinode daarop dat etlike van die behandelde beskrywingspunte juis tot gevolg sou hê dat die persentasie van gemeentes se bydrae verhoog in plaas van verlaag sou word.

12. SKENKING VIR TEOLOGIESE OPLEIDING

12.1 Die Administrateur het die FK in kennis gestel dat 'n skenking van R100 000 van lidmate ontvang is vir teologiese opleiding.

12.2 Die FK het besluit dat die geld op 'n Trustrekening geplaas word, sodat dit later aangewend kan word.

13. JEUGTUISTE

Die volgende besluite is deur die FK in verband met die Jeugtuiste geneem:

13.1 20 September 1993

Die FK neem kennis dat daar binnekort 21 studente gehuisves sal word, volgens inligting van die Rekenmeester. Die FK oordeel dat met die nodige regstellings en kontrole die projek dan as lewensvatbaar bestuur kan word.

13.2 11 November 1993

Die FK neem kennis dat 'n oorskot van R16 181 getoon word en dat dit aangewend word as rente op die lening van die BRKA.

Die FK neem ook kennis dat die bouwerk voltooi is en dat die Jeugtuiste in 1994 DV ten volle beset sal word.

13.3 10 Maart 1994

Die FK neem kennis:

- die bouwerk by die Jeugtuiste is afgehandel en 'n groter bedrag rente is aan die BRKA-fondse oorbetal;
- die uitgawe word volgens die balansstaat en aantekeninge in die kapitaal inbereken;
- 22 studente word nou gehuisves;
- 'n spysenier is aangestel, sodat studente nou volle losies ontvang;
- die spysenier sal ook verversings tydens vergaderings by die Kerkkantoor verskaf.

13.4 21 Junie 1994

Die FK neem kennis van die oorskot van R3 369. Die Rekenmeester meld dat die bedrag wel mag verander na sekere regstellings.

13.5 6 September 1994

1. Die FK neem kennis van die bedrag van R13 589 wat as rente aan die BRKA oorbetal is.
2. Die FK neem met ontsteltenis kennis van die tekort wat by die eetware getoon word. Die Beheerraad word versoek om baie dringend hieraan aandag te gee en dit reg te stel.

13.6 3 November 1994

1. Die Administrateur verduidelik dat die bouwerk afgehandel is.
2. Slegs mansstudente sal voortaan gehuisves word.
3. Teologiese studente sal voorkeur kry.

4. Die Beheerraad bereken dat in 1995 5% rente aan die BRKA betaal sal word.

13.7 9 Maart 1995

Die FK neem kennis van die Rekenmeester se verduideliking dat die instandhoudingskoste van die gebou, terrein en meubels die tekort van R66 833 veroorsaak het.

14. Die FK vertrou dat hy sy take en opdragte

na behore uitgevoer het. Dit was 'n voorreg om hierdie take vir die kerkverband te verrig. Die Sinode word 'n geseënde sitting toegebid.

Geteken namens die Finansiële Kommissie

Voorsitter

Skriba